

LITERATUURBEWARING EN BIBLIOTEEKAKTIWITEITE  
IN DIE OU NABYE OOSTE

J.S. DU TOIT



X  
87

# ***Literatuerbewing en biblioteekaktiwiteite in die Ou Nabye Ooste***

**Jaqueline Susann du Toit**

Hierdie verhandeling word voorgelê om te voldoen aan die vereistes vir die graad Magister Artium in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, Departement Semitiese Tale, aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

**Januarie 1997**

***Studieleier:*** Prof P J Nel.  
Departement Semitiese Tale  
***Medestudieleier:*** Dr J G Pansegrouw.  
Departement Inligtingkunde

*Opgedra aan*

*My ouers  
Adèle en Jan Hendrik*

חבלים נפלורלי בנעמים אף־נחלת שפרה עלי

Ps 16:6

## Dankbetuigings

Graag wil ek van die geleentheid gebruik maak om enkele persone en instansies te bedank vir hul volgehoue hulp en ondersteuning in die afhandeling van hierdie verhandeling.

My ouers, asook my suster en broer, wil ek van harte bedank vir hulle volgehoue emosionele en praktiese bystand in die voltooiing van my verhandeling.

Prof P J Nel, my studieleier, wil ek eerstens bedank vir die voorstel van hierdie onderwerp as potensiële titel vir 'n verhandeling, sowel as vir sy raad en leiding wat altyd met 'n goeie sin vir humor gepaardgegaan het. My opregte dank ook vir u bereidheid om teen die einde ondanks gesondheidsprobleme en die onderbreking van u vakansie, te alle tye beskikbaar te wees. Sonder u volgehoue betrokkenheid, tersaaklike opmerkings en deurgaanse belangstelling, sou die afhandeling van hierdie werk eenvoudig nie moontlik gewees het nie. Ek wil u ook in die besonder bedank vir die akademiese grondslag wat u gelê het deur u aanmoediging van interdisiplinêre ondersoeke, onortodokse aanslagte en die aanmoediging van kreatiewe denke in wetenskapsbeoefening.

My departementshoof, Prof A F Conradie, wil ek graag bedank vir sy raad en bystand en die bereidheid om op kort kennisgewing my akademiese verpligtinge te deel ten einde my in staat te stel om my navorsing af te handel.

Aan die Departement Semitiese Tale van die UOVS ook my opregte dank. Prof Laubscher was altyd beskikbaar en het my op kort kennisgewing van inligting voorsien wat andersinds onbekombaar was. Mnr Naudé, my mentor van die afgelope sewe jaar, wil ek in die besonder bedank vir sy simpatieke en gewillige oor, sy ondersteuning en onwrikbare geloof in my vermoëns.

Ek bedank ook graag die Departement Inligtingkunde aan die UOVS en in die besonder, my medestudieleier, Dr J G Pansegrouw. Die akademiese vryheid wat u te alle tye bevorder en aangemoedig het, u bykans feministiese uitkyk, sowel as u gesprekke en raad

oor die afgelope vyf jaar, wat meningsvormend bygedra het tot die vorming van my akademiese denke en toekoms, word opreg waardeur.

Graag maak ek ook van die geleentheid gebruik om die universiteitsbiblioteke en biblioteekpersoneel van die UOVS en UNISA te bedank vir die doeltreffende tegniese hulp en bystand wat te alle tye met groot professionaliteit gelewer is.

Ek bedank ook graag vir Mnr E van As vir die leen van 'n drukker op kort kennisgewing ten einde die verhandeling te kon uitdruk.

Die geldelike bystand gelewer deur die Sentrum vir Wetenskap Ontwikkeling (RGN Suid-Afrika) vir hierdie navorsing word hiermee ook dankbaar erken. Die menings uitgespreek en die gevolgtrekkings van die outeur, moet nie noodwendig aan die SWO toegeskryf word nie.

Ek maak hiermee ook van die geleentheid gebruik om die Universiteit van die Noorde van harte te bedank vir die finansiële bystand gelewer tot die afhandeling van hierdie navorsing.

# Inhoudsopgawe

<b>Hoofstuk 1: Inleiding</b>	1
1.1 Probleem- en doelstelling	3
1.2 Navorsingsmetodologie	5
1.3 Begripsomskrywing	10
1.3.1 Ou Nabye Ooste	11
1.3.2 Literatuurbewaring en biblioteekaktiwiteite	12
Notas	13
<b>Hoofstuk 2: Die oorgang van 'n orale na 'n geletterde samelewing</b>	15
2.1 Kenmerke van Ou Nabye Oosterse orale en geletterde kulture in oorgang	16
2.1.1 Die rekordering van data vir toekomstige aanwending	20
2.1.2 Kommunikasie van data op 'n sinchroniese vlak	23
2.1.3 Seremoniële gebruik	24
2.2 Die ontstaan- en verspreidingsgeskiedenis van skrif	24
2.3 Geletterdheid	31
2.3.1 Skrywersgeletterdheid	36
2.3.1.1 Egipte	37
2.3.1.2 Mesopotamië	41
2.3.1.3 Die Hetiete	48
2.3.1.4 Israel	50
2.3.1.5 Geletterdheid onder vroue	54
2.3.2 Vakman-geletterdheid	57
Notas	60

<b>Hoofstuk 3: Die identiteit van Ou Nabye Oosterse versamelings</b>	62
3.1 Historiese oorsig	62
3.2 Die identifisering van die versamelingstipes	67
3.2.1 Versamelingstipes met 'n interne ordeningsstelsel	74
3.2.1.1 Argiewe	75
3.2.1.2 Biblioteke	79
3.2.2 Versamelings sonder 'n interne ordeningsstelsel	84
3.2.2.1 Geniza's	85
Notas	93
<b>Hoofstuk 4: Literatuerbewing en biblioteekaktiwiteite</b>	96
4.1 Enkele voorbeeldversamelings	98
4.1.1 Ebla	98
4.1.2 Mari	110
4.1.3 Die Kuyunjik-versamelings	116
4.1.4 Sippar	126
4.2 Probleemgevalle	128
4.2.1 Seëls en klei-afdrukke uit 'n post-eksiliese Judese argief	129
4.2.2 Qumran	136
4.2.3 Die Ou Nabye Oosterse " <i>familie-argief</i> "	151
Notas	159
<b>Hoofstuk 5: Samevatting</b>	165
5.1 Die potensiaal van 'n interdisiplinêre benadering	166
5.2 Die versameling en die gemeenskap	168
5.3 Gevolgtrekking	172
Notas	173



<b>Bibliografie</b>	174
<b>Summary</b>	195
<b>Opsomming</b>	196

# Hoofstuk 1

## Inleiding

"Libraries are a special type of archives reserved for specific categories of texts and, probably, for their own circle of users. Their organization (catalogues; labels) and composition (range of texts; duplicates; traditional and new texts) should be examined, together with whatever evidence we have about their physical characteristics. Attention should be paid to their historical development, to the relation between library, school and scribal craft and between library and chancellery, and to the ways such libraries were built up and used."

(Veenhof (ed) 1986a:305)

Hierdie paragraaf vorm deel van die inleiding tot die 30ste *Rencontre Assyriologique Internationale* se tema *Cuneiform archives and libraries* en dien as basis en substansiëring vir die noodsaaklikheid van die navorsing voorhande. Deur die verloop van hierdie bespreking sal sekere vertrekpunte in die bogenoemde stelling bevraagteken word, andere sal verder onderstreep en beklemtoon word. Allereers is dit egter nodig om daarop te wys dat die studieveld vir die doeleindes van hierdie navorsing verder uitgebrei is. Die Ou Nabye Oosterse rekordversameling as fenomeen, word bestudeer. Dit word dus nie alleen beperk tot spykerskrifversamelings nie. Verder sal die klem op en verhouding tussen die antieke biblioteek en argief radikaal verskil. Die belangrikheid wat die 30ste *Rencontre Assyriologique Internationale* aan die rekordversameling as entiteit heg, blyk egter duidelik uit die tematiese toewyding van 'n internasionale kongres aan die bespreking daarvan.

Die Ou Nabye Oosterse tekstuele nalatenskap het in die afgelope aantal jare opnuut van verskeie oorde aandag geniet. Talle faktore kan hiervoor verantwoordelik gehou word. Dekonstruksie ignoreer grootliks die historiese kontinuum, maar het 'n nuwe benadering tot die orale *teks* gebring (Ong 1982:166). Die afbakening van nuwe grense van oorsprong in die daarstelling van 'n Afro-Asiatiese benadering (Bernal 1987a & 1987b) tot die datering van die ontwikkeling van die alfabet, asook die mens se

herdefiniëring van sy lokus binne die sosiale orde (Dick 1995:186-189), genoodsaak deur die prominensie van die inligtinggemeenskap, dien almal as moontlike sekondêre redes. Die akkummulerende ontdekking van verskeie substansiële versamelings in die afgelope twee eeue by onder andere Nimrud, Ugarit, Ebla, Hattusa (Bogazköy) en Mari, is egter die meer voor die hand liggende oorsaak vir die hernude belangstelling: "Most of the excitement about these particular finds can be attributed directly to a concern with the Bible and the claims that were made concerning their relevance for the Bible" (Biggs 1980:76). Hierin word Biggs ondersteun deur Lambert (1989:1). In hierdie opsig was die belangrikste Ou Nabye Oosterse versameling gevind aan die Dooie See naby Qumran in 1947. Die polemieë rondom die beskikbaarstelling van die tekste aan die breë akademiese publiek is bykans veertig jaar na die ontdekking op 'n punt gedryf met die besef dat: "... unless drastic measures are taken at once, the greatest and most valuable of all Hebrew and Aramaic manuscript discoveries is likely to become the academic scandal *par excellence* of the twentieth century" (Vermes 1981:24).

Skielik, in 1991, het die konflik wat sedert die laat sewentigerjare gebroei het, tot 'n uitbarsting gekom. Akademici het hulle in die eerste helfte van die negentigerjare beywer vir allereers die verkryging van vrye toegang tot die rolle, gevolg deur 'n volgehoue proliferasie van teorieë ten opsigte van die gemeenskap van oorsprong. 'n Opsienbarende hofsaak ten opsigte van die intellektuele eiendomsreg op transkripsies tussen die Joodse grammatikus Elisha Qimron en die *Biblical Archaeology Review* se redakteur Hershel Shanks (Vermes 1994:107-108), het egter 'n paradigma-skuif in Qumran-studies geword. Die bestudering van die antieke rekordversameling het nie meer alleen die inhoudelikheid van die dokumente behels nie, maar nou ook die omgang met die dokumente en die etiese implikasies daarvan, geïmpliseer. Die potensiaal vir religieuse plofbaarheid inherent tot die inhoud van individuele dokumente, het beteken dat geleerdes in die verlede eerder op die inhoudelikheid van afsonderlike tekste as op die versamelingsgeheel, gekonsentreer het. Daarom is dit nie verbasend dat geleerdes dit steeds nie eens is oor wie verantwoordelik vir hierdie versameling of versamelings was nie.

Na die amptelike vrystelling van die dokumente aan die akademiese publiek op 27 Oktober 1991, wil dit egter lyk asof die polemieë rondom die Rolle en hul inhoud grootliks bedaar het. Dit sou jammer wees indien daar dus geen positiewe langtermyn gesindheidsveranderinge hieruit sou voortspruit nie. Die versameling Dooie See Rolle het die Ou Nabye Oosterse rekordversameling, as sodanig, weer onder die soeklig geplaas. Die aard van die belangstelling en die uiteenlopende agtergrond van die

belangstellendes, dui onteenseglik op die potensiele waarde van die geskrewe woord vir sosiale refleksie. Ten einde die potensiaal van enige rekordversameling egter ten volle te benut, is dit, voortspruitend uit die probleme van die verlede, nodig om die benaderingswyse tot Ou Nabye Oosterse versamelings te verander. 'n Interdisiplinêre wisselwerking tussen Biblioteek- en Inligtingkunde en Ou Nabye Oosterse Studie sal om hierdie rede in die voorgelegde studie bepleit word.

## 1.1 Probleem- en doelstelling

Die moderne inligtinggemeenskap eien die fenomeen *inligting* toe as eiegoed. Terselfdertyd word die omgang met inligting, in die vorm van inligtingversameling en -berging, sowel as die organisering, herwinning en uiteindelijke gebruik daarvan, beskou as implisiete resultate van die klemverskuiwing na *toegang tot relevante inligting* as kernprobleem. Die probleem wat in hierdie studie aangespreek word, is in hoe verre Ou Nabye Oosterse versamelings reeds die eerste spore van bestaande en eiesoortige inligtingspraktyke bied. Hierdie geografiese area vorm tog insigsself die bakermat vir die ontdekking en verspreiding van skrif in die Weste (Jean 1992:12). Die beoogde studie sal dus lig werp op die bestaan van rekordversamelings in die Ou Nabye Ooste as 'n weerspieëling van die kognitiewe en psigiese ontwikkeling van die gemeenskap van oorsprong.

Ten einde die bogenoemde te verwesenlik, is dit nodig om die bespreking te voer teen die historiese agtergrond van die beskrywing van versamelings in die Ou Nabye Ooste, sowel as 'n uiteensetting van die problematiese aard van die onderskeid tussen versamelings wat tipeer word as biblioteke, argiewe en geniza's. Die afgrensing tussen die versamelingstipes is meer problematies as wat ooglopend blyk uit die tradisionele onderskeid tussen "literêre" en "administratiewe" dokumentasie as inhoud vir biblioteke en argiewe, onderskeidelik. Aangesien 'n suiwer inhoudelike onderskeid selfs by moderne versamelings afwesig is, volg hierdie studie die benadering dat die onderskeid nie soseer in die inhoud of funksies van die geordende versameling geleë is nie, maar in die gemeenskap se siening en aanwending van die versameling.

Die doel van die studie is dus nie soseer geleë in 'n tegniese beskrywing van literatuuwbewaring en ander biblioteekaktiwiteite nie. Veel eerder val die klem op die sosiaal-kulturele oorsake in 'n gemeenskap wat aanleiding gee tot die ontstaan en daarstelling van 'n behoefte aan literatuuwbewaring en biblioteekaktiwiteite. Voortvloeiend hieruit volg ook die ondersoek van die uiteindelijke kultivering en wasdom, asook die aard, van sodanige rekordversamelings binne die oorgangstydperk

tussen 'n orale- en geletterde samelewingsorde. Biblioteekpraktyke en gespesialiseerde beskrywings van versamelings sal dus na vore kom in soverre dit aansluiting vind by die voorafgaande. Die keuse van voorbeeldversamelings berus daarom ook dikwels op 'n herevaluering van bestaande studies van sodanige versamelings.

Daarom word daar ook nie noodwendig binne 'n spesifieke chronologiese opeenvolging na die versamelings gekyk nie, óf enigsins gepoog om 'n chronologiese oorsig van die biblioteekaktiwiteite te gee nie. Die doel is veel eerder om voorbeelde voorhande te gebruik wat enkele aspekte van literatuerbewing en biblioteekaktiwiteite ten beste sal illustreer. Die benadering dat menslike ontwikkeling nie noodwendig ewolusionêr langs 'n chronologiese kontinuum geskied nie, word as uitgangspunt geneem. Veel eerder sal die ontstaan, bestaan en voortbestaan van 'n rekordversameling dus die gevolg wees van gunstige omgewingsfaktore en afhanklik wees van die gebruikersgemeenskap. Daarom is as vertrekpunt geneem dat daar eerder gesoek word na sekere argaïese voorbeelde van literatuerbewing en biblioteekaktiwiteite, ter illustrasie van die breër siening van die gemeenskap wat sodanige aktiwiteite gemagtig het. So word die rekordversameling as gemeenskapsinstelling, 'n refleksie op die aard en wese van sy gemeenskap van oorsprong en andersom.

Die bespreking van die rol van die gemeenskap in die daarstelling van die versameling en die versameling se rol in die gemeenskap, word egter beperk ten opsigte van die argeologiese en inhoudelike gegewens tot ons beskikking met betrekking tot die Ou Nabye Oosterse versameling. 'n Interdisiplinêre bespreking van die onderwerp bied die moontlikheid om ook die ontdekking, bestudering, bewaring en voorstelling van die Ou Nabye Oosterse versamelings te evalueer. In hierdie opsig word spesifiek verwys na die waarde van die sogenaamde "argivale benadering" in die hantering van 'n versameling. Daar word verder gepoog om die problematiek rondom die bestudering van 'n versamelingseenheid uit te wys en voortvloeiend hieruit voorstelle te maak vir aanpassings in die toekomstige benadering en die bepaling van 'n etiek tot argeologiese vondste.

## 1.2 Navorsingsmetodologie

Die lewensvatbaarheid van die navorsing voorhande, is daarom juis geleë in die interdisiplinêre versoening van Ou Nabye Oosterse Studie en Historiese Biblioteekkunde ten einde 'n kultuur-historiese raamwerk daar te stel waarbinne tekstueel organisatoriese aktiwiteite geïllustreer kan word, soos dit binne Ou Nabye Oosterse beskawings neerslag gevind het. Dit bied ook die moontlikheid van komparatiewe verbandlegging tussen verskillende voorbeeldversamelings. Die navorsingsmateriaal en agtergrondliteratuur sal induktief aangewend word ten opsigte van 'n seleksie van Ou Nabye Oosterse versamelings.

Die volgende aspekte rakende Ou Nabye Oosterse rekordversamelings, sal deur die verloop van hoofstuk 2 in willekeurige volgorde verdere aandag geniet:

- \* Die oorgang van 'n orale na 'n geletterde tradisie;
- \* Die oorsprong en verspreiding van 'n skriftelike kultuur, taal en skrif;
- \* Die ontwikkeling van 'n literatuurkorpus binne 'n beskawing en die saambestaan van sogenaamde *oral repositories*;
- \* Die funksionele en sosiale rol van die Ou Nabye Oosterse skrywer en wysheidstradisie;
- \* Formele opvoeding; en
- \* Geletterdheid in die algemeen.

Die bogenoemde staan in direkte verband tot die sentrale ondersoek na die gemeenskaplike beredenering inherent tot die totstandkoming van rekordversamelings in die Ou Nabye Ooste, soos dit sal blyk uit die besprekings van hoofstukke 3 en 4.

In hoofstuk 3 word daar in die besonder gefokus op die historiese agtergrond rondom die ondersoek na die voorkoms en identifisering van versamelings in die Ou Nabye Ooste. Hieruit volg die bespreking van drie moontlike protoversamelingstipes, naamlik die argief, biblioteek en geniza. Die gevolgtrekking wat gemaak word is dat die ontstaan van die rekordversameling in fisiese vorm 'n voortsetting is van die berging van inligting in die mondelinge tradisie, deur middel van die wysgere wat dien as

sogenaamde *oral repositories*. As sulks is die rekordversameling nie direk afhanklik van die vestiging van 'n skriftelike tradisie nie, maar toon reeds individuele eienskappe in die oorgangstyd tussen 'n orale en geletterde tradisie. Die versameling wat so ontstaan, word beskou as 'n protovorm van die moderne ekwivalente. Dit is uiters vloeibaar en mag na gelang van die vereistes van die gemeenskap, sy funksies en aard radikaal verander.

Hoofstuk 4 bring enkele voorbeeldversamelings aan die orde ter illustrasie van die bogenoemde. Daar word in die besonder gekyk na die versamelings van Ebla, Mari, die Kuyunjik-versamelings en 'n onlangse ontdekking by Sippar. Hierop volg 'n uiteensetting van enkele probleemgevalle. 'n Judese "*argief*" word bespreek waar alle tekstuele gegewens verlore geraak het en slegs enkele ordeningsmeganismes oorgebly het waarmee die aard en wese van die versameling gerekonstrueer kan word. Die bespreking van die Dooie See Rolle beklemtoon weer veral die problematiek rondom die identifisering van die gemeenskap van oorsprong, in die lig van die kontemporêre agtergrond gevorm deur aspekte soos die vrye beskikbaarstelling van inligting, intellektuele eiendomsreg en gebrekkige argeologiese gegewens, wat deur die ontdekking en hantering van hierdie versameling op die tafel geplaas is. Ten slotte word die "*argief*" van Babata aangespreek ten einde die plasing van die tipiese Ou Nabye Oosterse "*familie-argief*", binne die breër raamwerk van versamelingstipering te sien.

Op 'n sekondêre vlak word die navorsing gebruik as breë aanduiding vir die moontlike wysiging van moderne praktyke in die bewaring, organisering en herwinning van antieke versamelings. Die uitgangspunt word gehandhaaf dat die bestaan van 'n inherente ordeningsgeheel as vertrekpunt geneem moet word in die moderne omgang met die versameling. Verder behoort voortvloeiend hieruit sekere etiese riglyne daargestel te word vir die akademiese omgang met inligting omtrent, en afkomstig van, antieke dokumente en dokumentversamelings.

*Literatuerbewing* en *biblioteekaktiwiteite* word in hierdie studie aangewend as oorkoepelende terme vir die proses waardeur die Ou Nabye Oosterse gemeenskap, regs persoonlikhede of individue binne die gemeenskap, inligting skep en verplaas. Dit dien as benaming vir die inligtingsaktiwiteite van versamelbou wat strek vanaf die selektering van materiaal, tot die bewaring daarvan, met inagneming van die prosesse vir die verwerwing, organisering, herwinning en verskaffing van toeganklikheid tot die versamelde dokumentasie.

Wanneer presies die oorsprong en ontwikkeling van skrif oorgegaan het in die ontstaan van georganiseerde versamelingseenhede, is moeilik bepaalbaar. Die bespreking word verder bemoeilik deur die feit dat daar skynbaar geen chronologiese opeenvolging in die ontstaan daarvan te vinde was nie: "... all we know is that at certain times and in certain locations early libraries existed" (Harris 1995:3).

In hoofstuk 2 word die drie ontstaansredes vir skrif bespreek, soos deur Oppenheim (1964:230) aan die orde gebring. Uiteraard is hierdie ontstaansredes se waarde vir die bestaande bespreking beperk, maar dit kan tog dien, tesame met die ontstaansredes vir versamelings, soos uiteengesit deur Gates (1968:5-6) en Harris (1995:4-15), as basiese vertrekpunt vir die formulering van omstandigheidsfaktore waarbinne literatuerbewing en biblioteekaktiwiteit in die Ou Nabye Ooste kon ontstaan en eiesoortig gedy.

Drie toestande van veranderlikheid word deur Harris (1995:4-5) uitgelig as voorvereistes vir die daarstelling van literatuerbewing en biblioteekaktiwiteit en Gates (1968:5-6) se sewe ontstaansredes vir biblioteke, word hierby geïnkorporeer:

- \* *Sosiale veranderlikes:* Die opkoms van verstedeliking as fenomeen in die Ou Nabye Ooste skep gunstige omstandighede vir versamelbou met die daarstelling van aktiwiteit wat rekords akkumuleer en dus gevorderde inligtingsisteme tot gevolg het. Skrif is teen die einde van die vierde millennium v.C. in Egipte en Mesopotamië ontdek. Hierdie ontdekking word as so vanselfsprekend aanvaar dat Gates (1968:5-6) dit nie eens noem as 'n ontstaansrede vir biblioteke nie. Skrifontwikkeling word in hierdie studie beskou as 'n noodwendige voorvereiste vir die ontstaan en/of verfyning van biblioteekaktiwiteit en dit word daarom in groot detail in hoofstuk 2 behandel in samehang met die oorgang van 'n orale na 'n skriftelike kultuur. Die ontwikkeling van skrif is egter vir sy aard en funksionaliteit afhanklik van 'n ekonomiese veranderlike: die beskikbaarheid en aard van die skryfmateriaal. In die oorgang van 'n orale tradisie na 'n gemeenskap gevestig in die skriftelike kommunikasie-medium, het 'n behoefte aan opvoeding in die gesentraliseerde gemeenskappe ontstaan: "... a formal system of education requires not only records and record keeping but also library facilities that will support the instructional system" (Harris 1995:4). Geletterdheid, godsdiens, die Ou Nabye Oosterse gesinstruktuur, die grootte van die bevolking en bevolkingsdigtheid is



maar enkele van die sosiale veranderlikes wat inspeel op die ontwikkeling van literatuuwbewaring en biblioteekaktiwiteite.

- \* *Ekonomiese veranderlikes:* Versamelbou - en in die besonder die ontstaan en voortbestaan van die argivale funksie, is afhanklik van die proliferering van handelsaktiwiteite wat grootskaalse administrasie noodsaak. Soos Veenhof (1986b:10) dit stel: "All these archives owe their existence to the need of written documentation for evidentiary or informatory purposes, in order to control and steer the movement of goods and persons." Die vestiging van grootskaalse biblioteke is egter ook afhanklik van ekonomiese welvarendheid: "Generally speaking, surplus wealth must be available in large amounts before the resources necessary for widespread library development become available" (Harris 1995:4). Die beskikbaarheid en koste van skryfmateriaal is 'n belangrike ekonomiese faktor in die daarstelling van antieke versamelings.
  
- \* *Politiese veranderlikes:* Biblioteke en argiewe is vir hul bestaan en voortbestaan afhanklik van politieke stabiliteit. As gevolg van die noue samesyn van die staat, tempel en intellektuele gemeenskap, bied die staatsbestel dan ook dikwels die middele vir die ontstaan van biblioteekaktiwiteite. Die versamelings is dus meer geneig om uit te brei en tegnies te vorder onder die aanmoediging van 'n goedgesinde regering. Terselfdertyd is 'n uitgebreide staatsbestel en die opbou van 'n ryksgebied afhanklik van die bestaan van 'n uitgebreide versameling wat deur effektiewe herwinning die antwoord op navrae kan bied: "... the control over material, men, and man-made installations (becomes) inevitable ..." (Posner 1972:3).

Resultierend uit die versameling van data, het die navorser voortgegaan om 'n seleksie te maak van moontlike voorbeeldversamelings. Dit het gelei tot die bepaling van drie moontlike versamelingstipes en die gevolglike begripsomskrywings vir antieke biblioteke, argiewe en geniza's. Die simbiotiese samehang van 'n orale en geletterde gemeenskap in die oorgangsfase tussen 'n orale en geletterde kultuur, is as van besondere belang beskou en geniet daarom spesifiek aandag. Aspekte wat die ontwikkeling van die leesgewoonte fasiliteer, of kortwiek, is verder ondersoek maar slegs in hoe verre dit betrekking het op die gemeenskaps- en gebruikersprofiel en die resulterende versamelingstipe. Dit impliseer ook die evaluasie van die klem wat die

gemeenskap sou plaas op opvoeding binne die gemeenskap en die daarstelling van 'n opvoedingskultuur binne 'n oorwegend ongeletterde gemeenskap.

Die rekonstruksie van die Ou Nabye Oosterse handeling van literatuerbewing en biblioteekaktiwiteit is hoofsaaklik gegrond op die identifisering van twee kategorie: versamelings geskrewe dokumente/rekords, sowel as oorlewings ten opsigte van die gebruik van sodanige versamelings. Eersgenoemde kan verder verdeel word in drie onderafdelings, naamlik:

- \* Versamelings bykans onaangetaas opgegrawe in hul ongeskonde vindplekke;
- \* Versamelings verspreid en ongeordend gevind, meestal versteur deur die oorname en verwoesting van die stad van oorsprong/nedersetting; en
- \* Geskrewe oorblyfsels gevind in verskillende fases van verbrokkeling en verwerping op moontlike rommelhope.

Inbegrepe tot hierdie uiteensetting lê die onteenseglike voorveronderstelling dat sogenaamde *oral repositories* hierdie fisiese versamelings voorafgegaan het, parallel met sommige versamelings bestaan het en in sekere gevalle die bestaan van 'n rekordversameling oorleef het.

Die ondersoek na die nalatenskap van die handeling van literatuerbewing en biblioteekaktiwiteit in die Ou Nabye Ooste, is verder ingebed in 'n konglomerasie van agtergrondsgeskiedenis, voorveronderstellings en voortvloeiende implikasies. Die navorser is deeglik bewus van die gemak waarmee daar verstrengel geraak kan word in 'n oorweldigende hoeveelheid sydelingse raakpunte. Aspekte soos die ontstaan en verspreidingsgeskiedenis van kommunikasie, taal en skrif; die ontsyfering van verskeie skrifstelsels; die literêre waarde van antieke rekords; die oorgang van 'n orale na 'n skriftelike tradisie; en selfs aangeleenthede soos die wesenlike verskil tussen 'n argief en biblioteek; is maar slegs enkele moontlike wyses waarop daar van die hooftema gedivergeer kan word. Tog is dit belangrik om te beklemtoon dat die Ou Nabye Oosterse biblioteek en argivale nalatenskap slegs oppervlakkig gedek is deur meeste navorsers op die gebied. Die gevolg is dat 'n groot gaping bestaan tussen die bestudering van die totstandkoming van skrif en die ontstaansgeskiedenis van die eerste argiewe en biblioteke. Dit lei daartoe dat die bydrae van die Ou Nabye Oosterse

samelewing tot hierdie nalatenskap, grootliks negeer word. Die navorser sal poog om in hierdie studie sover moontlik slegs aandag te skenk in soverre diesulke aangeleenthede meehelp tot die beter verstaan van die groter geheel. Dit is dus onvermydelik dat sekere aspekte nie in detail ondersoek sal word nie. Waar moontlik, sal egter verwysings gegee word vir verdere ondersoek.

Die belangrikheid van hierdie navorsing kan nie oormatig beklemtoon word nie. By gebrek aan historiese agtergrond en 'n grondige begrip van die Ou Nabye Oosterse mens, word die Westerse biblioteekgeskiedenis en -aktiwiteite dikwels as volg benader (Meijer 1991:73):

- \* Era van beperkte kennis: 3000 v.C.-1520 n.C.
- \* Era van breër kennis: 1520 - 1789.
- \* Era van gespesialiseerde kennis: 1789 - .

Die uitgerekte en niksseggende datering van die eersgenoemde era, dui op 'n duidelike veralgemening. Dit is veral teen hierdie uitgangspunt wat gewaak moet word. Die mens en sy gemeenskap, soos sal blyk uit hierdie studie, is nie geneig tot veralgemening en breë periodisering nie. Veel eerder sal dit blyk dat die sogenaamde *Antieke tydperk* (Botha 1991:195) reeds uiting gee aan voorbeelde van gespesialiseerde biblioteek en argivale aktiwiteite. Menslike geskiedenis leen hom dus nie noodwendig tot 'n ewolusionêre kontinuum waarin die eersgenoemde gebeure noodwendig meer primitief as die daaropvolgende moet blyk te wees nie.

### **1.3 Begripsomskrywing**

Die omskrywing van die begrippe *biblioteek*, *argief* en *geniza* sal in hoofstuk 3 hanteer word teen die agtergrond van die voorafgaande hoofstuk ten opsigte van die oorgang van 'n orale na 'n geletterde samelewing. Aangesien die begrip *Ou Nabye Ooste* kardinaal tot die verstaansraamwerk van hierdie studie is, is dit egter nodig om dit op hierdie stadium verder te omskryf. Dit word gevolg deur 'n voorlopige omskrywing van die begrippe *literatuurbewaring* en *biblioteekaktiwiteite*.

### 1.3.1 Ou Nabye Ooste

Die begrip *Ancient Orient*, of alternatiewelik *Ancient Near East*, het eerder 'n geografiese konnotasie tot die studieveld as wat dit soseer as 'n vakdissiplinêre benaming beskou moet word. Dit moet egter in gedagte gehou word dat die gemeenskaplikhede in die materiële en kulturele gegewe uiteindelik die geografiese afbakening bepaal het, eerder as andersom. Daarom is die term terselfdertyd ook nie reflekerend van 'n spesifieke geografiese afbakening nie. Von Soden (1994:1) se omskrywing dat die Ou Nabye Ooste die Nabye Ooste, sowel as Egipte en Iran insluit, word daarom gevolg. Die afbakening was nooit vas nie, aangesien dit dikteer is deur die interafhanklikheid van aangrensende kulture in die Mediterreense gebied, Noordoos-Afrika, Oos-Iran en later in Europa, Oos-Asië en Indië. In die pre-Hellenistiese era was daar nooit 'n bepalende mag/mondheid - as samebindende faktor - in die Ou Nabye Ooste nie: "... primarily because the differences between the cultures of this region were too great, despite important commonalities, and the boundaries too unstable" (Von Soden 1994:1).

Hierdie losse saamgroepering onder een begrip, van enkele kerngemeenskappe<sup>1</sup>, met satelliet nedersettings<sup>2</sup>, sowel as toegangsgemeenskappe<sup>3</sup>, is moontlik gemaak deur die feit dat 'n konstante wisselwerking tussen die gemeenskappe bestaan het. Kontak het gestrek van die Indus-vallei tot Iran, Armenië en Anatolië, vanaf Mesopotamië tot aan die Mediterreense kus en so ver as Egipte. Die kuslyn van die Arabiese skiereiland is ook hierby ingesluit (Oppenheim 1964:63). Egipte en per definisie ook die res van Noordoos-Afrika, word egter baie losweg geïnkorporeer by die term *Ou Nabye Ooste*. Die Rooi See en Sinai Woestyn stel natuurlike beperkings wat gelei het tot individuele interpretasie van kultuurgoedere in Egipte, Nubië, Libië en omstreke. 'n Onafhanklike skrifstelsel is slegs een uiterlike bewys van die verwydering tussen Egipte en die res van die Ou Nabye Ooste.

Die term *Ou Nabye Ooste* is dus eerder te verstaan in die wisselende kontak en die gevolglike kulturele interaksie tussen die onderskeie gemeenskappe, as soseer in die aard van die gemeenskappe as sodanig.

Die term *Ancient* verwys volgens Miller & Hayes (1986:28) na die tydperk wat Alexander die Grote se veldslae in die Nabye Ooste in die vierde eeu v.C. voorafgaan. Alexander bring die *antieke* tydperk tot 'n einde en lei die *klassieke* tydperk in. Sou hierdie navorsing dus streng hou by 'n chronologiese verstaansbeskouing van die term *Ou Nabye Ooste (Ancient Near East)*, moes alle voorbeeldversamelings die

Alexandrynse tydvak voorafgaan. Dit is egter reeds voldoende in die voorafgaande afdelings beklemtoon dat die studie nie soseer sal hou by bestaande chronologiese opeenvolging en periodisering nie. Daarom word die term *Ou Nabye Ooste* nie noodwendig gekoppel aan die geografiese of chronologiese beperkings nie, maar veel eerder beperk tot die interaktiewe gemeenskappe en kulture wat binne hierdie losse raamwerk ontstaan en voortbestaan het. Hierby word ook betrek die biblioteekaktiwiteite en literatuerbewaringspraktyke wat gedurende die tydperk tot stand gekom het en oor kunsmatige chronologiese grense heen voortbestaan het. Regverdiging vir hierdie benadering bestaan in Zaccagnini (1983) se ondersoek waar 'n soortgelyke skynbare oorskreiding van die term plaasvind wanneer die outeur die fenomeen van die beweeglikheid van vakarbeiders in die Ou Nabye Ooste bespreek.

### 1.3.2 Literatuerbewing en biblioteekaktiwiteite

Dit behoort reeds duidelik uit die voorafgaande probleemstelling en metodologiese omskrywing te blyk dat hierdie terme oorkoepelend figureer. As sulks dien dit as benaming van 'n hele aantal gespesialiseerde inligtingsaktiwiteite. Die verstaansraamwerk vir hierdie begrippe sal duidelik blyk in die hieropvolgende hoofstukke en sal verder toegelig word in hoofstuk 3 se besprekings van die begrippe *biblioteek*, *argief* en *geniza*. Daarom is die onderstaande uiteensetting inderwaarheid slegs inleidend en 'n breë afbakening van die begripsgeheel.

Die navorser is deeglik bewus van die inhoudelike onderskeid wat Historiese Biblioteekkunde en Ou Nabye Oosterse Studie meestal maak tussen rekords van 'n literêre aard en die van 'n administratiewe of ekonomiese aard. Hierdie onderskeid word dan gebruik as basis vir die verskil tussen 'n antieke biblioteek en argief. Aangesien daar afgewyk word van die tradisionele beskouing van die antieke biblioteek en argief, word sodanige inhoudelike onderskeid as vaag en onbevredigend beskou. Daarom word die term *literatuur* in die begrip *literatuerbewing*, bestempel as oorkoepelend van alle skriftelike gegewe, ongeag die aard van die inhoud, binne die Ou Nabye Oosterse konteks.

*Bewing* staan kardinaal tot enige bespreking van rekordversamelings. Dit impliseer insigself die versameling en behoud van 'n dokumentêre geheel. Dit word verder ook dikwels gekoppel aan 'n spesifieke lokaliteit. Hierdie aktiwiteit is funksioneel ten opsigte van die bewaring van nuttige dokumente met die oog op toekomstige gebruik. 'n Argief is waarskynlik die beste voorbeeld van die bewaringspraktyk in 'n suiwer funksionele hoedanigheid. Die funksionaliteit van die rekordgegewe is egter nie 'n

noodwendigheid vir bewaring nie. In die geval van 'n geniza word verweerde en dikwels nuttelose dokumente bewaar ter wille van die bestaan van die *Heilige Naam* in die dokument. Bewaring is dus in hierdie geval veel eerder gekoppel aan die Ou Nabye Oosterse kulturele onderbou wat die geskrewe woord beskou het as die konkrete verpersoonlikte alternatief vir die fisiese entiteit (Bottéro 1992:99). 'n Gebrek aan toekomstige gebruik of beperkte nutswaarde, word deur die afwesigheid van 'n interne ordeningsstelsel geïmpliseer. Hierdie verstaansbeskouing sal veral in hoofstuk 3 en 4, verdere aandag geniet. Sentraal tot die bespreking van die *bewaring* van dokumentasie, is dus die motief wat tot hierdie aksie aanleiding gee.

Onder *biblioteekaktiwiteite* word losweg alle handeling vanaf die versameling tot die uiteindelijke lewering van inligting aan die eindgebruiker verstaan. Aangesien die biblioteek 'n intrinsieke diensorganisasie is, impliseer die term 'n interne organisasie met herwinningspotensiaal. *Organisasie* word hier verstaan, nie alleen as die berging van entiteite nie, maar as sou dit ook verwys na die prosesse waarvolgens die inligting wat in dokumente vervat is, meer toeganklik gemaak word. Toeganklikheid is afhanklik van twee toevoere, gebruikernavrae en inligtingentiteite. Dit is die doel van die herwinningsaktiwiteit om hierdie twee aspekte bymekaar te bring. *Inligtingherwinning* word daarom beskou as die vind van die georganiseerde inligting met behulp van sekere "sleutels" (byvoorbeeld alfabetiese ordening, titels, inhoudelike ordening, kolofone, ensovoorts) wat gedurende die organisasieproses toegeken word. Die aard en funksionaliteit van hierdie organisatoriese stelsel is afhanklik en in ooreenstemming met die behoeftes van die gebruikerspubliek en word dikteer deur die skrywer/organiseerder van die versameling.

Drie rolspelers word daarom in die daarstelling van die Ou Nabye Oosterse versameling veronderstel, soos hulle binne die breër gemeenskap funksioneer, naamlik die skrywers, die dokumente/dokumentversamelings en die gebruikers. Die skrywers en hul omgewing geniet in die hieropvolgende hoofstuk aandag in 'n bespreking van die oorgang van 'n orale na 'n geletterde samelewing in die Ou Nabye Ooste.

#### Notas:

1. Oppenheim (1964:32) gebruik die term *culture foci*. Ünal (1989:143) verwys daarna as die *central place* en impliseer dus die sentralisasie van sekere magte in die tempel en stad.

2. 'n Diens-georiënteerde resiproke verhouding bestaan tussen die kerngemeenskap/sentrale plek en 'n reeks dorpie en satelliet nedersettings wat dit omring (Ünal 1989:143). Vergelyk ook Jamieson-Drake (1991:33) in hierdie verband.
  
3. Toegangsgemeenskappe verwys na sogenaamde *gateway communities*: "Communities that control access to trade, communication, and transportation routes for a particular hinterland. As opposed to central place communities, gateway communities are located to one side of their hinterland rather than in the center" (Ünal 1989:144).

## Hoofstuk 2

### Die oorgang van 'n orale na 'n geletterde samelewing

Die ontstaan van Ou Nabye Oosterse literatuurversameling en biblioteekaktiwiteite is in die algemeen afhanklik van die vaslegging van data in fisiese vorm. In hierdie hoofstuk word daarom gefokus op die oorgang van 'n orale na 'n geletterde samelewing binne die Ou Nabye Ooste, met spesifieke klem op die ontstaan van skrif en die gemeenskapsomstandighede waarbinne dit 'n aanvang geneem het. Daar sal in kort verwys word na aspekte soos skrifontwikkeling, geletterdheid, skrywers en skole, asook die betekeniswaarde van die geskrewe woord binne die Ou Nabye Oosterse tradisie. Aangesien die klem egter val op die versameling van geskrewe rekords, sal hierdie aspekte slegs sydelingse dekking geniet. Dit misken egter geensins die waarde daarvan binne die groter kulturele raamwerk nie, soos Durand en Taylor (1992:39) verklaar: "Orality and literacy contribute, with other forces, to the shaping of culture for a particular time with its corresponding mind-set."

Skrif, oftewel die gebruik van grafiese tekens as 'n sistematiese beskrywing van gesproke taal (Naveh 1982:1), het volgens die argeologiese bewyslewering sy verskyning in Mesopotamië en Egipte gemaak teen die einde van die vierde millennium v.C.<sup>1</sup> Die teenwoordigheid van 'n skriftelike weergawe van die menslike bestaan beteken uiteindelik die oorgang van die pre-historiese- na die historiese tydperk in die geskiedenis. Ses duisend jaar later word hierdie keerpunt onteenseglik uit 'n geletterde milieu benader en dit veroorsaak dat die oorgang van een kommunikatiewe samelewingsorde na die volgende verstaan word as 'n ooreenkomstige skoon breuk tussen 'n orale- en 'n geletterde samelewing. Dit blyk egter nie noodwendig die geval te wees nie. Skrif verskyn aanvanklik op die toneel, nie as 'n noodsaaklike bestendiging van die bestaan en voortbestaan van die inligtinggemeenskap nie, maar slegs as 'n baie rudimentêre alternatief tot orale kommunikasie in 'n landbougemeenskap. Daarom wil dit veel eerder voorkom asof die aanvanklike ontstaan van 'n skriftelike tradisie periodiek geskied het, meegehelp deur gunstige omgewingsfaktore, totdat dit finaal inslag gevind het binne die sosiale orde. 'n Orale tradisie het meestal parallel met die geletterde samelewing bly voortbestaan. Gegewe die permanente aard van die basiese oraliteit van taal (Ong 1982:7), moet die oorgang van 'n orale na 'n geletterde samelewing dus nie geïnterpreteer word as sou laasgenoemde eersgenoemde vervang



het nie. Die resultaat van die oorgang moet eerder gesien word as 'n simbiotiese saambestaan (Theron 1992:53). Terselfdertyd bestaan daar selfs die moontlikheid dat 'n orale kultuur weer in 'n mindere of meerdere mate kan oorneem by 'n geletterde samelewing, ondanks die funksionele voordele van die laasgenoemde. Ong (1982:3) verwys hierna as *sekondêre oraliteit*, in teenstelling met *primêre oraliteit*, 'n kultuur met geen kennis of agtergrond van skrif nie (Ong 1982:1). Finnegan (1974) behandel in groot detail die problematiek rondom die orale identiteit van 'n gemeenskap wat reeds blootgestel is aan, óf beïnvloed is deur, skrif. Na aanleiding hiervan, fokus die navorsing voorhande dus grootliks op 'n stadium van sekondêre oraliteit met wisselvallige klem op die skriftelike as voorkeurmedium van amptelike en private kommunikasie. Hierdie stand van sake word, vir die doeleindes van die studie, benoem as die oorgangsfase tussen 'n orale en geletterde samelewing in die Ou Nabye Ooste.

In die bespreking van die oorgangperiode van 'n orale na 'n geletterde kultuur in die Ou Nabye Ooste en in die hieropvolgende hoofstukke, word Goody (1987:ix) se lys variante invloede van die impak van die ontdekking van skrif op 'n kultuur, in ag geneem:

- \* Die aard van die skrif en die metode van reproduksie;
- \* Die aantal persone in staat om te lees en skryf, gemeet teen 'n sekere vlak (byvoorbeeld die individu se vermoë om sy/haar naam te kon skryf);
- \* Of individue leer lees en skryf in hul moedertaal, 'n aanverwante taal, 'n ander lewende taal, 'n dooie taal of 'n kunsmatige taal;
- \* Die gebruiksomgang binne 'n kultuur (byvoorbeeld of die taal beperk is tot godsdienstebeoefening); en
- \* Die inhoud van die geskrewe tradisie.

## **2.1 Kenmerke van Ou Nabye Oosterse orale en geletterde kulture in oorgang**

In die Joodse godsdienstige gebruik vind ons dat voorsiening gemaak is vir die digotomie dat beide Tora (geskrewe wet) en oorleweringe/"unwritten, revealed tradition" (Schiffman 1995:xix) (die orale tradisie wat van 200 tot 500 n.C. 'n

skriftelike beslag in die Mishna en Talmud gekry het) parallel geduld word. Die tydperk van oorgang tussen die mondelinge en die skriftelike, word juis gekenmerk deur 'n parallelle aanwesigheid van die wisselende klem op orale en geletterde gegewe. Die voorbeeld toon verder dat die oorgangstydperk tussen die orale en geletterde tot relatief laat na die ontdekking van skrif binne 'n gemeenskap bly voortbestaan. Dit geskied sonder 'n ooglopende interne weerstand teen enige van die twee entiteite binne hierdie simbiose.

McArthur (1986:4-5) verdeel die geskiedenis van menslike kommunikasie in vier periodes:

- \* 'n Periode waarin die gesproke taal dominant is: gebare en spraak word in duidelike taalsisteme gevestig deur bepaalde *orale* tradisies.
- \* Die mens begin sy taaluitinge eksternaliseer. Skrif word ontwikkel, 'n stelsel analoog aan gebare en spraak. *Literatuur* domineer hier soos ook in die volgende periode.
- \* *Gedrukte materiaal* kom op die voorgrond gedurende die afgelope vyf eeue.
- \* Die vierde periode is die van *elektronies verwerkte taal*, in die besonder ten dienste van *informatuur*.

Binne hierdie raamwerk sal die onderzoekveld van die studie val in die oorgangsfase tussen die eerste twee afdelings, sowel as in die verdere uitbou van die tweede afdeling. Botha (1991:199) representeer hierdie indeling egter as 'n *progressie*. So 'n uitgangspunt word vir reeds genoemde redes verwerp. Die ontstaan van skrif, sowel as die daarstelling van die verskillende tipes rekordversamelings, is veel eerder te wyte aan 'n menslike respons op 'n veranderlike kommunikatiewe omgewing. Oraliteit moet nooit met die term *primitief* ge-etiket word nie. Sekondêre oraliteit dien alleen as voorbeeld van 'n gemeenskap wat bewustelik die orale opsie uitgeoefen het in die vestiging en beskrywing van hul samelewingsorde, veral in hul interaksie met aanliggende gemeenskappe.

In 'n primêre orale kultuur, soos aanvanklik gevind in die Ou Nabye Ooste, dien mondelinge kommunikasie as die enigste vorm van menslike kommunikasie, meegehelp

deur gebare en gesigsuitdrukking: "Alle oordrag van inligting, kennis, tradisies, kultuur, ensovoorts, geskied mondeling" (Theron 1992:54). Hierdie wyse van kommunikasie is natuurlik en bly voortbestaan binne 'n geletterde samelewing, wat bykomend gelaai word met skrif as kunsmatige kommunikasiemiddel. Skrif, as tegnologiese hulpmiddel, bied egter die moontlikheid om 'n relatiewe durende waarde toe te ken aan die oordrag van inligting. 'n Aspek waarvoor 'n mondelinge tradisie deur middel van mnemoniese hulpmiddels moet kompenseer. Die maak van byvoorbeeld knope as sulke mnemoniese hulpmiddels, word volledig deur Gandz (1939:312-316) bespreek. Herodotus berig byvoorbeeld hoe Darius met sy opmars teen die Skithiërs, bevel gegee het dat die Ioniërs sy drywende brug oor die Ister vir sestig dae moes bewaak. Daarom het hy sestig knope in 'n tou gemaak en opdrag gegee dat hulle elke dag een knoop moes losmaak (Gandz 1939:315). Die Israeliete het hierdie meganiese aanwending van die mnemoniese hulpmiddel verder gevoer deur dit te gebruik as herinnering aan 'n literêre korpus, of die nakom van sodanige literêre gegewens. Hierdie sogenaamde *klossies* (תצ"ת) aan hulle klere moes hulle by waarneming (וַיִּזְכְּרוּם אֶת-כָּל-מַצְוֹת יְהוָה) herinner aan al die gebooie van God (וַיִּרְאִיָּהֶם אֱתוֹ), aldus Numeri 15:38-39. In die Islamitiese godsdiens word gevind dat gebedskrale dieselfde rol vertolk.

Beide die orale- en skriftelike tradisies worstel egter met die probleem van die skepping en herverpakking van 'n inligtingslading na gelang van die voorkeure/vereistes van die produsent en potensiële verbruiker: "Human beings cannot handle large amounts of random information. To be stored, be it in internal human information systems or external information systems, such as catalogues, databases, knowledge bases, to be recalled or retrieved, and of course used, information must be structured in some way" (Boon 1994:105). Binne die orale kultuur het inligtingorganisasie geskied met behulp van enkele individue wat die sosiale geheue van die gemeenskap moes verteenwoordig en oordra (Theron 1992:55). Die ontdekking van skrif het veroorsaak dat die Ou Nabye Oosterse biblioteek en argief hierdie funksie oorgeneem en die sogenaamde *oral repositories* (Wright 1977:xxii-xxv) nageboots het.

Die ontwikkeling van skrif is 'n relatief laat verwickeling in die sowat vyftigduisendjarige bestaan van die mens (Ong 1982:83). Dit wil voorkom asof verskeie skrifsteme, grotendeels onafhanklik van mekaar, binne 'n relatief kort periode ontstaan het in enkele kerngemeenskappe, vanwaar dit na satelliet nedersettings versprei het. Gedurende die vierde millennium v.C. begin grootskaalse

verstedeliking, gebaseer op die ontstaan van surplusse in die landbou-ekonomie van hierdie gemeenskappe. Dit dien volgens Gelb (1963:62) en Smith (1977:24) grootliks as katalisator vir die ontstaan van skrif as gebruiksfenomeen.

Die vraag bestaan egter of die ontstaan van skrif in totaliteit aan sy nuttigheidswaarde gekoppel moet word. Schmandt-Besserat (1981:323-326) noem byvoorbeeld die bestaan van klei telklippe in onder andere moderne Iran, Irak en Sirië, waarvan die oudstes tussen die jare 3200 en 3000 v.C. dateer. In sommige gevalle kom dit dus voor, of parallel, met die ontstaan van skrif in hierdie gebiede voor. Daar was simbole van diere en ander objekte op hierdie klippe uitgekrap en 'n gepaste getal is saam in 'n sak geplaas. Dit is gevolg deur plate met numeriese punte of merkers. Teen die middel van die vierde eeu v.C. word kleitablette met duidelik gedifferensieëde numeriese merkers gevind. Gepaardgaande met individuele numeriese klippe en silinderseëls. Oppenheim (1959:127) verwys na 'n soortgelyke burokratiese gebruik in Nuzi. 'n Reeks potte of rietmandjies is gebruik as houers waarin die gepaste aantal klippe geplaas is as boekhoudingsstelsel. Elke klip het lamms, boklamms, volwasse diere, ensovoorts, verteenwoordig. Indien 'n dier sou doodgaan, gesteel word, of geslag word vir voedsel of offerande, oorgeplaas word om geskeer te word, ensovoorts, is 'n klip geplaas (*nadû ina abanâh*), verwyder (*šilû*) of oorgeplaas (*šubalkutu*): "Thus, the numerical distribution of animals within the flock was kept constantly in evidence without a written record" (Oppenheim 1959:127). Hierdie laasgenoemde stelsel is gebruik ten spyte van 'n reeds bestaande skrifstelsel in die middel van die tweede millennium v.C. en word vandag nog aangewend deur Irakiese herders wat spoelklippies gebruik om telling te hou van hulle kudde (Schmandt-Besserat 1979b:43). Skrif het dus nie noodwendig suiwer as gebruiksfenomeen ontstaan om reeds gevestigde alternatiewe te vervang nie. In die woorde van Oppenheim (1964:230-231): "... the use of writing is not absolutely necessary for recording and controlling complex bureaucratic transactions."

Daarom word voorgestel dat die ontstaan van skrif in die Ou Nabye Ooste breedweg gekoppel word aan die drie ontstaansredes van skrif soos uitgelig deur Oppenheim (1964:230):

- \* Die rekordering van data vir toekomstige aanwending;
- \* Kommunikasie van data op 'n sinchroniese vlak; en

\* Seremoniële gebruik.

Die kombinasie van die bogenoemde gee na behoefte aanleiding tot die ontstaan van sewe waarskynlik oorspronklik ontwikkelde skrifsisteme (Gelb 1963:60):

Sumeries in Mesopotamië (3100 v.C.-75 n.C.);

Proto-Elamities in Elam (3000-2200 v.C.);

Egipties in Egipte (3000 v.C.-400 n.C.);

Proto-Indies in die Indus-vallei (ongeveer 2200 v.C.);

Chinees in China (1300 v.C.-huidig);

Kretenser in Kreta en Griekeland (2000-1200 v.C.); en

Hetities in Anatolië en Sirië (1500-700 v.C.).

In welke mate hierdie skrifsisteme onafhanklik van mekaar ontwikkel het en in hoe verre daar dus sprake is van selfstandige ontwikkeling, is moeilik bewysbaar. Gelb (1963:60) is skynbaar van mening dat die sewe sisteme grootliks individueel ontwikkel het. Daarenteen beskryf Von Soden (1994:34) en Smith (1977:24) die verspreiding van skrif met die Sumeriërs van Uruk as sentrum, vanwaar dit versprei het na Elam, Egipte en uiteindelik die Indus-vallei bereik via Dilmun.

Dit is op hierdie stadium nodig om enkele verdere opmerkings te maak ten opsigte van die ontstaansredes van skrif, soos uiteengesit deur Oppenheim (1964:230). Tog is dit belangrik om te beklemtoon dat hierdie redes ondergeskik is aan reeds gunstige veranderlikes binne die gemeenskaplike omgewing. Die aanpasbaarheid van die resulterende skrifsisteem by die konstante omgewingsveranderlikes sal bepaal in hoe verre die skrif verder ontwikkel, geïsoleer word tot 'n enkele gebruiksaanwending - dikwels binne die religie - of tot niet gaan. Aangesien die omgewing die dominante redes vir skrifontstaan dikteer, beteken dit ook dat sommige redes vir ontstaan selfs teenstrydig mag wees, soos sal blyk uit die onderstaande bespreking.

### **2.1.1 Die rekordering van data vir toekomstige aanwending**

As gevolg van die inherente toekoms-motief in die daarstelling van sodanige gegewe, is dit nie verbasend dat hierdie ontstaansrede van skrif ook die maklikste bewysbaar is nie: "One of the purposes for the development of writing was to preserve human communication - to extend its duration beyond the sound of the human voice and beyond the memory of mortal persons, and it is probable that written communications

were kept almost from the beginning of writing" (Harris 1995:3). Oppenheim (1964:230) verdeel die argeologiese gegewens hieromtrent verder in vyf onderafdelings deur te begin by die aspek met die hoogste gebruiksfrekwensie. Rekordering vir administratiewe doeleindes word gevolg deur die kodifisering van wette, die rekordering van die religieuse tradisie, die opstel van annale en die vaslegging van data met studie as oogmerk.

Die aanwending van skrif vir *administratiewe doeleindes* word deur oorweldigende getuienis in Mesopotamië gestaaf. Die opgraving van bestaande argiewe het dit moontlik gemaak om 'n administrasie te rekonstrueer na gelang van die bestek, die intensie, prosedures en tegnieke: "Archives of the various institutions are the primary evidence of bureaucratic control over persons, goods and transactions and their analysis may show how, by whom and for what purposes information was gathered and used" (Veenhof (ed) 1986a:305). Die inhoud van hierdie dokumente maak dit moontlik om die werking van 'n tempel- of paleisburokrasie bevredigend te verantwoord in terme van die bestaande redistribusiesisteme. Aangesien diesulke sisteme in die betrokke instansies gesentraliseer is. Die paleis- en tempeladministrasie van 'n derde millennium v.C. Sumeriese tempelstad soos Uruk, het volgens Von Soden (1994:69) waarskynlik saamgeval. Later het die paleis (Sumeries: *é-gal*: "groot huis"; Akkadies: *ekallu*) naas die tempel as administratiewe sentrum fungeer. Die dominansie van die tempel in administratiewe aangeleenthede was te wyte aan die rykdom wat sodanige religieuse sentra geput het uit die uitgebreide besit van eiendom. Die jurisdiksie van beide instansies is gereguleer binne 'n gegewe tyd en domein (Von Soden 1994:69). Administratiewe dokumente afkomstig uit hierdie instansies reflekteer die aantekening van inkomende belasting, heffings, die opbrengste van die koninklike of priesterlike ampsdomein en die distribusie van materiaal en rantsoene na vakmanne en arbeiders (Oppenheim 1964:230). Verder toon dit ook die redistribusie van vakmanne na gelang van vraag en aanbod, binne 'n stadstaat soos Mari, sowel as na naburige moondhede binne die Ou Nabye Ooste. Vergelyk in hierdie verband byvoorbeeld die aanvraag na Egiptiese en Babiloniese dokters en ander amptenare deur die Hetitiese moondheid, soos behandel deur Zaccagnini (1983).

Hierteenoor het enige bewyse van administratiewe gebruik in Egipte feitlik totaal verdwyn. Papyrus het dus nie tot dieselfde mate as die kleitablet voldoen aan die toekomsfunksie daaraan gestel nie. Dit wil dus voorkom asof die aard van die skryfmateriaal waarby 'n gegewe skrifstelsel aangepas is, uiteindelik die toekomstige oorlewing van sodanige stelsel kan bepaal.

Die eerste *regskodekse* het in die Ou Nabye Ooste die lig gesien teen om en by 2000 v.C. (Von Soden 1994:131). Dit is egter voorafgegaan en gevolg deur verskeie versamelings wette, afkomstig van die Sumeriërs, Akkadiërs, Hetiete en Egiptenare. Hiervan is die Hebreeuse variant, weergegee in die Ou Testament, die bekendste. Oppenheim (1964:231) identifiseer twee dominante redes vir die ontstaan van diesulke geskrifte: "... that of superseding oral tradition and practices, and the aim of bringing the law into line with changed social, economic, or political conditions ... Mesopotamian codifications under these circumstances become the repository of aspirations to change such situations or to emphasize the king's or the god's interest in the welfare of his subjects." Von Soden (1994:131-132) ontken terselfdertyd die bestaan van Ou Nabye Oosterse wetskodekse in die sin waarna daar byvoorbeeld na die kodeks van Justinianus verwys word. Selfs die Kodeks van Hammurabi (1792-1750 v.C.) beslaan na regte slegs 'n klein gedeelte van die geregtelike materiaal en Sumeriese en Akkadiese versamelings wette moet daarom nie gesien word as 'n getroue refleksie van die regsituasie nie, maar as 'n tradisionele literêre uitdrukking van die koning se sosiale verantwoordelikhede en sy bewussyn van teenstrydighede tussen die bestaande en verlangde orde (Oppenheim 1964:158 & Bottéro 1992:167).

Onder sakrale rekordering, oftewel die *rekordering van die religieuse tradisie*, verstaan Oppenheim (1964:232): "... a record of the 'story' of a deity, of a religious figure, or of an ethnic or otherwise coherent unit, inasmuch as such a story is incorporated into the ideology that sustains the circle of worshipers and the congregation of believers." Die doel hiervan is juis die daarstelling van 'n vaste literêre korpus ter behoud van bestaande tradisies en voorbehoude te midde van veranderende sosiale omstandighede of druk van buite: "Writing, then, is used here for a reason basically different from that which prompted the codification of the laws of the region. It was to 'freeze' a tradition, not to adapt and adjust it to reality" (Oppenheim 1964:232). Hierdie aanwending van skrif gebeur relatief laat binne die oorgang van die orale na die skriftelike en spore van die sterk orale karakter verbode aan die Ou Nabye Oosterse religie, word steeds in die skriftelike nalatenskap gevind. Sjöberg (1972) se vertaling van 'n pryslied tot die skrywersamp - gevind in dokumente uit die biblioteek van Assurbanipal - toon duidelik die onderliggende orale karakter van die skriftelike lofprysing. (Vergelyk byvoorbeeld die eerste reël (Sjöberg 1972:127): "The scribal art is the mother of orators, the father of masters.") Die redenaarskuns word hier 'n substituuat binne die skriftelike tradisie, ten einde te vergoed vir die skriftelike distansiëring van die intieme kommunikatiewe spraakproses (Ong 1982:115-116). Ong

(1982:74-75) skryf dit toe aan die sterk samebindende faktor verbonde aan enige orale kommunikasie. Dit staan in skerp teenstelling tot die onpersoonlike karaktertrekke van die skriftelike tradisie. Religie is daarom natuurlikerwys meer aangetrokke tot orale oordrag. Die orale tradisie is ook geneig om meer tradisioneel in uitgangspunt te wees. Gekonseptualiseerde kennis wat nie herhaal word nie, verdwyn binne 'n orale tradisie. Daarom kweek die orale tradisie natuurlikerwys 'n meer konserwatiewe uitkyk aan wat nie geneig is tot intellektuele eksperimentasie nie (Ong 1982:41). Skrif word slegs 'n laaste uitweg in die behoud van die tradisie. Die skriftelike nalatenskap dien in so 'n geval steeds as middel om die outentiese waarde van die orale te bevestig (Ong 1982:75).

*Annale*, die sistematiese rekordering van kontemporêre gebeure, verskyn redelik laat in die Ou Nabye Oosterse literatuur. Hieronder resorteer byvoorbeeld datumlyste en naamlyste soos die Assiriese naamlys wat volledig is so ver terug as 931 v.C. (Von Soden 1994:43). Benewens die praktiese doeleindes, het dit ook 'n politieke en skolastiese gronde gehad, ten einde diesulke materiaal mettertyd te inkorporeer tot literêre teks (Oppenheim 1964:233).

Skrif is ongetwyfeld ook aangewend vir die rekordering van *skolastiese data*. Hier word veral verwys na die daarstelling van die Babiloniese rekords ten opsigte van astronomiese gegewe, soos die beweging van die planete en die sonsopkoms en -ondergang, sowel as die van die maan. Wiskundige gegewens (byvoorbeeld vermenigvuldigingstafels) is gerekordeer en deur middel van bepaalde sisteme aangeleer (Nemet-Nejat 1995). Hierdie aspek sal onder die bespreking van skole en skrywers verdere aandag geniet.

### **2.1.2 Kommunikasie van data op 'n sinchroniese vlak**

Oppenheim (1964:234) maak hierdie onderskeiding deur te verwys na briewe, koninklike uitvaardigings en openbare aankondigings. Argeologiese bewyse vir briefwisseling is redelik verteenwoordigend in die totale Ou Nabye Ooste. Verder word koninklike inskripsies op klipstelas gevind in Egipte, Sirië en Mesopotamië. Slegs die Siloamtonnel Inskripsie dien egter as voorbeeld hiervan in Hebreeus (Millard 1972:99). Begrafnisinskripsies blyk egter afwesig te wees in Mesopotamië (Oppenheim 1964:234).



### 2.1.3 Seremoniële gebruik

Oppenheim (1964:230) erken dat hierdie ontstaansrede vir skrif binne die Westerse verstaansraamwerk uiters vaag en esoteries is. Tog toon sekere tekste die eiesoortige bestaan van 'n sodanige gebruik in die Ou Nabye Ooste aan. Hieronder resorteer diesulke Egiptiese en Mesopotamiese inskripsies wat nie daargestel is met die doel dat die mens dit moet lees nie. Al die Egiptiese grafinskripsies en piramiedetekste, asook die *Dodeboeke*, val in hierdie kategorie. Die tekste spreek nie lewende persone aan nie: "Their primary purpose was to relate the king to his gods in a magic way" (Oppenheim 1964:235).

## 2.2 Die ontstaan- en verspreidingsgeskiedenis van skrif

In 1857 gee Talbot aan die *Royal Asiatic Society of Great Britain and Ireland* 'n geseëde vertaling van 'n wigskrif-inskripsie van Tiglatpileser I, met die versoek dat sy ontsyfering van die Babiloniese inskripsie getoets moet word aan die weergawes van onder andere Sir Henry Rawlinson. Sodoende sal daar bo alle twyfel bewys gelewer kon word dat Babilonies wel gelees kan word - 'n aspek waaroor daar tot op daardie stadium twyfel bestaan het. Rawlinson, asook Hincks en Oppert, het aangebied om vertaalde weergawes, gegrond op hulle eie ontsyfering van die skrif, voor te lê. Die vier weergawes het tot so 'n mate ooreengekom dat geen twyfel meer kon bestaan dat Babiloniese wigskrif uiteindelik ontsyfer is nie (Couture 1984:144-145). Die ontsyfering van hierdie en ander Ou Nabye Oosterse skrifsisteme deur Champollion, Rawlinson, Grotefend, Burnouf, Lassen, Oppert, Westergaard, Hincks en Talbot in die verloop van die vorige eeu, het aanleiding gegee tot 'n nuwe belangstelling, nie alleen in die inhoud van tot nog toe geslote literêre kulture nie, maar ook in die oorsprong van die instrument van oordrag: skrif<sup>2</sup>.

Enige weergawe van die ontstaan- en verspreidingsgeskiedenis van skrif is afhanklik van die bestaande argeologiese gegewens tot ons beskikking. Daarom bestaan daar altyd die moontlikheid dat die huidige siening omtrent die ontdekking van skrif deur nuwe argeologiese data weerlê of radikaal verander kan word. Tot op hede dui die oudste voorbeelde op 'n Sumeriese of pre-Sumeriese ontdekking van skrif in die laat vierde millennium v.C. te Uruk (Laag IV), in Suid-Mesopotamië (North 1957:185, 249). Hierdie ontdekking het ondubbelsinnig aanleiding gegee tot wat bestempel word as: "... one of the most consequential innovations in human history" (Von Soden 1994:31).

Wright (1977:38-48) identifiseer twee strominge in die refleksie omtrent die ontstaan van skrif, naamlik die *teorie van ewolusie* (die ontwikkeling van skrif vanaf 'n prentjievorstelling tot volwaardige alfabet) en die *uitvindingsteorie* (*inventionist theory*). Laasgenoemde hou by die standpunt dat skrif die produk is van: "individual creative genius" en hierdie uitgangspunt word deur Wright (1977:38) ondersteun op grond van die feit dat Baumgartel en andere geen bewyslewering vind vir die bestaan van 'n geleidelike ontwikkeling van skrif in Egipte nie: "Pictures and letters are informationally incompatible, the former being aligned with the human ability to manage the sensory images of concrete experience, and the latter with the intellectual capacity for abstract reflection" (Wright 1977:40). Aangesien dit nie vir die doeleindes van hierdie navorsing nodig is om 'n keuse tussen die twee uitgangspunte te maak nie, word daar sonder enige bespreking van die voor- en nadele van elk, hier na beide verwys. Eersgenoemde word egter in groter detail aangeraak, aangesien dit die meer konvensionele uitgangspunt ten opsigte van die ontdekking van skrif verwoord.

Die oorsprong van skrif word gerekonstrueer uit die beperkte gegewens beskikbaar in die Nabye Ooste. Hiermee gepaardgaande impliseer die karige argeologiese nalatenskap ook alternatiewe vir die bestudering van die oorsprong van skrif. Dit behels byvoorbeeld die bestudering van die wyse waarop moderne orale kulture (byvoorbeeld die Eskimo's van Alaska, sekere Afrika-stamme en die Cherokee Indiane) die oorgang na 'n skriftelike kultuur bewerk. Kindersielkunde bied die konkrete spesifikasie van objekte deur kinders, as verdere aanduider vir die moontlike ontwikkelingsfasies van skrif (Gelb 1963:21). Hierdie aspek moet egter met groot omsigtigheid benader word. Kinderontwikkeling as middel tot die bestudering van die ontstaan van skrif kan die implikasie laat dat die antieke mens op die intellektuele ontwikkelingsvlak van 'n kind gesien word. Dit word verder uitgebou deur die gebruik van terme soos *primitief*, beelde soos die *edele barbaar* en *savage mind* (Goody 1977) en vereenvoudigde uitdrukkings van die ontstaan van skrif, soos die volgende: "... already in the earliest times, tens of thousands of years ago, man felt the urge to draw or paint pictures on the walls of his primitive dwelling or on the rocks in his surroundings. Primitive man is similar in this respect to a child, who no sooner learns to crawl than he begins to scribble on the wallpaper or to draw crude pictures in the sand" (Gelb 1963:24).

Die voorafstadia van skrif word na gelang van die bogenoemde met 'n redelike mate van sekerheid gerekonstrueer deur Diring (1968:10-13) en Gelb (1963:24-59).

*Piktografie*, oftewel *beeldskrif*, word uitgesonder as die eerste stadium in die ontwikkeling van skrif. Die term *protoskrif*, kan as 'n alternatiewe begrip gebruik word, afhangend van die *grafiese* of *fonetiese* voorvereistes vir die totstandkoming van skrif (Schmandt-Besserat 1981:341). 'n Tekening dien as realistiese representasie of simbool van die objek voorhande. As sulks word dit dus 'n beskrywend-representerende middel tot kommunikasie. Assiriese paleis-reliëfwerk (negende tot sewende eeu v.C.) dien as uitstekende voorbeelde van die potensiaal vir die verdere verwickeling van hierdie middel tot die uitbeelding van 'n volledige pikareske narratief. 'n Veel vroeëre bewys hiervan word gevind in Vlak IV by Uruk (North 1957:249) en in die sowat 4000 tekste gevind in die Mesopotamiese Kish en Tello, asook in die Dilaya-gebied by Khafaje, by Godin Tepe en Chogha Mish in Iran en te Habuba Kabira en Jebel Aruda in Sirië (Schmandt-Besserat 1979b:41). Hoewel die boodskap van die piktografiese tekens meestal duidelik leesbaar en interpreteerbaar is, gaan die tekens in tipiese piktografiese skrif gebrek aan fonetiese waarde. Die Sumeriese piktografie is dus 'n semantiese representasie, en nie 'n fonetiese voorstelling nie. Bottéro (1992:73) verwys hierna as: "... a script of *things*, not of *words*." Tog beteken dit 'n geweldige denksprong aangesien piktografie nie alleen 'n grafiese voorstelling van gebeure verteenwoordig nie, maar die verhaal rondom die gebeure kommunikeer, aldus Diringer (1968:10): "The distinction is important, for the change from embryo-writing to picture-writing implies an immense progress in the art of transmitting and of (quite incidentally) perpetuating thought." Verder is dit interessant dat, alhoewel die vindplekke van piktografiese skrif oor 'n breë en uiteenlopende geografiese area strek, die tekens volgens Schmandt-Besserat (1979b:42) in meeste gevalle feitlik identies is. Dit is moontlike aanduiders van 'n vroeë standaardisasie.

*Ideografiese skrif* verwys na 'n ontwikkelde beeldskrif. Eerstens is dit 'n beeldende voorstelling van idees wat oorgedra word van sender na ontvanger: "In this system, the pictographs represent not so much the things they show as the underlying idea associated with those things" (Diringer 1968:11). Andersinds verwys hierdie begrip ook na 'n meer gestileerde skrifvoorstelling van die aanvanklike piktogram (Bottéro 1992:296). In Mesopotamië het die skryfaksie sedert om en by 2900 v.C. verander van die skets van tekens op klei, na die gebruik van stilusafdrukke op nat klei. Die tipiese wigvormigheid het dienooreenkomstig geboorte gegee aan die benaming *wigskrif*. Volgens Bottéro (1992:73) het hierdie tegniek 'n meer gestileerde voorstelling van die piktogram genoodsaak en die oorgang na ideografiese skrif aangehelp. Voorbeelde van

hierdie ideografiese ontwikkeling word op tablette van Vlak IIIb te Uruk gevind en dateer uit ongeveer 2800 v.C. (North 1957:249).

Die verskil tussen die piktogram en die ideogram is dus daarin geleë dat eersgenoemde 'n realistiese voorstelling van 'n materiële objek representeer, terwyl die ideogram volgens Bottéro (1992:73) die totale semantiese veld wat rondom die objek ontstaan het, kan representeer. Beide die piktogram en ideogram stel 'n beeld voor, realisties of gestileerd, met geen verbintenis tot die gesproke benaming daarvoor nie. Dus kan die beelde in enige taal gelees word.

Volgens Diringer (1968:11-12) behoort die skrifstelsels van die antieke Mesopotamiërs, die Egiptenaars, die inwoners van Kreta en die Hetiete, streng gesproke nie meer onder die term *ideogram* geplaas te word nie. Hul oorsprong is wel in meeste gevalle geleë in die ideogram, maar die vroegste inskripsies bestaan eerder uit simbole en as sulks moet hierdie skrifstelsels as 'n oorgangsfase geklassifiseer word. (*Oorgangsfase* as benaming vir stelsels wat tot 3000 jaar bly voortbestaan het, skyn egter onrealisties te wees en daarom word die begrip *analitiese skrif* hiervoor gemunt (Diringer 1968:12). Die aanwending van hierdie term in latere literatuur oor die onderwerp, is egter beperk. Meer resente en gespesialiseerde werke soos die van Naveh (1982:13) verwys steeds na Sumeries as *piktografies*. Naveh (1982:13) se onderskeid tussen die piktogram en ideogram is egter nie so duidelik nie en daarom word daar vir die doeleindes van hierdie studie verwys na die onderskeid getref deur Diringer (1968:10-12) en Bottéro (1992:73, 296).

Voortvloeiend uit die bogenoemde, ontstaan *fonetiese skrif*, die grafiese voorstelling van gesproke taal. Elke element van hierdie skrifstelsel is ooreenstemmend tot 'n spesifieke klank in die taal wat dit voorstel. Verder het die vorm van die afsonderlike tekens geen noodwendige verhouding tot die klank nie. Hierin kom die ontwikkeling van skrif tot die realisering van die definisie van Naveh (1982:1) aan die begin van hierdie hoofstuk. Bottéro (1992:84) verwys hierna as: "Real script in the full and complete sense of the term."

Twee soorte fonetiese skrif word geïdentifiseer, naamlik *sillabiese skrif* en *alfabetiese skrif*. Eersgenoemde verwys na 'n skrifstelsel bestaande uit fonetiese simbole. Elke simbool verteenwoordig 'n sillabe. 'n Kombinasie van hierdie simbole vorm 'n woord. Die Akkadiërs (Semiete) het Sumeries ('n nie-Semitiese taal) ontwikkel tot 'n sillabiese skrif deur mono-sillabiese woorde in Sumeries oor te neem as sillabiese tekens, met die

toevoeging van enkele ander tekens (Von Soden 1994:34). Hierdie skrifvorm is 'n lomp wyse van uitdrukking, aangesien dit steeds die gebruik van 'n groot hoeveelheid tekens impliseer. Babiloniese wigskrif/spykerskrif bevat byvoorbeeld meer as 500 tekens (Couture 1984:144). Volgens Diringer (1968:12) verteenwoordig 'n volledige sillabiese skrifsisteem teoreties die getal konsonante vermenigvuldig met die getal vokale.

Hierteenoor bied die *alfabetiese skrif* die alternatief van 'n beperkte aantal tekens wat 'n maklik aanpasbare skrifsisteem vorm. Elke simbool stel 'n klank voor. Dit is eenvoudig, aanpasbaar by enige taal en maklik om aan te leer en kan daarom volgens Diringer (1968:13) beskou word as een van die hoofredes vir die demokratisering van opvoeding en geletterdheid.

Gelb (1963:72-80 & 122-153) is van mening dat Grieks en Latyn die enigste alfabetiese skrifvorm is en dat die Semitiese skrifsisteem 'n sillabiese sisteem verteenwoordig het. Hierin word hy ondersteun deur Havelock (1982:25-32 & 1986:63-70). Gelb baseer sy standpunt op die feit dat slegs in die geval van Grieks en sy vertakkings, elke letter óf 'n konsonant óf 'n vokaal verteenwoordig. In die geval van Semities word daar nog gedeelde funksies aangetref. (Die latere invoer van die vokaalsisteem vir Semities, het hierdie defek egter ondervang (Naveh 1982:10-11)<sup>3</sup>).

Teenstellend hiertoe is Naveh (1982:11) van mening dat die hoofkenmerk van 'n alfabetiese skrifsisteem nie soseer geleë is in die voorgestelde waardes van die letters nie, maar in die beperkte aantal letters (20-30) in 'n vaste "alfabetiese" ordening. Die eerste sodanige ordening is afkomstig uit Ugarit<sup>4</sup>, 1400 v.C. In navolging van Naveh se benadering tot alfabetiese skrif het hierdie skrifsisteem dus ongeveer een-en-'n-half duisend jaar na die ontstaan van skrif, 'n aanvang geneem in ongeveer 1700 v.C. (Naveh 1982:1). Voorbeelde van die eerste alfabetiese Proto-Kanaänitiese tekste is gevind in Oud-Palestyns (1700-1200 v.C.) en Proto-Sinaities (1500 v.C.). Kanaänitiese wigskrif voorbeeldtekste is gevind by Ugarit (1400-1300 v.C.) en in Palestyns (1300-1200 v.C.), aldus F M Cross se uiteensetting (Naveh 1982:30). Dit is belangrik om op hierdie stadium te beklemtoon dat die verspreiding van verskillende skriptipes en die verspreiding van byvoorbeeld Semitiese taalvertakkings, nie noodwendig parallel geskied het nie.

Die verspreiding en vestiging van skrif in die bestaande orale gemeenskap is grootliks te wyte aan die verandering van die sosiale orde in die Ou Nabye Ooste. Hier word dus

verskil van Havelock (1986:100) se siening dat geletterdheid die veranderinge in die menslike sosiale ordening teweeggebring het. Geletterdheid en die voortvloeiende sosiale aanpassings, was veel eerder die gevolg van 'n verandering in sosiale samestelling, as die teendeel. Hierdie proses het in ongeveer 15 000 v.C. in aanvang geneem met die eerste vestigings van nomadiese kulture. Teen 10 000 v.C. ontstaan klein dorpsgemeenskappies as voorlopers van die uiteindelijke komplekse sosiale patrone uitgedruk deur die ontstaan van die stadstaat. Die Ou Nabye Oosterse stadstate verteenwoordig die daarstelling van 'n politieke stelsel waarvolgens die politieke mag gesetel was in 'n stad, omring deur talle kleiner gemeenskappies. Hierdie Ou Nabye Oosterse stadstate het gedien as sentrum vir alle aktiwiteite met betrekking tot regering, administrasie, sowel as enige ekonomiese, intellektuele en religieuse aangeleenthede (Bottéro 1992:69).

Die Vroeë Bronstydperk het teen die laat vierde millennium v.C. al die kenmerke van verstedeliking in Mesopotamië vertoon: gesofistikeerde irrigasiesisteme, sosio-politieke hiërargië, vakmanskap-spesialisering, verspreide handelsbetrekkinge, monumentele strukture en groot stede (Richard 1987:22). Die beraamde populasie van Uruk teen 3100 v.C., was byvoorbeeld 10 000 en teen 2700 v.C. was daar ongeveer 50 000 inwoners, aldus Adams & Nissen (Richard 1987:22). Garr (1987) se breedvoerige bespreking van die metodes vir die bepaling van die inwonertal van Ugarit op ongeveer 7 600 inwoners teen die tweede millennium v.C. kan ook in hierdie verband vergelyk word. Binne hierdie sosiale en kulturele opbloeit ontstaan skrif as een van die kenmerke van die proses van verstedeliking (Richard 1987:22) en lê sodoende die fundamente vir die ontstaan van 'n behoefte aan rekordversameling en die uiteindelijke gestruktureerde ordening van sodanige rekords.

Orale samelewings is per definisie klein en kompak met 'n beperkte reikafstand (Theron 1992:55). Die tradisionele orale kommunikatiewe metodes was dus ontoereikend vir interaksie tussen die verskillende gemeenskappe. Dit het dikwels oor groot afstande plaasgevind, wat noodsaak is deur die interafhanklike verhoudinge tussen die nedersettings. Daarom kan die verspreiding van skrif noodwendig ook gekoppel word aan die interafhanklike strukture geskep tussen die stedelike sentra van die Ou Nabye Ooste. Die Semitiese en Sumeriese stadstate het so interaktief langs mekaar voortbestaan met die gevolglike wedersydse beïnvloeding. Op hierdie wyse het die Sumeriese skrifstelsel na die Semitiese versprei (Bottéro 1992:69). Vandaar het die gebruik van skrif gegroei met die vestiging van 'n burokrasie binne die paleis- en tempelgemeenskappe en veral in die interaksie tussen die verskillende stedelike

gemeenskappe. Die uitgebreide handelsroetes van die Ou Nabye Ooste (vergelyk byvoorbeeld Oren 1973 & Wright 1988) en seevaart (Stieglitz 1984), het meegehelp in die verdere verspreiding van die skriftelike tradisie.

Ebla (verwoes in ongeveer 2500 v.C.) was byvoorbeeld 'n stad geleë aan so 'n belangrike handelsroete in Sirië en as sulks het die skriftelike tradisie ook by hierdie gemeenskap ingang gevind. Dit word gereflekteer in die omvangryke rekordversameling wat deur Matthiae en die Universiteit van Rome opgegrawe is in die middel sewentigerjare van hierdie eeu. Geen tekste van 'n oorwegend militêre aard is hier gevind nie. Die versameling word veral gekenmerk deur die aanwesigheid van dagboeke, inventarisse, lysse van konings, verdrae en handelsooreenkomste (Wellisch 1981:493-494). So teken dit duidelik deur middel van die aard en inhoud van hierdie tekste, 'n florerende Ou Nabye Oosterse handelstad. Wellisch was veral beïndruk met die hoogs ontwikkelde argivale- en biblioteekaktiwiteite (1981:490-492) wat reeds in hierdie versameling te bespeur was. Hier word spesifiek verwys na die bestaan van praktyke soos die transkripsie van tekste in vreemde tale en skrifstelsels, klassifikasie, katalogisering, die voorsiening van opskrifte en titels op rugkante vir maklike herwinning, sowel as die geordende rangskikking op rakke ten opsigte van grootte, vorm en inhoud. Dit sluit ook die funksionering van die rekordversameling in as fokus vir opvoedkundige aktiwiteite en studie. Verdere detail rondom die spesifieke aard van hierdie praktyke sal in die volgende hoofstuk verskaf word.

Gegewe die relatiewe stadige ontwikkeling van tegniese vaardighede, het Wellisch (1981:498) daarom tot die gevolgtrekking gekom dat die ontdekking van skrif veel vroeër as die einde van die vierde millennium v.C. moes gewees het: "It is perhaps not unreasonable to assume a period of perhaps a thousand years for these successive developments, which would mean that the invention of writing might date back to the middle or even the beginning of the fourth millennium B.C."

Wellisch se afleiding is in staat om 'n verklaring te bied vir die bestaan van 'n hoë biblioteekkultuur binne 'n ewolusionêre raamwerk. Hy doen dit deur die terugskuif van die ontstaan van skrif, ten einde voldoende ruimte vir langsame ewolusionêre ontwikkeling te laat. Hierdie argument bied egter nie 'n oplossing vir die probleem van die skielike afwesigheid van 'n sodanige hoë biblioteekkultuur in die daaropvolgende bykans 1000 tot 2000 jaar nie. Waarom het dit nie ook soos skrif versprei en verder ontwikkel in die aangrensende stadstate nie? Hoewel logies in sy argumentasie, het Wellisch (1981) uit die oog verloor dat die biblioteek of argief, net soos verstedeliking,

'n sosiale fenomeen is en dat kulturele verandering in sekere gevalle veroorsaak het dat dit sy dominansie binne sommige Ou Nabye Oosterse gemeenskappe verloor het<sup>5</sup>. Stedelike regressie (*urban regression*) het byvoorbeeld in ongeveer 2350-2300 v.C. in Siro-Palestina plaasgevind (Richard 1987:39): "Culture change in Palestine ... was once viewed as a bipolar shift from sedentism to nomadism. In reality the shift was from urban to nonurban and pastoral adaptive strategies: from specialization in mode of production to a multi-resource, less specialized economy."

Hierdie regressie het outomaties weer dominante orale sosiale strukture bevoordeel. Dit impliseer verder dat die oorgang van 'n orale na 'n skriftelike tradisie nie 'n konstante kontinuum voorstel nie. Harris (1989:viii) noem dit eerder: "... a series of developments." Op dieselfde basis is die ontstaan, ontwikkeling en voortbestaan van literatuurbewaring en biblioteekaktiwiteite ook sensitief vir sosiale veranderlikes en sal slegs floreer gegewe die ideale omgewingstoestande. Dit is nie moontlik om na literatuurbewaring en biblioteekaktiwiteite te verwys as 'n ewolusionêre proses waarin die latere praktyke altyd meer gevorderd en ontwikkel as die meer "primitiewe" voorbeelde moet wees nie. Die rekordversameling is 'n sosiale gebruiksartikel en sal daarom die kenmerke aanneem wat deur die gemeenskap van oorsprong dikteer word. 'n Redelik gevestigde skriftelike tradisie word egter voorveronderstel.

### 2.3 Geletterdheid

Die ontstaan van die alfabetiese skrifsisteem was wel verantwoordelik vir die ontstaan van wat Ong (1982:78) bekryf as die herstrukturering van die menslike bewussyn. Skrif beïnvloed nie alleen die organisering van inligting op 'n fisiese skryfoppervlak nie, maar selfs die wyse waarop die funksioneel geletterde sy mondelinge uitsprake, sy denke en aktiwiteite konstrueer. Daar kan dus nooit teruggekeer word na 'n toestand van primêre oraliteit na die indringing van skrif binne 'n gemeenskap nie.

In 'n ondersoek na die geletterdheidsvlakke binne die Ou Nabye Ooste, is dit belangrik om te beklemtoon dat daar nie grootskaalse geletterdheid op alle vlakke van die samelewing verwag word nie. Intendeel, dit word verwag dat die geletterdheidspeil in die Ou Nabye Ooste grootliks beperk was. Wanneer 'n skrifsisteem die eerste keer 'n spesifieke gemeenskap van buite binnedring, gebeur dit binne beperkte sektore van die gemeenskap met wisselende invloede en implikasies op die breë gemeenskap (Ong 1982:93). Verder is dit nie die oogmerk van hierdie navorsing om 'n diepgaande ondersoek van geletterdheidsvlakke in die Ou Nabye Ooste te doen nie. Veel eerder



word die materiële omstandighede, asook die kulturele- en sosiale konteks beskryf waarbinne literatuerbewing en biblioteekaktiwiteit die lig gesien het. Daarom word die bespreking beperk tot die uitlig van enkele probleemareas en die bewys van die bestaan van geletterdheid as fenomeen, aangesien 'n skriftelike tradisie 'n voorveronderstelling is vir die daarstelling van literatuerbewing en biblioteekaktiwiteit in fisiese vorm.

Een van die onteenseglike boustene van 'n skriftelike tradisie is die bestaan van 'n redelike mate van geletterdheid by ten minste 'n gedeelte van die potensiële gebruikersgemeenskap<sup>6</sup>. Dit is nogtans belangrik om te beklemtoon dat die bestaan van 'n skrifstelsel nie noodwendig saamhang met die bestaan van aanvaarbare geletterdheidsvlakke nie: "Literacy, though dependent on the technology employed in inscription, is not to be defined by the simple existence of that technology. It is a social condition which can be defined only in terms of readership" (Havelock 1976:19). Die vermoë om te lees én te skryf, word dus gebruik vir die bepaling van die vlak van geletterdheid in die gemeenskap. Dit behoort duidelik te wees dat dit uiters moeilik is om hierdie vaardighede binne die Ou Nabye Oosterse gemeenskap te meet. Die werk van Harris (1989) en Havelock (1976, 1982 & 1986) met betrekking tot die bestudering van die geletterdheid van die antieke Grieke en Romeine, kan dien as voorbeeld vir die uitvoering van 'n soortgelyke studie binne die Ou Nabye Oosterse konteks. Daar sal egter vooraf van sekere voorbehoude kennis geneem moet word. Harris (1989:viii) beklemtoon dat die titel van sy werk, *Ancient literacy*, mag lei tot verwarring aangesien hy slegs Griekse en Romeinse geletterdheid bespreek: "The choice was suggested by convenience, not by any belief that the Greeks and Romans are more entitled to have a history than the Sumerians or the ancient Egyptians." Hy neig dus nie die bestaan van geletterdheid as fenomeen, binne die Ou Nabye Ooste nie.

Hierteenoor is Havelock se siening meer problematies en aangesien hy so dikwels aangehaal word met betrekking tot antieke geletterdheid, regverdig dit verdere bespreking. Hy is van mening dat die term *geletterdheid* slegs toegedig kan word gegewe die bestaan van 'n volwaardige alfabetiese skrifstelsel. Hierdie skrifstelsel het volgens Havelock (1976:25-32 & 1982:63-70) in 700 v.C. in Griekeland vir die eerste keer te voorskyn gekom. Alle Semitiese aansprake op "alfabet" moet dus resorteer onder sillabiese skrifstelsels: "The Greek system was a true alphabet because it was the first and only system to achieve concurrently the three conditions of reading..." (Havelock 1982:65). Hierdie leesvoorwaardes (Havelock 1982:61) is:

- \* Die dekking van linguistiese klank, voorgestel deur die skrifstelsel, moet volledig wees. Dit beteken dat die visuele vorms (letters) volledig genoeg moet wees in getal of karakter om die leser se geheue te prikkel ten opsigte van alle klanke van die taal, selfs klanke uitsonderlik tot 'n spesifieke taal. Hierdie klanke moet gerieflikheidshalwe in enige taal beperk word tot 'n gegewe aantal en dit kan geïdentifiseer word met die term *foneem*. Dit is die ideaal dat daar geen uitsonderings moet wees wat van die konteks afgelei moet word nie.
- \* Tweedens moet hierdie funksie ondubbelsinnig uitgevoer kan word. Enige vorm of kombinasie van vorme moet dus die geheue prikkel ten opsigte van slegs één foneem. Ideaal gesproke behoort daar dus geen ruimte gelaat te word vir die leser om keuses te moet maak tussen meer as een klank nie.
- \* Verder moet die totale aantal vorme beperk word tot die absolute minimum. Die leesproses moet dus nie ingeperk word deur die voorafgaande aanleer van 'n lang lys vorme nie. Die brein is biologies geënkodeer om die akoestiese variante van gesproke taal te onthou. Hierteenoor is skrif 'n tegnologiese vaardigheid. Verskillende lettervorme moet dus kunsmatig aangeleer word. Die proses word vergemaklik deur die aantal vorme tot die minimum te beperk.

Havelock (1982:62) bied 'n vierde leesvoorwaarde as noodsaaklik vir die daarstelling van *geletterdheid* as fenomeen. Hierdie voorwaarde is afhanklik van die volledige implementering van die voorafgaande drie voorwaardes: "... a population is rendered literate when an educational apparatus can be brought into being which is able to teach reading to very young children before they have been introduced to other skills. The adult who learns to read after his oral vocabulary is completed rarely if ever becomes as fluent" (Havelock 1982:62). Hierdie voorwaarde is uiters arbitrêr en die geldigheid van 'n ouderdomsperk word bevraagteken, aangesien dit insigself blootgestel is aan individuele interpretasie. Die spelling van die Franse taal en Bernard Shaw se welbekende kritiek teen die Engelse spelreëls, om slegs enkele voorbeelde te noem, kan verder lei tot die vraag of die huidige alfabet sal voldoen aan Havelock se vereistes dat elke vorm/letter, of kombinasie van letters, slegs 'n enkele klank moet verteenwoordig. Hiermee word die belangrike denksprong van 'n konsonantale alfabet

na 'n sisteem wat ook vokale ten volle representeer, nie misken nie. Daarom ook nie die belangrike bydrae van die antieke Grieke tot die ontwikkeling van die moderne alfabet nie.

Die situasie is egter nie heeltemal so klinkklaar as wat Havelock dit wil laat voorkom nie. Naveh (1982:11-12) se teenargumente is reeds in die vorige afdeling bespreek. Sou Havelock se eerste twee leesvoorwaardes volkome water hou, sou dit nie vir hom nodig wees om dit met 'n ideale toestand te kwalifiseer nie. Verder is die volgehoue gebruik van sogenaamde nie-alfabetiese skrifstelsime deur Israel en die Arabiese lande, tog sekerlik 'n duidelike aanduiding dat die stelsime moet voldoen aan die basiese geletterdheidsvoorwaardes vir die hedendaagse inligtinggemeenskap. Daarom word Havelock (1986:70-74) se standpunt verwerp dat die Ou Nabye Oosterse skriftelike nalatenskap hom nie op die term *literatuur* kan beroep nie en dat, aangesien daar volgens hom nie by hierdie gemeenskappe sprake is van 'n alfabetiese skrifstelsim nie, daar ook nie van *geletterdheid* in die Ou Nabye Oosterse gemeenskap gepraat kan word nie.

Dit is daarom verkieslik, vir die doeleindes van die navorsing voorhande, om te werk met 'n funksionele definisie vir die begrip *geletterdheid*, haalbaar binne die antieke gemeenskap. Havelock (1976:19) impliseer dat geletterdheid primêr gemeet moet word in terme van die persoon se vermoë om 'n geskrewe boodskap te lees, inbegrepe sekere voorwaardes vir die skrifstelsim. 'n Ongeletterde persoon, volgens UNESCO, is iemand wat nie met begrip 'n kort, eenvoudige stelling omtrent sy alledaagse bestaan kan lees en skryf nie (Harris 1989:3). Aangesien die term *geletterdheid* binne die moderne konteks kultureel verder gelaai is (vergelyk byvoorbeeld terme soos *inligtinggeletterd*, *Vigsgeletterd* en *rekenaargeletterd*), is selfs hierdie voor die handliggende definisies nie bevredigend nie. Al sou die term gekwalifiseer word tot *funksionele geletterdheid*, bestaan die vraag steeds watter kwalifikasies gebruik sal word om hierdie toestand binne die Ou Nabye Oosterse konteks te meet. Dit is voldoende, vir die doeleindes van hierdie navorsing, om die geletterdheidsvlakke in die Ou Nabye Ooste te ondersoek in terme van die mate waarin die lees- en skryfhandeling ingebed was in die algemene lewenswandel van sekere sosiale strata en tot watter mate die geskrewe woord gesaghebbendheid verkry het (Harris 1989:28). In die woorde van Harris (1989:24): "Literacy does not exist in the abstract, but is closely linked to other features of the social and cultural landscape."

Dit moet op hierdie stadium weer beklemtoon word dat hierdie afdeling nie veronderstel dat geletterdheid 'n grootskaalse fenomeen binne die Ou Nabye Ooste was nie. Daar was in hierdie oorgangsperiode steeds genoeg funksionele orale alternatiewe vir die skriftelike funksies van kommunikasie: "... writing ceases to be the arcane accomplishment of a small professional or religious or social elite *only* when certain preconditions are fulfilled and *only* when strong positive forces are present to bring change about. Such forces may be economic, social or ideological or any combination of these things ... But without these preconditions and without such positive forces, literacy remains a restricted possession - a state of affairs which may seem perfectly acceptable even in a culture which is in a sense penetrated through and through by the written word" (Harris 1989:11). Die presiese voorwaardes vir geletterdheid word nooit deur Harris volkome omskryf nie, maar berus hoofsaaklik op die uitgebreide bestaan van opleidingsfasiliteite, gevolg deur die sekondêre aanwesigheid van 'n tegnologiese vereenvoudiging van die skrifsisteem en spesifiek die reproduksie daarvan, religieuse of ideologiese beweegredes en 'n ekonomiese vraag na 'n meer geletterde arbeidsektor.

Harris (1989:7) besluit daarom om, in die geval van die Grieke en Romeine, sy ondersoek te beperk tot waar hulle hulself bevind het met betrekking tot *skrywersgeletterdheid* (*scribal literacy*) en *vakman-geletterdheid* (*craftsman's literacy*). Eersgenoemde word gedefinieer as geletterdheid beperk tot 'n gespesialiseerde sosiale groep wat geletterdheid gebruik het met die doel om amptelike rekords (*palace records*) in stand te hou. Harris (1989:7) plaas die Ou Nabye Oosterse kulture binne hierdie vorm van geletterdheid. Daarteenoor omskryf hy vakman-geletterdheid as: "... not the literacy of an individual craftsman but the condition in which the majority, or a near-majority, of skilled craftsmen are literate, while women and unskilled labourers and peasants are mainly not" (Harris 1989:8). Hierdie uitdrukking van geletterdheid moet dus nie beskou word as reflektierend van 'n aanvaarbare geletterdheidspeil op die laer vlakke van die samelewing nie. Die vakarbeider se geletterdheid moet hoër gereken word as die van die deursnee bevolking waaruit hy afkomstig is (Harris 1989:22).

Alvorens daar in groter detail gefokus word op die twee tipes antieke geletterdheid, is dit belangrik om kennis te neem van Harris (1989:9-10) se kritiek dat besprekings van hierdie fenomeen in meeste gevalle gekenmerk word deur veralgemening en ongesubstansieerde optimisme. In die hieropvolgende bespreking sal dit gou blyk dat meeste geleerdes (byvoorbeeld Williams 1972, De Vaux 1973a en Millard 1972) 'n

baie positiewe uitgangspunt omtrent geletterdheid in die breë bevolking handhaaf. Geletterdheidsvlakke onder vroue en armlastiges word egter meestal buite rekening gelaat in die maak van sodanige stellings. Soos reeds genoem, is dit egter nie die doel van hierdie studie om diepgaande rekenskap te doen van enige moontlike persentasies van geletterdheidsvlakke in die verskillende sosiale strata in die Ou Nabye Ooste nie. Die enigste vereiste vir die bespreking van literatuerbewing en biblioteekaktiwiteite in die Ou Nabye Ooste, is die bewys van die bestaan van 'n sodanige fenomeen onder 'n redelike segment van die potensiële gebruikersgemeenskap. Die vraag skyn te wees: "To what extent and in what circumstances did people cease to rely on oral communication or come to rely on the written word?" (Harris 1989:25).

### 2.3.1 Skrywersgeletterdheid

Die hoof funksie van hierdie vorm van geletterdheid is die van administratiewe kontrole. Skrif dien as hulpmiddel in die sentralisasie van politieke en/of ekonomiese en/of sosiale beheer: "We would then expect the use of writing to correlate highly with the degree and extent of control exercised by centralized (urban) elites over agricultural producers. The greater the need for such control, the more likely the presence of full-time administrators to facilitate the exercise of control by the elite class" (Jamieson-Drake 1991:35). Binne hierdie raamwerk stel Jamieson-Drake (1991:37) drie veranderlikes waarvan die bestaan ooreenstem met die totstandkoming van die professionele skrywer:

- \* 'n Gesentraliseerde administratiewe beheer: die konsentrasie van 'n toenemende aantal funksies in 'n verminderde aantal nedersettings.
- \* Sosiale stratifikasie.
- \* Die bestaan van ander voltydse nie-agrariese spesialiste.

Die meeste vroeë Hebreeuse tekste reflekteer die aanwesigheid van 'n professioneel opgeleide klas skrywers, verantwoordelik vir die daarstelling van sodanige dokumente (Millard 1972:100). Diesulke skrywers is opgelei in 'n tradisie bekend deur die hele Ou Nabye Ooste en waarskynlik aanvanklik weergegee in die sogenaamde wysheidsgeskrifte (Williams 1975:231). 'n Oorgangsfase van die orale tradisie waar 'n gemeenskap se sosiale geheue gesetel was in die wyse manne of -vroue binne die

gemeenskap. Dit het vaslegging gevind in 'n groep wat fungeer het as burokrate, outeurs en geleerdes. In navolging van Jamieson-Drake (1991:9) word hierdie sosiale klas beskou as *professionele administrateurs*: "... the focus changing from the mere fact of their literary skills to the broader question of the function of those skills within the society." Hierdie sosiale funksies het waarskynlik verband gehou met die skrywer se funksie as onderwyser, maar soveel te meer as bewaarder van die sosiale geheue van die gemeenskap, soos dit na die ontdekking van skrif uiting vind in die argivaris of bibliotekaris. Die professionele skrywer in die Ou Nabye Ooste se funksies het veel verder gestrek as die blote enkodering van inligting: "... they also functioned as managers of estates and businesses and as arbiters in legal disputes" (Jamieson-Drake 1991:36).

Die Joodse historikus Flavius Josephus (1981:608), in sy regverdiging van die antieke aard van die Joodse tradisie, bevestig die bestaan van skrywersgeletterdheid in groot dele van die Ou Nabye Ooste as bewys dat die Grieke die skryfkuns van hierdie oord oorgelewer is: "As to the care of writing down the records from the earliest antiquity among the Egyptians and Babylonians, that the priests were entrusted therewith, and employed a philosophical concern about it; ... and that the Phoenicians, who were mingled among the Greeks, did especially make use of their letters, both for the common affairs of life, and for the delivering down the history of common transactions ..." Hoewel sekere voorbehoude ten opsigte van Josephus se stellings in ag geneem moet word, bevestig argeologiese bewyse in hierdie geval sy bewerings. Al sou die bestaan van sodanige praktyke in die verlede bevraagteken kan word, beteken Josephus se verwysings na 'n priesterlike filosofiese omgang met skrif die aanwending daarvan in die handel en alledaagse omgang. Dit dui minstens op die onbevraagtekende bestaan van diesulke aktiwiteite binne Josephus se eie Ou Nabye Oosterse leefruimte in die eerste eeu na Christus.

### **2.3.1.1 Egipte**

Die Egiptiese burokrasie skyn grootliks die bestaan van skrif en geletterdheid as voorveronderstelling vir sy amptenare te hê. Te Velde (1986:253) haal die volgende aan uit die *Instruksies van Ani*:

One will do all you say  
If you are versed in writings.  
Study the writings, put them in your heart;

Then all your words will be effective.  
Whatever office a scribe is given  
He can consult the writings.

Op hierdie geletterde professionele skrywersklas het die voortbestaan van Egipte gerus.

'n Bespreking van skrywersgeletterdheid impliseer onomwonde die bestaan van skole waarbinne sodanige geletterdheid kon gedy: "In every single early-modern or modern country which has achieved majority literacy, an extensive network of schools, normally a network of schools subsidized by religion or by the state, or a large-scale literacy campaign effectively sponsored by the state" (Harris 1989:15). Die woord "skool" (\*'t n *shz* ṣ *ansébe*) kom die eerste maal in Egipte voor in 'n grafinskripsie uit die Tiende Dinastie (Williams 1972:215). Teen die middel van die derde millennium v.C. het Egipte, vanweë die behoeftes van 'n komplekse staatsadministrasie, reeds kinders opgelei as skrywers vir die administratiewe doeleindes van die regering (Williams 1972:214). Die funksionele aard van die kurrikulum word selfs in 'n aanhaling uit Diodorus verwoord: "They devote special attention to land-measurement and arithmetic, for the river, changing the configuration of the land every year in numerous ways, produces many disputes of all kinds between neighbours over their boundaries which cannot with ease be accurately resolved without a surveyor getting at the truth by means of his experience. Arithmetic is useful both for the management of one's livelihood and also for the science of land-measurement, and furthermore contributes not a little to those who practice astronomy as well. For the positions and movements of the stars have been the subject of careful observation among the Egyptians, if among any people" (Williams 1972:214-215). Dit was reeds gedurende die Ou Koninkryk (± 2686 - 2160 v.C.) dat onderrigmateriaal as 'n tipe literatuur te voorskyn gekom het, asook die gebruik dat hoë amptenare seuns ingeneem het in hul huise en persoonlik verantwoordelik was vir die opleiding van hierdie kinders as hul moontlike plaasvervangers. Williams (1972:215) beklemtoon die beskrywing van die band tussen onderwyser en leerling as die van "seun". Hier word nie noodwendig verwys na 'n letterlike nageslag nie, veel eerder na die noue band tussen die twee partye. Die opleiding het die vorm van 'n vakleerlingskap aangeneem. Amptenare binne die hofhouding en selfs die farao, was egter ook nie uitgesluit van formele opvoeding nie (Te Velde 1986:261).

Didaktiese materiaal het voortdurend die lig gesien om leerlinge te voorsien van oefenmateriaal vir lees- en skryfoefeninge en om terselfdertyd die leerling op te lei in die reëls vir aanvaarbare optrede en spraak. Imhotep, argitek en kansellier van Koning Djoser van die Derde Dinastie ( $\pm$  2650 v.C.), was die eerste outeur van so 'n werk. Ander geskrifte van hierdie aard uit die Ou Koninkryk, is opgestel deur visiers aan visiers-in-opleiding en deur 'n seun van Koning Khufu ( $\pm$  2570 v.C.) (Williams 1990:19-20).

Die vereniging van die land, gevolg deur 'n algemene toestand van welvaart, het die behoefte aan 'n vergrootte burokrasie gedurende die Middel Koninkryk ( $\pm$  2040 - 1786 v.C.) ingelei. Volgens Williams (1990:21) het sekere skole nog aan die hofhouding bly voortbestaan en die didaktiese materiaal is aangevul met aspekte soos 'n handleiding van formules van briefgroete, handige frases en raad aan die jongelinge. Dit is gedurende hierdie tydperk dat die pryslied tot die skrywersprofessie te voorskyn kom as die werk van die skrywer Khety, wat voortdurend tot so laat as die Hebreuse skrywer Jesus Ben Sirag (190 n.C.) in die Ou Nabye Ooste nageboots is (Williams 1990:21).

Gedurende die Nuwe Ryk ( $\pm$  1567-1085 v.C.) vergroot die Egiptiese Ryk. Dit strek op hierdie stadium vanaf Napata in Nubië, tot aan die Eufraat. Die gevolg was 'n uitgebreide staatsdiens met 'n dienooreenkomstige uitbreiding in skole wat hierdie amptenare moes voorsien. Hierdie skole was nie alleen meer verbonde aan die paleis nie, maar ook aan die tempel (Williams 1990:22). Daar word geboorte gegee aan didaktiese materiaal soos die geskrifte van Amennakhte, Any en Amenemope (waarvoor 'n sterk ooreenkoms in die boek Spreuke 22:17-23:14 gevind word). Diesulke versamelings bly verder voortbestaan tot so laat as die eerste eeu n.C., waar die demotiese *Instruksies van 'Onkhsheshonqy* en die Insinger Papyrus, dien as voorbeelde en duidelike bewys van die bestaan van skole binne die Egiptiese tradisie (Williams 1972:215). Uitgebreide leksikografiese lyste van beroepe, titels, plante en diere, sowel as geografiese en meteorologiese terminologie, het in die Nuwe Ryk begin floreer (Williams 1990:22) en dien as eerste aanduidings van sistematiese ordening wat later uiting vind in die interne ordeningsisteme van groter rekordversamelings.

Volgens Williams (1990:29) was opleiding aanvanklik, gedurende die Ou Koninkryk, beperk tot kinders van aristokratiese afkoms. Hierdie beperkings is tydens die latere tydvakke opgehef en enige persoon met die vermoë daartoe, is toegelaat. Hierdie openheid kan egter misleidend wees, aangesien die grootskaalse toelating van



byvoorbeeld vrouens tot die skole in twyfel getrek moet word, by gebrek aan bewyslewing: "Although neither ancient Mesopotamian nor Egyptian women lived the sexually dimorphic or circumscribed lives such as those lived by women in classical Athens, 'real women, like other muted groups, are not to be found so much in the explicit text of the historical record as in its gaps and silences'" (Harris 1990:3).

Verwysings na buitelugklasse, skole in paleise, sowel as klaskamers in die tempels soos die van Raamses II te Thebes en in die Tempel van Mut by Karnak, bestaan op oorgelewerde potskerwe (die goedkoopste skryfmateriaal), papyrus en hout inskripsies. Die leerlinge het waarskynlik tuis gebly gedurende hul skoolopleiding. Williams (1972:216) rekonstrueer die opleiding as 'n basiese kursus van vier jaar, waarna die leerling kon aanspraak maak op die titel *sš*, "skrywer". Klasse het in groepsverband plaasgevind, met leerlinge wat rondom die leermeester gesit het en die klassieke werke van die Egiptiese letterkunde in 'n sangerige stemtoon herhaal het. Williams (1972:216) verwys in hierdie verband na 'n geskrif uit die Tiende Dinastie wat lees: "Do not kill a man whose efficiency you know, with whom you once sang the writings." Die leerlinge het leer lees en skryf deur die woorde van die voorvaders te kopieër op potskerwe. Hieruit voortvloeiend sou 'n student ook die etiese norme van en optrede binne die hofhouding aanleer. Later, wanneer sy skrifkennis meer gevorderd was, kon die leerling vorder tot die relatief duur papyrus skryfmateriaal (Williams 1972:218).

Die hiëratiese skrif, eerder as hiërogliewe, is aanvanklik deur die leerling aangeleer: "Because of the frequent use of ligatures in this cursive hand, the pupils were taught to write complete words or phrases without analyzing the component signs. By this means they gradually learned to recognize individual words" (Williams 1972:219). Aanvanklik is die teks neergeskryf deur die onderwyser en dan gekopieër deur die leerlinge. Later sou hulle deur middel van diktasie kon afskryf en nog later selfs uit die geheue. Ongelukkig het dit ook beteken dat die skoliere dikwels nie geweet het wat hulle skryf nie (Middel- Egipties was vanaf die Nuwe Koninkryk nie meer 'n omgangstaal nie), met die gevolglike korrupsies wat kenmerkend in die skooltekste gevind word.

Die kurrikulum het ook basiese wiskunde en geometrie ingesluit. Oplossings vir probleemgevalle is deur die leerling gememoriseer: "... pupils were able to work out the areas of triangles, trapezoids, rectangles, circles, etc., and to compute the volumes of cylinders and truncated pyramids. It should be emphasized, however, that the

cumbersome system of numerical notation as compared with that of Mesopotamia, together with the use of unit fractions (the only exceptions being  $\frac{2}{3}$  and  $\frac{3}{4}$ ), precluded anything beyond a very elementary level. The basic procedures were purely additive, and what passed for geometry was merely the application of numerical methods to practical problems" (Williams 1972:219). Dokumente bestaan ook as bewys dat die fisiese sy van opvoeding nie agterweë gelaat is nie. Williams (1972:220) noem in hierdie verband verwysings na swemlesse, perdry, lesse met die pyl en boog en selfs selfverdediging.

Na afloop van die suksesvolle aflegging van sy vier jaar basiese opleiding, kon die student meer gevorderde klasse bywoon, soos byvoorbeeld as 'n *hry-* (*vakleerling*) onder 'n leermeester. Alternatiewelik kon hy na afloop van sy basiese opleiding vorder tot 'n handelskool vir byvoorbeeld tekenaars of beeldhouers (Williams 1972:216). Williams (1972:220) is egter nie by magte om tot 'n klinkklare gevolgtrekking te kom of formele eksamens na die eerste vier jaar afgelê is nie.

Uit die bogenoemde kan dit maklik afgelei word dat geletterdheid spoedig dominant binne alle vlakke van die Egiptiese samelewing was. Meer onlangse ondersoeke wil egter eerder op die teendeel dui. Baines word deur Harris (1990:15) aangehaal wanneer hy verklaar: "... in most periods not more than one percent of the population was literate." Vrouens word ook glad nie deur Baines in ag geneem by die bepaling van hierdie persentasie nie, aangesien hy werk met die voorveronderstelling dat vrouens ongeletterd was. Te Velde (1986:254) meen dat teen die derde millennium v.C. slegs ongeveer tien duisend uit 'n berekende bevolking van een miljoen Egiptenare, geletterd was: "In the course of Egyptian history there was a considerable growth in the population density and certainly also a concomitant growth of literates, but until Greco-Roman times their percentage was hardly more than one to hundred ... Even a small minority of one percent of literates influences life in any culture, especially when they are in a leading position."

### **2.3.1.2 Mesopotamië**

Die bespreking van die voorkoms van geletterdheid in die Ou Nabye Ooste behels nie alleen die bestaan van so 'n fenomeen binne die afgebakende gebied nie, maar impliseer ook die verhouding tussen mens en geskrewe woord. Verfynde mentale rekonstruksies van die antieke mens is af te lei van sy konsepie en aanwending van skrif. Bottéro (1992:99) wys byvoorbeeld uit dat die Mesopotamiese skrywer 'n totaal ander

benadering tot skrif gehad het as die moderne mens. Skrif was nie net 'n instrument vir die oordra van inligting nie, maar 'n substituuat vir die entiteit wat dit benoem: "This is why in the opinion of the ancient scholars of Mesopotamia the script was fundamentally concrete and realistic. One did not write first of all the word, the pronounced name of the thing, but the thing itself, furnished with a name ... this written name, equal to the thing, constituted a material given, which was concrete, solid, and comparable to a substance of which each portion, even the smallest one, contained all the faculties of the total ... One could also make use of the word, just as one could use the thing itself" (Bottéro 1992:99). Groot intellektuele aktiwiteit het daarom ook gesentreer rondom die bestudering van die woord as substituuat vir die entiteit wat dit benoem. Sekere eienskappe is daaraan toegedig en dit is in detail beredeneer. As sulks het die konsep van skrif by die Mesopotamiese mens aanleiding gegee tot 'n totaal ander opvatting van die kommunikatiewe verhouding tussen sender, boodskap en ontvanger.

Die Babiloniese en Assiriese burokrasie was reeds hoog ontwikkel, relatief vroeg in die geskiedenis. Soos in Egipte, was dit ook in Mesopotamië vanselfsprekend dat die administratiewe amptenare in staat moes wees om te kon skryf en daarom is 'n hele groep beroepsrigtings (byvoorbeeld landmeters, die instandhouders van die tempelgrond en kanale, belastinggaarders, ensovoorts) dikwels onder die sambreelterm *skrywer* ("*scribe*"; Sumeries: *dub-sar*; Akkadies: *tupšarru*) verenig (Von Soden 1994:70-71).

Benewens die honderde administratiewe tablette wat nagelaat is en dateer uit die vierde millennium v.C., weet ons nie veel van die eerste skrywers van Sumerië nie. Dat hulle wel oor een of ander opleidingsfasiliteit moes beskik het, is redelik seker, gegewe die oorgang wat in hierdie tyd teweeggebring is van semi-piktografiese skrif na sillabiese skrif. Landsberger (1974:16) is dit eens dat alle Sumeriese skole nie noodwendig tempelskole was nie. Teen 2500 v.C. getuig die talle leksikale en literêre dokumente, opgegrawe te Šuruppak en Tell Abu-Salabikh, van die bestaan van 'n opleidingsinrigting, wat later bekend sou staan as die *é-dub-ba*. In Akkadies word dit vertaal met *bił tuppi*, oftewel *tablet-huis*. ('n Alternatiewelike spelling, *é-dub-ba-a*, het daartoe gelei dat Landsberger spekuleer dat die woord vir *skool* geskryf word as *é-dub-ba-a* om dit te onderskei van die woord vir *stoorkamer*, *é-DUB-ba* (= *é-kišib-ba*) (Sjöberg 1975:159). Vergelyk met verband tot hierdie digotomie in betekenis, ook die bespreking van die geniza in hoofstuk 3).

Die *edubba* het deur die hieropvolgende eeue ontwikkel as 'n kulturele sentrum, soos in die geval van byvoorbeeld Nippur en Ur (Kramer 1990:31). Aan die hoof van die *edubba* het die *ummiā* gestaan: "... and over the centuries it was he and his associates in the *edubba* who originated, planned, and devised a wide-ranging curriculum for the purpose of training the students in such basics as reading, writing, arithmetic, and music both vocal and instrumental; preparing them for recording the complex and diversified administrative documents of temple and palace; teaching them how to become accomplished archivists and chroniclers (and thus helping preserve important historic events for future generations); and guiding them in the copying, studying, and redacting of a wide variety of literary works that had come down from earlier days, as well as in the art of composing new ones when the appropriate occasion arose" (Kramer 1990:32). As graduandi van die *edubba*, het die skrywers as professionele elite dominante en invloedryke rolle in die tempel en hofhouding vervul en so die Sumeriese intellektuele en spirituele wese bepaal. Kramer (1964:149-150) verwag egter nie dat die dokumente van hierdie sosiale elite enigsins die sosiale en opvoedkundige status van die breëre Sumeriese publiek kan reflekteer nie.

As gevolg van die politieke invloedssfeer van Mesopotamië, het die gebruike van die skrywerskool vinnig uitgebrei na ander gebiede: "In the Near East of the second millennium B.C., high culture was Mesopotamian culture. Excluding of course those of Egypt and her Syrian and Palestinian dependencies, all civilized peoples borrowed the cuneiform system of writing and basic forms of expression from the Akkadian-language culture of Mesopotamia, which had itself taken over the greater part of its components from the Sumerian society which it succeeded. During the second millennium, diplomatic correspondence - even that of Egypt - was carried out utilizing Akkadian as *lingua franca*" (Beckman 1983:97). Hierdie verwysing bring 'n aspek na vore wat tot op hierdie stadium nie betrek is by die bespreking nie, naamlik die algemene verskynsel van tweetaligheid in Mesopotamië en ander dele van die Ou Nabye Ooste en die invloed daarvan op die ontwikkeling van die skrywerstradisie. Die Mesopotamiese beskawing was die gevolg van 'n simbiotiese saambestaan in die vierde millennium v.C. van twee oorspronklike kultuurgroepe in dele van Benede Mesopotamië: die Sumeriërs en die Semiete (Akkadiërs). Die twee tale verskil radikaal van mekaar. Sumeries is minder ryk aan fonetiese materiaal as sy Semitiese vennoot. Talle Sumeriese woorde was dus in staat om monosillabies en onveranderd te bly ongeag die grammatikale rol van die woord. Hierteenoor is die Semitiese ekwivalent meestal polisillabies en inflekteer met 'n gevolglieke verandering in vorm met die verandering in funksie daarvan binne die sin. Bottéro (1992:91) verduidelik die

resultaat: "The Sumerian language, which was originally the only official language of the administration, religion, and culture, soon competed with Akkadian, and was then replaced by it." Sumeries het geïsoleerd bly voortbestaan as 'n wetenskapstaal tot aan die einde van die Mesopotamiese geskiedenis kort voor die aanbreek van die Christelike era, op min of meer dieselfde wyse as Latyn in die Middeleeue. In Ebla word 28 tweetalige woordeboeke in Sumeries en Eblaïties gevind, as aanduiding dat die Mesopotamiese invloed ook in Sirië 'n houvas gehad het. Mesopotamiese skrywers was ook teenwoordig in die skole van Ebla. Pettinato (1976:51-52) verwys byvoorbeeld na 'n wiskunde-onderwyser in Ebla, verantwoordelik vir die opstel van 'n wiskundige teks, wat afkomstig was van Kish.

Sjöberg (1975:161-162) bied voldoende ondersteuning vir die stelling dat Sumeries as "doeie taal" deur die studente in die Oud-Babiloniese *edubba* as tweede taal aangeleer is: "We cannot deny the possibility, however, that the instruction initially was carried out in Babylonian but in more advanced classes in Sumerian." Die skrifsisteem, aanvanklik eiendomlik tot Sumeries, moes dus aanpas om voorsiening te maak vir die eiesoortige aard van Akkadies: "The schools, and with them the instruction imparted on the basis of Babylonian education, disappeared with the destruction first of the great Hurrian state, and then that of the Hittite Empire. But soon after that the Assyrians began their conquest of Western Asia, which they accomplished in several stages. The Assyrian Empire (740-620 B.C.) was continued by the Babylonian; the Babylonian by the Persian" (Landsberger 1974:17). Die volkere van die Ou Nabye Ooste het in al hierdie fases in kontak gekom met die Babiloniese kultuur. So ook moes die Israeliete en die Judeërs - wat 'n tyd tussen die Babiloniërs geleef het - kennis neem van die Babiloniese wêreldbeskouing.

In skerp kontras met die Sumeriese en veral Egiptiese literatuur, bied die Akkadiese tekste nie soveel voorbeelde van lofprysinge tot die skrywersamp nie. Om hierdie rede meen Oppenheim (1964:242), beskik ons ook oor relatief min agtergrond met betrekking tot die skrywer se sosiale posisie, agtergrond en politieke plasing binne sy gemeenskap. Die talle sogenaamde "skooltablette" was meestal klein, lensie-vormige tablette met 'n teken, 'n woord of 'n kort sinnetjie in die onderwyser se skrif aan die een kant, of bokant 'n reël en aan die agterkant (of onderkant die reël) die leerling se poging om dit te kopieër. Ander skooltekste bied swak weergawes van verskeie literêre werke wat deur die leerlinge gedupliseer is. Hierdie tekste dien as voorbeelde van die wyse van opleiding wat hierdie groepering ondergaan het: "Beginning with simple signs and sign groups, and progressing to more complex and difficult

arrangements, the student had to copy and to learn by rote the pronunciation and the reading of a wide variety of sequences of such signs and combinations of signs. A well-established curriculum apparently had to be followed not only with regard to the more elementary lists but also with regard to the study of literary works" (Oppenheim 1964:243). Die leerling het literêre tekste gekopieër deur die diktasie van die onderwyser mondeling te herhaal en neer te skryf (Sjöberg 1975:170). Soms was die onderwyser self verantwoordelik vir die komposisie van nuwe skooltekste (Kramer 1990:32). Dit was skynbaar nie nodig vir 'n leerling om 'n volledige reeks van 'n werk te dupliseer alvorens hy kon vorder tot die volgende in die voorgeskrewe kurrikulum nie, aangesien daar dikwels veel meer voorbeelde van die eerste tablette van 'n reeks is. (Parpola (1983a:10) is egter van mening dat die onvolledigheid toe te skryf is aan doelbewuste seleksie binne die skoolkurrikulum, uit 'n breë verskeidenheid literêre en wetenskaplike geskrifte.) Dit is egter wel interessant om te let op Sjöberg (1975:172) se opmerking dat daar ook van die leerling verwag is om aangehaalde reëls uit bestaande werke te identifiseer en binne die korrekte konteks van die werk te kan plaas: "... the pupil was supposed to identify a quoted line or passage and place it in the right literary composition."

Ingesluit in die opvoedkundige aktiwiteite van die skrywerskole was ook die samestelling van lyste tekens of tekengroepe. Die aanvanklike doel was waarskynlik dat die skrywer die vorm van die teken sou leer, terwyl hy die uitspraak memoriseer (Oppenheim 1964:244). Tweetalige woordelyste is dikwels verdeel in afdelings bestaande uit 'n groep van drie Sumeriese woorde en hul Babiloniese vertalings, hoewel dit onduidelik is of hierdie etimologies onverwante groeperinge dui op die metode waarop leksikale en grammatikale tekste aangeleer is. Hierbenewens het die aanleer van sekere regsfrases en die onderrig in die skryf van briewe ook deel uitgemaak van die kurrikulum. Verder wys Sjöberg (1975:166) daarop dat die student ook die tegniese taal van verskeie ampte moes aanleer: "... the student was supposed to know the 'tongue' (eme = *lišámu*) of several classes of priests, silversmiths, jewelers, shepherds, and master shippers. These 'tongues' are doubtless the technical jargon, the words and expressions peculiar to these priests and professionals." Verder was dit van die leerling verwag om gevorderde wiskundige bewerkings en opmetings te kan bemeester. Hy het ook 'n basiese onderrig in musiek en sang ontvang (Sjöberg 1975:167-170).

Tekens van Oud-Babiloniese skole en skooltekste is gevind in Nippur, Uruk, Ur, Kish, Sippar, Šaduppûm, Larsa en Mari. Skooltekste is ook gevind te Adab, Kisurra, Tell ed-Dér en Tello (Sjöberg 1975:177-178).

Harris (1989:16) waarsku daarteen dat daar nie net vasgestaar moet word teen die meer konvensionele of bekende wyses van opvoeding in 'n soeke na tekens van geletterdheid in die antieke nie. Rondtrekkende of deelydse onderwysers was waarskynlik 'n algemene verskynsel. Meestal het hierdie onderwysers terselfdertyd ander beroepe beoefen. Zaccagnini (1983:245) bespreek uitvoerig die mobiliteit van Ou Nabye Oosterse vakarbeiders (metallurge, messelaars, klipkappers, houtkerwers, skrywers, ensovoorts) op grond van 'n proses van surplus akkumulاسie van spesialiteite in die tempel- en paleisadministrasies. Dit het die weg gebaan vir die redistribusie van hierdie vakarbeiders deur die administrasie, na gelang van die vraag daarna in afgeleë gebiede. Die aanwending van hierdie vakarbeiders was egter nie altyd logies nie en dit wil voorkom asof dit belangriker vir die burokrasie was dat die vakarbeider altyd sou werk, as dat hy noodwendig altyd sy spesialiteitsrigting sou beoefen. In hierdie verband verwys Zaccagnini (1983:249) byvoorbeeld na 'n brief van 'n amptenaar uit Mari, waarin aangedui word dat skrynwerkers gebruik is om die oes in te bring: "... the king raises strong objections, and the official apparently argues that these craftsmen were idle - and hence their use in tasks requiring unskilled labor." Dit is dus nie onmoontlik om voor te stel dat die Ou Nabye Oosterse onderwyser terselfdertyd meer as een betrekking beklee het nie. Hierdie moontlikheid bemoeilik egter aansienlik die vasstelling van die mate van geletterdheid in die Ou Nabye Ooste.

Die belangrike rol van die skrywer binne die Assiriese hofhouding is makliker bewysbaar. Parpola (1983b:xv-xvi) identifiseer 'n *binnekring* van ongeveer sestien geleerdes/skrywers rondom die konings Esarhaddon en Assurbanipal, gevolg deur 'n *buitekring*. Die sogenaamde *binnekring* het ook oor 'n interne hiërargie beskik. Nabû-zêru-léšir was byvoorbeeld die hoof-skrywer, oftewel *rab tupšarri* en *ummânu* van Esarhaddon: "What all this amounts to imply is that even though the Assyrian court housed a great many of scholarly experts specializing in the same disciplines as the 'inner circle', and even though many more similar experts were scattered all around the empire, only very few select 'wise men' could be engaged in any sort of 'regular' correspondence with the king ..." (Parpola 1983b:xvi).

Talle indirekte aanduiders bestaan egter as hulpmiddel in die opsporing van die voorkoms van die geletterdheidsfenomeen. Assurbanipal is byvoorbeeld as kroonprins

onderrig deur Balasî, een van Esarhaddon se *binnekring* en duidelik ook een van die koning se spesiale vriende en begunstigdes, soos blyk uit die korrespondensie (Parpola 1983b:xvi). Hy verklaar in die inleidende paragrawe van die Rassam Silinder: "... I, Assurbanipal, laid hold upon the wisdom of Nabû, penetrated into all (the intricacies) of the art of writing, as practiced by all kinds of craftsmen, learned how to shoot with the bow, to ride horses and chariots, to hold the reigns" (Luckenbill 1989:292). Die aanleer van die skryfkuns was dus 'n gemene deler tot alle vakmanne en gelykstaande aan ander meer fisiese vaardighede. (Let in hierdie verband veral ook op die beskrywing van die sogenaamde "Assyrian library records" in hoofstuk 4, waaruit dit duidelik blyk dat Assurbanipal aansienlike aanwinste vir die biblioteek gemaak het uit privaat versamelings in Babilon - 'n indikasie van die geletterdheid, literêre en professionele kompetensie van die eienaars).

Nabonidus, die generaal wat koning van Babilon geword het en na Kores oorgeloop het voor die inname van die stad, se verraad word uitgedruk in terme van sy skandalige opmerking dat hy nie wigskrif geken het nie: "I am wise [*emqu*], I am learned [*mîdî*], I have seen what is hi[dden]; I do not understand the impressions made by a stylus ..." (Sweet 1990:57). Dit wil dus voorkom asof die aanspraak op geletterdheid 'n aanduiding van patriotisme is. Terselfdertyd word dit voorgehou as regverdiging vir Kores se oornam van heerskappy (Cook 1983:28).

Die Achaemeniede het Elamities as amptelike taal gebruik en het ook 'n nuwe skrifstelsel vir hul eie taal ontwerp, naamlik Oud-Persies. Om hierdie rede was alle amptelike geskrifte vanaf ongeveer 519 v.C., drietalig in drie wigskrifte: Elamities (die taal en skrif gesentreer rondom Susa), Akkadies (die gemeenskaplike taal en skrif van die Babiloniërs en Assiriërs) en Oud-Persies (in die nuwe skrif). Egipties en Grieks is waarskynlik ook toegevoeg waar nodig en Aramees kom voor op Darius I se graftombe. Aramees het algaande oorgeneem as die gesproke *lingua franca* van Babilonië en Sirië. Die konsonantale alfabet was makliker en meer aanpasbaar as wigskrif en die amptelike taal van die Persiese Ryk was feitlik van die begin af Aramees. Ongelukkig het die perkament en papyrus waarop dit geskryf is, nie so goed behoue gebly nie en vind argeoloë dikwels net die kleiseëls wat die dokumente verseël het. In Egipte met sy droë klimaat het sommige belangrike Ryksdokumente tog behoue gebly. Ten spyte van die opkoms van Aramees is daar in Babilonië steeds in Akkadies geskryf op kleitablette (Cook 1983:11-24), wat veel meer verteenwoordigend en minder selektief behoue gebly het.



Die Grieke, onder andere Plato, het die opvoedingsmetodes van die Perse bewonder. Dit wil voorkom asof die opvoeding van die Persiese adel reeds van vroeg af baie gesofistikeerd was. Skrywers is opgelei in die *dabiristān*. Die *frhangistān*, oftewel akademie, was daargestel vir die opvoeding van die adel (Russel 1990:88-90).

### 2.3.1.3 Die Hetiete

Skrif het vermoedelik Anatolië bereik in die tweede millennium v.C., gedurende die daarstelling van die Oud-Assiriese handelskolonies (Akkadies: *kārum* en *wabartum*). Assiriese handelaars, met hul basis in Assur, het handelsentra oor die hele sentrale plato van Anatolië gevestig. Kaneš (die hedendaagse Kültepe) was die sentrum van die Assiriese handelsnetwerk (Gorny 1989:79). Hulle het die Oud-Assiriese skrif gebruik tot en met die verdwyning van die *kārum* in om en by 1750 v.C. (Ünal 1989:131, 143). Hoewel sommige geleerdes meen dat die Oud-Hetitiese skrifstelsel sy oorsprong in Ebla het (Beckman 1983:100), wil dit eerder lyk asof die Oud-Babiloniese skrywers hul skrifstelsel na Hatti gebring het gedurende die veldslae van die eerste Hetitiese konings in Noord-Sirië en dat Hetities daarop gebaseer is. Hoewel Ünal (1989:132) die moontlikheid nie uitsluit dat Assiriese opgeleide skrywers gebruik is in die betrekkinge met Assiriese handelaars nie. Babilonies en Siriëse opgeleide skrywers is weer gebruik vir dokumente in Hetities. Daar bestaan op hierdie stadium egter geen bewyse vir hierdie voorstel van Güterbock nie. Wat wel beklemtoon moet word is dat die wigskrifstelsel reeds 'n sodanige mate van sofistikasie verteenwoordig het dat die Hetiete dit kon aanwend vir hul Indo-Europese taal. Meer nog: "It must be stressed that the adoption of cuneiform implied the borrowing of an entire cultural tradition, and that, conversely, scribal education was the means by which that tradition was transmitted, both to the native Mesopotamian and to the foreigner" (Beckman 1983:98). Hierdie kulturele tradisie het 'n nuwe hawe gevind in die Hetitiese Ryk met die hoofstad Hattuša (die hedendaagse Bogazköy/Bogazkale), tot en met die val van die Ryk in om en by 1200 v.C. (Gorny 1989:79). 'n Tablette in Oud-Assirië, gevind in die paleis te Kaneš, dui op die gebruik van 'n Assiriese skrywer deur die plaaslike Hetitiese prinse. Die brief van die koning van Mama aan Koning Waršama van Kaneš, dui egter daarop dat die skrywerstegniek nie alleen in Kaneš beoefen is nie, maar ook deur ander dele van Anatolië geassimileer is (McMahon 1989:63).

Die Hetiete het hierbenewens ook 'n alternatiewe skrifstelsel gehad in die sogenaamde Luwiese hiërogliewe, wat sy hoogtepunt bereik het in die middel van die tweede millennium v.C. Aangesien 'n sekere soort Hetitiese skrywer bekend gestaan

het as die *skrywer van die houttablette*, is dit nie onwaarskynlik dat Hetitiese skrywers die houttablette/skryfborde gebruik het om hul daaglikse aktiwiteite in hiërogliewe neer te skryf nie. Dit het dus gedien as alternatief vir wigskrif. Die houttablette was voorsien van 'n waslagie waarop aantekeninge gemaak is. Slegs een so 'n voorbeeld is ooit gevind en dit van 'n skeepswrak naby die kus van Turkye (Ünal 1989:133). (Vergelyk in hierdie verband die voorbeelde wat deur Mallowan by Nimrud opgegrawe is en in hoofstuk 4 bespreek word onder die *Kuyunjik versameling*).

Babiloniese skrywers skyn 'n algemene verskynsel in Anatolië te gewees het so vroeg as die laat vyftiende, of begin veertiende eeu v.C., aangesien daar reeds op hierdie stadium sprake is van 'n Babiloniese skryfskool in Hattuša (Beckman 1983:97). Inteendeel, die teenwoordigheid van 'n professionele skrywerklas blyk so sterk te wees dat Beckman (1983:104) vermoed dat die term DUMU *Ami-šar-ilāni* uit 'n kolofon van die Naram-Sin epos moontlik verwys na lidmaatskap van 'n skrywersgilde gestig deur 'n persoon met hierdie naam. Daar bestaan verder dokumentêre bewys vir professionele skrywers se volgehoue teenwoordigheid in die laat veertiende en dertiende eeu v.C. (Ünal 1989:132). Benewens direkte kulturele beïnvloeding van Assirië en Babilon, is die Hetiete ook aan die Mesopotamiese kultuur blootgestel via Hurriese tussengangers (Beckman 1983:102).

Wigskrif is in die skole aangeleer deur die kopiëring van tekste. 'n Leerling sou begin by eenvoudige sillabes, dit opvolg deur leksikale tekste en uiteindelik vorder tot die kopiëring van literêre stukke en gespesialiseerde handboeke van divinasie. Volgens Beckman (1983:97) het die gevorderde kurrikulum van Akkadies-sprekende Babiloniese en Assiriese leerlinge ook tekste van die reeds dooie Sumeriese taal ingesluit, waarvan meestal min verstaan is.

Zaccagnini (1983:253-254) verwys na 'n insident wat veral belangrik is vir die wyse waarop dit die Hetitiese en Mesopotamiese kulture reeds op hierdie relatief vroeë stadium in die oorgang van 'n orale na 'n geletterde kultuur, 'n outoriteit heg aan die geskrewe teks. Daar blyk 'n gereelde ruilooorenkoms tussen die Hetiete en Babiloniërs en Egiptenare te gewees het, waarvolgens eersgenoemde sekere spesialiteitsarbeiders op bruikleen aangevra het vir die verrigting van spesifieke take. In een so 'n geval vra die Hetitiese heerser, Hattušili, 'n dokter aan, maar moet hom eers distansieër van enige blaam vir die vorige dokter wat gestuur is se dood. Hy verduidelik naamlik hoe goed hy behandel is en welke geskenke aan hom gegee is: "... they have been written on a tablet which was then being carried to Babylon in order that Kadašman-Enlil

might check the correctness of Hattušili's statement (N.B., the tablet, not the presents!) ..." (Zaccagnini 1983:254).

Dit wil verder voorkom asof daar ook sprake was dat die Hetitiese heersers hierdie spesialisarbeiders daarvan weerhou het om na hul land van herkoms terug te keer. Die verblyf aan die Hetitiese hofhouding was vergemaklik deur die geskenke en weelde waarin hierdie arbeiders geleef het. In skerp kontras met hul lande van herkoms, is die skrywers, soos alle spesialisarbeiders, deur die Hetiete op die hande gedra in ruil vir hul besondere dienste en dit is dus nie verbasend dat 'n hele kontingent Babiloniese skrywers hulself in Anatolië gevestig het nie.

#### 2.3.1.4 Israel

Millard (1972:100) skryf die bestaan van die oorgrote meerderheid Hebreeuse tekste toe aan 'n professioneel opgeleide klas skrywers verantwoordelik vir die produksie van tekste. Die beroepskrywer (סופר: *swpr*) is 'n belangrike rolspeler in die Bybelteks en tradisie. Later vind dit in Esra ("n geleerde man/skrywer, kundig in die wet van Moses" - Esra 7:6) sy uiteindelijke verpersoonliking as 'n uitsonderlike groep onderwysers en interpreteerders van die Wet. Beïnvloed deur die Egiptiese regeringsorganisasie en die Nabye Oosterse wysheidskool-tradisie, het skrywers aanvanklik tydens die monargale tydperk 'n suiwer sekulêre rol vervul. Hulle was in beheer van geregtelike dokumente (Jeremia 32:12-15), Safan was 'n soort minister van finansies in Koning Josia se regering (2 Konings 22:3-10) en tydens die regering van Hiskia was Sebna, die skrywer, in beheer van die paleis (Avigad 1979:116). Die aanwesigheid van professionele skrywers word verder bevestig deur uittreksels soos 2 Samuel 8:17, 2 Samuel 20:25, 1 Konings 4:3, ensovoorts. Daarbenewens bestaan daar ook verwysings na privaatsekretarisse soos Baruk (Jeremia 36:4).

Politiese skommeling in die Ou Nabye Ooste het egter beteken dat Israel se status en invloedssfeer voortdurend gewissel het, met die gevolg dat 'n professionele skrywersklas nie altyd 'n gegewe in Israel was nie: "Numerous as they may have been in the civilized centres, scribes were less common in the provinces and border lands. So in the Amarna era when Palestine lay firmly within the sphere of cuneiform writing, petty rulers there might share the services of the same scribe. Given the dominance of the complicated systems of hieroglyphic and cuneiform, the following words can be applied to the situation: 'While the art of writing was well known ... it was by no means universal, and was largely confined ... to a professional class' (Millard 1972:101-102).

Albright (Millard 1972:102-103) skyn egter van mening te wees dat, aangesien die 22-letter alfabet maklik deur 'n student binne 'n kort tydperk aangeleer kan word, daar geen rede was om te vermoed dat geletterdheid nie goed gevestig geraak het onder die Israelitiese bevolking nie: "I do not doubt for a moment that there were many urchins ... who could read and write as early as the time of the Judges, although I do not believe that the script was for formal literature until later" (Millard 1972:102). Hierdie stelling is ongelukkig meer op 'n vermoede as feitlikhede gegrond. De Vaux (1973a:49) is egter ook van mening dat, hoewel onderrig in Israel hoofsaaklik steeds mondeling geskied het, groot dele van die algemene publiek wél 'n sekere vlak van geletterdheid gehandhaaf het. Hy redeneer verder dat teksverwysings genoeg bewys lewer vir die bestaan van geletterdheid onder die adel, soos byvoorbeeld blyk uit die verhaal van Isebel in 1 Konings 21:8 en uit Jesaja 8:1. Maar meer nog dien Rigters 8:14 as bewys van geletterdheid onder die algemene bevolking wanneer 'n jong man uit Sukkot in staat is om die name van die amptenare en leiers vir Gideon neer te skryf. Uiteindelik word die belangrikste bewys van 'n algemene vlak van geletterdheid in Israel gevind in Deuteronomium 6:9 en 11:20: "Skryf dit op jou deurkosyne en op jou stadspoorte." 'n Stelling wat voorveronderstel dat ten minste die hoof van elke familie kon skryf. Soos Albright en De Vaux, handhaaf Naveh (1968:71-72) die standpunt dat, hoewel die feitlik totale gebrek aan Hebreeuse inskripsies in die negende eeu v.C., toevallig mag wees, die kwantiteit epigrafiese materiaal daterend uit die agste eeu v.C. tog 'n aanduiding is van: "... a gradual increase of the distribution of the knowledge of writing among the people of Israel and Judah." Williams (Jamieson-Drake 1991:12) is ook van mening dat geletterdheid binne die breë Israelitiese bevolking aanvaar moet word as 'n gegewe teen die sewende eeu v.C. Min geleerdes laat hulle egter uit oor die situasie voor hierdie datum.

Die opleiding van professionele skrywers het waarskynlik, soos die geval was in ander dele van die Ou Nabye Ooste, geskied in skole met noue bande met die koninklike paleis. Jeremia 36:10 kan volgens Avigad (1979:116) moontlik dien as 'n tentatiewe verwysing na so 'n skool, maar in die woorde van Jamieson-Drake (1991:14-15): "All agree on this point at least: the biblical and epigraphic evidence for schools is quite minimal and sketchy, and subject to varying interpretations." Lemaire (1990:167) is van mening dat paleo-Hebreeuse inskripsies bewys lewer dat skole in Israel reeds sedert die Eerste Tempel-periode bestaan het, maar hy brei nie uit op hierdie stelling nie. Die gebrek aan bewyslewing beteken egter nie noodwendig die afwesigheid van hierdie instellings in die Israelitiese samelewing nie. Soos vroeër reeds genoem, het die

aard van die skryfmateriaal (perkament en papiirus) beteken dat min tekstuele bewyse behoue gebly het (vergelyk Jamieson-Drake (1991:15) en Millard (1972:104)). Daarom is dit nie onvanpas om 'n argeologiese en sosiale bewyslas te stel naas die karige tekstuele dokumentasie nie.

As beginpunt bied die twaalfde tot tiende eeu v.C. in Israel geen noemenswaardige argeologiese bewyse wat kan dui op sosiale druk vir die verandering of verbetering van bestaande administratiewe beheermeganismes nie. Jamieson-Drake (1991:76) is van mening dat die aard van die groei en gebrek aan gekonsentreerde populasie nie soseer 'n vergrootte administratiewe beheer in die hand sal werk nie. Dit dien eerder as die stabilisering van reeds bestaande beheersisteme. Gegewe die swak en gebrekkige administratiewe meganismes, is dit Jamieson-Drake (1991:77) se gevolgtrekking dat geen skrywersinstelling van enige aard vir Israel binne hierdie tydperk verwag moet word nie. Dieselfde geld vir die hieropvolgende tydperk: "The primary adaptation in this period seems to have been the concentration of population; this concentration ... actually facilitates administrative control in and of itself. To the extent that population concentration was a successful adaptation, it would have minimized pressure for increasingly powerful administrative systems by facilitating increased control over the means of production via other means, namely, the concentration of the population" (Jamieson-Drake 1991:77).

Teen die middel van die tiende eeu v.C. verwag die radikale uitbreiding van Israel onder Dawid, die bestaan van 'n groter administratiewe instelling en dus professionele skrywers. Maar soos Jamieson-Drake (1991:78) tereg uitwys, kan die verbrokkeling van die ryk na Salomo se afsterwe juis dui op Dawid se onvermoë om Israel binne 'n sterk administratiewe raamwerk te konsolideer. Dit word verder ondersteun deur sy onvermoë om 'n sensus te neem (2 Samuel 24), asook sy besluit om nié die tempel te bou nie. 'n Tempel was 'n instelling met 'n sterk ekonomiese en administratiewe funksie binne die Ou Nabye Oosterse sosiale struktuur. Die inname van Jebus het ook nie noodwendig noemenswaardig bygedra tot die skep van administratiewe strukture nie. Hierdie stadjie kon hoogstens oor 'n baie beperkte administrasie beskik het. Daarom identifiseer Jamieson-Drake (1991:79) die eerste betekenisvolle tekens van verhoogde administratiewe beheer eers in die daaropvolgende periode: "... when a very large increase in the rate of population growth strongly indicates, indeed virtually demands, a material enhancement in administrative control systems." Soos argeologiese bewyse vir kleiner nedersettings rondom Jerusalem in hierdie periode verdwyn, kan verwag word dat groter druk op die stad geplaas sou word om hul funksies te vervul, tot die

uiteindelike daarstelling van 'n gesentraliseerde burokrasie in Jerusalem. Die groot mate waarin die administrasie gesentraliseer is gedurende hierdie tydperk, blyk duidelik uit die onvermoë van die omliggende areas om 'n alternatiewe sentrum daar te stel ná die val van Jerusalem. Jamieson-Drake (1991:79-80) se gevolgtrekking is dus dat geen noemenswaardige druk bestaan het vir die daarstelling van 'n professionele skrywersklas en skrywerskole vóór die negende eeu v.C. nie: "Following this time, if professional administrators were systematically trained in an established training center, the training would most likely have occurred in Jerusalem alone. A training center in another locale might have provided another population center with an indigenous group of professional administrators to carry on after the fall of Jerusalem, but there is no evidence for this." Sou die administrasie minder gesentraliseerd gewees het, sou die oorname van die Babiloniërs en die wegvoer van die sosiale elite en hul afhanklikes nie so suksesvol gewees het nie. Die algehele afwesigheid van 'n sterk leierskorps onder die oorgeblewenes na die wegvoer, is 'n seker aanduiding dat die beheermeganismes grootliks in Jerusalem gesentraliseer was. Dit is dus eers veel later, met die terugkeer van die bannelinge uit Babilon, dat die moontlikheid ontstaan vir die daarstelling van 'n noemenswaardige professionele skrywersklas en skole in Israel, met persoonlikhede soos Esra.

Gedurende die Tweede Tempel-periode en na die verwoesting van die Tweede Tempel, ontstaan 'n tydperk van konsolidasie binne die Joodse religieuse struktuur, onder leiding van die wysgere ('n groepering wat ook met professionele skrywers geïdentifiseer kan word). In die daarstelling van 'n normatiewe Judaïsme, vestig die wysgere hulself as 'n sosiale elite en begin opnuut die proses van sosiale stratifikasie. So ontwikkel 'n sosiale groepering genaamd die *bnei hakhamim* (kinders van die wysgere) wat hul status verkry het deur middel van *zekhut avot* (die verdienste van hul vaders) en hulle gedistansieër het van die *'am ha-'aretz* (die gewone mense) (Urman 1993:242). Binne hierdie sosiale milieu vind Urman (1993:243) dit dus nie ongewoon dat die wysgere vir hulself *batei midrash* (huise van studie) sou oprig as versamelpunt vir die doeleindes van onderrig, prediking en ander religieuse en sosiale aktiwiteite nie. Die *Jerusalem Talmud* word deur Urman (1993:246) in hierdie verband aangehaal: "There were four hundred and eighty synagogues in Jerusalem. For Rabbi Phinehas said in the name of R. Hoshaiah: There were four hundred and eighty synagogues in Jerusalem, and in each was an elementary school (*bet sefer*) and an advanced school (*bet talmud*), an elementary school for Scripture and an advanced school for Mishnah; and Vespasian went up and destroyed all of them. 'Even every great man's house burnt he with fire', i.e. the academy (*bet midrash*) of Rabban Yohannan ben Zakkai, where

they studied the greatness of the Holy One, blessed be He ..." Hier word nie alleen bewyse gevind vir die bestaan van skole voor die val van Jerusalem onder die Romeine nie, maar ook vir die bestaan van privaat-skole soos die van Rabban Yohannan. 'n Onteenseglike band bestaan egter in die tydperk van die Mishna en Talmud en moontlik reeds voor die val van die Tweede Tempel, tussen die *huis van samekoms (bet ha-knesset)* en die *huis van studie (bet ha-midrash)*. (Lemaire (1990:166) klee die betekenis van *bet ha-midrash* verder in met die betekenisnuanses van *navorsing en opleiding*.) Die huis van studie het volgens Urman (1993:257) voortgespruit uit die separatistiese neigings van die wysgere as sosiale en religieuse elite. Hierteenoor moet die huis van samekoms gesien word as 'n gemeenskapsentrum, eerder as die latere verwaterde gebedshuis. Die gedagte van 'n gemeenskapsentrum sal in latere hoofstukke verder opgeneem word. Dit is voldoende om hier tot die gevolgtrekking te kom dat min fisiese bewyse gevind word vir die bestaan van skole in Israel. Tekstuele verwysings na 'n professionele skrywersgroepeerings en die rekonstruksie van die sosiale en argeologiese bewyslas, maak dit egter moontlik om die bestaan van skrywersgeletterdheid in Israel te bevestig. Nogtans moet dit nie uit die oog verloor word dat die bestaan daarvan nie 'n aanduiding is dat die mondelinge tradisie totaal oorgeneem is deur 'n skriftelike kultuur nie. Shavit (1994:306) is van mening dat daar ten minste onder die Sadduseërs, steeds 'n sterk klem op 'n orale kultuur geplaas is: "... even in an era of 'book-culture'."

Qumran bied natuurlik 'n verdere moontlike blik op die bestaan van 'n unieke skrywerstradisie in die intertestamentêre tydperk, tot om en by die val van Jerusalem in 70 n.C. De Vaux (1973b:30) beskryf die ontdekking van die sogenaamde *skriptorium*, in die nedersetting van Qumran, waar 'n skryftafel en twee inkpotte gevind is as moontlike aanduiding van skrywersaktiwiteit. Die Dooie See Rolle dien as bewys hiervan in Judea, ongeag of die oorsprong daarvan die nedersetting by Qumran was of nie. Naveh (1986) verwys byvoorbeeld na 'n stukkie perkament (77 x 58 mm) gevind in grot 4 en gepubliseer deur Allegro. Hierdie sogenaamde 4Q Therapie dien as goeie voorbeeld van die moontlike inoefening van sekere letters deur 'n skrywer op oop stukkie skryfmateriaal (dit moet in gedagte gehou word dat skryfmateriaal nie noodwendig vrylik beskikbaar was nie en elke beskikbare oppervlak is dus aangewend): "... the left-over scrap of leather was used for a writing exercise by a person who simply wrote words (sometimes meaningless), personal names, and letters. He was unconsciously guided by the alphabetical order, but did not follow it strictly" (Naveh 1986:55). Puech het 'n soortgelyke skryfoefening op 'n potskerf gepubliseer. Die interessante verskil was egter dat die oefening waarna Naveh verwys duidelik

gedoen is deur 'n goed opgeleide, ervare skrywer, terwyl ander soortgelyke skryfoefeninge van Masada en die van Puech, die van 'n beginner is: "... the writer of the ostrakon published by Puech had not mastered the writing of some letters. In addition to inverting *taw*, he had trouble with *samekh*" (Naveh 1986:55).

Die Dooie See Rolle reflekteer terselfdertyd ook verskeie skrywerspraktyke. Uniek aan 'n moontlike *skrywerskool*, is die aanwesigheid van unieke skrywersmerkers (om byvoorbeeld foute aan te dui of paragrawe te merk), die gebruik van inisieël-mediale letters in die slotposisie, asook die skryfwyse van die heilige name יהוה (יהוה), אלהים (אלהים), en אל, wat soms gebeur in samehang met 'n ander heilige naam en tesame met hul voorvoegsels. Hierdie heilige name word geskryf in paleo-Hebreeuse karakters in 'n teks geskryf in die Aramese kwadraatskrif (Tov 1992:111). Tov (1992:230) maak hieruit die gevolgtrekking dat: "Presumably these texts were written by a scribal school, i.e., a group of scribes who, while preserving specific individual characteristics, developed certain copying and writing practices."

### 2.3.1.5 Geletterdheid onder vroue

Op 'n spekulatiewe vlak word die aanvaarding van die burokrasie as fenomeen en die skrywer se rol binne die sosiale orde, ook gereflekteer in die beskrywing van die mitologiese onderwêreld (Oppenheim 1964:231). Die skrywer/sekretaris van die heerser oor die dooies word beskryf in die handeling van die aantekening van diegene wat elke dag moet sterf. Psalm 139:16 vorm hiervoor 'n interessante parallel wanneer beskryf word hoe God die menslike dade neergeskryf het alvorens dit plaasvind. Deur die wyse waarop die mens sy mitologiese Onderwêreld gekonstrueer het te bestudeer, is dit dikwels moontlik om waardevolle aannames te maak ten opsigte van die rekonstruksie van die realiteit.

Hier is dit veral van waarde dat die beskermgod van skrif en die skryfkuns die godin Nisaba (*Nidaba* in Sumeries) was. In Egipte was dit die godin Seshat. Dit is egter belangrik om te beklemtoon dat, alhoewel hierdie vroulike teenwoordigheid dui op 'n gebrek aan vooroordeel teen vroulike geletterdheid, dit nie noodwendig beteken het dat geletterdheid algemeen was onder vrouens in die Ou Nabye Ooste nie: "... the patron saint of the faculty of the medieval faculty of arts was Saint Katherine, and yet medieval women were not permitted to enroll in institutions of higher learning" (Harris 1990:6). Volgens Williams (1972:220) het Egiptiese dogters spesiale onderrig ontvang



in aspekte soos sang, dans en musiekinstrumente. Verder word daar soms verwys na vroulike skrywers, 'n aanduiding dat hierdie beroep nie geheel geslote was ten opsigte van geslagsvoorkeure nie. In sy meer onlangse artikels maak Williams (1981 & 1990) egter geen verwysing na Egiptiese vrouens in verband met geletterdheid nie. Harris (1990:15) is daarom van mening dat Egiptiese vrouens nie enige skole bygewoon het nie, maar moontlik in sekere gevalle privaat-onderrig ontvang het. Soos ook in Mesopotamië die geval was, is die administratiewe ampte wat vrouens wel beklee het, in diens gewees van ander vroue, aldus Eyre (Harris 1990:15). Sippar bied die enigste voorbeeld vir die teenwoordigheid van vroulike skrywers in die Oud-Babiloniese tydperk (Sjöberg 1975:177). Bykomend noem Sasson (1972:56) die aanwesigheid van: "... a substantial group of female scribes", in die paleis van Mari. Vrouens soos Zimri-Lim se koningin, Shiptu en die hoëpriesteres, Inibshina, het in Mari ook hoë rolle in die administrasie en die kultus vertolk (Malamat 1989:12).

As gevolg van die relevante aard van die rol van die vrou in die Ou Nabye Oosterse gemeenskap en hiërargie, is besluit om in hoofstuk 4 enkele gevalle waar Ou Nabye Oosterse vrouens 'n kardinale rol in literatuerbewing en biblioteekaktiwiteite gespeel het, in te sluit in die bespreking. Dit moet egter nie geïnterpreteer word as enigsins meer substansieël as 'n toleransie vir die teenoorgestelde geslag binne die patriargale sosiale orde van die Ou Nabye Ooste nie. Toleransie impliseer nie noodwendig 'n egalitêre samelewing nie.

Die voorkoms van die Sumeriese Emesal-dialek verdien egter tóg verdere aandag in hierdie verband. Hoewel Sjöberg (1975:167) geen verwysings na die onderrig van Emesal in Oud-Babiloniese *edubba*-tekste kon vind nie, dien die bestaan van tekste geskryf in Emesal en daterend uit die Oud-Babiloniese tydperk, tog op een of ander wyse van opleiding in hierdie dialek. In die prysdig tot die skrywerskuns wat deur Sjöberg (1972:126-127) vertaal is en afkomstig is uit die biblioteek van Assurbanipal, kom die reëls voor wat lees: "ni-zu diri-ga eme-gi- zu-zu-dè eme-[x] zu eme-sal [zu-zu-dè?] // *ih-zu šu-tu-ru šu-me-ru a-ha-zu KAB-lit la-m[a-du x x x x]*." Dit word vertaal as: "To have superior knowledge in Sumerian, to learn ....., [to learn] Emesal" (Sjöberg 1972:127). Emesal is tradisioneel deur geleerdes beskou as 'n Sumeriese dialek wat eksklusief deur vroue gebesig is. Jacobsen en andere het hierdie benadering verwerp toe gevind is dat die korrekte term *eme-sal* is en nie 'n afleiding van *\*eme-mi* of *\*eme-munus* nie, wat letterlik aanleiding sou kon gee tot die vertaalde begrip *vrouetaal*: "... more probably it means 'twisted', 'slanted sideways' in the sense of 'quaint' or 'corrupted language'" (Diakonoff 1975:113). Hierdie gevolgtrekking ten spyte, is

Diakonoff (1975:113-116) steeds van mening dat die moontlikheid nie uitgesluit moet word dat Emesal 'n vroulik eksklusiewe dialek kon gewees het nie. In welke geval daar 'n saak uitgemaak kan word vir vroulike skrywers wat kon dien as potensiele oorsprong en lesers van tekste in hierdie dialek.

Ten slotte is dit belangrik vir die hieropvolgende hoofstukke om hier te beklemtoon dat die aanname nie uit die bogaande gemaak moet word dat die skrywer en die outeur in die antieke noodwendig dieselfde persoon moes gewees het nie. Beperkte geletterdheid het slegs die reproduksie en aanwending van 'n skriftelike gegewe beïnvloed, nie noodwendig die skepping van 'n literêre korpus nie. Hiervoor het die oorgangstydperk van 'n orale na 'n skriftelike tradisie voorsiening gemaak in die bestaan van 'n gevestigde en dikwels gestandaardiseerde orale letterkunde om uit te put. Fox (1985:56) se opmerking ten opsigte van vroulike geletterdheid en die skrywersberoep, is hier dus van besondere waarde: "It is quite likely that these women composed songs as well as sang them ... there is no reason to assume that poetic composition was the exclusive province of men in the ancient Near East. The scribes of the manuscripts were probably men - all professional scribes were - but the authors may well have been women."

### 2.3.2 Vakman-geletterdheid

Daar word kennis geneem van Harris (1989:7-8) se voorbehoud dat die geletterdheidsfenomeen in die Ou Nabye Ooste hoofsaaklik beperk is tot skrywersgeletterdheid. Tog bestaan daar enkele gevalle wat problematies mag wees vir hierdie afbakening. Williams (1972:216) kom tot die gevolgtrekking dat alle Egiptiese vakmanne (byvoorbeeld tekenaars, beeldhouers, ensovoorts) tesame met die skrywers, 'n elementêre skoling van vier jaar deurloop het, waarvan die skryfkuns die belangrikste deel van die kurrikulum was. Daarna sou die vakleerlinge vorder tot gespesialiseerde handelskole. Indien skrif dus die basiese vereiste vir toelating tot die handelskool was, het dit beteken dat daar wél, ten minste in Egipte, sprake was van vakman-geletterdheid.

Die Egiptiese burokrasie het 'n verdere egalisering ingebou gehad in die beginsel dat geletterdheid sosiale klas voorafgegaan het as vereiste vir toelating tot die professionele elite. Hoewel die tekste daarop aandring dat die skrywer gekies is op grond van sy vermoë, is Te Velde (1986:253) van mening dat, hoewel daar nie noodwendig 'n familiare band tussen leermeester en leerling bestaan het nie, *vermoë*

steeds aanvanklik beperk was tot 'n sosiale elitistiese groepering, maar: "Scribal education was not always and everywhere restricted to children of officials. Enough examples can be given to demonstrate that not only the sons of magistrates became magistrates. Sometimes in Epytian history it was even fashionable to boast about one's humble descent. It was possible to rise socially, but for becoming a magistrate, a scribal education was necessary." Die verhaal van die Bybelse Josef wat gevorder het van 'n nederige oorsprong, tot die persoon sonder wie se toestemming niemand: "... in Egipte 'n vinger mag verroer of 'n voet versit nie" (Genesis 41:44), is dus nie totaal onwaarskynlik nie.

Aangesien dit 'n afwyking van die basiese doelstellings van hierdie studie sou beteken, word hier nie in groot detail gepoog om Harris (1989:7-8) noodwendig verkeerd te bewys nie. As in ag geneem word dat, soos reeds genoem, die term *skrywer* dikwels toegedig is aan 'n variante groep funksionaris binne die Ou Nabye Oosterse burokrasie, is dit ook 'n ope vraag of die afbakening *skrywersgeletterdheid* nie in wese alle vakmanne insluit nie. Dit vervaag dus onmiddellik die onderskeid tussen die twee tipes geletterdheid. Hoe dit ookal sy, die bestaan van substansiële skrywersgeletterdheid vergemaklik reeds die verantwoording vir die bestaan van amptelike rekordversamelings in die gebied. Die bestaan van privaatversamelings soos die van die soldaat Ubarum (Landsberger 1955) en die Babiloniese privaatversamelings wat in hoofstuk 4 onder die Kuyunjik-versamelings behandel word, kan egter slegs verklaar word indien 'n sekere mate van vakman-geletterdheid vir die Ou Nabye Ooste aanvaar word. Hierdie aspek word nie in groot detail bespreek nie, maar enkele verdere insidente word genoem wat hierdie vermoede verder mag bevestig.

Epigrafiese bewyslewering dui daarop dat geletterdheid onder die Ou Nabye Oosterse publiek gelydelik toegeneem het sedert die agste eeu v.C. met die verspreiding van die alfabetiese skrifstelsel. Dit was nie alleen geldig vir die Kanaäniete, Fenisiërs, Hebreërs, Arameërs, Suid-Arabiere en Grieke, wat sedert die tweede millennium v.C. begin het om alfabetiese skrifstelsels in te voer nie, maar het ook gegeld vir die volke wat bestaande alfabetiese skrifstelsels sedert die negende eeu v.C. aangepas het vir hul eie gebruik (Naveh 1985:8).

In die Assiriese reliëfwerk is moontlike bewyse gevind dat die skrywer en vakman nie noodwendig dieselfde persoon was nie. Tekens is gevind wat moontlik aanvanklik deur die skrywer as leiding vir die klipkapper aangebring is en nie nagevolg is nie. 'n Moontlike aanduiding van ongeletterdheid aan die kant van die vakman, kan egter ook

die gevolg wees van die aanwending van anderstalige vaklui, as gevolg van die mobiliteit van vakmanne na gelang van vraag en aanbod, deur die Ou Nabye Ooste. (Vergelyk Cameron (1958:164-167), Sasson (1968) en Zaccagnini (1983) in hierdie verband).

'n Verdere *anomalie* kom voor in die bevindinge van Macdonald (1991) ten opsigte van die bestaan van geletterdheid onder die nomade in Palestina tussen die eerste eeu v.C. en die vierde eeu n.C. Sowaat agtien duisend rotsinskripsies in die Safaitiese skrif ('n Suid-Semitiese skrif) is in die woestyne in die suide van Sirië en die noorde van Arabië gevind. Dit bevat genoeg basiese inligting om 'n rekonstruksie daar te stel van die outeurs se aktiwiteite en die gebeure wat plaasgevind het. Die unieke aspek van hierdie vonds word as sulks beskryf deur Macdonald (1991:109-110): "The concept of nomads who can read and write is at first sight a rather curious one. Reading and writing are accomplishments not generally associated with nomads, who are usually thought to rely on their prodigious memories and on oral transmission. In antiquity, before the wide availability of paper, writing materials would have been expensive and difficult for these nomads to obtain. Even potsherds, so widely used in settled areas for writing on, were not available to them. ... Thus the only readily available writing materials would have been rocks and sharp stones or knives. This puts a severe limitation on the usefulness of writing as a means of communication, or as a means of transmitting information between one generation and the next, among groups which have to move over wide areas following the rains and the resulting pasture." Die praktiese probleem van hierdie geval is dat dit al die voorwaardes vir die ontstaan van skrif en die bestaan van geletterdheid, soos reeds bespreek, misken. Hier is verder geen sprake van 'n toename in bevolkingsdigtheid, nedersetting, verstedeliking, grootskaalse handel of formele skoolopleiding nie. Geen rede bestaan dus vir die ontstaan van 'n skrywerselite nie en geen tekens is ook gevind dat 'n sodanige sosiale groepering binne die nomadiese samelewingsorde ontstaan het nie. Hierdie inskripsies was die produk van 'n gemeenskap wat geen ooglopende praktiese nut vir geletterdheid gehad het nie en tog kon groot getalle van die bevolking lees en skryf.

Macdonald (1991:111) suggereer dat die nomade moontlik met skrif in kontak gekom het iewers in Palestina en op orale strukture gesteun het vir die oordrag van die beginsels. Daarom die verskil in rangskikking van die letters in die twee Safaitiese ABC's wat tot nog toe gevind is. Daar skyn geen formele struktuur van opvoeding grondliggend hiertoe te wees nie. Die probleem is egter dat die aanleer van die skryfvaardigheid geen praktiese nut vir die nomade gehad het nie.

Hierdie geval opper die moontlikheid dat die ontstaan en voortbestaan van skrif binne die oorgangsfase nie noodwendig die gevolg moet wees van sekere sosiale veranderlikes nie. Die nomade toon die willekeurige ontstaan en voortbestaan van hierdie kunsmatige kommunikatiewe vaardigheid vir ongeveer vyf honderd jaar sonder enige ooglopende beweegrede. Hierdie tydperk is té lank om die voortsetting van 'n skriftelike tradisie toe te skryf aan 'n blote gier. Daarom word die voorstel gemaak dat die ontstaansredes van skrif nie noodwendig hoef te geld vir die daarstelling van 'n skriftelike gegewe nie. Die kulminering van hierdie sosiale veranderlikes in 'n oorgangsamelewing is egter wél 'n voorvereiste om die regte klimaat te skep vir die ontstaan van 'n geordende en gesistematiseerde rekordversameling.

#### **Notas:**

1. Daar word kennis geneem van Schmandt-Besserat (1979b:43-45) se alternatiewe hipotese dat die ontstaan van skrif so ver terug as die negende millennium v.C., gevind moet word in die bestaan van 'n ontwikkelde en gestandaardiseerde rekenkundige sisteem van kleitekens gevind vanaf Anatolië, tot die Zagros-gebergte en so ver suid as Khartoem. Hierdie aspek word in verdere afdelings van hierdie hoofstuk verder bespreek, maar die tradisionele beskouing vir die datering van skrifontstaan, word vir die doeleindes van hierdie studie nagevolg.
2. Bottéro (1992:55-66) behandel die geskiedenis van die ontsyfering van Ou Nabye Oosterse skrifsisteme tussen 1800 en 1930, in groot detail.
3. Vokale word egter nie as 'n noodwendigheid in die skrif weergegee nie. Hiervoor het Morag (Boyarin 1978:141) die begrip *reading tradition* geskep en Boyarin het dit verfyn om te verwys na: "... traditions of the West Semitic type where much of the phonology and morphology is normally unexpressed in writing and must be realized in one of two ways, either by rote memorization of the pronunciation of specific form-tokens and/or types, or by the application of rules. A written vocalization-pointing can be seen then as the expression in writing of 'reading tradition'."

4. Ugaritiese tekste is in wigskrif geskryf. Die Ugaritiese skrifstelsel bestaan uit 30 tekens wat in 'n aangepaste alfabetiese volgorde gerangskik was. Alhoewel 'n verband moontlik is, bestaan geen afdoende bewys vir 'n paleografiese verbintenis tussen die Ugaritiese tekstekens en die van Sumeries, Akkadies, Hurries of Hetitiese tekste nie (Windfuhr 1970:48).
  
5. Die tradisionele beskouing dat alle veranderings of breuke in die argeologiese bewyslewering die gevolg is van eksterne faktore (invalle deur nuwe volkere), word hedendaags vervang deur die antropologiese uitgangspunt dat kulturele verandering plaasvind en beskryf word deur die isolering van interne meganismes tot verandering (Richard 1987:34).
  
6. Die potensiele gebruikersgemeenskap bestaan uit gebruikers en niegebruikers van die diens van die biblioteek of argief. Potensiele gebruikers hoef egter nie noodwendig geletterd te wees nie. Gemeenskapsbiblioteke, 'n moontlike protovorm van die tradisionele biblioteek, het in die afgelope tyd weer op die voorgrond getree en is in staat om gemeenskapsdiens te lewer ook aan die ongeletterde sektor van sy potensiele gebruikersgemeenskap. Hier word in die besonder verwys na Bunch (1987:4) se kriteria vir die behoefte aan gemeenskapsinligting (1987:4): "(i) a lack of awareness that information exists which can help; (ii) ignorance of information and advisory agencies that exist to help; (iii) an inability to understand information in the form it is presented; and (iv) problems of access to information caused by geographical position or individual mobility." Ongeletterdheid kan veral onder die derde kriterium ressorteer.

## Hoofstuk 3

### Die identiteit van Ou Nabye Oosterse versamelings

Ou Nabye Oosterse Studies. Historiese Biblioteekkunde en/of Argiefwese het tot op hede nog geen sistematiese beskrywing van Ou Nabye Oosterse rekordversamelings opgelewer nie. Die 30ste *Rencontre Assyriologique Internationale* wat in Leiden plaasgevind het in 1983, het volgens die kongresbundel (Veenhof (ed) 1986a) eerder spesifieke versamelings behandel, as soseer die daarstelling van 'n vergelykende studie ten einde neigings, ooreenkomste en teenstrydighede tussen verskillende versamelings en hul gebruikersgemeenskappe te identifiseer. Die kongres is verder slegs ten opsigte van wigskrif-versamelings afgebaken en het as sulks dus nie die totale spektrum van die Ou Nabye Oosterse tekstuele nalatenskap aangespreek nie. Dit het wél gedui op 'n hernude belangstelling in die onderwerp binne die breër vakterrein van Ou Nabye Oosterse Studies. 'n Belangstelling wat reeds aan die begin van die twintigste eeu opgeflikker het in die Historiese Biblioteekkunde, maar grootliks vanweë onlangse verwickelings in die Inligtingkunde, tot die periferie van die akademiese debat verskuif is.

#### 3.1 Historiese oorsig

Ten spyte van die baanbrekerswerk van Posner (1972) op die gebied van antieke argiewe en Richardson (1911, 1912, 1914a & 1914b), ten opsigte van ou biblioteke, wil dit tog lyk asof geen integrale geheelbeeld en gevolglike gemeenskaplikheid in die ontstaan, ontwikkeling en voortbestaan van individuele Ou Nabye Oosterse versamelings tot nog toe geïsoleer kon word nie. Richardson het op die bibliotekaris se rol binne die antieke biblioteek, eerder as die biblioteek as sodanig, gekonsentreer en entoesiasies probeer bewys dat hierdie een van die oudste beroepe in die menslike geskiedenis is. Hy het egter wel daarin geslaag om die aandag te vestig op Ou Nabye Oosterse biblioteke as afsonderlike entiteite, die bestaan waarvan hewig ontken is deur sy kritici, Müller (1912) en Vogelsang (1913). Richardson (1914b:21) se definisie van 'n biblioteek was egter so vaag dat dit gegrens het aan die niksseggende: "The very simplest library consists ... of a single recorded sign kept for use." Sy omvangryke benadering tot die term *biblioteek*, is egter ondersteun deur bibliotekarisse soos Kampman (Weitemeyer 1956:217).

Die verwarring was nie alleen tot die Biblioteekkundiges beperk nie. Assirioloë was dit ook nie eens omtrent hierdie aspek nie. Jastrow word deur Weitemeyer (1956:217) aangehaal wanneer hy aan die begin van die eeu onomwonde verklaar dat Assurbanipal se biblioteek (verwoes in 612 v.C.) die enigste *biblioteek* in die Ou Nabye Oosterse leefruimte is. Die kriteria waarvolgens hierdie denkskool 'n biblioteek van 'n argief onderskei het, skyn te berus op die literêre inhoudelikheid, sowel as die grootte van die versameling (Weitemeyer 1956:218). Oppenheim se opvatting is duidelik uit die volgende stellings in sy bespreking van die skrywersamp in Mesopotamië: "Scribes and scribal schools attached to palaces and especially to temples enjoyed an amount of economic security and leisure that was bound to lead to an increase of interest in specialized topics. This, in turn, created such an accumulation of tablets dealing with scholarly pursuits that Assyriologists like to call them libraries ... But one should stress that a library in our sense, a systematic collecting of texts copied for the purpose of being included in such a collection, existed in Mesopotamia solely in Nineveh. Here, at the instance of Assurbanipal, king of Assyria, such a library was assembled" (Oppenheim 1964:243-244).

Die oorgrote meerderheid Historiese Biblioteekkundiges glo steeds dat: "... all ancient collections of written records until the foundation of the Alexandrian library in the third century B.C. were essentially archives" (Wellisch 1981:490). 'n Uitgangspunt wat aangepas is deur Wright (1980:59) wat beweer het dat die sogenaamde biblioteek van Assurbanipal te Nineve: "... the only library of Mesopotamia", was. Die gronde waarop hierdie stelling gebaseer is, word nie deur Wright weergegee nie. Benewens 'n verwysing na die ontsaglike grootte van die versameling en die bestaan van 'n interne organisasie-sisteem, skyn daar dus geen ander basis te wees vir die uitsondering van Assurbanipal se biblioteek bo enige ander Ou Nabye Oosterse versameling met dieselfde kenmerke nie. Arksey (1977:834) se variant op die tema lui as volg: "This first library in history was established by Assurbanipal, King of Assyria ... Other deposits of clay tablets have been unearthed elsewhere in Mesopotamia, some older and even larger than Assurbanipal's collections, but these have been typical palace archives, rather than true libraries." Wat sou die verskil wees tussen 'n "typical palace archive" en 'n "true library"?

Tot op hede is die tipering van antieke versamelings as *biblioteke* en/of *argiewe* dus in die meeste gevalle redelik arbitrêr en sonder grondige fundering gedoen. Weitemeyer (1956) se onderskeidende kriteria word allerweë beskou as die maatstaf binne Historiese Biblioteekkunde. Hy het bepaal dat die onderskeid tuseen antieke versamelings uitgedruk word deur die divergerende organisatoriese benaderings



aanwesig in die geval van biblioteke en argiewe. Dit is dus hoofsaaklik 'n funksionele onderskeid, eerder as 'n onderskeid ten opsigte van die inherente versamelingsaard. Argivale materiaal word geberg deur middel van die aard en datum daarvan. Hierteenoor word biblioteekmateriaal versamel in onderwerpverwante reekse, voorsien van kolofone en gelys in afsonderlike katalogi, aldus Jackson (1980:403) se opsomming. 'n Herevaluering van hierdie kriteria is dringend nodig. Nie alleen skyn dit 'n ietwat eensydige behandeling van uiters komplekse materiaal te wees nie, maar Weitemeyer se artikel van 1956 neem uiteraard ook nie enige onlangse groot ontdekkings (byvoorbeeld Ebla en selfs tot 'n groot mate Qumran) in ag nie. Daarom is dit geensins verbasend dat Ou Nabye Oosterse geleerdes, ontnem van enige konkrete rigtingaanduiding uit Historiese Biblioteek- en Inligtingkunde, hulself gewend het tot 'n doelbewuste lukraak en dikwels vae benadering tot die stof voorhande nie. Parpola (1986:224) gebruik byvoorbeeld Weitemeyer se onderskeid tussen biblioteke en argiewe, maar plaas die benaming "archival" in aanhalingstekens: "... to underline its partial arbitrariness."

Veenhof (1986b), in sy briljante inleiding tot die kongresbundel van die 30ste *Rencontre*, poog wel om 'n onderskeid te maak, maar aangesien hy hom grootliks hou by die gebruik van Posner (1972) as maatstaf, is dit nie sonder probleme nie. Posner berus sy gevolgtrekkings grootliks op sekondêre bronne, soos Greenfield (1986:289) tereg uitwys. Verder verwys hy (Posner 1972:13-14) wél na die problematiek verbonde aan die aanwending van die terme, maar konsentreer eerder op die argivale definisie en Posner kan dus geïnterpreteer word as sou argiewe eerder as biblioteke, die norm in die Ou Nabye Ooste wees.

Die begrippe *biblioteek* en *argief* word na willekeur aangewend deur navorsers in Ou Nabye Oosterse Studies, sonder enige afbakening van, of verklaring vir, die keuse van begripsaanwending. Veenhof (1986b:4) beklemtoon hierdie sogenaamde: "inconsiderate use of terminology" en erken dat dit verwarrend mag wees en selfs kan lei tot die gevolgtrekking dat die twee begrippe as wissel terme aangewend kan word. So heet Pettinato (1981) se werk byvoorbeeld *The archives of Ebla*, desnieteenstaande die feit dat hy in dieselfde bron verwys na die: "**library** of Ebla" (Pettinato 1981:xvi), of hy maak 'n stelling soos: "The recovery of a **library** immediately raises the question about **archival** criteria ..." (Pettinato 1981:48) (eie klem). Artzi (1986:210) verwys na die: "'**library**' of the Amarna **archives**" (eie klem). Dieselfde onoordeelkundige gebruik van terme word aangetref by onder andere Richardson (1914b) en Wellisch (1981).

Algemene naslaanwerke soos die *New Encyclopædia Britannica* (Library 1986:333) dra verder by tot die verwarring deur sonder onderskeiding in begripsaanwending, uitlatings te maak soos: "The earliest **libraries** were **archives** ... The first libraries as such were those of the Greek temples and those established in conjunction with the Greek schools of philosophy" (eie klem).

Wellisch (1981:490) voer dit nog verder: "All ancient collections of written records until the foundation of the Alexandrian library in the third century B.C. were essentially archives intended solely or chiefly for the use of kings, their ministers, and their bureaucracy, and not libraries in the sense that those collections were brought together for the benefit of scholars who wished to study the documents." Hierdie uitlating opsigself skyn teenstrydig te wees met die titel waaronder Wellisch (1981) sy opvatting publiseer, naamlik: "Ebla: the world's oldest **library**" (eie klem). Wellisch se eng definisie van *biblioteek*, soos hierbo gereflekteer, sal in verdere afdelings van hierdie studie meer omvattende aandag geniet.

Die bogenoemde is indikatief van die mate waarin Historiese Biblioteekkunde uit voeling is met resente gebeure in Ou Nabye Oosterse Studies. Nuwe ontdekkings en veranderde standpunte word selde gereflekteer in selfs relatief nuwe publikasies. Die uitlatings toon grootliks 'n Grieksgesentreerde benadering en 'n universele gebrek aan verrekening vir die bydrae van die Ou Nabye Oosterse versamelings en literatuurkorpus. Selfs De Vleeschauer en Wright (1973) wat poog om Ou Nabye Oosterse versamelings te betrek in die debat, begin regressief vanuit 'n Griekse raamwerk soos die Mousaion en gee titels aan hul werk soos *The oral antecedents of Greek librarianship* (Wright 1977). Dit ten spyte van die feit dat allerweë erken word dat die Ou Nabye Ooste die bakermat vorm vir die ontdekking van skrif en die opkoms van die geskrewe woord as gesaghebbende rekord in die Weste. Boonop strook die benadering tot die historiese biblioteek met die Alexandrynse biblioteek as beginpunt, ook nie noodwendig met die argeologiese bewysleweringe nie. Martínez (1994:li) merk byvoorbeeld lakonies op: "... we possess more documentary data concerning the tiny Jewish colony set up in Elephantine that we do of Western learning which at one time was housed in the library of Alexandria."

Die inherente Griekse benadering aan die kant van Historiese Biblioteekkunde en die akademie in die algemeen, het ongelukkig tot gevolg gehad dat navorsers in Ou Nabye Oosterse Studies min of geen oordeel aan die dag gelê het by die identifisering van versamelings nie. Veel meer aandag is gewy aan individuele tekste en die inhoudelikheid van versamelings, terwyl ontsag vir die versamelingsgeheel grootliks

geïgnoreer is. Assur is hiervan 'n uitstekende voorbeeld. Die argeologiese objekte, insluitend die inhoud van talle argiewe en biblioteke, is aanvanklik verdeel tussen Berlyn en Istanbul en later selfs verder vervreem na ander museums en privaatversamelings (Pedersén 1985:19-20). Hierdie algemene praktyk van verdeling van versamelingsinhoud, maak dit huidiglik onmoontlik om enige klinkklare gevolgtrekkings te maak omtrent die eenheid en ordeningsisteme van talle bekende Ou Nabye Oosterse versamelings. Intendeel, tensy die verantwoordelike argeoloog noukeurige notas ten opsigte van die vindplek en ordening gemaak het, maak dit die rekonstruksie van enige ordeningsstelsel onmoontlik. 'n Onderskeid tussen biblioteke en argiewe word dan grootliks gebaseer op die inhoud van die tekste - nie altyd 'n bevredigende benadering nie, soos duidelik blyk uit Pedersén (1985:20-21) se opmerkings. In sy weergawe van die Duitse opgrawings te Assur, maak hy 'n onderskeid ten opsigte van biblioteke en argiewe suiwer op grond van die inhoudelikheid van individuele tekste. Hy moet egter erken dat in talle gevalle 'n sogenaamde *argief* 'n aansienlike hoeveelheid *biblioteekmateriaal* bevat het en andersom. Dit maak 'n suiwer inhoudelike benadering tot 'n begripsverklaring onbevredigend.

Black en Tait (1995:2197) se onderskeid, hoewel steeds inhoudelik gebaseer, is in een opsig bevredigend. Dit hanteer naamlik beide biblioteke en argiewe op 'n gelyke voet. Die kritiek moet egter voorbehou word dat die klem van hierdie definisie val op die onderskeid tussen antieke biblioteke en argiewe, met die klem op die laasgenoemde. Verder word die aksent geplaas op die fisiese lokaliteit van die versameling en weer is die onderskeid hoofsaaklik inhoudelik van aard. Gevolglik dui dit eerder op die karakteristieke verskille tussen die twee entiteite en hul lokaliteite, as noodwendig op die tiperende eienskappe van elk. Enkele aspekte van Black en Tait (1995:2197) se definisie word op hierdie stadium voorgehou, aangesien dit die tradisionele onderskeid tussen die twee versamelingstipes ten beste toelig: "Almost any group of documents excavated together can be called an 'archive,' on a broad definition of the word. Within Mesopotamia and the rest of the regions using cuneiform writing, 'library' tends to be reserved for a collection including literary, historical, and perhaps scientific texts, in an institutional building such as a palace or temple or in a private house ... In practice the distinction between archive and library is often impossible to make, since administrative, legal, and business records may be stored in the same room as traditional or scientific texts used for scribal training, and priests or scholars kept their family records at home with their private libraries ... Temples may have had a limited involvement in legal procedures, but they do not appear to have served as storage

places for official records ... However, scholarly libraries of literary, scientific, and pedagogical texts and copies of historical documents existed at the temples ..."

### 3.2 Die identifisering van die versamelingstipes

Dit wil dus voorkom asof die problematiese aard van die onderskeid tussen Ou Nabye Oosterse versamelingstipes geleë is in die vooropgestelde benadering daartoe, eerder as in die begripsomskrywing opsigself. Daar is reeds verwys na die uitgangspunt van die oorgrote meerderheid bibliotekarisse en argivarisse dat die biblioteek as fenomeen ontstaan het met die Alexandrynse biblioteek en daarom hoofsaaklik tot wasdom gekom het onder die Grieke. Dit het ongetwyfeld op sy beurt 'n invloed uitgeoefen op die geleerde se benadering tot Ou Nabye Oosterse biblioteek- en argivale praktyke.

Selfs wanneer 'n Ou Nabye Oosterse oorsprong deur Historiese Biblioteekkundiges erken word, neig die benadering tot hierdie oorsprong regressief vanaf die Grieke as beginpunt te wees. Die navorsing van Shubert (1993) en De Vleeschauwer & Wright (1973) is goeie voorbeelde van hierdie benadering tot die onderwerp. Die insinuasie word dus gelaat dat die Griekse biblioteek moet dien as norm vir enige voorafgaande versameling en biblioteekaktiwiteite in die Ou Nabye Ooste.

Hierdie uitgangspunt word verder onderstreep deur die hantering van verwante aangeleenthede soos geletterdheid. Harris (1989) erken wel dat sy afbakening van antieke geletterdheid met betrekking tot die Grieke en Romeine, nie die bestaan daarvan in die Ou Nabye Ooste ontken nie, maar dit word desnieteenstaande effektief uitgesluit deur die keuse van die titel van sy werk. Havelock (1976, 1982 & 1986) is veel meer ooglopend in sy benadering dat die konsep eers in die opkoms van die Griekse beskawing 'n bestaansreg vind.

'n Verdere probleem in die isolering en identifisering van moontlike Ou Nabye Oosterse versamelingstipes, is die mitologisering wat gevind word wanneer daar na die antieke verwys word. Hierdie neiging gaan gepaard met breë veralgemenings en 'n idealisering van die voorbeeldversamelings en word getipeer deur beskrywings soos *grootste*, *beroemdste*, *oudste* en *eerste*. (Vergelyk in hierdie verband byvoorbeeld die artikels van Arksey (1977), Kilian (1984), Snyman (1988) en tot 'n mate Wellisch (1981)). Sodanige terminologie maak geen voorsiening vir nuwe of veranderde benaderings wat sulke etikettering ongeldig kan maak nie.

Daarom word die uitgangspunt in hierdie studie gehandhaaf dat die versamelingstipe wat ontstaan eerder afhanklik is van die gebruikersgemeenskap en omgewingsveranderlikes, aangesien: "... wat die mens doen en wat in sy innerlike self gebeur 'n respons is op 'n nooit konstante, maar altyd veranderende kommunikatiewe omgewing" (Botha 1991:195). Daar word dus nie gesoek na klone van moderne versamelingstipes en versamelingspraktyke binne die sosiale konteks van die Ou Nabye Ooste nie. Terselfdertyd word die moontlikheid nie uitgesluit dat dieselfde versameling deur die verloop van die geskiedenis en as gevolg van veranderde omgewingsfaktore en sosiale druk, van versamelingstipe kan verander of selfs 'n hibriede vorm kan aanneem nie. Elke versameling is dus tot 'n groot mate uniek, gegewe die sosiale konteks. Die konsep van die Ou Nabye Oosterse rekordversameling word inisieël gesien as 'n protovorm wat ontstaan as 'n kompenserende respons op die oorgang van 'n orale na 'n geletterde samelewing. Die aanvanklike versameling ontstaan dus in 'n tussenstadium met eienskappe wat dikwels sterk herinner aan mondelinge wyses van inligtingoordrag, soos behandel in hoofstuk 2. Na gelang van veranderings in die gemeenskap se behoeftes, neem die versameling die eienskappe van 'n eiesoortige versamelingstipe aan, maar behou steeds 'n sterk verwantskap met die aanvanklike protoversameling. Drie moontlike versamelingstipes word breedweg geïdentifiseer as riglyn vir verdere bespreking in hierdie hoofstuk. Die manifestasie van die versamelingstipes *biblioteek*, *argief* en *geniza*, is eiesoortig tot die antieke gemeenskaplike konteks en die terme word dus uiters omsigtig benader.

Danksy die ontdekking van die biblioteek van Assurbanipal, was Assirolö sedert die vorige eeu reeds bewus van die bestaan van 'n sodanige fenomeen in die Ou Nabye Ooste. Dit ten spyte van die verskille omtrent die begripsafbakening van die antieke biblioteek, soos reeds genoem. Aan die begin van die twintigste eeu kom argiewe egter op die voorgrond as moontlike versamelingstipe met die ontdekking van duisende administratiewe dokumente afkomstig uit sentra (spesifiek Girsu, Umma en Puzrish-Dagan) wat dateer het uit die Derde Dinastie van Ur (2100 v.C.), aldus Veenhof (1986b:3-4): "Faced with vast quantities of tablets which at times were depreciated as 'dull records' or 'laundry lists', Assyriologists could take example by the rapidly developing Papyriology. There, the value and possibilities of this type of records had soon been realized, and the importance of an 'archival approach' ... had been acknowledged." Na die Tweede Wêreldoorlog het hierdie belangstelling stelselmatig gegroei weens 'n verhoogde belangstelling in sosiale en ekonomiese geskiedenis.

Daar word onomwonde met Veenhof (1986b:35-36) saamgestem dat die sogenaamde *argivale benadering* van onskatbare waarde vir die bestudering van antieke rekords is,

ongegag die versamelingstipe. Die handleiding van Muller, Feith & Fruin (1968) en die werk van Schellenberg (1956 & 1965) is onverbeterlike riglyne vir die bestuur van enige antieke versameling. Die integriteit van die versamelingsgeheel is vir die argivaris van die grootste belang. Daarom verkies die argivale benadering om rekords bymekaar te hou, in hul oorspronklike ordening en as 'n geheel. Die goue reël is dat die versameling, of dit biblioteek of argief is, benader en gerespekteer word as 'n eenheid. Enige individuele teks binne so 'n versameling sal benader, gelees en geïnterpreteer word in verhouding tot die groter geheel. Hierdie aspek hou verband met die *provenance*-beginsel, wat bepaal dat: "... 'the documents created and accumulated by a person, family or corporate body by reasons of its functions or activities must be kept together, and not mixed or combined with the documents of another individual or corporate body'" (Durance & Taylor 1992:44). Dit is 'n beginsel wat enige Ou Nabye Oosterse geleerde in praktyk respekteer as gevolg van die gevolge wat spruit uit die verontagsaming daarvan. Dit is slegs nodig om Parpola se inleidende paragraaf tot sy artikel (1986:223) omtrent die koninklike argiewe van Nineve te lees, ten einde hierdie stelling na waarde te skat: "As a general notion, the 'royal archives of Nineveh' (and like terms) are well known to every Assyriologist. But what does one actually know about them? Strangely, as soon as one is to tell something concrete about them, these archives rapidly vanish into thin air. Did they really exist, or are they a product of imagination only?" Die probleem is natuurlik dat ons oor feitlik geen inligting beskik ten opsigte van die vindplekke van die sogenaamde Kuyunjik-versamelings nie, soos Parpola (1986:223) uitwys. Alhoewel elke individuele tablet 'n waardevolle bron van inligting verteenwoordig, is dit slegs binne die breë verhouding van die versamelingsgeheel, dat die volle potensiaal daarvan gerealiseer kan word. Hierdie intrinsieke verhouding tussen die geheel en individuele eenhede, word geskep deur 'n organisatoriese sisteem daargestel deur die stigters en/of gebruikers van die versameling. Daarom is dit noodsaaklik om hierdie entiteite se benadering tot die versameling na te speur, sonder om 'n moderne organisatoriese perspektief op die rangskikking van die tekste af te dwing. Hierdie rangskikking behoort te geskied in navolging van die argivale beginsel van die aanverwante *respect des fonds*. Die onvermoë om 'n aanvanklike interne ordening te verstaan, is nie noodwendig rede vir die kunsmatige herrangskikking van 'n bestaande versameling nie. (Muller, Feith & Fruin (1968:50) gebruik die begrip *natural relation* om te verwys na die aanvanklike interne ordening).

*Respect des fonds* beteken ook implisiet die kontemporêre bewaring van 'n gegewe versamelingsgeheel in één lokaliteit. Nie alleen toon hierdie benadering 'n respek vir die interrelasie tussen die onderlinge eenhede binne die versameling nie, maar dit fasiliteer

ook en moedig die bestudering van 'n versameling in totaliteit aan, eerder as slegs individuele tekste. In meeste gevalle is die gebrek aan sodanige refleksies op versamelings nie 'n klad op die belang daarvan vir Ou Nabye Oosterse Studies nie. Dit is eerder tekenend van geleerdes se onvermoë, hetsy vanweë finansiële oorwegings, of die swak aantekening van 'n versameling se onderskeie vindplekke, om daarop te kan aanspraak maak dat hulle alle dokumentêre gegewens binne die versameling geraadpleeg het. Na meer as twintig jaar se intensiewe naspeur van elke moontlike dokument uit die Kaïro Geniza, kan Goitein in sy allesomvattende *A Mediterranean society* (1967:viii) nog steeds nie verklaar dat hy al die tekstuele gegewens bestudeer het nie. Die opbrengs van die Kaïro Geniza is verdeel sodat daar uiteindelik vyf groot versamelingsdele te vinde is in die universiteitsbiblioteek van Cambridge, die Bodleian in Oxford, in die British Museum in Londen, sowel as in die Jewish Theological Seminary of America in New York en die State Public Library in St Petersburg, Rusland. Daarbenewens word ses kleiner versamelings gevind in die Dropsie College, Philadelphia, die Hungarian Academy of Sciences in Budapest, in die Presbyterian Westminster College te Cambridge (Engeland), asook in die Alliance Israélite Universelle in Parys, die Freer Gallery of Art in Washington en die Nasionale Biblioteek in Wenen. Dan bestaan daar addisioneel nóg nege kleiner versamelings, sowel as enkele dokumente van die Geniza in privaat versamelings (Goitein 1967:5)<sup>1</sup>.

'n Geregverdigde inherente beswaar teen die huisvesting van belangrike versamelings in een lokaliteit, is natuurlik altyd die kwesbaarheid daarvan. Frankfurt se gedeelte van die Kaïro Geniza, wat in die stad se openbare biblioteek gehuisves was, is gedurende die Tweede Wêreldoorlog vernietig: "... and not even handlists indicating its contents have survived" (Goitein 1967:5). Die Dooie See Rolle in die Israel Museum se Shrine of the Book, is gedurende die Golfoorlog na 'n staalversterkte ondergrondse ruimte geneem vir veilige bewaring. Die Rolle in die Rockefeller Museum word permanent in so 'n kamer gehuisves. Addisioneel is verdere voorsorg getref deur fotografiese afdrucke van al die Rolle, gepubliseer en ongepubliseer, te maak en vir veilige bewaring na die Verenigde State van Amerika en Groot Brittanje te stuur (Dead Sea Scrolls protected from Scud Missiles 1991:56).

Elizabeth Hay Bechtel, 'n filantroop wat 'n bydrae tot die aanvanklike aankoop van die Dooie See Rolle gemaak het, het ook toestemming gekry om kopieë daarvan te maak. Haar kopieë het in 1983 in die besit van die Huntingdon Biblioteek in San Marino, Kalifornië, gekom. Gedurende September 1991 het hierdie instansie aangebied om foto's van ongepubliseerde Dooie See Rolle aan geleerdes beskikbaar te stel en so is die monopolie van die redaksionele komitee oor die ongepubliseerde materiaal help

breek. Hierdie stap, wat op die voorblaai van beide die *New York Times* en *Washington Post* aangekondig is, het ongetwyfeld 'n groot bydrae gemaak tot die beskikbaarstelling van die Dooie See Rolle aan die akademiese publiek (Huntingdon Library releases Scroll photographs 1991:63 en Golb 1995:228-230). Geza Vermes (1994:101) beskryf hierdie gebeurtenis in *The Times* van 21 September 1991, as: "... absolutely grand." Hy lig die bibliotekaris van die Huntingdon se besluit - nié die uiteindelijke beskikbaarstelling van die rolle nie - uit as die laaste van drie grootse gebeurtenisse in sy luisterryke loopbaan as een van die doyens op die gebied van Qumran-navorsing.

'n Verdere argument teen die huisvesting van 'n versameling in een lokaliteit, is die beperkte stoor- en uitstalruimte waaronder meeste museums gebuk gaan, sowel as die finansiële las van die aankoop en versorging van 'n versameling *in toto*. Terselfdertyd beperk dit ook die blootstellingspotensiaal van veral kontroversiële versamelings, tot een plek. Alle museums wat vir hul voortbestaan van donateurs afhanklik is, het versamelstukke nodig wat as trekpleisters kan dien. Op hierdie manier word fondse geïnvest en die algemene publiek se aandag op die museum en sy funksie binne die gemeenskap, gevestig. Wanneer artefakte en rolle uit die Dooie See-versameling in 1993 na die Verenigde State van Amerika gebring word, lok dit met sy blote aanwezigheid, skares na die instansies soos die New York Public Library, die Library of Congress en die Fine Arts Museums van San Francisco, waar dit vertoon word.

Die realisering van 'n beleid om versamelings as 'n geheel in een plek te bewaar, sou egter beteken dat die bestudering van antieke versamelings die blote vertaling van die tekste aan die een kant, of die beskrywing van organisatoriese- en herwinningspraktyke aan die ander kant, sal transendeer. 'n Interdissiplinêre benadering word dus moontlik gemaak wat potensieel 'n groot bydrae kan lewer tot die breë historiese, sosio-ekonomiese en institusionele kontekste. Hierdeur word 'n relevansie aan die omgang met antieke tekste toegeken wat binne die hedendaagse kulturele en ideologiese debat ten opsigte van die inligtinggemeenskap en sy belangrikste kommoditeit, steeds geldig sal wees.

Onder omstandighede waar die oorspronklike rangskikking van 'n versameling egter reeds versteur is, soos in die geval van die verskillende Kuyunjik-versamelings, is die enigste ander moontlikheid die bestudering van kontekstuele inligting op die periferie, in die hoop om moontlike aspekte van die oorspronklike ordeningsstelsel te rekonstrueer. Reade (1986:222) stel byvoorbeeld voor dat verdere ondersoek ingestel word ten opsigte van: "... the work of individual scribes; understanding the significance



of the different types of colophon; to identify, with the help of physical criteria such as size and type of clay besides more traditional techniques, the different sets of tablets, not merely the different series and divergent traditions. These classificatory procedures, besides generating hundreds more 'joins', should tell us much more both about sources and about the content of the original archives." Hierop brei hy verder uit: "Then we may be better equipped to consider what the archives meant to those who compiled them and what more they may contribute to our understanding of the ancient world" (Reade 1986:222).

Die rigiede riglyne van die *argivale benadering* mag wel by die eerste oogopslag té verhewe en selfs vergesog skyn te wees, maar gekonfronteer met die praktiese implikasies van die teendeel, bied dit tog 'n werkbare alternatief. Cameron (1965:167-168) is in 1939 die eerste keer toestemming verleen om die opbrengs van die Oriental Institute se opgrawings van die sogenaamde "Persepolis treasury" te ondersoek en te kopieër. Hy is ook toestemming gegee om alle dokumente van dieselfde bron te bestudeer wat na verdeling van die versameling tussen die twee instansies, aangestuur is na die Teheran Argeologiese Museum. Later het geblyk dat enkele tekste wat deur die Oriental Institute gestuur is na Teheran, nie onder Cameron se aandag gebring is nie. Daarom is hy in 1957 en weer in 1963, toestemming verleen om addisionele dokumente tot die aanvanklike versameling verder te ondersoek. Die latere ondersoek van die tablette het egter die volgende aan die lig gebring, Cameron (1965:189) verduidelik: "When I first examined the treasury documents in Teheran in 1939, each was still within an envelope supplied by the Oriental Institute excavators and each envelope still bore the field number and the seal type given it by the Field Director, Erich F. Schmidt. The envelopes, unfortunately, no longer exist; instead, the museum authorities have inked in or painted on most of the tablets one or more of their own museum numbers - numbers which clearly bear no relationship to the original field numbers. Unfortunately also, records correlating the two do not exist." Soms sal 'n tablet voorsien wees van 'n numeriese waarde in beide Arabies (dus Engels) en Persiese getalle, soms slegs een van die twee. Daar is gevalle waar die Arabiese getal voorafgegaan word deur "No", soms nie. In sommige gevalle is die getalle aangebring in wit ink, soms in blou of swart: "There is no uniformity in the spot on the tablets where the numbers are written; sometimes they appear written over the seal-impression, but any spot on a given tablet will serve and the number must always be searched for" (Cameron 1965:190).

Die kern van die probleem is dus daarin geleë dat, by gebrek aan die toepassing van die *argivale benadering* die gevaar geloop word om die beeld te vertroebel van wat Reade

(1986:222) verduidelik as die wyse wat ons beter in staat stel: "... to consider what the archives meant for those who compiled them and what more they may contribute to our understanding of the ancient world." Die beginsel is dat enige versamelingstipe 'n voorstelling is van 'n sosiale instelling, gevorm deur die gemeenskap en daarom behoefte-georiënteerd. Daarom behoort daar in die besonder gekyk te word na die wyses waarop die versamelings byeengebring, onderhou, ontwikkel en gestruktureer is, ten einde aan die behoeftes van die stigtersgemeenskap te voldoen. Aangesien biblioteke en argiewe vanweë hul onvermydelike diensmotief ook gebruikersafhanklik is, moet 'n ondersoek van die versamelingsgeheel noodwendig lig werp op die gemeenskap van oorsprong. So word die antieke biblioteek of argief die korporatiewe geheue van die gemeenskaplike selfbeeld, geprojekteer vir teenswoordige en toekomstige geslagte.

Dit is daarom noodwendig belangrik om te beklemtoon dat die resulterende versamelingstipe afhanklik is van die gemeenskap waarbinne dit aangetref word. Die argeologiese bewyslewering van die materiële kultuur van die breëre gemeenskap, sal natuurlikerwys ook reflekteer op die intellektuele vertolkings van dieselfde kultuur. Terselfdertyd word daar om hierdie rede ook nie 'n lineêre ontwikkeling van een versamelingstipe na 'n ander verwag nie. Die ontwikkeling van moontlike voorlopers van moderne biblioteek- en argivale aktiwiteite binne die Ou Nabye Oosterse agtergrond, is behoefte-georiënteerd, soos hul hedendaagse ekwivalente en daarom suiwer funksioneel van aard. Daar is geen nodigheid om 'n ewolusionêre kontinuum vir die eerste bestaande voorbeelde te verwag nie, aangesien die eersgenoemde nie noodwendig meer *primitief* as latere praktyke hoef te wees nie. Die gemeenskap van oorsprong, meer as enige ander aspek wat inspeel op die scenario, sal 'n spesifieke versamelingstipe voorskryf ten einde die verwante diens aan hierdie gemeenskap te vertolk.

Opsommenderwys dien die teenwoordigheid van 'n behoefte om materiaal te selekteer, organiseer, om toegang te bewerkstellig en bewaring te laat plaasvind, as die beginsels van wat Durance en Taylor (1992:44) beskryf as *information theory*. Op grond van die aanwesigheid van hierdie behoeftes binne 'n gemeenskap, of die kulminering daarvan in die funksies van 'n versameling, word *biblioteke* en *argiewe* as voorbeelde van versamelingstipes met 'n interne ordeningsstelsel geïdentifiseer. Hierdie versamelings is die resultaat van die samelewing se toekenning van die rol van tussenganger aan die persoon in diens van die versameling: "Part of their traditional professional responsibility has been to act as intermediaries between information and the user - to collect material, assist access and interpret information ..." (Durance & Taylor

1992:38). In die geval van die Ou Nabye Ooste word hierdie persoonlikheid rofweg met die skrywersamp vereenselwig.

### 3.2.1 Versamelingstipes met 'n interne ordeningsstelsel

"Libraries are a special type of archives, reserved for specific categories of texts and, probably, for their own circle of users", aldus die voorwoord tot die program vir die 30ste *Rencontre Assyriologique Internationale* (Veenhof (ed) 1986a:305). 'n Benadering wat sterk herinner aan die definisie van Black en Tait wat bepaal dat enige versameling breedweg as 'n argief geklassifiseer kan word, terwyl die term *biblioteek* beperk word tot: "... a collection including literary, historical, and perhaps scientific texts ..." (Black & Tait 1995:2197). Ons het dus nie in definisie veel gevorder van Jastrow se omskrywing van die Ou Nabye Oosterse biblioteek as 'n "extensive *literary* archive", in sy artikel van 1906 nie (Weitemeyer 1956:218). Hierop was Richardson (1914b:18) se antwoord: "Even if 'archive' is assumed to be the right name for a collection of business documents, still such a collection is simply one kind of a library." Duidelik is daar nie veel vordering op die gebied van die spreekwoordelike hen en die eier gemaak nie. Maar dan skyn dit ook nie noodwendig so belangrik te wees om te bewys dat die een versamelingstipe 'n uitvloeisel van die ander moet wees nie, of selfs waar presies die onderskeid tussen die tipes lê nie. Intendeel, gemeet aan Price (Jamieson-Drake 1991:23) se siening van die aangeleentheid, is elke versamelingstipe wat ontstaan uniek. Dit is alleen afhanklik van die gemeenskaplike konteks en is waarskynlik ook nie oordraagbaar van aard nie: "Processes of change, whatever their ultimate origin, necessarily work upon, and through, the selective pressures of local eco-systems and the mode of production of the populations occupying them. Thus there is a strong implication that institutions per se are not exportable."

In die daarstelling van 'n werkbare definisie vir hierdie navorsing, is daar daarom eerder van die standpunt uitgegaan dat 'n naamlose protoversameling in die Ou Nabye Ooste gevisualiseer word, wat oor die potensiaal beskik om in enige van die twee georganiseerde versamelingstipes te omvorm, of selfs die eienskappe van 'n versameling sonder interne ordeningsstelsel aan te neem. Met verloop van tyd en gegewe veranderde omstandighede, mag hierdie versameling ook van tipe verander en die tipering is dus altyd relatief tot die gebruikersgemeenskap en veranderende omgewingsfaktore, eerder as die teendeel, wat gereflekteer word in die meer tradisionele begripsomskrywings. Die vraag is dus nie of daar biblioteke en/of argiewe binne die Ou Nabye Ooste bestaan het nie, maar of 'n gunstige klimaat bestaan het waarbinne sodanige versamelings die lig kon sien, sowel as die aard van die

gemeenskapsbehoefes wat 'n spesifieke instelling regverdig het. Die gebruikerskonteks van die gemeenskap bepaal dus die ontstaan en aard van enige versamelingsvorme wat tot stand sou kom.

In aansluiting by die voorafgaande historiese oorsig, volg die hieropvolgende bespreking van die twee tradisioneel geordende versamelingstipes, soos dit moontlik in die Ou Nabye Ooste mag voorkom. Ter wille van groter duidelikheid in die volgende uiteensetting, word die biblioteek en argief as voorbeelde van moontlike versamelingstipes met 'n interne organisasie, nou in breë trekke beskryf. Dit is egter van groot belang om te beklemtoon dat die uitgangspunt steeds gehandhaaf word dat die aard van die protofiguur bepaal word deur die gemeenskapskonteks en nie in terme van reeds gevestigde definisies van 'n *biblioteek* en *argief*, soos dit later as onderskeibare entiteite in 'n meer gevestigde skriftelike tradisie neerslag vind nie. Die ambivalente aard van die versamelingstipes word duidelik geïllustreer in die bespreking van die geniza. Daarom bepleit hierdie bespreking die erkenning van 'n potensiële mengvorm wat nie noodwendig konstant is in sy funksionering nie, aangesien dit vir sy voortbestaan behoefte-afhanklik is. Die terme *argief* en *biblioteek* word dus in hoofstuk 4 met groot omsigtigheid gebruik en dui nie noodwendig op 'n klinkklare onderskeid nie, maar meer op die hedendaagse perspektief van die versamelingsvoorhante.

### 3.2.1.1 Argiewe

Die term *argief* word hier eerstens verstaan as die *dokumente*. Die *gebou* is slegs van sekondêre belang. In navolging van Schellenberg (1956:16) word die volgende aspekte uitgelig in die omskrywing van die argief: dit verwys na diesulke rekords van enige openbare of privaat instansie wat van soveel waarde geskat word dat permanente bewaring daarvan 'n noodsaaklikheid word. Bewaring vind plaas met die uitsluitlike doel van navorsing en naslaandoeleindes (met ander woorde, die herwinning van relevante inligting). Sodanige rekords word geselekteer vir bewaring in 'n argief.

Die sleutelbegrippe in die identifisering van 'n argief, kan dus as volg onderskei word:

- \* Dit beslaan rekords wat uit 'n groter versameling *geselekteer* is volgens die arbitrêre seleksie van die argivaris;
- \* Dit verwys na *permanente bewaring*;

- \* Bewaring vind plaas met *navorsing* en *naslaan* as uitsluitlike doel; en
- \* Die rekords kan van *private* of *openbare* oorsprong wees.

Veenhof (1986b:7) se definisie van spesifiek die Ou Nabye Oosterse argief, is 'n effense aanpassing van die bogenoemde meer algemene uiteensetting: "We use 'archives' as a designation of what archival science calls a 'fonds d'archives', that is 'the total of records accumulated during the time a particular task was performed by an institution or person'." Die Ou Nabye Oosterse argief binne hierdie definisie, het bly groei tot en met die staking van die aktiwiteit, gewoonlik as gevolg van een of ander ramspoedige gebeurtenis: "The time of abandonment or destruction normally can be determined from the dates of the latest records. The location of many 'tablet rooms', moreover, indicates that their 'archives' were used and served practical purposes. We find them near the entrance of a palace for registering what is entering or leaving, near a court or audience room for consultation, near or in a workshop, kitchen or storehouse for checking the movement of goods, the consumption and the production, and for taking stock" (Veenhof 1986b:8).

Die meer konvensionele verstaan van die begrip as 'n versameling van rekords wat nie meer in gebruik is nie, maar bewaar word as gevolg van 'n historiese oorweging, skyn dus nie grootskaals van toepassing te wees op die funksionering van die argief in die Ou Nabye Ooste nie: "Instead they were, typically, working archives, continually in use" (Black & Tait 1995:2202).

Enkele gevalle kan egter wel dien as uitsonderings op die reël. In die hieropvolgende bespreking van die geniza as versamelingstipe, sal byvoorbeeld verwys word na die herwinning van inligting uit 'n Persiese argief in Ekbatana, vyf administrasies verwyder van die tydgleuf waarbinne die versoek gerig word. Die versoek om herwinning geskied sonder enige ophef of spesiale vermelding, wat daarop dui dat dit nie gesien is as 'n uitsonderlike handeling nie. Verder is die dokumentasie skynbaar van een argiefbewaarplek (Babilon) na 'n ander (Ekbatana) verskuif, wat die moontlikheid laat dat die versameling in Ekbatana bestaan het uit uitgediende argivale dokumentasie wat slegs uit 'n historiese motief bewaar is. Dit wil dus voorkom asof rekords wat nie meer op 'n daaglikse basis geraadpleeg is nie, uit die sogenaamde *working archive* in Babilon geselekteer is en in die argiefbewaarplek in Ekbatana geberg is as gevolg van historiese beweegredes. Die suksesvolle herwinning van die relevante inligting dui egter daarop dat daar eerstens 'n verwysingsstelsel bestaan het met betrekking tot watter rekords uit

die sentrale argiefbewaarplek verwyder is en tweedens dui dit op die aanwesigheid van 'n interne ordeningsstelsel in die sekondêre argiefbewaarplek. Die laasgenoemde was dus ongetwyfeld nie 'n rommelhoop van uitgediende argivale dokumentasie nie.

Tog is beide Veenhof (1986b:6-7) en Black & Tait (1995:2202) van mening dat dit redelik seldsaam gebeur het dat dokumente wat nie langer nodig geag is vir gereelde konsultasie nie, wel bewaar is. Waar kleitablette ter sprake was, is dit meestal weggegooi of gebruik as opvullingsmateriaal in talle bouprojekte. Daar bestaan natuurlik altyd die gevaar dat so 'n rommelhoop van dokumente deur 'n argeoloog aangesien kan word as 'n *bona fide* versameling. Juis daarom is dit so belangrik dat die aanwesigheid van 'n interne ordeningsstelsel in ag geneem moet word as een van die voorvereistes vir die tipering van beide 'n antieke argief en biblioteek.

Hierdie *rommelhoop* neem wel vir die historikus die vorm van 'n argief aan, maar vir die kontemporêre Ou Nabye Oosterse mens sou dit bloot onbelangrike afvalmateriaal gewees het. Die sogenaamde "Persepolis fortification archive" sal byvoorbeeld nie meer as 'n argief binne die gemeenskap funksioneer het nie en streng gesproke figureer dit dus nie binne hierdie studie as 'n moontlike voorbeeld van 'n argief nie. Die gebrek aan 'n interne ordening het die herwinningsfunksie daaraan ontkoppel: "The original Persepolis fortification tablets were not found in their original place of deposit, but in the fortification wall, where they had been used as fill. There is therefore a theoretical possibility that they do not belong to a single archive. There is the more serious possibility that they do not include all the types of text present in the original archive, or that they misrepresent the proportional quantities of the various types of texts" (Hallock 1973:320).

Posner (1972:5) se argument vir 'n voorsienigheid in *natuurlike seleksie* by hierdie rommelhoop, hou nie water nie. Daar moet egter tog kennis geneem word van Veenhof (1986b:8) se standpunt. Hy is meer geneig om voorwaardelik aan hierdie sogenaamde *rommelhoop* die term *argief* toe te dig. In hierdie verband verwys hy na die administratiewe dokumente wat uit die argiewe in Mari weggelaat is ná die oorname van die aanvanklike Assiriese regime deur Zimri-Lim: "There is no reason to deny these groups of administrative records from the period of Assyrian rule the qualification 'archives', even though they were not found *in situ*. But we must be aware of the considerable gaps due to selection (chronologically and typologically; the small daily records were preferred as filling material over the larger ledger tablets) and random discovery, which makes their use for statistical purposes risky." Hierdie versamelings resorteer vir die doeleindes van die navorsing voorhande, eerder as 'n

tussenfase tussen argiewe en die voorkoms van die geniza. Tog kan die inligting wat hieruit afgelei word, ons soms in staat stel om die werking van die oorspronklike versameling te rekonstrueer. Vergelyk in hierdie verband veral die rekonstruksies van literatuerbewing en biblioteekaktiwiteite wat moontlik is uit 'n bestudering van die sogenaamde "Assyrian library records" van die Kuyunjik-versamelings behandel in hoofstuk 4.

Die Italiaanse argivale begrip *archivio di deposito* moet ook binne die Ou Nabye Ooste verreken word, ten spyte van die feit dat Posner (1972:4) die bestaan daarvan ontken. *Archivio di deposito* kan omskryf word as: "Records of demonstrated or demonstrable value become the concern of a general archives (*archivio generale*), in which archival materials of many origins are assembled" (Posner 1972:4). Dit skyn veral te gebeur het waar 'n paleis verower is sonder verwoesting en enkele van die argiewe in stand gehou en selfs uitgebrei sou word deur die nuwe regeerder: "... in view of administrative continuity for which he needed earlier records and well-informed civil servants" (Veenhof 1986b:8). Veenhof (1986b:8) verwys in hierdie geval na Hammurabi se inname van Larsa, sowel as die Persiese inname van Babilon. In beide gevalle toon die administratiewe rekords geen radikale veranderings nie. Sasson (1972:55) verwys na 'n soortgelyke poging deur die Babiloniërs: "... to preserve Mari's archives under a modicum of order."

Ter wille van volledigheid en groter duidelikheid, is dit nodig om die term *administratiewe rekords* verder te omskryf. Die aanwesigheid van hierdie tipe rekords, wat allerweë as potensiële argivale materiaal geïdentifiseer word, dien soms, in gevalle van 'n suiwer inhoudelike definisie van die begrip *argief*, as aanduiders van die aanwesigheid van hierdie versamelingstipe. Posner (1972:3-4) beskryf die volgende as: "... constants in record creation, whatever the nature of governmental, religious, and economic institutions":

- \* Die landswette.
- \* Rekords wat bewustelik geskep en behou is as bewys van vorige administratiewe handeling.
- \* Finansiële en enige ander rekenkundige dokumentasie met 'n oorsprong in die regeerder, of enige ander outoriteit, se behoefte om sy regeringsdomein en hulpmiddele te administreer.

- \* Rekords van die regeerder, of ander outoriteit, waardeur sy inkomste van die land en persone binne sy magsdomein, verseker word. Byvoorbeeld: opmetings van grondgebied; rekords wat die wettige eienaarskap van 'n stuk grond verklaar en dus die wettige oordrag moontlik maak van eienaar na koper; sowel as rekords wat die belastingpligtigheid van 'n eiendom bepaal.
- \* Rekords wat kontrole oor mense, vir die doeleindes van militêre diens, dwangarbeid, of die betaal van hoofbelasting en persoonlike belasting fasiliteer.
- \* "Notariële" rekords van staatsagentskappe of staatsgemagtigde amptenare wat privaat besigheidstransaksies tussen individue beskerm.

Daar is reeds in die verbygaan na die moontlike lokaliteit van die argiefbewaarplek verwys. Hierdie aspek word net in kort bespreek, aangesien dit 'n sekondêre onderdeel van die aanvanklike definisie van 'n argief uitmaak en meer individuele aandag onder enkele voorbeeldversamelings in die hieropvolgende hoofstuk sal geniet. Veenhof (1986b:6) beskryf Kamer L.2769 in Ebla, as 'n voorbeeld van 'n "tipiese" argiefbewaarplek: "... designed for systematically filing texts, not for writing or consulting them on the spot." Laasgenoemde aktiwiteite het plaasgevind in die aangrensende kamer, L.2875, waarskynlik 'n skriptorium, met lae banke teen die mure: "This is a provision well known from Mesopotamia proper as one of the typical features of 'tablet rooms'. It seems to have served various purposes, storing tablets, as we know from the 'archival building' in Girsu, laying out records for consultation or filing, and seating scribes reading or writing tablets" (Veenhof 1986b:6). Kamer L.2769 was ongeveer 5.10 x 3.55 meter in oppervlakte. Langs drie van die vier mure is 14 000 tablette en fragmente ontdek, steeds rangskik in min of meer twee tot drie vlakke, soos dit op die oorspronklike rakke teen die mure gerangskik moes gewees het. Hierdie argiefbewaarplek was buite die fisiese paleis en was moontlik langs 'n binnehof vanwaar karavane vertrek en ontvang is. L.2875, die skryfvertrek, was die verbinding tussen die argief en die paleis (Pettinato 1981:34-35).

### **3.2.1.2 Biblioteke**

Die ontstaan van die biblioteek geskied in die oorgangstadium van 'n kultuur tussen die orale en geletterde stadia. Dit is die vanselfsprekende resultaat van die menslike



behoefte aan inligting. In die daarstelling van 'n werkbare definisie van die begrip moet die Griekse oorsprong, *bibliotheca*, wat direk na 'n skriftelike neerslag verwys, van die verstaansruimte weggelaat word. Skriftelike bewaarplekke is nie 'n noodsaaklikheid om 'n *biblioteek* te identifiseer nie (Wright 1977:xxii-xxv en Durance & Taylor 1992:38-39). Binne hierdie verstaansraamwerk word die mondelinge tradisie van die Ou Nabye Oosterse samelewing ook verreken. Wright gebruik Homeros as voorbeeld van 'n sogenaamde *menslike biblioteek*: "Thus he argues that the Homeric bard tradition served as an oral repository for the accumulated wisdom of the early Greeks. Society's need for information, he says, is the same in an oral as in a literate culture; it is only the oral and literate milieus that differ", aldus Jesse H Shera in sy voorwoord tot Wright (1977:x).

In hierdie bespreking word Wright se standpunt gekwalifiseer. Biblioteekaktiwiteite word beskou as entiteite wat nie vir hul bestaan afhanklik is van die ontstaan van biblioteke in fisiese vorm nie. Die laasgenoemde word egter gesien as die uiteindelijke kulminasie van hierdie aktiwiteite, wat verantwoordelik was vir die daarstelling van die oorgang van die pre-historiese na die historiese (Harris 1995:3). Die skriftelike neerslag word verder beskou as 'n maatstaf ter illustrasie van die sukses van die biblioteekaktiwiteite. Dit ontken egter nie die bestaan van die sogenaamde *orale biblioteke* nie. Inderwaarheid sou die miskennis van hierdie entiteite die miskennis wees van die ontstaan en voortbestaan van 'n groot korpus Ou Nabye Oosterse literatuur, insluitende die Bybelse literatuur, wat eers in 'n relatiewe laat stadium van hul ontwikkeling 'n skriftelike beslag gekry het.

Dit is egter onmoontlik om die mondelinge tradisies in hierdie ondersoek te verreken en daarom word die bespreking van die bestaan van die biblioteek in die Ou Nabye Ooste, beperk tot diesulke biblioteke wat in 'n skriftelike beslag gekulmineer het. Die oorgangsfase tussen die orale- en die geletterde samelewing, dien egter as implisiete verwysingsraamwerk vir die bespreking.

Dit is belangrik om te beklemtoon dat daar in die definisie van 'n Ou Nabye Oosterse biblioteek afgewyk word van die riglyne uitgestippel deur die inleiding tot die kongresbundel van die 30ste *Rencontre Assyriologique Internationale* (Veenhof (ed) 1986a:305). Hiervolgens lê die onderskeid in die interne ordening en funksies van die antieke biblioteek: "Their organization (catalogues, labels) and composition (range of texts; duplicates; traditional and new texts) ... together with whatever evidence we have about their physical characteristics." Die uitgangspunt word hier gehandhaaf dat beide Ou Nabye Oosterse argiewe en biblioteke deel uitmaak van 'n geordende

versamelingsgeheel en dus oor die potensiaal beskik om die genoemde funksies te inisieër. 'n Suiwer funksionele begripsomskrywing is dus nie voldoende nie.

Die tradisionele definisie vir die antieke biblioteek volg uit die bykans identiese begripsomskrywings van biblioteekhistorici Harris (1995:3) en Johnson (1970:7): "... a library is a collection of graphic materials arranged for relatively easy use, cared for by an individual or individuals familiar with that arrangement, and available for use by at least a limited number of persons." Bewaring vir toekomstige aanwending, kan aan hierdie basiese definisie toegevoeg word. Dit volg uit Sperry (1957:146) se opmerkings omtrent antieke Egiptiese biblioteke: "The literature of those distant times [the Old Kingdom (ca. 3000-2475 B.C.) and the period of disunity which followed it (2475-2000 B.C.)] was preserved throughout the span of Egyptian history by some agency."

Dit is egter duidelik dat hierdie definisie sonder veel aanpassing terselfdertyd kan dien as 'n algemene omskrywing van 'n argief. Selfs in die geval van moderne argiewe en biblioteke is die inhoud en beroepslui van die betrokke instansies dikwels uitruilbaar aan te wend: "It is entirely possible, and not infrequent, that one person's archives is another person's library" (Durance & Taylor 1992:44). Juis daarom word so dikwels gevind dat veral argivale handboeke feitlik as 'n reël oor 'n afdeling beskik wat die onderskeid tussen biblioteek en argief bespreek. Vergelyk in hierdie verband byvoorbeeld Durance en Taylor (1992), *Archive-library relations* (Clark (ed) 1976) en die *Nasionale diploma in argiefwetenskap handboek* (1984).

Aangesien die bogenoemde begripsomskrywing geen noemenswaardige onderskeid tussen die antieke argief en biblioteek, óf enige ander kulturele instelling daarstel nie, moet dus na meer subtiële verskille gesoek word. Om hierdie rede kom Durance en Taylor (1992:43) tot die volgende gevolgtrekking: "It is our contention that librarians and archivists (and museologists and art curators also ...) differ professionally only insofar as they approach the documentary heritage from a different point of view, or what the information technologist would call a different 'user view'. That is, the information theory of acquisition, organization, access and preservation of the media of record is the same, but the applications to which it is applied differ considerably and importantly." Die *biblioteekaktiwiteite* vir beide instansies oorvleuel dus. Beide argiewe en biblioteke versamel, organiseer, verskaf toegang en berg rekordmateriaal, maar dit word om verskillende redes gedoen en daar bestaan verskille in die prioriteite wat aan hierdie funksies toegeken word. Die uiteindelige bepalende faktor is die sogenaamde *user view* oftewel, die benadering wat deur die potensiële gebruiker - nie

die teenswoordige historikus nie - aan die versameling toegedig word: "The real difference between library and archival functions lies in *why* the information was created and used ..." (Durance & Taylor 1992:44). Dit is belangrik om te beklemtoon dat hierdie uitgangspunt verskil van die benadering wat deur Weitemeyer (1956) gevolg is vir die onderskeid tussen antieke argiewe en biblioteke. Enige *spesiale tegnieke* (Posner 1972:28) wat deur die Ou Nabye Oosterse biblioteek of argief aangewend is vir die organisasie van inligting is dus eerder toe te skryf aan 'n verskil in *die gebruiker se siening van die inligting*.

Daar is reeds in die voorafgaande bespreking verwys na die beginsels inherent tot die *argivale benadering*. Ten einde die antieke biblioteek beter te verstaan, is dit egter nodig om ook die grondliggende beginsels van hierdie instelling te ondersoek. Hieruit voortspruitend word die *gebruikersbenadering* tot die versameling daargestel wat hierdie versamelingstipe van enige ander onderskei. Volgens Durance en Taylor (1992:44) is die biblioteekbenadering daarin geleë dat die geskrewe rekord van 'n gemeenskap beskou word as 'n refleksie van die geakkumuleerde uiting van daardie gemeenskap: "... it should be preserved, made accessible, and co-located so that information on like subjects or by the same authors is connected and so that the relationships between them are made apparent." Hierdie uitgangspunt beklemtoon inligting, kreatiewe inhoudelikheid, die identifikasie van fisiese items en die verhoudings van brokstukke inligting afkomstig van diverse bronne: "It is less concerned than the archival function with evidentiary and contextual relationships, and therefore less concerned with maintaining acquired material in its original order" (Durance & Taylor 1992:44).

Daarom word hierdie navorsing nie noodwendig begrens tot die bepaling van 'n onderskeid tussen die biblioteek en argief as Ou Nabye Oosterse sosiale instansies nie. Die klem word uiteindelik geplaas op die uitgangspunt van die gemeenskap wat bepalend is in die daarstelling van 'n sekere versamelingstipe met die voortspruitende literatuerbewaring en biblioteekaktiwiteite wat deur die versamelingstipe ingeklee word.

Die *Nasionale diploma in argiefwetenskap handboek* (1984:5:3-4) maak 'n onderskeid tussen die biblioteek en argief ten opsigte van die volgende kriteria, wat vir die huidige navorsing aangepas is:

- \* *Verskaffingsgebied*: Biblioteke word nie beperk ten opsigte van die versameling van inligting in fisiese vorm nie. Die verskaffingsgebied,

hoewel planmatig gestruktureer, bly dus universeel. Assurbanipal stel uiteindelik sy versameling saam uit diverse bronne van oor sy hele ryk. Shadunu word byvoorbeeld aangesê om alle tablette ten opsigte van gespesifiseerde onderwerpe te versamel (Weitemeyer 1956:228-229). In die geval van die argiefbewaarplek is daar 'n bestendigheid in die opsig dat dit slegs bepaalde argiefryp registrasiegoed moet oorneem en nie onwillekeurige seleksie kan toepas nie. Die argiefbewaarplek, anders as die biblioteek, mag nie registrasiegoed wat aan hom toegewys is, weier nie.

\* *Oorspronklike doelstellings:* Biblioteekmateriaal het hul ontstaan te danke aan die sogenaamde *literêre doelstelling* daarvan. Die materiaal moet die leser *geestelik ontwikkel en wetenskaplik of geestelik uitbou*. Die sogenaamde biblioteek van Assurbanipal skyn die een versameling te wees waarvoor daar geen twyfel bestaan dat dit wél 'n biblioteek voorstel nie. Parpola (1983a:6) bevind dat slegs 'n klein persentasie hiervan bestaan uit *literêre* tekste (sowat tien tablette). Die res verteenwoordig: "... professional literature of experts in Mesopotamian scientific and religious lore" (Parpola 1983a:6). Hierteenoor dien argiefgoed slegs 'n *literêre doel* in soverre dit as bronnemateriaal vir navorsers en as administratiewe verwysingsbron kan dien. Die ontstaansgrond(e) van argiefgoed en die rede(s) waarom dit in die kantoor van oorsprong se registrasie opgeneem is, het niks te doen met die doelstelling om die mens geestelik te ontwikkel nie. Die grootste gedeelte argiefgoed in 'n argiefbewaarplek is die dokumentêre neerslag van 'n instansie se juridiese en amptelike bedrywighede. (Dieselfde kan ook gesê word van die argiefgoed wat by individue ontstaan het). Dis egter 'n wesenlike kenmerk van argiefgoed dat dit ontstaan het met 'n amptelike doel, wat die grond vorm vir die opname daarvan in die registrasie. Alhoewel hierdie ontstaans- en bewaringsdoel nie vir alle argiefgoed geld nie, is dit nogtans tiperend van die oorgrote meerderheid argiewe.

\* *Die eenmaligheids- en veelmaligheidskarakter:* Biblioteekmateriaal beskik oor die kenmerk van *veelmaligheid*. Dit is selde dat 'n biblioteek 'n eksemplaar besit wat in geen ander soortelyke instansie gevind word nie. Die Neo-Babiloniese biblioteek wat onlangs in die Šamaš-tempel by Sippar ontdek is, het byvoorbeeld geen materiaal opgelewer wat nie

reeds aan ons bekend was uit ander versamelings nie (Al-Rawi & George 1990:149). Argiefmateriaal daarenteen dra die kenmerk van *eenmaligheid*. Daar bestaan beperkte kopieë van byvoorbeeld 'n kontrak, as gevolg van die beperkte nutswaarde van veelvuldige kopieë van so 'n funksionele dokument.

- \* *Die handelswaarde*: Biblioteekmateriaal is handelsware. Dit kan gekoop en verkoop word en is dikwels in skriptoria aangrensend tot die biblioteek om hierdie rede gedupliseer. Argiefmateriaal, daarteenoor, het geen handelswaarde nie en dit speel geen rol in die totstandkoming daarvan nie. Argiefbewaarplekke ontvang hulle materiaal omdat hulle spesifiek opgerig is om dit te doen. Argiefmateriaal kan nie gekoop word nie en liefs ook nie vervreem word nie.

Hoewel die bogenoemde as riglyne kan dien ten einde die onderskeid tussen biblioteek en argief daar te stel, skyn daar vir elke reël 'n uitsondering te wees en daarom is besluit om die twee versamelings met 'n interne ordening saam te groepeer. Weer moet dit beklemtoon word dat geen versamelingstipe wat uit die protovorm ontwikkel het, skynbaar stagnant is nie. In die hieropvolgende afdeling word gekyk na die geniza as voorbeeld van 'n *versameling* sonder enige interne ordeningsstelsel. Die verwickeling van die begrip, toon egter dat die aard van die versameling wat dit aangedui het, oor die eeue verander het na gelang van veranderinge in die eksterne omgewing.

### 3.2.2 Versamelings sonder 'n interne ordeningsstelsel

Die geniza dien as voorbeeld van 'n *versameling* sonder 'n interne ordeningsstelsel. Dit skyn op die oog af die mees vereenvoudigde van die drie geïdentifiseerde versamelingstipes te wees en dit kan daarom moontlik lig werp op die meer komplekse en funksionele voorbeeldtipes. Hierdie versamelingstipe geniet nie enige noemenswaardige aandag in enige bespreking van versamelings binne die Ou Nabye Oosterse-tydvak nie en kom eers werklik onder die soeklig as 'n moontlike oplossing vir die problematiek rondom die gemeenskap van oorsprong by Qumran. Sukenik stel dit in 1948 as 'n moontlikheid voor (Golb 1995:274). Del Medico se uitbreiding op hierdie hipotese in die laat vyftigerjare van die twintigste eeu, dat die Dooie See Rolle 'n rommelhoop van heilige dokumentasie verteenwoordig het, was egter so verregaande dat die moontlikheid nooit groot gewildheid geniet het nie: "He proposed that the finds constituted a *genizah* (or storeroom) of worn-out and damaged

manuscripts, analogous to that kept in the Palestinian synagogue of Fustat (Old Cairo), and not connected with the nearby site ... His idea ... at first seemed to be supported by his vivid description of the nature of the damage done to them: They had in some cases been badly mangled, and might thus, perhaps, have been stored away after becoming worn out or otherwise losing their usefulness" (Golb 1995:273-274). Die verslete toestand van die rolle kon egter ook toegeskryf word aan die twee millenia wat dit in die woestyn deurgebring het. Daarbenewens het die ontdekking van die Koperrol (3Q15), met sy verwysings na weggesteekte rolle en skatte, die moontlikheid verder verminder dat Qumran as geniza fungeer het.

### 3.2.2.1 Geniza's

Die bekendste voorbeeld van 'n geniza is, soos reeds genoem, die Middeleeuse Kaïro Geniza, ontdek in die sinagoge in Fustat (ou Kaïro). Hier word 'n dokumentêre nalatenskap ('n lukrake versameling van briewe, kontrakte, rekeninge, ensovoorts) gevind van die Joodse middelklas in Egipte gedurende die tiende tot dertiende eeue n.C. Aangesien die geniza bloot 'n stookkamer vir fisies uitgediende tekste was, was daar geen sprake van enige interne ordeningsstelsel nie, aangesien herwinning van inligting nie een van die funksies van die versameling was nie. Die geniza moet nie verwar word met 'n argief nie, 'n term wat soms weens die versameling se waarde vir die moderne historikus daaraan toegedig word. Verder word die geniza hier bestempel as 'n *versameling* in 'n baie losse gebruik van die begrip met geen bedoeling dat die dokumentgeheel doelmatig en bewustelik byeengebring is vir toekomstige aanwending nie. Inhoudelik bestaan 'n argief en 'n voorbeeldtipe soos die Kaïro Geniza, uit identiese dokumentasie. Juis daarom word daar in hierdie studie gewaak teen 'n suiwer inhoudelike onderskeid tussen die versamelingstipes. Die verskil tussen 'n argief en geniza is geleë in die fragmentariese, dikwels onvolledige en ondoelmatige aard van die versamelingsgeheel, gevind by laasgenoemde. Hierdie aspek vorm dan ook die belangrikste onderskeidende kenmerk tussen die geniza en ander vorms van rekordversameling in die Ou Nabye Ooste: "... the fragmentary and random nature of the material is hinted at by the medieval originators of the material, who 'rid themselves' of documents, 'put away' volumes and papers, and 'abandoned them' there" (Sadan 1986:37). Hier is géén sprake van 'n noodwendige nalatenskap, die aanwesigheid van 'n bergingsfunksie, óf die behoud van die rekordversameling vir toekomstige aanwending nie. 'n Biblioteek of argief word funksioneel saamgestel en versamel, terwyl 'n geniza streng gesproke deur die akkumulering van 'n sekere verslete teksgroepering, gebeur. Die geniza bied egter 'n unieke refleksie op die sosiale stratum waarbinne dit voorkom. In die geval van die Kaïro Geniza, dien dit as 'n

onintensionele - en daarom uiters lewensgetroue - weerspieëling van 'n sosiale groepering se alledaagse aktiwiteite waartoe die historikus nie normaalweg toegang het deur 'n formele argief nie (Goitein 1967:vii). Dit reflekteer ook op 'n sosiale stratum wat andersinds geïgnoreer sou word in die samestelling van die Ou Nabye Oosterse tempel- of paleisversameling, wat slegs die boonste echelon van die gemeenskap of 'n eksklusiewe groepering (byvoorbeeld 'n godsdienstige groep), eerder as die breë samelewing, in hul dokumetêre nalatenskap vergestalt.

Hierdie sogenaamde stoorkamers was in die Middeleeue meestal geleë in sinagoges met die uitsluitlike doel om tekste te bewaar wat in onbruik geraak het weens verwerking. Die tekste kon nie vernietig word nie, aangesien dit as heilig beskou is, dikwels as gevolg van die aanwesigheid van die goddelike Heilige Naam. Die vernietiging van diesulke tekste is as oneerbiedigend beskou (Genizah 1971:405). Dit is moeilik vir die moderne student om die rasionaal agter hierdie gebruik te verstaan. Soos reeds in die vorige hoofstuk genoem, het die Mesopotamiese en Ou Nabye Oosterse benadering die geskrewe woord beskou as 'n substituuat vir die fisiese entiteit, met die gevolg dat ons hier die benadering vind dat 'n uitgediende of verweerde heilige dokument die waarde van die menslike liggaam aanneem: "A worn-out sacred book has been, in fact, compared more than once to the body of a deceased person ..." (Sadan 1986:36). Verskillende kulture het verskil in hul benaderings tot die dokumentasie: "... burial, sinking in water, erasure, storage, reuse in binding another book, etc." (Sadan 1986:36). Wat een groepering as aanvaarbare praktyk beskou het, het 'n ander as ontheiliging uitgekryt. Die Middeleeuse geniza was 'n weerspieëling van die bergingsopsie.

Die geniza moet nie verwar word met die gewone rommelhoop van rekords wat oral in die Ou Nabye Ooste gevind is en maklik vir 'n antieke biblioteek of argief aangesien kan word nie. Die duisende Persepolis fortifikasie tablette in Elamities en Aramees, is reeds genoem as 'n goeie voorbeeld van die Ou Nabye Oosterse gebruik om oortollige en uitgediende skryfmateriaal te "hersirkuleer" as goedkoop boumateriaal vir die opvul van mure, die gelykmaak van vloere, ensovoorts. Dieselfde gebruik is gevind vir potskerwe uit die agste eeu v.C. in Samaria (Dearman 1989:345). Hierdie skerwe dien vir die hedendaagse Ou Nabye Oosterse geleerde as goeie voorbeelde van 'n versameling kontrakte en transaksies aangaande die vervoer van goedere na die hoofstad, ten spyte van die feit dat die waarde van die geskrewe rekords vir die kontemporêre gemeenskap uitgedien was.

Die term *geniza* figureer in Jastrow se *A dictionary of the Targumim, the Talmud Babli and Yerushalmi, and the Midrashic literature, vol 1: א-כ* (1950:258), as אָנִיָּא met die betekenisnuanses van *verborge, geberg* en *gereserveer*. In die *Ithpe'el* dra dit die betekenis *om te verdwyn*. Die Arabiese variant *janāza* beteken *begrawe* (Goitein 1967:1). Uit die etimologie is dit duidelik dat toeganklikheid nie een van die kriteria vir die daarstelling van 'n *geniza* was nie. Volgens Goitein (1967:1), wat allerweë beskou word as 'n deskundige op die *geniza*-fenomeen in die algemeen en die Kaïro *Geniza* in die besonder (Sadan 1986:37 en Golb<sup>2</sup> 1979:287), word die betekenis van die entiteit nagespeur tot 'n oorsprong in die Persiese woord *ganj: stoorkamer* of *skat*.

In die Akkadiese *kanašu/kamāsu*, met die betekenisonderskeide: *to gather, to collect, to bring in (barley, persons, animals, documents or objects)* en *to prepare for burial* (Oppenheim et al (eds) 1971:114, 148), word egter 'n moontlike voorganger gevind. Dit herinner so sterk in betekenisnuanse aan die voorafgaande, dat die vermoede begin ontstaan het dat die *geniza*, soos die begrip wat dit benoem, 'n oer- of protovorm veel verder terug in die geskiedenis as sy Middeleeuse manifestasie het. Die Assiriese betekenisekwivalent reflekteer 'n willekeurige versamelingsaksie binne 'n spesifieke lokaliteit, weergegee in die betekenisonderskeide van die š-stamformasie (*šukmusu*) van die bogenoemde werkwoord soos *om te versamel* of *te plaas* (Oppenheim et al (eds) 1971:114). Dit staan in direkte teenstelling tot die onwillekeurige en ondoelmatige versameling van dokumente gevind by die Middeleeuse *geniza*. Die passiewe vorm *nakmusu* dra ook die kwaliteit van finale afhandeling van die versamelingsaktiwiteit oor aan die omgang met die versameling (Oppenheim et al (eds) 1971:114).

Die Assiriese ekwivalente het ons genoop om weer na die skynbaar enkelvoudige aanwending van die term in Hebreeus en Aramees te kyk. In Bybelse Hebreeus word gevind dat אָנִיָּא die betekenis *koninklike skatkamer* het, maar soos dit fungeer in Ester 3:9 en 4:7, wanneer Haman die Jode se verdoemenis koop deur te belowe om geld in die Persiese heerser se *skatkis* te deponeer (Koehler & Baumgartner (eds) 1985:190). In Esra 5:17, 6:1 en tot 'n mate in Esra 7:20, word in die Aramees 'n betekenisafleiding van אָנִיָּא אָנִיָּא gevind wat die tot nog toe duidelike rekonstruksie van die ontstaan van 'n versamelingsgebruik buite die ooglopende omvang van hierdie studie, verder vertroebel. Letterlik beteken dit *skatkamer* of *skathuis* (Koehler & Baumgartner (eds) 1985:1062), maar die konteks is heel anders as die geval in Ester. Tot so 'n mate dat dit verstaanbaar is waarom Bybelvertalers die woord *argief* doelbewus as 'n betekenisvariant verkies<sup>3</sup>.



Daarom is dit op hierdie stadium gepas om die bespreking van die geniza in te klee met een van die mees effektiewe oorgelewerde voorbeelde van aktiewe organisering en herwinning van inligting in die Ou Nabye Ooste. Dit mag dalk meer lig werp op die funksie van die term, soos dit voorkom binne verskillende tydsgrense en sosiale kontekste. Die voorbeeld is afkomstig uit die Bybelboeke Esra 4-6, asook Ester 6 en dateer uit die Persiese Tydperk. (Die Persiese Tydperk word gewoonlik gedateer vanaf die jaar 539 v.C., met die Perse se inname van Babilon, tot die opkoms van Hellenisme onder Alexander die Grote (336-323 v.C.)). In hierdie bespreking sal daar op die geval in Esra gekonsenteer word.

Die geskiedenis van die terugkeer van die Jode uit ballingskap in Babilon is alombekend en slegs die nodigste agtergrond word dus hier geskets. Bright (1981:360-390) dien as basis en verwysing in hierdie verband. In 538 v.C. vaardig Kores 'n dekreet uit wat die Joodse terugkeer na Palestina en die herstel van die tempel in Jerusalem magtig. Die Ou Testament gee twee weergawes hiervan in Esra 1:2-4 en Esra 6:3-5. Die laasgenoemde is deel van 'n versameling Aramese dokumente (Esra 4:8 tot 6:18). Aramees was die *lingua franca* van die Persiese administrasie. Die briefwisseling in Aramees is volgens Bright (1981:361) waarskynlik in die tempel in Jerusalem bewaar en deur die Kroniekskrywer ingesluit in die boek. Hoewel twyfel oor die betroubaarheid en die eensydigheid van Esra se weergawe nie geïgnoreer kan word nie, is Bright en Ou Nabye Oosterse outoriteite soos Albright, van mening dat die egtheid van die weergawe met geredelikheid aanvaar kan word (Bright 1981:361).

Na die uitvaardiging van Kores se dekreet keer 'n klein groepie Jode terug na Juda, onder leiding van Sesbassar. Een van die eerste handeling by hul terugkeer in Jerusalem, was die lê van die fundamente van die tempel (Esra 5:16). Werk het stadig gevorder. Dit word nogtans die simboliese herinstelling van die kultus in Jerusalem en 'n teken van nasionale identiteit en samehorigheid. Ongelukkig, vanweë die globale politieke situasie in die Ryk en interne struweling, vorder die werk aan die herstel van die tempel en stad stadig, indien enigsins. Agtien jaar na die Joodse terugkeer na Jerusalem, bewus van die belang van die herstel van die tempel vir die herinstelling van die kultus-gemeenskap, begin die Jode weer bou aan die tempel. Vier jaar later, in Maart 515 v.C., is dit onder Serubbabel voltooi en ingewy (Esra 6:13-18). Dit is egter in die voorafgaande geskiedenis van onophoudelike vertraging, dat 'n interessante ekserp gevind kan word van vertroue in die Persiese Ryk se administrasie en 'n verstommende en onderskatte geval van die organisering en herwinning van relevante inligting.

Deur die verloop van die geskiedenis van die tempelbou, is Kores mettertyd opgevolg deur Cambyses II (529-522 v.C.), Bardiya (522 v.C. - usurpator: 6 maande), Nebukadnesar III (522 v.C. - usurpator: 2 maande), Nebukadnesar IV (521 v.C. - usurpator: 3 maande) en Darius I Hystaspes (521-486 v.C.), as Persiese heersers (Oppenheim 1964:341). Jerusalem was steeds grootliks 'n ruïne en yl bevolk. Juda het op daardie stadium deel uitgemaak van die Persiese provinsie (satrap) "Oorkant-die-Rivier"/"Transeufraat", wat die hele Sirië en Palestina ingesluit het. Daar was volgens Herodotus twintig van hierdie administratiewe provinsies in die Ryk, waarvan "Oorkant-die-Rivier" die vyfde was. (Kennis word geneem van Cameron (1973) se alternatiewe siening van die lys provinsies. Aangesien dit egter nie die lyn van argumentasie beïnvloed nie, word volstaan met die bogenoemde tradisionele beskouing). Na aanleiding van Esra 5:3, kan afgelei word dat Tattenai die satrap of hoof van die provinsie was. Sanballat was onder sy toesig in beheer van Samaria (Nehemia 2:10). Te midde van onsekerheid en onrus in die Ryk, gekoppel aan 'n lank bestaande vyandskap tussen die nuut gevestigde Jode en die Samaritaanse aristokrasie, was dit nie vreemd dat die skielike bou-aktiwiteit in Jerusalem kommer sou wek in die provinsie nie. Daarop skryf die Samaritane (Esra 4:11-16) 'n brief aan die Persiese heerser om hierdie situasie aan te meld. Let op dat die Samaritane hul kommer oor die stand van sake baseer op die geskiedenis en reputasie van die stad Jerusalem, wat neergepen is: "..... in die kroniekboek van u vaders....." (Esra 4:15), oftewel: **בְּסֵפֶר־דְּכַרְנִיָּא דִּי אֲבֹהֵתָךְ**. Die Persiese heerser was op sy beurt in staat om hierdie inligting te herwin en suiwer op grond daarvan bevel te gee dat werk in Jerusalem gestaak moet word (Esra 4:19, 21-22).

Werk aan die tempel is gestaak tot in die tweede jaar van Darius se regering (Esra 4:24). Tattenai het ondersoek ingestel toe hy hoor van tekens van herbouing in Jerusalem wat geïnterpreteer kon word as handelinge van politieke uittarting (Esra 5:3). Daarop stuur Tattenai 'n brief aan Darius om navraag te doen ten opsigte van die aanvanklike bevel van Kores wat dateer uit 538 v.C. (Esra 5:17). Die koning word in hierdie geval nie verwys na die "kroniekboek van die vaders" nie, maar na die sogenaamde "skathuis van die koning" (**בְּבֵית גִּנְזֵיָא דִּי־מַלְכָא תְּמָה דִּי בְּבָבֶל**) - eie klem) (Esra 5:17) in Babilon. Hierop gee Darius opdrag vir die naspur van hierdie inligting in die "argief", oftewel: **בְּבֵית סִפְרֵיָא דִּי גִנְזֵיָא מְהַחֲתִין תְּמָה בְּבָבֶל** - eie klem (letterlike vertaling: "in die huis van die dokumente van die skathuis opbergend daar in Babilon" - eie klem) (Esra 6:1). Op navraag word die verteenwoordigers van die koning waarskynlik verwys na die argiefbewaarplek of biblioteek in Ekbatana (die moderne Hamadan, oftewel die Agmeta van Esra 6:2), waar hy wel bevestiging hiervan kry. Op grond van die geldigheid van hierdie

dokument word die Jode dan toegelaat om nie alleen die tempel te herbou nie, maar hulle word ook toegerus met die nodige hulp en hulpmiddele, soos bepaal in Kores se aanvanklike dekreet (Esra 6:2-15).

Ekbatana was die hoofstad van die provinsie Medië. Ongelukkig is opgrawings nog nie, volgens Brown (1986:108) en Vogelsang (1992:10), in hierdie stad gedoen nie en daar kan dus geen opmerkings gemaak word oor die aard van enige moontlike dokumentversamelings en hul interne organisering nie. Die Persiese Kores II, die Grote, het met sy oorwinnings oor Astyages van Medië, oor Lidië en Babilonië, gevorder van 'n klein regeringsgebied in die suidweste van moderne Iran, tot die uitgestrekte Persiese Ryk. Daarom kan met reg gevra word hoe die Perse dit reggekry het om so 'n uitgestrekte en diverse gebied inisieël onder bedwang te hou en uiteindelik suksesvol te regeer. Die staatsbestel het binne 'n relatief kort tydperk aansienlik uitgebrei en moes nou gediversifiseerde burokrasie kontroleer. Vogelsang (1992:1) vind die oplossing in die feit dat die Ryk nie in 'n vakuum ontstaan het nie, maar toegelaat is om vanweë Persiese toleransie, op reeds bestaande staats- en organisatoriese strukture voort te bou. Brown (1986:116) ondersteun hierdie standpunt. Aangesien ons oor feitlik geen betroubare argeologiese of historiese data beskik ten opsigte van die proses vir die daarstelling van 'n staatsbestel deur die Mede in Ekbatana nie, is ons afhanklik van wat ons wel weet van die sentrale Zagros-gebiede. Brown (1986:116) interpreteer die beskikbare data om 'n hipotese daar te stel vir die opkoms van: "... a region of economic intensification, social stratification, and coercive power as a result of the political, military, and economic intrusion of Assyria ... A chiefdom at Ecbatana, by virtue of its location, would have had a considerable advantage over any potential competitors in its ability to monopolize control over and profit from long-distance trade and regional exchange that, of necessity, passed through its territory ... Thus the evolution of the architectural complexes of Godin Tepe and Nash-i Jan Tepe are possibly only pale shadows of a similar but ultimately more successful development at Ecbatana itself." Dus die ideale omstandighede vir die daarstelling van 'n argiefbewaarplek, wat later deur die Perse oorgeneem is. Die realiteit hiervan word weerspieël in die insident uit die boek Esra.

Die volgende belangrike gevolgtrekkings kan dus uit die oorgelewerde weergawe gemaak word. Dit dien eerstens as bewys van die Persiese Ryk, met sy uitgebreide burokrasie, se klem op sorgvuldige administrasie wat insigself afhanklik is van goeie organisering van inligting. Darius se onderdane was in staat om 'n dekreet, agtien jaar of ouer, op te spoor in 'n rekordversameling verwyder van die hoofstad en geleë in een van die provinsies. Dit geskied ten spyte van die feit dat die aanvanklike verwysing dui

op Babilon as vindplek<sup>4</sup>. 'n Effektiewe verwysingsstelsel moes dus bestaan het, sowel as die desentralisasie van rekordversamelings. Dit is nog meer merkwaardig gegewe die feit dat die Jode in Jerusalem hulle met vertroue beroep op 'n dokument wat dateer uit 'n tydperk vyf administrasies tevore. Hierdie aksie toon 'n onteenseglike vertroue in die Perse se bewaring van alle dokumente, nie alleen die huidige administrasie s'n nie, maar ook 'n vertroue in die administrateurs se vermoë om dit tussen die vorige administratiewe gegewens op te spoor en te herwin. Die gesag wat aan hierdie geskrewe inligting geheg word, is verder veeleer tekenend van 'n gesofistikeerde inligtinggemeenskap met 'n sterk klem op inligting, as soseer die landbougemeenskap waaruit hierdie insident dateer. Dit dien as teken dat die oorgang van 'n orale kultuur na 'n geskrewe kultuur reeds voltooidheid binne hierdie gemeenskap nader. Geskrewe *inligting* in die vorm van 'n dokument, eerder as die bevestiging deur 'n getuie, dien as voorvereiste vir doeltreffende besluitneming en probleemoplossing. Die insident toon verder 'n ontsag vir die geskrewe woord merkwaardig vir 'n gebied met 'n geskiedenis van gemeenskappe waar die seëvierende koning alle historiese vertellings, dokumente, ensovoorts, van die vorige regering op homself van toepassing sou maak deur die oorwonne heerser se naam in dokumente te vervang met sy eie. Uiteindelik sou die Perse se invloed ten opsigte van rekordhouding die aard en wese van die Nabye Oosterse finansiële administrasie bepaal tot en met die agtiende eeu n.C. (Posner 1972:11): "There is good reason to believe that 'the princely courts of the Occident owe their archival organization as well as their register techniques to a twofold inheritance: the ancient Roman institutions as continued in the tradition of the Roman curia and the chancery practices of the ancient Orient that reached [these courts] through the administration of the Fatimid Arabs of Egypt and Sicily, which, [in turn], had absorbed Persian influence'."

Dit wil voorkom asof Esra 6:1 egter die sleutel hou tot die verstaan van die voorkoms en aard van die term *geniza* om en by drie honderd jaar v.C. Daarom word die relevante gedeelte weer herhaal: **בְּבֵית סֵפֶרֶיָא דִּי גְנִזְיָא מִהַחֲחִין תָּמָה בְּבֵתֵל** - eie klem (letterlike vertaling: "in die huis van die dokumente van die skathuis opbergend daar in Babilon" - eie klem). Dit blyk dat die "skathuis van die koning", die protovorm van die begrip *geniza*, die ekwivalent van 'n administratiewe sentrum of gemeenskapsentrum was waarbinne onder andere die Ryk se finansiële aangeleenthede (die *skatkis* van Esra 7:20) plaasgevind het, sowel as die daaglikse aktiwiteite van ryksbestuur.

Cameron (1965:167) het in 1963 enkele dokumente in Teheran ondersoek wat deel uitgemaak het van die oorspronklike opgrawings van die Oriental Institute van die

sogenaamde "Persepolis treasury". Volgens die amptelike verslag is 198 tablette en fragmente, tesame met ongeveer 548 kleiner brokstukkies gevind. Onder die dokumente vind Cameron (1965:169) 'n rekord waarna hy verwys as teks nommer 11, wat volgens hom nuwe lig werp op die Oud-Persies \**nidani-* (*stoor/stoorkamer*) en \**ganza-*, (*skat*). Die twee woorde kom in die teks voor as 'n moontlike samestelling (hierdie vermoede word onderstreep deur die feitlik identiese teks nommer 56): "... RUH<sup>g</sup> *mu-ši-[in sik-ki-ip] kán-za-[um] nu-da-mu-iš ...*", en word vertaal as: "... to men, keepers of accounts at the treasury-storeroom ..." (Cameron 1965:177-178).

Cameron (1965) se bevindings versterk dus die moontlike afleiding van 'n allesomvattende administratiewe geheel, soos gerekonstrueer is uit Esra 6:1. Binne hierdie sentrum word die "huis van die dokumente" gevind wat skynbaar verwys na 'n argief waarin die historiese dokumentasie geliaseer sou word omtrent koninklike dekrete, sowel as die geskiedkundige agtergrond van selfs relatief onbenullige gebiede soos Juda (Esra 4:15). Verder wil dit voorkom asof daar ook 'n sisteem bestaan het waarvolgens ouer en waarskynlik minder geraadpleegde dokumente verwyder is van die sentrale depot in Babilon, na ander dokumentasiesentra waarskynlik in die hoofstede van provinsies en in hierdie geval na Ekbatana. Soos reeds uitgewys, was die sisteem egter doelmatig georganiseer en die herwinning van relevante inligting was 'n sekerheid waarop die Judeërs so 'n belangrike gebeurtenis soos die bou van hul tempel kon berus. Toeganklikheid tot die raadpleging van die dokumentasiesentrum skyn afhanklik te wees van die goedkeuring van die koning. Dit wil egter voorkom asof 'n beroep op die koning die reg van enige burger van die Ryk was en die Persiese koning weier ook nie een keer in die Bybelse verhaal die versoek om herwinning van inligting uit die *skatkamer* nie. Ongeag of die versoek kom van die hoofde van die provinsie, of die skynbaar rebellerende party. Hoewel toeganklikheid dus beperk is, blyk die dokumentasiesentrum tog ondiskriminerend in diens te wees van elke burger van die Ryk. Hierdie afleiding herinner egter glad nie aan die ongeordende stoorkamer met beperkte toegang deur die dak, wat beskryf word as 'n tipiese fisiese kenmerk van die Middeleeuse *geniza* nie: "... it is by no means clear that putting material in a small storeroom at the Ibn 'Ezra synagogue in Old Cairo through an opening in the women's balcony on the second floor, or burying it at Basátin, implies any particular intention of depositing material, bequeathing it to posterity, or preserving it" (Sadan 1986:38).

Die gevolgtrekking wat hieruit gemaak word is dat die woordekquivalent van die versamelingstipe genaamd *geniza*, aanvanklik 'n meer omvattende betekenisinhoud gehad het. Dit wil voorkom asof die kenmerke van die protovorm veel meer herinner aan die eienskappe van 'n hedendaagse argief. Deur die verloop van tyd het die begrip

(nié die funksies nié), egter gefossileer geraak in die enkele aktiwiteit van die onwillekeurige berging van afvalmateriaal. Binne die religieuse konteks is dit afgebaken tot verslete dokumente wat om een of ander gewetensbeswaar nie vernietig kon word nie. Die vraag ontstaan dus wat vir hierdie verandering verantwoordelik was en waarom die geniza juis op hierdie manier getransformeer is?

Tentatief word daar op hierdie stadium voorgestel dat gemeenskapsdruk en veranderde omgewingsfaktore veral verantwoordelik gehou moet word. Die geniza/skatkamer van die Persiese Ryk het ontstaan binne 'n uitgebreide staatsbestel met die behoefte aan 'n geordende sentrale administrasie. Toegang is geredelik beskikbaar en geen evidente bedreiging word bespeur nie, wat lei tot 'n relatief oop sisteem. Hierteenoor word die Middeleeuse geniza gevind binne 'n religieus geslote minderheidsgroepering in 'n vreemde land. Die behoud van die sosiale identiteit van die minderheid lei tot die ontwikkeling van 'n sterk behoudende element wat in hierdie geval uiting vind in die letterlike nakom van godsdienstige gebruike soos die berging van uitgediende materiaal wat om religieuse redes 'n spesifieke betekenis aanneem. (Die Joodse religie het reeds hierdie aanpassingsmeganisme in reaksie op eksterne bedreiging gedurende die Babiloniese ballingskap begin vertoon in die ontstaan en skryf van die *Talmud*). Aangesien die Middeleeuse gemeenskap egter hoofsaaklik bestaan uit 'n werkersklas - en spesifiek handelaars - reflekteer die geniza 'n sterk kommersiële element in die inhoudelikheid daarvan. Vergelyk hiermee byvoorbeeld die gebruikersgemeenskap by Qumran, wat óók onder eksterne bedreiging gestaan het. Vanweë die geografiese konteks en die veranderde deursnee van die gemeenskap, reageer die Qumrangemeenskap anders as die Egiptiese Jode. Die eersgenoemde gemeenskap is duidelik behoudend weens eksterne bedreiging, maar die gevolglike versamelingsneerslag verskil in inhoud en aard drasties van die van die Kaïro Geniza. Meer egter later oor hierdie aspek.

#### **Notas:**

1. In teenstelling met hierdie geval, het die regering van Jordanië aanvanklik £ 15 000 beskikbaar gestel aan die Palestynse Argeologiese Museum vir die aankoop van die Dooie See Rolle uit grot 4. Die Museum het egter gou besef dat die vonds so groot was dat die instansie nie uit hierdie fondse alleen in staat sal wees om al die dokumentasie aan te koop nie. Hulle het hierdie finansiële verknorsing voorkom deur kopers te vind vir die rolle, onderhewig aan enkele voorwaardes. Hierdeur het hulle die aanvanklike potensiële verspreiding

van die inhoud van grot 4 oor die ganse wêreld voorkom en geleerdes die geleentheid gebied om sistematies die versameling in sy geheel te ondersoek. Die Universiteite van McGill in Montreal, Manchester en Heidelberg, die Vatikaanbiblioteek, die McCormick Teologiese Seminarium in Chicago, die Nederlandse Koninklike Akademie vir die Wetenskappe, die *Ecole Biblique* in Jerusalem, die All Soul's Kerk in New York en die Universiteit van Oxford het hierdie aanbod aanvaar. In ruil hiervoor het hierdie instansies die reg bekom om enkele van die dokumente te publiseer (Martínez & Barrera 1993:21-22 en Martínez 1994:xlii-xliii).

2. Norman Golb, wat later bekendheid verwerf het vir sy kontroversiële hipotese vir die oorsprong van die Dooie See Rolle, is ook 'n outoriteit op die geniza. Hy het sedert die laat vyftigerjare onder die leiding van Goitein intensief met die Kaïro Geniza-dokumente gewerk en is tans Hoogleraar in Jewish History and Civilization aan die Universiteit van Chicago (Golb 1995:46-47).
3. Die *New International Version* en die *Amplified Bible* vertaal Esra 5:17 se **בְּבֵית הַמֶּלֶךְ** as "... in the royal archives." In die Afrikaanse nuwe vertaling lees dit: "... in die koninklike argief." Die *Jerusalem Bible* verkies die naasliggende term: "... in the king's muniment rooms." Dit kan vergelyk word met die *King James version* se letterlike vertaling: "... in the king's treasure house" en 'n soortgelyke weergawe in die Afrikaanse ou vertaling.
4. Stolper (1989) het die Babiloniese regstek BM 74554 gebruik as grondslag vir sy rekonstruksie dat Kores in 535 v.C. aanvanklik 'n reuse administratiewe eenheid daargestel het wat beide Babilon en die provinsie "Oorkant-die-Rivier" ingesluit het: "Its governors were Iranians; the first of them, Gúbaru, held office between 535 and 525 and probably until 521; the second, Uštánu, from 521 on, probably until 516 and perhaps later" (Stolper 1989:292). Die westelike "Oorkant-die-Rivier" was dus aanvanklik 'n onderafdeling van die groter satrap: "... its first known governor, Tattannu, was appointed as a subordinate of Uštánu, governor of the combined satrapy" (Stolper 1989:292). Eers later het die twee eenhede verdeel om satrape van gelyke status te vorm. Hierdie afleidings van Stolper pas in by die rekonstruksie van

gebeure in Esra, aangesien dit verklaar waarom die Jode na die argiefbewaarplek in Babilon verwys. Dit sou natuurlikerwys die sentrum van administratiewe aktiwiteit van die gekombineerde satrap wees. Waarom dokumentasie later juis na Ekbatana verskuif is, kan egter nog nie verklaar word nie. Greenfield (1986:292-293) stel voor dat kopieë van dekrete vertaal en gesirkuleer is deur die Perse in die omgangstaal van elke gebied: "In the Achaemenian period the original may very well have been written in Aramaic on leather, and thus was highly perishable. ... in the letter of Darius to the Satrap Gadatas, found at Magnesia on the Meander, we have in all likelihood the Greek version of a text promulgated originally in Aramaic and publicized in Greek ... The original Aramaic texts were probably preserved in the archives of the respective cities." Indien Greenfield gelyk gegee word, beteken dit waarskynlik dat die oorspronklike dekreet in Babilon beskadig of vernietig is en 'n kopie daarvan uit Ekbatana aangevra moes word. 'n Goeie voorbeeld van inter-biblioteek lening.



## Hoofstuk 4

### Literatuerbewing en biblioteekaktiwiteite

Parpola (1983b:xi) skryf in sy welbekende inleiding tot die *Letters from Assyrian scholars to the kings Esarhaddon and Assurbanipal*, dat briewe sonder datums gebrek gaan aan historiese konteks: "... and without context, the ... letters ... become a collection of isolated jigsaw-puzzle pieces - pieces that are difficult to understand, often fail to make sense and can only give a hint of the events, processes and settings that once engendered them." Die gemeenskap bied die nodige konteks waarbinne biblioteekaktiwiteite en literatuerbewing tot 'n integrale geheel gebind word binne die groter intellektuele en kulturele raamwerk waarin dit aangetref word.

In die hieropvolgende bespreking word enkele voorbeeldversamelings aangeraak teen die agtergrond van die voorafgaande hoofstukke. Dit moet weer beklemtoon word dat die bedoeling van hierdie bespreking nie is om noodwendig 'n volledige lysing van alle Ou Nabye Oosterse versamelings te bied nie. Enkele versamelings is gekies vanweë die kenmerkende individuele eienskappe verbonde aan elk. Ten einde die eiesoortige aard van die Ou Nabye Oosterse literatuerbewing en biblioteekaktiwiteite ten beste te illustreer. In die eerste afdeling van hierdie hoofstuk word die versamelings van L.2769 by Ebla, die dokumentversameling van Mari, die Kuyunjik-versamelings en 'n onlangse ontdekking in die tempel van Šamaš by Sippar bespreek. Hierdie versamelings is nie noodwendig verteenwoordigend van die totale versamelingspektrum in die Ou Nabye Ooste nie, aangesien elke versameling uniek is gegewe die gemeenskap waarbinne dit aangetref word. Die bespreking dien egter as basis vir die illustrasie van eiesoortige praktyke en die invloed van die gemeenskap op die protovorm. Die chronologiese volgorde waarin die voorbeeldversamelings aangespreek word, moet nie beskou word as aanduidend van 'n chronologiese opeenvolging of ontwikkeling nie. Die gevorderde praktyke by Ebla word juis gevolg deur 'n veel meer rudimentêre manifestasie by Mari - 'n duidelike teken dat gemeenskapsbehoefte eerder as ewolusie, bepalend is in die vergestaltung van die individuele versameling. Relatief substansiële versamelings bestaande hoofsaaklik uit kleitablette, is vir die doeleindes van hierdie bespreking gekies omdat die durende aard van die klei as skryfmateriaal veroorsaak dat hierdie versamelings waarskynlik meer representatief opgegrawe is as enige versameling op papyrus of perkament.

Ebla se kamer L.2769 dien as voorbeeld van die werking van 'n proto-argief binne die groter geheel van 'n dokumentasiesentrum bestaande uit 'n skriptorium, areas vir tydelike bewaring en vir die raadpleging van dokumente. Aangesien die versameling feitlik onverstoord gevind is, dien hierdie versameling as rigtingaanduiders vir die bestaan van organisatoriese praktyke waarvoor daar in verstoorte versamelings slegs gespekuleer kan word. Mari dien as goeie voorbeeld van 'n versameling wat ontstaan het in 'n gemeenskap wat deur beide nomadiese en verstedelike eienskappe gekenmerk word. Die versameling toon daarom ook 'n minder gespesialiseerde weergawe van die protovorm met 'n sterk mondelinge karakter steeds inherent tot die herwinning van inligting. In teenstelling hiermee kan bloot uit die inhoud enkele opmerkings gemaak word omtrent moontlike organiserings- en herwinningspraktyke by die Kuyunjik-versamelings, aangesien daar gebrekkige data beskikbaar is omtrent die oorspronklike rangskikking. Hierdie versamelings sluit egter die beroemde *biblioteek van Assurbanipal* in en word bespreek as voorbeeld van 'n amptelike of koninklike versameling met uiters beperkte toegang. Hier is dit moontlik om uitsonderlike voorbeelde van versamelbou en biblioteekbestuur te illustreer aan die hand van Assurbanipal se kenmerkende kolofone en die sogenaamde *biblioteek-rekords* wat uit hierdie versameling afkomstig is. 'n Onlangse ontdekking by Sippar voltooi die bespreking. Hierdie versameling word vir die eerste keer in 1987 in die tydskrif *Iraq* (Excavations in Iraq, 1985-86 1987) vermeld en dien as bewys vir die lewensvatbaarheid van 'n interdisiplinêre benadering tot Ou Nabye Oosterse versamelings, soos in hierdie navorsing bepleit. Dit toon nie alleen die potensiaal vir toekomstige samewerking nie, maar ook die realiteit van die potensiële ontdekking van versamelings onaangeraak en in hul oorspronklike bergplekke gevind.

Hierop volg 'n bespreking van enkele probleemgevalle. Weer poog die bespreking geensins om allesomvattend te wees nie. 'n Post-eksiliese Judese "argief" word gekies om die problematiek rondom 'n beperkte argeologiese vonds aan te spreek, asook die bydrae van organisatoriese instrumentasie soos seëls, in die rekonstruksie van 'n antieke versameling. Dit word gevolg deur 'n bespreking van Qumran en die Dooie See Rolle. Hier val die klem op die waarde van potensiële literatuerbewing- en biblioteekaktiwiteite vir die rekonstruksie van die gemeenskap van oorsprong. Addisioneel hiertoe word ook aandag geskenk aan die moderne omgang met 'n antieke versameling en die etiek daaraan verbonde. Ten slotte word die Ou Nabye Oosterse sogenaamde *familie-argief* se tipering as *argief*, bevraagteken aan die hand van Babata se versameling as voorbeeld.

## 4.1 Enkele voorbeeldversamelings

Daar is reeds in hoofstuk 3 verwys na Ebla se kamer L.2769 as 'n "tipiese argiefbewaarplek", aldus Veenhof (1986b:6). Hierdie is ook die ideale voorbeeldversameling. Die argeologiese ekspedisie onder leiding van Matthiae, het met groot sorg die vindplekke van elke tablet aangeteken. (Die bespreking van die situasie by Kuyunjik en Qumran sal toon hoe raar hierdie toedrag van sake werklik is). Verder is die versameling *in situ* gevind. Die verwoesting van die paleis het relatief beperkte skade aangerig. Talle van die tablette het sonder enige noemenswaardige beskadiging behoue gebly. Die rakke tablette het feitlik onverstoord op mekaar inmekaar gesak. Hier is dit dus moontlik om met groot sekerheid afleidings te maak ten opsigte van die algemene praktyke van literatuerbewing en biblioteekbewaring geldig in die Ou Nabye Ooste. Ebla se waarde as voorbeeldversameling word daarom deur Michalowski (1985:297) verwoord as: "It is not grandeur and uniqueness, but it's state of preservation that constitutes the most important aspect of the discovery of Ebla."

### 4.1.1 Ebla

Michalowski (1985:301) maak by geleentheid verder die stelling: "The Muse of Assyriology is wed to chance moments and this Muse also rules the analysis of Near Eastern history." Daar is geen beter voorbeeld om hierdie stelling te illustreer, as die ontdekking van die Siriese stad Ebla nie.

Die ontdekking van Ebla het soos in die geval van vele ander Ou Nabye Oosterse rekordversamelings, per abuis geskied. Die Universiteit van Rome het in 1964 besluit om met opgrawings in Sirië te begin. Hulle het twee moontlike areas geïdentifiseer: Tell Mardikh, 53 km suidwes van Aleppo, of 'n kleiner tell genaamd Tell Afis, 10 km noord van Tell Mardikh. Die keuse het uiteindelik op die eersgenoemde geval (Matthiae 1980:40).

Op daardie stadium was die moontlike ligging van 'n handelstad met hierdie naam bloot gebaseer op enkele verwysings in tekste. Daarom was die hoofdoel van die opgrawings, tot en met 1968, om aan studente 'n beter historiese beeld te gee van die Middel Bronstyd I-II en die moontlike ondersoek van die oudste vorme van verstedeliking in Sirië (Matthiae 1976:94 en Pettinato 1981:22). Niemand het enige vermoede gehad omtrent die moontlike identiteit van die nedersetting nie. Vyf jaar na die opgrawings begin het sou die doelwitte van die argeoloë, onder die leiding van Paolo Matthiae, drasties verander.

Op die agterkant van 'n koplose koninklike beeld is die eerste verwysings na 'n koning van Ebla gevind en ontsyfer in 1968 (Viganó 1984:6). Die moontlikheid dat Tell Mardikh wel die antieke stad Ebla was, het begin figureer. Dit was egter die ontdekking van sekere kamers in die koninklike paleis (G) in 1975, wat sou lei tot 'n ontdekking wat later deur Wellisch (1981:488) beskryf word as: "Second in importance perhaps, only to the discovery of the Dead Sea Scrolls."

Paleis G is in 1973 ontdek en word dateer tussen 2700 en 2400 v.C. Dit was op die laer vlak van die akropolis geleë en het beskik oor 'n groot binnehof, wat verbind is met die hoër vlak van die stad deur middel van trappe (Viganó 1984:7). Die eerste 42 kleitablette is in Augustus 1974 ontdek in 'n stoorkamer van die paleis, genaamd L.2586. Maar dit was die ontdekking van nog twee kamers in 1975, wat tot die werklike opskudding sou lei. Pettinato (1981:xv) vertel: "It was the evening of September 30, 1975 - Dr Alessandro De Maigret arrived on the run and out of breath with the news that in the square he was digging he lit upon a huge quantity of tablets. Furnished with kerosene lamps, we set out at eight in the evening for the sector in question and through a hole one could catch a glimpse of a heap of large, dust-covered tablets incised with cuneiform signs. I descended to a depth of eight meters and, cautiously drawing near, I began to look through the first text that cropped out, half-covered by the sand of centuries. This time the emotion is inexpressible because in the ten columns that appeared I could several times distinctly read the words ... 'king of Ebla'. ... We stood before some historical texts that left no further room for doubt. Throughout the night the archaeologists continued to excavate and the following morning the first layer of what was the nucleus of the royal library of Ebla could be sighted." In kamer L.2769 is ongeveer 14 000 wigskrif-tablette, of fragmente daarvan, gevind<sup>1</sup>.

Die grootste wonder was dat die kleitablette die verwoesting van die argief en paleis van Ebla deur die Akkadiërs (waarskynlik Sargon se kleinseun Naram-Sin) in ongeveer 2500 v.C. (Biggs 1980:81) oorleef het. Hiervoor was die rede juis die feit dat die paleis verbrand is. Dit wil voorkom asof 'n groot aantal van die kleitablette om hierdie rede behoue gebly het, aangesien nie alle tablette voor hul plasing in die argief/biblioteek gevuur is nie. (Dieselfde het in die geval van Kuyunjik en op verskeie ander plekke gebeur). Die daaropvolgende brand was dus juis daarvoor verantwoordelik dat die houtrakke waarop die tablette bewaar is verbrand het, maar die tablette het feitlik onvernietigbaar vir die nageslag bewaar gebly. Die verskillende raklae kon steeds

uitgemaak word soos die tablette netjies op mekaar ingeval het. Dit wil voorkom asof die tablette bewaar is op drie houtrakke, ongeveer 80 cm breed, wat ondersteun is deur reghoekige houtstrukture (Matthiae 1978:4). Die stad het na die verwoesting bly voortbestaan tot en met ongeveer 1600 v.C. (Viganó 1984:7).

Die rekordversameling is volgens Pettinato (1981:73-74) oor 'n tydperk van sestig tot sewentig jaar saamgestel tydens die regerings van vyf Eblaitiese "konings": Igrish-Halam, Irkab-Damu, Ar-enum, Ebrium en Ibzi-Zikir. Hierdie tydperk is parallel met die dinastie van Mesalim van Kish in Mesopotamië en die vierde dinastie in Egipte. Pettinato se datering moet egter in ag geneem word met die voorbehoud van Michalowski (1985:294): "Even granted this premise, it is in fact impossible to substantiate the proposed, and widely accepted interpretation of the facts"<sup>2</sup>.

Die rekordversameling was rondom die binnehof van die paleis geleë waar die daaglikse regeringsaktiwiteite waarskynlik plaasgevind het. Dit vloei dus logies hieruit voort dat een van die funksies van die versameling juis geleë was in sy kapasiteit as bewaarplek en dokumentasiesentrum vir sake van staatkundige belang. Beide L.2769 (die hoof-versameling) en 'n kleiner stoorkamer, L.2712, was slegs toeganklik vanuit die binnehof. Dit het hoofsaaklik dokumentasie bevat wat die lewering van tekstiele aan individue van die stad en aan ander stede of hul konings gereflekteer het. Dit lys ook belastingverpligtinge, asook bewyse vir die ontvangs van voedselvoorraad vir ambassadeurs en boodskappers na afgeleë stede (Matthiae 1978:5). Uit die bogenoemde lyk dit dus asof die term *State Archives* wat deur Matthiae (1978:4) daaraan toegeken word, geregverdig is. Die gebruik van die alternatiewe term *library* (of *library proper* - aldus Pettinato 1981:50) vir L.2769 in die daaropvolgende paragrawe van Matthiae se bespreking (1978:5), word verklaar deur 'n inhoudelike diversifikasie in die versameling. Pettinato (1976:45) verdeel die inhoud van L.2769 in vyf groepe:

- \* *Ekonomiese-administratiewe dokumentasie*: Die oorgrote meerderheid van die tablette is van hierdie aard. Gekombineer met die bogenoemde beskrywing, bevat dit ook landbou-verwante gegewens soos die verbouing van graan en gegewens omtrent die aanhou van vee. Dokumente omtrent die metallurgiese industrie, tekstiele, hout en edelstene is ook ingesluit. Die internasionale handelstablette met betrekking tot tekstiele en metale is veral belangrik as gevolg van die besondere lengte daarvan. In sommige gevalle het dit oor 60 kolomme

gestrek, met ongeveer 3 000 reëls per tablet (Pettinato 1976:45). Hiervan is duidelik die breë reikafstand van Ebla se handelsbetrekkinge in die Ou Nabye Ooste af te lei, sowel as die verfynde tegnieke wat met die uitbreiding van die handelsbetrekkinge gepaard gegaan het.

- \* *Leksikale tekste:* Hierdie tekste bevat verskillende skoolverwante oefeninge, asook wetenskaplike lysse van diere, soos visse en voëls. Daar bestaan ook lysse wat beskryf kan word as geografiese atlasse, lysings van beroepe en persoonsname, sowel as lysse van objekte. Die tradisie van hierdie lysse verteenwoordig 'n fenomeen wat ook gevind is by Fara en Abu Salabikh. In Ebla is die bestaande Sumeriese lysse egter nie bloot oorgedra nie. Hulle het ook hul eie lysse saamgestel in Paleo-Kanaänities. Die wetenskaplike lysse van Ebla vertoon verder 'n akrografiese samestelling, met ander woorde 'n samestelling op grond van die formatiewe elemente. Dit kan dus beskou word as moontlike voorlopers vir die Babiloniese reekse *ni-ga*, *izi* en *ka-gal* wat sewe eeue later in Mesopotamië gevind word (Pettinato 1976:45).
- \* *Historiese en histories-juridiese tekste:* Hierdie afdeling behels onder andere koninklike edikte, briewe en briewe van staatsamptenare, lysse van stede onderhorig aan Ebla en staatshuwelike. Enkele internasionale ooreenkomste, soos tussen Ebla en Assur, is hierby ingesluit. Die regstekste hou verband met kontrakte vir die koop en verkoop van eiendom, die verdeling van besittings en enkele regskodekse.
- \* *Literêre tekste:* Dit omsluit verhale met 'n mitologiese agtergrond, lofliedere aan die gode en versamelings spreuke. Die bestaan van hierdie en die hieropvolgende groepering tekste binne die versameling, vervaag die klinkklare identifikasie van die versameling met 'n *argief*. Die teenwoordigheid van hierdie tekste moet verklaar word as waarskynlik verbandhoudend tot die moontlike aanwesigheid van 'n skrywerskool.
- \* *Sillabe-lysse:* Hierdie lysse bied 'n metode vir die aanleer van Sumeries. Dit behels grammatikale tekste met woordparadigmas in Eblaities, sowel as 32 tweetalige (Sumeries en Eblaities) woordelysse - die eerste

in die geskiedenis. TM.75.G.2000(waarvan 18 duplikate gevind is) is veral uitsonderlik, aangesien dit bykans 'n duisend vertaalde woorde bevat (Pettinato 1976:45). (Archi (1986:78) bereken in sy retrospeksie op die argeologiese gegewens dat 28 tweetalige woordelystablette met sekerheid geïdentifiseer kan word).

L.2769 was 5.10 x 3.55 m groot. Na deeglike rekonstruksie kan afgelei word dat die tablette langs drie van die mure rangskik was op drie vlakke. Die onderste vlak het op die grond gestaan en die twee bokant dit, op houtrakke wat ondersteun is deur houtpale in die grond. Tydens die brand is die hout veras en die tablette het netjies op mekaar ingesak. Die volgorde en rangskikking het dus grootliks behoue gebly, alhoewel veral die onderste laag tablette feitlik almal as gevolg van die insakking gebreek het (Pettinato 1981:50). Matthiae het met groot noukeurigheid die vindplek van elke fragment in verhouding tot die mure en vlak noteer (Archi 1986:83). Die bestaan van die houtrakke is gerekonstrueer uit die bestaan van gate van gelyke grote en met dieselfde afstand van die oostelike, noordelike en westelike mure. Dit laat min twyfel dat dit steunpilare was vir die houtrakke nie. Pettinato (1981:50) maak daarom die afleiding dat die rakke waarskynlik bestaan het uit twee planke met 'n lengte van ongeveer 0.4 meter, wat langs mekaar geplaas is. Teen die noordelike muur is dit moontlik ook ondersteun deur horisontale balke wat teen die muur vasgemaak is.

Die eerste aspek wat opval in 'n soektog na 'n interne ordeningsstelsel, is die verskil in grootte tussen die tablette. Dit sou later blyk dat die vorm van die tablette verband hou met die onderwerp waaroor die teks handel. Daar was dus ongetwyfeld sprake van 'n onderwerpsindeling, aldus die argeoloog Matthiae (Pettinato 1981:50). Dit word bevestig deur Pettinato: "As regards L.2769, I recall having gone down the opening made by the excavation the morning before the removal of the individual tablets began and having ascertained that the area of the north wall contained texts of a lexical character, while the east sector was reserved for the tablets of commercial nature" (1981:50-51).

Daarbenewens is ook tekens gevind van eenvoudige klassifikasie- en ontsluitingsmeganismes in die rangskikking. Die rakke het horisontale rye medium-grootte vierkantige tablette (die tablette in verband met kledingstukke en metale) gehuisves in 'n vertikale posisie. Enkele besondere groot en reghoekige tablette (36 x 33 cm) is op die vloer, onder die rakke geplaas en het in 'n gedeeltelik horisontale

posisie gelê. Die kleiner, konvekse, ronde tablette is ook onder die laagste noordelike rak geplaas. Hierdie tablette is gevind naby ryk konsentrasies as, wat Matthiae (1986:64) tot die gevolgtrekking laat kom dat ten minste enkele groepe van hierdie ronde tablette in mandjies bewaar is wat deur die brand vernietig is. Die oorgrote meerderheid leksikale en literêre tekste is op die boonste vlak teen die noordelike muur geplaas en was waarskynlik in 'n horisontale posisie. Matthiae (1986:66) maak die opmerking dat hierdie die enigste posisie is waarin alle gegewens sonder moeite van die tablette herwin kon word: "... it is quite clear that only the horizontal placement of the tablets could allow them the complete reading ..."

Die medium-grootte vierkantige tablette was gemiddeld 18/21 x 21/22 cm, met 'n dikte van 3 tot 4 cm. As gevolg hiervan kon die tablette maklik regop geplaas word, in parallelle horisontale rye. Ongeveer 15 tablette het in so 'n ry gepas. Hierdie tablette was sonder uitsondering rangskik volgens: "... an exact and constant rule" (Matthiae 1986:64). Die tablette was dus effe skuins gerangskik, met die voorkant na die binnekant van die vertrek gerig. Hulle is so geplaas dat die skrif horisontaal leesbaar was. Sodoende was die eerste reëls (*incipit*) van elke tablet sigbaar sonder om enige van die swaar en breekbare tablette te moes beweeg. Die maand is op die rand van die tablet aangebring (as dit nie in die kolofon aanwesig was nie), tussen die voorkant en die agterkant van die tablet en op so 'n wyse dat 'n persoon wat langs die rak staan, dit kon lees sonder om die tablet te beweeg. Aangesien die verskil in hoogte tussen die rakke dubbeld die lengte van die tablette was, was dit nie nodig om enige tablet onnodig te beweeg nie. Matthiae (1986:66) is egter nie so seker of die lesing van die eerste kolom, genoeg inligting sou verskaf ten einde die dokument te identifiseer nie.

Teen hierdie agtergrond maak Archi (1986:77-82) 'n indeling in die geval van L.2769, wat verskil van die inhoudelike indeling van Pettinato. Hy neem vir hierdie indeling nie alleen die inhoud nie, maar ook die tabletvorm, bewaringsmetode en lokaliteit, as moontlike interne ordeningsisteme in ag. Hierdie indeling regverdig hy op grond van Muller, Feith en Fruin se argivale benadering: "The classification system must be founded on the original organization of the files, which corresponds along large lines to the organization of the administration which it expresses" (Archi 1986:72):

- \* Die grootste en mees tipiese tablette in die Ebla-versameling, is die 543 bykans vierkantige tablette waarop die rekeninge vir kledingstukke en materiaal uitgereik is. Dit het bestaan uit gemiddeld tien tot twaalf kolomme aan elke kant. Die kolofon het in elke geval die totale aantal



- kledingstukke bevat, die aantal gordels, sowel as die hoeveelheid wol wat gewef moes word. Hierna volg die administratiewe klassifikasie van die dokument as *uitreiking* (*é*), sowel as die maand se naam. (Die dokumente is maandeliks saamgestel, wat juis afgelei kan word uit die feit dat al die name van die maande in die kolofone verskyn).
- \* Sowat 'n 100 klein, ronde en konvekse tablette bevat individuele besendings van 4 042 kledingstukke en 3 267 gordels, sowel as jaarlikse opsommings van die produksie van die *wol-huis* (*al-gál é-siki*). Hierdie kwantiteite moes waarskynlik nog uitgereik en dan oorgedra word op die maandelikse state.
  - \* 311 tablette van medium-grootte en groter, sowel as 378 ronde en konvekse tablette, behandel aangeleenthede met betrekking tot metaal. In hierdie geval is die interne klassifikasie moeiliker. Die *sleutelwoorde* is dikwels afwesig, of moes op 'n beskadigde kolofon aangebring gewees het. Verder is die betekenis van die administratiewe indeling van *aflowering* (*mu-DU*), *geskenk* (*nig-ba*), *besending* (*DÚB*) en *prys/aankoop* (*nig-sa<sub>10</sub>*), nie altyd duidelik nie, omdat die konteks van die handeling waarbinne dit funksioneer het, verlore is. Die besendings metale aan die Eblaitiese en ander Siriese hofhoudings is aangebring op ietwat groter tablette (35 cm breed en omtrent dieselfde hoogte). Dit is ook volgens die maande ingedeel. Archi (1986:80) verklaar die verskil in getal met betrekking tot die kledingstuk-tablette, deur voor te stel dat hierdie jaarlikse state verteenwoordig.
  - \* Sowat 80 tablette behels *aflowerings* (*mu-DU*) van goud en silwer.
  - \* 'n Addisionele tien tablette bevat die sleutelwoord vir *geskenk* (*nig-ba*) en behels die skatpligtigheid van Ebla jeens ander state soos Mari (vergelyk byvoorbeeld TM.75.G.1953 en 2592). Hierdie tablette verskil van die ander in vorm. Dit is kleiner as die kledingstuk-tablette (*é*) en is plat aan die voorkant, maar konveks aan die agterkant. Die hoeke is afgewerk.
  - \* 66 mediumgrootte en kleiner tablette het die landbou as onderwerp. Dit behels grootliks 'n rekordhouding van die hoeveelhede graan. Die

hoeveelhede wordsorgvuldig aangeteken met betrekking tot die plek waar dit geproduseer is en die amptenare wat verantwoordelik was vir die oes. Daar is ook rekord gehou van die produksie van olie en 23 tablette bevat 'n lys van vrugbare landerye en olyfboorde. Hierbenewens bestaan daar ook 21 registers van landbou-verwante werkers.

- \* 64 tablette handel veteelt en sowat 22 tekste handel oor die hoeveelhede skape wat aan die paleis verskaf is. (Hierdie tablette is maklik uitkenbaar: dit is plat aan die voorkant, konveks aan die agterkant, het afgewerkte hoeke en is groter as die wat aangewend is vir die aantekening van versendings metaal). Die tablette word in drie gedeeltes met afdelings vir die skape wat aan die gode geoffer is deur die hofhouding, die wat deur die paleis personeel geëet is en verder die skape wat aan boodskappers uitgedeel is wat op amptelike sendings vertrek het. Hierdie tablette dateer slegs uit een regeerder se tydperk. Daarom maak Archi (1986:82) die gevolgtrekking dat hierdie tablette van tyd tot tyd verwyder is en slegs die maandelikse totale is dan opsommenderwys geliasseer.
- \* Die res van die medium-grootte tablette behels versendings metale vir handelsendings en silwer wat gebruik is vir die aankoop van vee, wol en ander goedere.
- \* Sowat 48 diverse administratiewe dokumente bestaan oor verskeie onderwerpe soos byvoorbeeld die *inventaris (šid)* van die skryfwerkers se werkswinkel, die bruidskat van 'n prinses en lyste stede en dorpe.
- \* 52 dokumente word ingelei met die formule *en-ma (dus)*. Dit behels hoofsaaklik briefwisseling tussen die koning en sy onderdane. (Dit is duidelik dat die briewe gesorteer en geselekteer is alvorens dit in L.2769 bewaar is). Hieraan kan ook enkele dekrete en internasionale handelsooreenkomste toegevoeg word, tussen Ebla en state soos Mari, Nagar en Abarsal in Mesopotamië.
- \* 25 literêre tekste bestaan verder waarvan die meeste betrekking het op beswerings in Sumeries en Eblaïties.

- \* 60 enkeltalige leksikale tekste word in twee groepe verdeel. Die een groep is reproduksies van oorspronklik Mesopotamiese tekste, veral van Abú-Salábikh, Uruk en Fara. Dan bestaan daar 'n tweede groepering van ongeveer 1 500 woorde met die doel om dit in Eblaïties te vertaal. Talle rowwe voorbeelde van die lysting in die vorm van 'n oefening en die uiteindelige lys op een groot tablet, is gevind.
- \* Die 28 tweetalige woordelyste is reeds genoem.

L.2769 vorm deel van 'n dokumentasiesentrum wat potensieël bestaan het uit vyf kamers (L.2769, L.2712, L.2764, L.2875 en L.2913), waar moontlike bewaring geskied het en twee moontlike vertrekke (L.2586 en L.2913) waar konsultasie van tekste plaasgevind het. Daar is ook ongeveer 25 tablette op 'n houtplank in L.2752, op die oostelike stoep van die binnehof, gevind. Matthiae (1986:58, 60) stel voor dat hierdie die metode was waarop bereide tablette vervoer is na die areas waar dit beskryf is en klaar beskryfde tablette na die argivale lokale. Die dokumentasiesentrum se vertrekke is dus op een van drie maniere aangewend (Matthiae 1986:57-58):

- \* Vertrekke waar die tablette binne 'n vasgestelde ordening bewaar is. Die *bewaring* kan verder gekwalifiseer word deur te onderskei tussen tydelike bergplekke en L.2769, waarin tablette bewaar is wat volgens Schellenberg (1956:16) se definisie *geselekteer* is vir *permanente bewaring* met die doel van *navorsing* of *naslaan*;
- \* Vertrekke waar tablette gevind is wat vermoedelik geraadpleeg is in die tydperk wat die verwoesting direk voorafgegaan het; en
- \* Kamers waar die dokumente skielik gelaat is deur persone wat besig was om dit van een lokaliteit na 'n ander te vervoer.

Die tablette is verskillend bewaar in die onderskeie vertrekke. Tekens van 'n interne organisasiesistiem blyk uit die wyses wat aangewend is om die tablette te berg. In L.2712, die sogenaamde klein stoorkamertjie met 900 administratiewe brokstukke van tekste, is die tablette skynbaar gerangskik op rakke wat aan twee van die mure vasgemaak was in die vorm van 'n soort houtagtige houers wat van die dak gehang het

en met klei oorgetrek is. L.2764 (met sy ongeveer 500 fragmente) en L.2875 (met 650 brokstukke), het beide tekens getoon van een of ander hout of steen bank langs twee van die mure, wat dit moontlik gemaak het om die tablette in twee lae te bewaar (Pettinato 1981:49). Matthiae (1986:60) is onseker oor die rede vir die verskil in bewaringsmetode wat in elk van die vertrekke gevind is. Dit is egter wel moontlik om te rekonstrueer dat L.2769 die finale eindpunt was vir permanente bewaring. Die ander vertrekke het die dokumente tydelik gehuisves.

In L.2586, een van die leeskamers, is ook 'n kleipot gevind. Daar word vermoed dat die kleipot ook moontlik dokumente tydelik kon huisves. Dit sou strook met 'n gebruikelike metode van dokumentbewaring in Mesopotamië. (Vergelyk in hierdie verband ook die hieropvolgende bespreking van bewaringspraktyke onder andere by Qumran). Hierdie vertrek het sowat 40 fragmente gestrooi op die vloer gehad. L.2586, sowel as L.2875, was waarskynlik die areas waar die tablette geraadpleeg, maar ook voorberei en beskryf is (Matthiae 1986:58).

Uit die bogenoemde kan dus die volgende rekonstruksie van die siklus van die skep, organisering en herwinning van dokumente in die dokumentasiesentrum van Paleis G gemaak word. Die vertrekke is rondom 'n binnehof gerangskik, wat waarskynlik die eindpunt en vertrekpunt was vir die aflewering en versending van voedsel, klere en metaal, die ontmoetingsplek van amptenare en ambassadeurs, asook die versamelpunt vir karavane. Dit is dus moontlik dat sommige van die administratiewe dokumente in die binnehof geskryf is. Terwyl die berekeninge omtrent rantsoene in die klein stoorkamer (L.2712) gehou is en die state omtrent klerasie en metale in L.2769. L.2875 was besonder geskik vir die skryf van rekords, as gevolg van die aanwesigheid van lae kleibanke om op te stut. Amptenare kon die nabygeleë woordelyste in L.2769 raadpleeg vir enige formulerings wat dalk probleme kon gee. (So sou L.2769 dus ook voldoen aan Schellenberg (1956:16) se naslaan- en navorsingsvereistes vir 'n argief). Matthiae (1986:70) maak dus die gevolgtrekking: "Only the main archive room had an exclusive function for the permanent keeping of the administrative, juridical, and lexical documents. The other rooms with a similar employ ... were temporary deposits for documents which were almost certainly kept for shorter periods." L.2769 funksioneer dus nie op sy eie nie, maar as deel van die groter instelling, die administratiewe dokumentasiesentrum.

Enkele opmerkings omtrent die aard en funksie van die dokumentasiesentrum kan nou gemaak word. L.2769 voldoen aan al die beginsels wat deur Schellenberg (1956:16)

aan 'n argief toegeken is. Dit bestaan uit rekords wat uit die groter bestendige korpus van argiefryp materiaal *geselekteer* is. Rekords met 'n kort leeftyd is in ander bewaringsvertreke gehou. Hiervan is opsommings gemaak en in L.2769 vir *permanente bewaring* gehuisves, met die doeleindes van *navorsing* en *naslaan* in die leeskamers. Herwinning is moontlik gemaak deur 'n interne ordening gegrond op 'n kombinasie van tabletvorm, lokus binne die vertrek, aanvangsreëls en kolofone. Die rekords was in hierdie geval van 'n *openbare* oorsprong. Die versameling was steeds in gebruik toe dit verwoes is. Dit bestaan inhoudelik ook uit voorbeelde van wat Posner (1972:3-4) resorteer onder die sogenaamde *administratiewe dokumentasie*: landswette, rekords wat bewustelik geskep en behou is as bewys van vorige administratiewe handeling, finansiële dokumentasie, sowel as rekords van die regeerder in verband met belastingpligtigheid en eiendom. Hierbenewens is die verskaffingsgebied van die versameling argitektonies en funksioneel beperk tot die administratiewe hoofkwartier van die paleis. Benewens die enkele literêre tekste, is die oorspronklike doelstellings van die versameling ook sterk argivaal gekleur. Dit het ontstaan met 'n amptelike doel en word op hierdie gronde opgeneem in die registrasie. Hier is ook geen ooglopende handelswaarde gekoppel aan die dokumentasie nie.

Die aanwesigheid van 'n soort "ready reference"-versameling van leksikale dokumentasie op die boonste noordelike rak van L.2769, sowel as die literêre tekste, gee egter probleme. Hierdie afdeling van die versameling toon 'n sterk veelmaligheidskarakter, nie alleen in die talle duplikate van byvoorbeeld woordelyste nie, maar ook in die bestaan van rowwe oefenvoorbeelde van tekste - tipies van skooltekste. Dit skep dus die moontlikheid van 'n mengvorm, hoewel die voorkoms van literatuerbewing en biblioteekaktiwiteite sterk leun in die rigting van 'n argivale versamelingstipe. Daarom die onsekerheid in die tipering van hierdie versameling as argief of biblioteek, wat reeds in hoofstuk 3 bespreek is.

Die sogenaamde *user view* wat Durrance en Taylor (1992:43) gebruik as kriterium, is dus van veel groter nut vir die rekonstruksie van die versameling binne die gemeenskap, as 'n suiwer inhoudelike benadering. Die *biblioteekmateriaal* maak ongeveer 30% van die versameling uit en is dus substansieël genoeg om gedeeltelike bevestiging te verleen aan Pettinato (1981:231) se gevolgtrekking: "... the care shown for the grouping and preserving of these demonstrates that the academy was responsible for the safeguarding and diffusion of the cultural patrimony, ... open, ... to cultural exchange with nearby lands." Archi (1986:78) is daarom van mening dat L.2769 ook die paleisbiblioteek verteenwoordig. Geen substansie kan egter op hierdie

stadium aan die argument verleen word nie. Dit is egter te betwyfel, gegewe die ligging van die dominante- of hoofversameling, dat die publiek toegang tot die versameling sou hê. Veel eerder vertoon hierdie versameling, ten spyte van sy gespesialiseerde ordening, nog die kenmerke van 'n tipiese amptelike versameling, 'n protovorm van die moderne argief.

Daar bestaan egter wél voorbeelde van skooltekste, wat nie verbasend is nie, gegewe die sterk verbintenis tussen die Ou Nabye Oosterse hofhouding en skole. TM.75.G.1398 bevat byvoorbeeld 'n kolofon waar die jong skrywer, sowel as sy *eksaminatore* geteken het (Pettinato 1981:231-232):

<i>a-zi</i>	Azi
dub mu-sar	has written the tablet,
<i>ip-tur-i-šar</i>	Iptur-Išar
dub-zu-zu	(being) the teacher,
AB.BA	the Elder
<i>tám-tá-il</i>	Tamta-Il,
um-mi-a	the dean
<i>a-zi</i>	Azi.

Hierdie kolofon toon duidelik die hiërargie van die skool, bestaande uit die *ummiā* (*kundige*), *dub-zu-zu* (*die een wat die tablette ken*) en die *dub-sar* (*die skrywer*) (Pettinato 1981:232). TM.75.G.2200 toon weer 'n skooloefening met merkers en kolomme van woorde wat uit een wigskrifteken bestaan aan die een kant en meer as een wigskrifteken aan die ander kant. Pettinato (1981:234) identifiseer lyste van wigskriftekens, lyste wigskrif sillabes (*syllabaries*), die woordeboeke en -lyste, asook lyste van woorde wat gegroepeer is volgens onderwerp en die literêre tekste, as voorbeelde van moontlike skoolverwante handboeke.

Die afwesigheid van sekere soorte literatuur is natuurlik ook tekenend van die aard van die gemeenskap van oorsprong, asook die leserspubliek. Daar is geen tekste van 'n oorwegend militêre aard gevind nie. Dit kontrasteer met ontdekkings by ander plekke uit hierdie era en illustreer heel duidelik die aard van Ebla as 'n vreedsame handelstad met 'n effektiewe en uitgebreide burokrasie en akademiese instellings. Bowendien het hierdie versameling skynbaar ook gedien as naslaansentra vir 'n breë groep Ou Nabye Oosterse skrywers. Dit word afgelei uit die kolofone van twee leksikale tekste met die verwysings: "(tablet written) when the young scribes came forth from Mari" (Pettinato

1981:239). Pettinato (1981:239) verduidelik: "Among the various possible interpretations of this annotation, this appears to be the most plausible: scribes from other cities were visiting Ebla and on this occasion some symposium or scientific congress was being held during which they composed some scientific documents." Dit wil dus voorkom asof studente en navorsers van ander plekke die biblioteek geraadpleeg het ten einde tekste te vergelyk, gemeenskaplike woordeboeke daar te stel, ensovoorts: "Thus, the scientific conference to which scholars travel from afar seems to have quite ancient roots, and one might perhaps consider those compilations as the earliest conference proceedings" (Wellisch 1981:495).

Die lokaliteit van die administratiewe hoofkwartier aan die binnehof, waar die ontvangs van internasionale amptenare plaasgevind het, verhoog die toeganklikheid van die versameling vir hierdie doeleindes en versterk Pettinato se gevolgtrekkings. Hierdie skynbare algemene toeganklikheid staan in skerp kontras met die "biblioteek van Assurbanipal" wat Lieberman (1990:330) beskryf as die persoonlike versameling van die koning. Sy biblioteek se toeganklikheid was erg beperk en dit het duidelik nie funksioneer as naslaanbiblioteek vir skrywers, of vir die uitleen van tablette aan instansies buite Nineve nie.

Aangesien die Eblaïtiese burokrasie skrywers nodig gehad het, was dit logies om voorsiening te maak vir die opleiding van hierdie skrywers. Dit is dus uit hierdie versameling duidelik dat Ebla se dokumentasiesentrum 'n mengvorm in aktiwiteite vertoon. Die sterk handelskarakter van die stad met sy bevolking van 260 000, het bepaal dat die administrasie goed ontwikkel is en geplaas is in 'n area van ruimtelike tweeledigheid. As deel van die binnehof is dit: "... outside the Palace structure, being a square, and inside it, being a court - [this] is an indicator of its 'open' nature. According to ideological and political terms, it is sure that this connection is the central core - but not the only one of the urban administration ..." (Matthiae 1986:71).

#### **4.1.2 Mari**

Die stad Mari is saam met Kakmium en Manuwat, een van drie mees algemene plekname in die Ebla-tekste, aldus Michalowski (1985:298). Hierdie stad is in 1933 by Tell Hariri opgegrawe deur Parrot. Volgehoue opgrawings, met enkele onderbrekings, het voortgeduur tot 1975. In 1979 is dit hervat onder die leiding van Margueron en Durand (Malamat 1983:172).

Mari het veral bekendheid verwerf vir sy imposante paleis van 300 vertrekke en 'n versameling van 20 000 kleitablette. Hierdie versameling is veral 'n refleksie op die sosiale struktuur van die ryk en die besondere verband tussen verstedelike en nomadiese kulture. Die opgrawings het bewys dat die stad aan die einde van die vierde millennium tydens die Jemdet Nasr tydperk tot stand gekom het, met 'n kulturele piektydperk in die eerste helfte van die derde millennium v.C. Hoewel die Sumeriese kultuur oorheersend was, toon die voorstellings van bebaarde mans en die Semitiese persoonsname dat Semiete in Mari geheers het lank voor die opkoms van Akkad. Na Sargon se oorwinning in 2400 v.C., het Mari 'n vassal van Akkad geword en in die laaste twee eeue van die derde millennium v.C. skyn dit asof die stad 'n losse, maar afhanklike verbintenis met die derde dinastie van Ur gehad het. Mari het uiteindelik sy laaste bloeityd beleef in 1800 v.C. onder Zimri-Lim, waarna dit ingeneem en twee jaar later verwoes is deur Hammurabi, die koning van Babilon, in 1760 v.C. Hoewel dit later beset is deur die Assiriërs en veel later weer beset is in die Seleukiede tydperk, het dit nooit weer dieselfde prominensie in die Ou Nabye Ooste bereik nie (Malamat 1971a:2-5 en Pardee 1984:91-93).

Mari was die versamelpunt vir enkele van die belangrikste handelsroetes in die Ou Nabye Ooste, tussen die Middellandse See in die weste en Babilonië in die ooste. Tin, 'n belangrike bestanddeel in die vervaardiging van brons, skyn die belangrikste handelskommoditeit te gewees het. Hiervan getuig onder andere die ekonomiese teks A.1270, 'n inventaris van die inkomende en uitgaande vragte tin by die paleis in Mari (Malamat 1971b).

Die paleis van die Oud-Babiloniese (vroeg tweede millennium v.C.) tydperk het die bykans 20 000 tablette gehuisves en dit is verspreid, maar veral in kamers 5, 110, 111 en 115 ontdek. Daar is egter nie hier sprake van 'n noodwendige funksionele toedeling van bewaringsruimtes nie. Sasson (1972:55) is in teendeel van mening dat die verspreidheid van die versameling, tesame met die heterogene aard van die objekte wat tussen die versamelingseenhede gevind is, aanduidend is van 'n gebrek aan enige doelgerigte interne ordeningsstelsel. By gebrek aan fundering vir Malamat (1971a:8) se standpunt dat 'n onderwerpsindeling te bespeur is, moet die standpunt van Sasson grootliks aanvaar word as uitgangspunt tot die versameling. Soos in die geval van die Kuyunjik-versamelings, wat in die hieropvolgende afdeling bespreek sal word, is die verspreiding van die tablette deur die hele paleisarea toegeskryf aan die verwoesting wat aangerig is deur die inname van Hammurabi. Daar moet egter in gedagte gehou word dat bewyse bestaan dat die Babiloniërs gepoog het om die argiewe in 'n vaste



ordeningsstelsel te behou: "Zimrilim's own chancery archives, including the earlier material they contained, were sorted out by scribes of Hammurabi after he had captured the city. According to the text of two famous clay tablets discovered in room 115 ... they distinguished between 'tablets of Zimrilim's servants' and 'tablets of Shamshi-Adad's servants'" (Veenhof 1986b:8-9). Volgens Margueron (1986) se funksionele analise van die paleis van Mari, het kamer 115 - tradisioneel beskou as die hoofargief met sowat 4 000 tablette - nie as argief funksioneer nie, maar is deur Hammurabi se onderdane gebruik vir die versameling en reorganisasie van tablette uit die res van die paleis.

Ten minste twaalf vertrekke aan die suidwestelike kant van die paleis het tablette bevat. In die noordoostelike kant is vier vertrekke met tablette gevind en een in die administratiewe gedeelte van die paleis. Rondom die binnehof is tablette aangetref in kamers 115, 110 en 108. Sasson (1972:56) bestempel die laaste drie vertrekke as: "... the closest to being strictly archival in character." Dokumente is ook ontdek in kamer 40 van die koninklike vertrekke, in die vertrek wat aanvanklik geïdentifiseer is as 'n skool (24), asook in die besoekerskwartiere. Geeneen van hierdie vertrekke toon enige argitektoniese of inhoudelike ooreenstemming nie. Elk is verskillend in grootte en verskil in die hoeveelheid uitgange en ameublement. Die kamers was ingerig met badgeriewe en in ander gevalle met kombuisgeriewe. Soms bestaan daar 'n nis in die muur, soms banke en in ander gevalle houtrakke. In enkele gevalle was die vloere geplavei, andersinds van klei. Daar is gevalle gevind waar potskerwe met die skriftelike materiaal vermeng is en dit gee aanleiding tot die vermoede dat sommige tablette in kleipotte bewaar is. In die geskrewe materiaal bestaan daar egter slegs bewyse van bewaring in mandjies. Hieruit kom Sasson (1972:56) tot die gevolgtrekking: "... it is clear that no special architectural design was ever reserved for rooms expected to shelter tablets." Hier was dus geen sprake van 'n vertrek soortgelyk aan die L.2769 van Ebla nie. Intendeel, vertrek 110 toon duidelik 'n mengsel van briewe, kontrakte, administratiewe dokumentasie en die korrespondensie van enkele vrouens. Die duidelike gebrek aan 'n voorafbepaalde ordening, kan gekoppel word aan 'n verbasende gebrek aan klassifikasie, gegewe die substansiële aard van die versameling. Verder is dit ook duidelik dat geen poging aangewend is om 'n onderskeid te maak ten opsigte van regeringstydperke nie (Sasson 1972:56). Daarom is dit nie verbasend dat die herwinning van inligting 'n baie omslagtige proses was nie. Hierdie aspek bring die bespreking by die kruis wat in hierdie afdeling aandag geniet: skriftelike bewyslewering uit die regeringstydperk van Zimri-Lim ( $\pm$  1800 v.C.) vir die wyse waarop 'n aansoek om inligtingherwinning binne die Mari-versameling sou plaasgevind het.

Black en Tait (1995:2198) gee die volgende vertaling weer van 'n brief van Koningin Shiptu aan die koning:

"Tell my lord, thus speaks Shiptu, your handmaid. The palace is in good order. My lord wrote to me, 'Herewith I am sending Yassur-Addu to you. Send inspectors with him to retrieve tablets from a location he will indicate. These documents should be kept with you until my arrival'.

So now, in accordance with what my lord wrote to me, I have had Mukannishum, Shubnalu, and (a third person) accompany this man Yassur-Addu. He showed the inspectors whom I sent along a storeroom in a workshop supervised by Etel-pi-sharrim. They opened the door of the storeroom he identified, breaking the seal of Igmillum of the Central Office in doing so. They retrieved two baskets stamped with the seal of Etel-pi-sharrim. With their seal impressions still intact, these baskets are now with me, awaiting my lord's arrival. Meanwhile I have used my own seal to reseal the door of the storeroom they opened."

Die gebeure wat hierdie inligtingnavraag voorafgaan, is deur Sasson (1972:63) gerekonstrueer. Hy veronderstel dat 'n register van wewers en hul opsieners 'n tyd tevore opgestel is. Hierdie tablet sou moontlik saam met ander dokumente geplaas gewees het in 'n mandjie wat deur Etel-pi-šarrim geseël is. In die teenwoordigheid van Yassur-Addu, is die mandjie in een van die stoorkamers geplaas wat onder Etel-pi-šarrim se beheer was. Igmillum, 'n derde amptenaar, is deur die *bit tērtim*, die "sekretariaat", gestuur om die kamer te seël. Nadat die dokument geskep is, was daar nou reeds drie persone betrokke in die proses van die bewaring van die dokument.

Herwinning word, soos in die geval van die Kuyunjik-versamelings, geïnisieër deur 'n inligtingversoek van die koning. Hy skryf aan die *koningin*, wat op haar beurt *drie amptenare* aanstel om 'n *vierde*, Yassur-Addu, te vergesel. Die laasgenoemde *persoon* (nie 'n skriftelike rekord nie), dra kennis van die tablet se plasing. Hierdie amptenare breek dan die seël van Igmillum, waarop hulle verantwoordelikheid oorneem vir die inhoud van die vertrek wat die seël voorheen verseël het. (Vergelyk in hierdie verband Malamet (1986) se bespreking van die seëls wat op stoorkamers se deure aangebring is). Dan verwyder hulle die betrokke mandjies en neem dit onoopgemaak na die *koningin*. Wanneer die koningin die mandjies ontvang, verseël sy weer die vertrek: "From the time the tablet was inscribed until the moment the king re-read it, at least eight officials were involved, from all levels of administration" (Sasson 1972:63).

Hierdie mag wel 'n uitstekende ingeboude veiligheidsmeganisme wees, maar die oordrewe betrokkenheid van tussengangers, strem duidelik die vrye vloei van inligting. Terselfdertyd reflekteer dit die feit dat paleisamptenare in Mari nie noodwendig uit die skrywersgarde afkomstig was nie (Sasson 1972:56). Hiermee word nie geïnsinueer dat daar nie 'n goed gevestigde skrywerstradisie bestaan het nie, maar dat alle amptenare nie noodwendig geletterd was nie.

Dit is veral die posisie van die "argivaris" of "inligtingwerker", of die gebrek daaraan, wat in hierdie geval opvallend is. Die ordeningsstelsel in Mari steun duidelik steeds op 'n sterk orale onderbou. Geen oënsynlike inventaris of rekord bestaan vir die naspur van die gedentraliseerde versameling nie. 'n Spesifieke *individu* dra kennis van die benaderde lokaliteit van die dokument. Tydens 'n soortgelyke geleentheid skryf Mukannishum aan die koning (Black & Tait 1995:2198):

"When Igmillum ... showed us the containers with the tablets of the district which were stamped with Sammetar's seal, Tabat-sharussu and I retrieved them into our own custody. As my lord had instructed me, I did not open any container, but I merely brought out two baskets and had them sent to my lord."

Mukannishum fungeer in hierdie uittreksel as die tussenganger tussen die gebruiker en die inligting. Dit is egter duidelik af te lei uit die bogaande: "... I did not open any container, but merely brought out two baskets ...", dat die omgang met inligting só rudimentêr is dat die tussenganger bloot optree as die "herwinnaar" van die inligting in 'n suiwer funksionele sin. Daar word nie van die "argivaris"/"inligtingwerker" verwag om die inligting op te roep, te interpreteer en te herverpak na gelang van die gebruiker (die koning) se behoeftes nie. Hierdie uiters basiese protovorm van die vloei van inligting van die dokument na die gebruiker via die tussenganger, toon nog 'n sterk orale ondertoon. Die proses moet vergelyk word met die versameling by Nineve. Toegang geskied ook deur die koning. Hy rig die versoeke wat deur die inligtingwerkers herwin word uit die besweringstekste. Hierdie inligting word egter nie alleen opgespoor deur die inligtingwerker nie, maar ook gelees en geïnterpreteer, ten einde 'n resulterende antwoord op die inligtingnavraag te verskaf. Hierdie navraag moet nie alleen beantwoord word nie, maar die inligtingwerker moet ook in staat wees om dit te substansieër: "For the [scholar], excerpting the appropriate omen from the astrological compendia was not in itself sufficient to convince the king or allay his fears. An elaboration of the omen considered relevant to the portended sign was often necessary, should the king ask: 'Where did you see it? Tell me!'" (Starr 1990:xxxii).

Met betrekking tot die inligtingversoek aan Mukannishum, skryf die hoëpriesteres, Inibshina, die suster van die koning, aan haar broer om Mukannishum se brief te bevestig (Black & Tait 1995:2198):

"According to the written request you sent me, I have opened the archive room bearing your own sealing, and, while Mukannishum and Tabat-sharussu were standing by, Igmillum showed them the containers *according to his knowledge* (translation uncertain) and they took into their own custody the containers with the census records; but I have sent you the sealed documents needed for the inventory."

Dit is belangrik om te beklemtoon dat die bogenoemde prosedure in Mari gegeld het vir die herwinning van dokumente, sowel as enige andere produkte wat skynbaar ondiskriminerend in dieselfde lokaliteite bewaar is (Sasson 1972:57). Daarom is dit nie moontlik om hier tussen 'n argief en stoorkamer te onderskei nie. Hierdie aspek bevestig die onseker verhouding in die Ou Nabye Ooste tussen *argief* en *stoorkamer*, soos dit bespreek is in hoofstuk 3. Dit moet egter beklemtoon word dat die bestaan van 'n afsonderlike vertrek en/of gebou, sekondêr is in die daarstelling van 'n definisie vir 'n argief (Schellenberg 1956:16). Daarom toon Ebla juis reeds 'n hoogs ontwikkelde versamelvorm wat kulmineer in die daarstel van gespesialiseerde lokaliteite, addisioneel tot die ontwikkeling van praktyke vir die effektiewe bewaring, organisering en herwinning van inligting.

Ebla (2500 v.C.) en Mari (1800 v.C.) toon dus eerstens dat daar geen sprake is van 'n noodwendige chronologiese opeenvolging in die "ontwikkeling" van literatuerbewing en biblioteekaktiwiteite nie. Die twee stede toon in ander opsigte groot ooreenkomste. Beide was handelstede met 'n skynbaar sterk ekonomie, wat aanleiding gegee het tot die ontstaan en ontwikkeling van 'n burokrasie. Hoewel Ebla egter in relatiewe vreedsame omstandighede gedy het, is Mari se opbloei onder Zimri-Lim voorafgegaan deur 'n tydperk van politieke onrus. Zimri-Lim was nie alleen vir 'n tyd lank 'n voortvlugtige aan die hof van die koning van Yamhad (sy hoofstad was Aleppo) nie, maar moet by sy terugkeer deur middel van onderlinge ooreenkomste met stamhoofde en gemeenskapsleiers sy magsbasis probeer versterk (Malamat 1989:2, 4). Hierdie tydperk word ook gekenmerk deur die verdwyning van die Akkadiërs as internasionale moondheid en die opkoms van Hammurabi. Die geografiese ligging van Mari het verder aanleiding gegee tot 'n konstante vermenging van verstedelike en nomadiese

gemeenskappe: "It was an optimal position for contacts with the west, and its location on the river artery, yet immediately adjacent to the desert, was continually decisive in the shaping of its fortune and character" (Malamat 1971a:2). Die onderliggende mondelinge tradisie figureer daarom nog sterk in die daarstelling van literatuerbewing en biblioteekaktiwiteite, sowel as in die ongespesifiseerde aard van die protoversameling, wat in hierdie geval slegs met groot omsigtigheid met die term *argief* benoem kan word. Aangesien die gemeenskap in 'n stadium van sosiale (verstedeliking versus nomade) en politieke vloeibaarheid verkeer, is die gemeenskapverwagtinge van die versameling ook vloeibaar en ongespesifiseerd. Dit is dus die beperkte verwagtinge van die gemeenskap wat die uiteindelijke aard van die versamelingstipe, of gebrek daaraan, sowel as die literatuerbewing en biblioteekaktiwiteite bepaal.

#### 4.1.3 Die Kuyunjik-versamelings

Indien Ebla se L.2769 deur Veenhof (1986b:6) bestempel word as die *tipiese* Ou Nabye Oosterse argiefbewaarplek, sal hierdie versamelings, beter bekend as die sogenaamde *biblioteek biblioteke van Assurbanipal*, die uitstaande voorbeeld van 'n Ou Nabye Oosterse biblioteek wees, volgens die tradisionele verstaansbeskouing. (Hierdie aspek is reeds in groot detail in hoofstuk 3 verwoord en word daarom nie hier herhaal nie).

Die versamelings is egter nie uniform nie en kan nie almal aan Assurbanipal toegeskryf word nie. Daarom word die bogenoemde term verkies. *Kuyunjik* verwys na een van twee prominente tells in Nineve. Tablette wat op hierdie heuwel gevind is, word geassosieër met die sogenaamde K-versameling waarmee dit in die inventaris van die British Museum gelys is<sup>3</sup>. Die probleem met die beskrywing van hierdie versamelings is dat die K-nommers in sekere gevalle toegeken is aan dokumente wat nie afkomstig was uit Nineve nie. Reade (1986:213) verduidelik: "Sometimes tablets from different Assyrian sites may have been mixed together before reaching London. Sometimes K numbers were applied to inscribed objects regardless of provenance. And sometimes, it seems, pieces of inscribed clay acquired by the British Museum before about 1860 were stored and confused with the numerous Assyrian tablets which, though excavated in the 1850s, remained unnumbered until the 1870s or later"<sup>4</sup>. Slegs die nommers K 1-278 is reeds in die 1850's toegeken en Reade (1986:213) is van mening dat hierdie hoofsaaklik die opgrawings wat Layard in 1851 by die Suidwestelike Paleis op Kuyunjik gedoen het, verteenwoordig. Daar word algemeen aanvaar dat die sogenaamde *Chamber of Records* (kamers XL en XLI) die oorsprong van 'n *koninklike*

*biblioteek* moes gewees het (Kwasman & Parpola 1991:xvi), waar groot hoeveelhede tablette op die vloer gevind is (Reade 1986:220). Tablette is ook in die kamers van die Noordelike Paleis (veral Kamer C) deur Rassam gevind. Hierdie paleis was die paleis van die troonopvolger en word algemeen beskou as die paleis van Assurbanipal (Parpola 1986:233). Kwasman en Parpola (1991:xvi) is van mening dat die meeste van die dokumente van Sargon II se regeringstyd, sowel as diegene wat voor hom regeer het, in hierdie paleis gevind is. Die tekste moes waarskynlik deur Sargon of sy seun, Sanherib, na Nineve verskuif gewees het vanaf Kalah (Nimrud)<sup>5</sup>, toe Sanherib sy personeel en permanente woning verskuif het na die Noordelike Paleis in ongeveer 715 v.C. (Kwasman & Parpola 1991:xx).

Die verwarring omtrent die oorspronklike vindplekke van die versamelings is egter nie alleen aan die argeoloë toe te skryf nie. Layard (1970:288-289) vertel van die beskadiging wat deur die brand en verwoesting van 612 v.C. aangerig is: "The alabaster slabs were almost reduced to lime, and many of them fell to pieces as soon as uncovered. The places, which others had occupied, could only be traced by a thin white deposit, left by the burnt alabaster upon the wall of sun-dried bricks, and having the appearance of a coating of plaster." Die *provenance* is waarskynlik reeds tydens die verwoesting van die stad in 612 v.C., versteur. Parpola (1986:223) haal Bezold aan wat vertel: "... when the city of Nineveh was pillaged ... the tablets were taken from the Library and were purposely broken into pieces, the fragments being scattered about both inside and outside the Library Chamber." Fragmente van die suidwestelike deel van die versameling is oor 'n breë area gevind: "Some evidently kicked by the feet of fugitives when the palace was in flames, were found scattered around the main exit on the west, and they extended for some distance on the paved terrace which overlooked the Tigris beyond the palace façade on this side", aldus King (Parpola 1986:213). Dit was egter duidelik dat individuele pogings ook aangewend is om die versamelings te red. Parpola (1986:213) wys daarop dat baie teksvoorbeelde gevind is in 'n duidelike sekondêre bewaringsruimte. ('n Situasië wat herinner aan Golb (1995) se teorie vir die verwydering van Jerusalem se *tempelbiblioteek* voor die Romeinse verwoesting van die stad. Dit word in die onderafdeling omtrent Qumran, verder bespreek).

Drie hoofsaaklike vindplekke - en 'n moontlike vierde - kan vir die Kuyunjik-versamelings geïdentifiseer word: die Suidwestelike Paleis wat in 703-694 v.C. gebou is (Parpola 1986:232); die Noordelike Paleis wat totaal deur Assurbanipal herbou is teen 646/5 v.C. (Parpola 1986:233); en die sewende eeuse sogenaamde "foundation cylinders and prisms" wat afkomstig was van die "Huis van Sanherib se seun" (Reade 1986:216). Die laasgenoemde area lê streng gesproke 'n bietjie noord van Kuyunjik,

maar steeds binne die mure van Nineve. Hier is sowat 300 brokstukke van tablette gevind wat waarskynlik aangewend is as opvullingsmateriaal. Dit dateer vanaf die regeringstyd van Sanherib tot die van Assurbanipal: "... it is clear that they were not originally intended to be placed where they were eventually found" (Reade 1986:216). Hierdie tablette kon om een van vier redes deur die Assiriese skriptoria weggegooi gewees het (Reade 1986:216) en aangesien geen interne ordening bestaan of verwag word nie, verteenwoordig dit dus nie 'n potensiele argief of biblioteek nie:

- \* Foute kon op die teks voorgekom het, wat eers opgemerk is ná die tablet gevuur is;
- \* Soms het dit gebeur dat die tablet tydens die vuur daarvan gebreek het;
- \* Gereelde opdatering van inligting is 'n verdere wyse waarop kleitablette uitgedien kon raak;
- \* Dan was dit natuurlik ook moontlik dat oorproduksie kon veroorsaak dat tablette oortollig word.

Hierdie rommelhoop word dus vir die doeleindes van 'n bespreking van literatuerbewaring en biblioteekaktiwiteite uitgeskakel.

Reade (1986:221) wys uit dat die suidelike hoek van die Noordelike Paleis baie naby die Nabû Tempel geleë is. Die moontlikheid moet dus nie uitgesluit word dat 'n potensiele tempelversameling ook onbewustelik in die Kuyunjik-versamelings geïnkorporeer is nie. Lieberman (1990:317-318) skryf ook 'n alternatiewe bewaringsmotief aan die moontlike *tempelbiblioteek* toe: "The purpose of commissioning the tablets put into the Ezida, Nabû's temple, seems to be different from that of the palace tablets, in so far as the colophons make the objectives clear. The tablets put into Nabû's temple were put there 'for' the 'life' of Assurbanipal, i.e. to cause the god Nabû to favor him." (Hierdie motief is waarskynlik veral gerig op die tempel van die skrywersgod en 'n verskillende bewaringsmotief sal moontlik in die Šamaš Tempel by Sippar gevind moet word).

In totaliteit beslaan die Kuyunjik-versamelings ongeveer 30 000 tablette en fragmente. Hiervan kan ongeveer 5 500 (18%) inhoudelik beskou word as potensiele argivale dokumentasie. Daar word egter heelhartig met Parpola (1986:224-225) saamgestem:

"... it should be realized that the artificial lumping together of all Kuyunjik 'archival' texts by text category (letters, legal documents, etc.) rather than by provenance creates a distorted impression of uniformity that has nothing to do with reality." Benewens die feit dat sommige tablette potensieël van 'n ander vindplek afkomstig was, bestaan die moontlikheid ook dat administratiewe tekste, op materiaal soos was-bestrykte skryfborde<sup>6</sup>, papyrus en leer, aangebring is. Hierdie skryfmateriale is ligter en makliker hanteerbaar. Dit sou egter nie die vlamme oorleef het nie en daarom is dit moontlik dat die versamelings *argivale* materiaal nie noodwendig verteenwoordigend is nie. Verder bestaan die moontlikheid dat nuttelose en tydelike dokumentasie uit die argiewe verwyder is, wat ook die aantal argivale dokumentasie sou beperk. 'n Sogenaamde *working archive* sal verder by die staking van sy aktiwiteite disproportioneel wees, met die oorgrote meerderheid materiaal daterend uit die mees resente administratiewe-en/of regeringstydperk. Die Assiriese administrasie het terselfdertyd oor talle *departementele* argiewe beskik, met hul eie skriptoria. Hierdie argiewe was ook nie noodwendig almal in Nineve gesetel nie. Indien daar dus wel van afsonderlike *argiewe* by die Kuyunjik-versamelings gepraat moet word, is Parpola (1986:227) van mening dat Kuyunjik ongetwyfeld nie die staatsargief sou verteenwoordig nie, maar eerder gekoppel moet word aan die persoon van die koning. So 'n moontlikheid beïnvloed op sy beurt die oorspronklike doelstellings waarmee die versameling byeengebring word.

Hierdie bespreking volg egter die uitgangspunt dat, aangesien geen bewyse bestaan dat die twee soorte dokumentasie in aparte lokaliteite gehuisves is nie, dit aanvaar moet word dat hier sprake is van 'n mengvorm. Daarbenewens het sommige van die argivale materiaal ook historiese en literêre waarde begin aanneem. Sargon se tekste is ná die herbouing en restorasie van die Noordelike Paleis teruggeplaas in die paleis en nie weggegooi nie. Hieruit maak Parpola (1986:234) die afleiding: "... these texts ... were considered important documents worth preserving ... Exactly because of this latter fact one could go a step further and seriously assert that the majority of the Ninevite 'archival' texts actually were not archival at all since they obviously did not form separate archives but had been incorporated in the royal libraries as prized 'antiquities' along with other historical curiosa." Hierdie argument, hoewel baie aantreklik en waarskynlik waar vir talle van die tekste, is 'n oorvereenvoudiging van die situasie. Daar was geen rede waarom Assurbanipal 'n onderskeid tussen literêre, skolastiese en argivale materiaal moes maak nie. Die persentasie argivale materiaal is net té beduidend om alles aan 'n oordrewe bewaringsbewustheid toe te skryf. Soos in die geval van Ebla, skyn dit asof die gebruikerspubliek (in hierdie geval die koning en via sy persoon, sy *bimekring* van skrywers) 'n mengvorm binne die interne



orderingsstelsel verkies dit en daar is geen aanduiding dat dit noodwendig vir *Assurbanipal se biblioteek* moet verskil nie.

Aangesien die vindplek nie veel meer moontlikhede sal bied vir opmerkings omtrent literatuerbewing en biblioteekaktiwiteite nie, sal die res van die bespreking handel omtrent enkele beduidende tegnieke van literatuerbewing en biblioteekaktiwiteite, inherent tot die dokumentasie, wat nie alleen dui op 'n interne ordening nie, maar ook op die verhoogde herwinningspotensiaal wat vir die gebruiker daaraan gekoppel word.

Die *biblioteek van Assurbanipal* was 'n *koninklike* versameling, wat onderskei moet word van amptelike versamelings, asook die versamelings gevind in paleise, tempels, skole en in privaat huise in die Ou Nabye Ooste. Assurbanipal het met sy beleid van aggressiewe versamelbou 'n ensiklopediese versameling byeengebring wat moontlik die naaste gekom het aan die verteenwoordiging van die universele skriftelike opbrengs van sy leeftyd (668-627 v.C.). Talle van die dokumentasie in sy versameling kan dan ook geïdentifiseer word aan sy kenmerkende kolofone wat hom as besitter aandui. Nogtans is Reade (1986:220) van mening dat aanwinste nie ondoelmatig en resulterend uit 'n onbeheerste versamelingsdrang plaasgevind het nie: "On some occasions scholarly texts may have been acquired and copied indiscriminately, but many of them must have been collected for genuine use and reference ... With Ashurbanipal ... a central reference library was deliberately built up." Daar was dus sprake van 'n versamelbou-beleid, wat herinner aan hoofstuk 3 se *oorspronklike doelstelling* om die biblioteek van 'n argief te onderskei. Hier is duidelik die doelstelling van *geestelike en wetenskaplike opbou* te bespeur. Toeganklikheid was egter beperk tot die koninklike persoon en die versameling vertoon nie die relatiewe vrye toegang wat by Ebla bespeur word nie: "It seems quite unlikely that anyone from outside (say, a Babylonian scholar) would have been allowed to look at one of the king's tablets and copy it for his own purposes ..." (Lieberman 1990:330).

As gevolg van die omvang van die versameling, is dit te verwagte dat een of ander interne aanwinst- en/of katalogiserings-meganisme moes bestaan het. Die effektiewe herwinning van inligting vir naslaandoeleindes is tog immers afhanklik van effektiewe katalogisering. Parpola (1983a) het 'n uitstekende voorbeeld van so 'n lysing saamgestel uit tien fragmente en dit behandel in sy bekende artikel "Assyrian library records". Hierdie *rekords* lys 'n minimum van 1 441 kleitablette en 69 tekste op diverse skryfmateriaal (Parpola 1983a:4). Met in agneming van gapings in die teks, bereken Parpola (1983a:4, 6) 'n totale aanwinst van 2 000 kleitablette en 300 op ander

skryfmateriaal. Aangesien die totale biblioteekinhoud op ongeveer 30 000 fragmente (nié tablette nie) te staan kom, reflekteer die *rekords*: "... a major acquisition to the library" (Parpola 1983a:6).

Die *rekords* toon die volgende eienskappe (Parpola 1983a:1-4, 8):

Hierdie *rekords* verteenwoordig 'n lysing van aanwinste wat deur die *biblioteek van Assurbanipal* gemaak is. Die dokumente is hoofsaaklik afkomstig uit Babiloniese privaatversamelings en as sulks reflekteer die *rekords* nie alleen die interne wyse van ordening van 'n groot Ou Nabye Oosterse biblioteek nie, maar ook die aard van enkele privaat versamelings. Hierdie gegewens, soos Parpola (1983a:4) tereg uitwys, is van besondere belang vir die potensiele bepaling van geletterdheidsvlakke en die algemene skolastiese en professionele kompetensie in Mesopotamië.

Die oorspronklike eienaars van die tekste was óf skrywers óf professionele persone in een of ander vertakking van die Mesopotamiese wetenskap (Parpola 1983a:8). Máár, in nie een geval toon die *rekords* aan dat hierdie persone uit hul spesialisasie-riktigting dokumente tot die biblioteek bygedra het nie: "Since it would be absurd to assume that these men could have practiced their profession without any professional literature of their own, the inevitable conclusion is that the texts listed for them do not represent their entire private libraries but rather only that part of it which they did not need in their professional work ... hence, the bulk of their libraries is not featured in the lists and very probably remained in their private possession" (Parpola 1983a:8-9). Hierdie opmerking dien as belangrike aanduiding van die versamelbou-beleid wat deur die koning se biblioteek gehandhaaf is. Dit wil voorkom asof die persone in die *rekords* toegelaat is om die aspekte in hul privaat versamelings te behou wat hulle sou nodig hê vir hulle professionele aktiwiteite. Verder beteken dit dat die Assiriese professionele persoon nie alleen sy privaat biblioteek saamgestel het uit dokumente relevant vir sy beroep nie, maar dat die verskaffingsgebied meer universeel was. 'n Verdere afleiding wat hieruit gemaak kan word is dat die eienaars nog geleef en professioneel aktief was ten tyde van die onttrekking van die dokumente: "In other words, with the books listed in the Records we are not dealing with literary remains donated to (or appropriated by) the Palace after the death of the owners, as one might be a priori prone to think. Rather, we are dealing with (voluntary or involuntary) *donations made by the owners themselves*" (Parpola 1983a:9).

Hierdie afleiding toon die bestaan van grootskaalse en omvattende privaat biblioteekversamelings aan, waarin daar soms soveel as 435 en meer tablette kon

verskyn (Parpola 1983a:10). Hunger (1968:19) beskryf byvoorbeeld die biblioteek van Kisir-Aššur, 'n besweerder uit Assur, as sou dit enkele honderd tablette bevat het. Dit is dus duidelik dat die woongebiede van veral die groot stede van die eerste millennium v.C., potensieel ryk sal wees aan versamelings wat Parpola (1983a:10) vergelyk met groot provinsiale biblioteke soos dié ontdek by Sultantepe. ('n Konkrete bewys dat vakman-geletterdheid wél in sekere stadia in die Ou Nabye Oosterse gemeenskap gevestig geraak het).

In hierdie verband is dit miskien goed om die woorde van Harris (1989:24) in herinnering te roep: "Literacy does not exist in the abstract, but is closely linked to other features of the social and cultural landscape." Die eponieme datums van die *rekords* word deur Parpola (1983a:11) geïnterpreteer as 28 Januarie 647 v.C. en 26 Maart 647 v.C., ongeveer vyf tot sewe maande na die val van Babilon en die end van die burgeroorlog tussen die twee broers Assurbanipal en Šamaš-šum-ukin. Voor Assurbanipal se oorwinning het sy regering uiteraard geen reg gehad om in te meng in die interne aangeleenthede van Babilonië nie. Hulle sou dus veral nie kon beslag lê op die privaat eiendom van enige van die burgers nie. Hier vind ons egter dat groot hoeveelhede dokumente skielik uit Babilonië na Assirë gekanaliseer word, slegs enkele maande na die oorname. Parpola (1983a:11) is daarom van mening dat die Assiriese heerser, bekend vir sy literêre belangstellings, die situasie uitgebuit het om sy versameling aan te vul. Met ander woorde die werke wat in die *rekords* gelys word, is na Nineve gebring as deel van die oorlogsbuit, terwyl ander van die eienaars gekonfiskeer is in navolging van die koninklike dekreet. Parpola (1983a:12) skryf dus die skielike aggressiewe versamelbou-beleid in die jaar 647/648 v.C. toe aan die val van Babilon en die skielike potensiaal aan ryk dokumentasie uit die privaat versamelings wat daardeur gebied is. Reade (1986:220) wys in hierdie verband byvoorbeeld uit dat enkele tablette in die versameling (byvoorbeeld K 10100), 'n kolofon in ink het in plaas van 'n inskripsie in die teks. Dit dui moontlik daarop dat die kolofon as aanduiding van biblioteekbesit, by latere aanwinst aangebring is op die tablet. Hierdie teks is dus vermoedelik nie deur die biblioteek se skriptorium geskep nie, maar verteenwoordig 'n aanwinst van 'n ander oorsprong.

Benewens die vrywillige of semi-geforceerde aanwinste wat die biblioteek uit privaat versamelings gemaak het, is die veelmaligheidskarakter van die versameling verder onderstreep deur die daarstelling van duplikate van bestaande dokumente. Die meeste biblioteektekste uit die koninklike skriptoria word gekenmerk deur die uitsonderlike

rooi kleur van die klei waarvan die tablette gemaak is (Reade 1986:218-219). Die bekendste produk van hierdie instansies was die spesiale Assurbanipal-uitgawes van literêre tekste.

Die uiteindelijke sukses van hierdie versameling se literatuurbewaring en biblioteekaktiwiteite, is egter te vinde in die doelmatigheid waarmee versamelde entiteite in verband gebring kan word met die suksesvolle uitvoer van 'n inligtingnavraag en die aanwending van die resulterende inligting. Ten einde die werking van die koninklike biblioteek te verstaan, is dit belangrik om weer te beklemtoon dat die persoon van die koning sentraal tot alle aktiwiteite staan. Die koning reguleer die aanwinste en keuring van die materiaal. Die koning bepaal die toeganklikheid tot die materiaal (vergelyk die kenmerklike besitlikheid in die kolofone wat lui: *ekalltuppi Aššur-bāni-apli* (Parpola 1986:234)) en feitlik elke inligtingsoektog het sy oorsprong in die koning: "... virtually all letters of the ... corpus are to be understood as *responses to external pressure exerted on the scholars either by the king* (demanding answers to specific questions) *or by circumstances* (omens, cases of illness, etc., necessitating prompt professional action) ... the scholar's role was basically that of an automate or robot enabling the ruler to protect his person and to further his personal desires (*sibūtu*) with the help of the Mesopotamian 'wisdom'. Any attempt to deviate from this basic role would have been harshly dealt with by the king" (Parpola 1983b:xviii-xix). *Intellektuele vryheid* hetsy in geskrifte of in die gedagtes van die skrywers, was nie 'n begrip eie aan die Mesopotamiese koningsbiblioteek nie. Die skrywer/wysgeer/besweerder was bloot die medium of interpreteerder tussen die gebruiker (die koning) en die teks. Hier is egter sprake van pro-aktiewe, sowel as reaktiewe inligtingsoektogte. Die wysgeer moet nie alleen bestaande voorbodes interpreteer nie, maar ook voorbereid wees ten opsigte van verwagte gebeurlikhede. In hierdie opsig word die skrywer-cum-bibliotekaris meer as net die tussenganger wat die gebruiker met die inligting versoen, hy dien ook as oorsprong en interpreteerder van die inligting. 'n Rolbeskrywing wat sterk herinner aan die rol van die moderne inligtingwerker wat inligting herverpak na gelang van die vorm waarin die gebruiker dit verkies.

Die literatuurbewaring en biblioteekaktiwiteite in die Kuyunjik-versamelings reflekteer dus die aard en eise van die gebruikersgemeenskap. Inhoudelik bestaan dit hoofsaaklik uit religieuse- en besweringstekste, wat professioneel aangewend is vir naslaandoeleindes. Toegang geskied deur die koning, is waarskynlik beperk tot die koning se *binnekring* en dien as teken van 'n sterk gesentraliseerde politieke struktuur, bevestig deur die aanwinstbeleid. Hierdie beleid toon sterk kurwes van opbloei wat

gevolg kan word in die inventarislyste-cum-katalogi van die Assiriese biblioteekrekords. Aggressiewe aanwins skyn te volg op suksesvolle oorwinnings en dien dus as vorm van oorlogsbuit. Dit is egter nie die enigste vorm van aanwins nie. Die aanwending, instandhouding en bewaring van 'n snel groeiende versameling laat ook die persona van die *bibliotekaris* op die voorgrond tree. In hierdie geval is die *bibliotekaris* en die eienaar van die biblioteek (die koning) nie dieselfde persoon nie. Eersgenoemde tree op as definitiewe tussenganger tussen die gebruiker en die teks. Hierdie rolverdeling sluit ook die interpretasie van die inligting tot voordeel van die gebruiker in. In sommige gevalle beteken dit verder dat inligting pro-aktief opgespoor word in afwagting van 'n behoefte daaraan. Die navorser moet ook te alle tye in staat wees om sy gevolgtrekkings te verifieër uit die bronne geraadpleeg, aangesien Assurbanipal 'n skynbare geneigdheid gehad het om aspekte self na te gaan: "And as regards the rains which were (so) scanty this year (that) no harvest was reaped, this is a good omen pertaining to the life and vigour of the king, my lord. The king, my lord, perhaps says: 'Where did you see (that)? Tell me!'" (Parpola 1970:75). Lieberman (1990:327) sonder hierdie aspek dan ook uit as die Assiriese koning se versamelings- en bewaringsmotief: "Assurbanipal collected his tablets in order to remove power from the hands of ... consultants and retain it himself. His ability to check prevented advisors from choosing between variant traditions in order to affect royal decisions or wilfull misrepresenting the scholarly tradition, and it therefore gave him independence from whims and plots in the court." Hierdie selfstandigheid aan die hand van die koning is te verstane as in ag geneem word dat die geleerdes oor die mag beskik het om deur hul interpretasies van gebeurlikhede die bewegings en handelinge van die koning en sy familie te reguleer. Ištar-šumu-éreš skryf aan Assurbanipal se vader, Esarhaddon: "If Mars, having returned, enters Scorpio, do not neglect your guard; the king should not go outdoors on an evil day" (Parpola 1970:11).

Kortliks kan daar vergelykenderwys na inligtingaansoeke gekyk word soos dit deur die Kuyunjik-versamelings hanteer sal word, ten einde die effektiwiteit daarvan te meet. Verder in dieselfde brief van Ištar-šumu-éreš aan die koning, kom die volgende gedeelte voor:

"This aforesaid is the only area which is held for bad, if Jupiter turns there. Wherever else it might turn, it may happily do so, there is no word about it. Perhaps it was about this that the servant of the king, when (still) alive, spoke with me in the presence of the king, my lord. Saturn will 'collapse' this very month. (But) there is definitely not a word about it.

And what the king, my lord, wrote to me: 'Whatch whereto ...', I shall watch (and) write to the king, my lord, whatever it be" (Parpola 1970:11).

Die bogaande voorspelling begin met die tweede reël wat verwys na: "*ša pi-i um-ma-ni šu-u*: literally, 'it is according to the masters'; referring to authoratative oral tradition (sayings of ancient scholars) circulated in written form" (Parpola 1983b:18). 'n Aanduiding dat die mondelinge tradisie steeds aanwesig is in hierdie oorgangstydperk waarin die standaardisasie van tekste plaasvind (vergelyk in hierdie verband ook die artikel van Rochberg-Halton (1984)). Ten spyte van relatief gevorderde literatuerbewing en biblioteekaktiwiteite, is dit dus duidelik dat hier steeds in 'n oorgangsfase tussen die orale en die geletterde verkeer word. Gekombineer met hierdie spore van die mondelinge tradisie, vind ons egter ook relatief gestandaardiseerde skriftelike praktyke. Duidelik het die koning aan Ištar-šumu-éreš geskryf vir meer inligting omtrent die stand van die planete en 'n interpretasie daarvan, na gelang van moontlike verwysings. Let daarop dat Ištar-šumu-éreš se taakomskriving dus minder gereguleerd en meer interpretatief as die van die Mari-amptenare is. In die aangehaalde ekserp vind ons 'n onsuksesvolle inligtingsoektog. Na raadpleging van die gegewens, moet Ištar-šumu-éreš bely dat hy geen verwysings kon kry na gelang waarvan die data voorhande geïnterpreteer kan word nie.

Laat in 670 v.C. skryf Adad-šumu-usur (besweerder en skrywer) aan Esarhaddon 'n brief wat enkele aspekte omtrent die situasie voor die oprigting van die biblioteek aan die lig bring. Hierdie brief toon die verskil in biblioteekaktiwiteite aan wat deur die daarstelling van 'n gesentraliseerde verwysingsstelsel daargestel is:

"To the king, my lord, (from) your servant Adad-šumu-usur ... What the king, my lord, wrote to me: 'Why have you not sent an answer to (my) letter?', I had (first) to drive to the palace these rams which the chief baker had brought forth to me, (and) the wax tablet was in (my) house. (But) now I shall extract the relevant interpretation ..." (Parpola 1970:115).

Die koning het eerstens nodig om 'n tweede brief te skryf, nadat die versoek om inligting nie na die eerste brief beantwoord is nie. Die oponthoud in die inligtingverskaffing, word aangegee deur die skrywer as 'n probleem by die paleis, gevolg deur die feit dat die spesifieke teks nie in die paleisversameling was nie, maar dat die skrywer sy privaat versameling moes raadpleeg. Hieruit maak Parpola

(1983b:134) die verdere afleiding dat die skrywer nie die teks gememoriseer het nie. Die oorgang van die sogenaamde *oral repository*, na 'n skriftelike neerslag het dus reeds plaasgevind en die skrywer is dus volkome afhanklik van die skriftelike weergawe ten einde 'n antwoord te verskaf.

Dit wil dus voorkom asof Assurbanipal se biblioteek 'n definitiewe naslaankarakter getoon het. Hoewel 'n basis deur vorige konings daargestel is, het die versamelbou en interne ordening onder Assurbanipal rigtinggewend verander, soos aangedui deur die *rekords* en kolofone wat uit sy regeringstyd dateer en direk met hom verbind kan word.

#### 4.1.4 Sippar

In 1987 word daar vir die eerste keer berig aangaande die ontdekking van 'n versameling in die tempel van Šamaš: "... there has now been discovered a small Neo-Babylonian library with its tablets still ranged on their shelves" (Excavations in Iraq, 1985-86 1987:248).

Rassam het skynbaar nie hierdie vertrek opgemerk in sy aanvanklike opgrawings by Sippar in 1881 nie. Daarom is die biblioteek *in situ* en onversteurd deur die Departement van Argeologie van die Universiteit van Bagdad gevind in 'n klein vertrek (1.5 x 1 m) wat uit 'n langwerpige kamer lei. Die mure van die vertrek het tot op 'n hoogte van 1.5 meter behoue gebly. Ingemessel in drie van die vier mure, is 'n reeks nisse, 17 cm hoog, ongeveer 30 cm wyd en 70 cm diep. Drie van die vier rye nisse is onbeskadig bewaar. Die boonste, moontlike vierde ry, is aan die een kant beskadig. Dit is egter moontlik om die bestaan van ongeveer 56 nisse te rekonstrueer. Hierin is die tablette regop geplaas, in ongeveer twee of drie rye diep en tot 60 in 'n nis (Excavations in Iraq, 1985-86 1987:249). Daar word bereken dat ongeveer 2 000 tablette in hierdie biblioteek bewaar is. In meeste gevalle was die tablette onversteurd, maar beskadig deur soutneerslae en verbrokkel.

Hierdie tekste word meestal in die kolofone aangedui as kopieë van *oorspronklike* tekste uit Babilon, Nippur, Sippar, Agade en ander sentra. (Dit veronderstel 'n soort interbiblioteek-leningstelsel wat ook in ander dokumentasiesentra aangetref is). 'n Administratiewe teks wat dateer uit die eerste regeringsjaar van Cambyses (529 v.C.) dien op hierdie stadium as datering vir die biblioteek, aangesien dit die jongste datum is wat in die tekste van die versameling gevind is (Excavations in Iraq, 1985-86

1987:249). Die versameling is gevind in 'n gedeelte van die tempel wat waarskynlik deur Nabonidus, die laaste koning van Babilon voor die oornam van die Perse, gebou is.

In die toewysing van hierdie versameling as 'n moontlike *biblioteek* is ons afhanklik van 'n inhoudelike klassifikasie in die voorlopige argeologiese verslag wat bevestig dat die oorgrote meerderheid van die tablette *litterêr* van aard is. Enkele van hierdie tablette is reeds gepubliseer (Al-Rawi 1990 en Al-Rawi & George 1994) en bevat onder andere 'n weergawe van die Babiloniese skeppingsverhaal (Al-Rawi & George 1990). Ander tekste wat hier gevind is verteenwoordig byvoorbeeld historiese inskripsies, 'n proloog tot Hammurabi se regskodeks, enkele briewe, lofliedere, Akkadiese gebede, besweringe, 'n lys van die gode, wiskundige tekste, voorspellings van verduisterings en 'n unieke astronomiese teks waarin die afstand tussen die aarde en sekere sterre aangedui word, met sketse wat die posisie van die sterre in die konstellasies aandui. Daar is ook enkele ander regstekste in die versameling gevind. 'n Volledige lys van tekste wat bekend was teen 1990, is deur Al-Rawi en George (1990:149) as 'n voetnoot verskaf. Deur middel van die kolofone kon bepaal word dat die Lugale-tablette almal deur dieselfde skrywer, Nabium-etir-napašti van die Pahharu-familie, gedupliseer is. Verskeie ander skrywers is ook geïdentifiseer (Excavations in Iraq, 1985-86 1987:249).

Die groot "teleurstelling" van hierdie biblioteek, word verwoord in 'n duplisering van die woorde van Reiner omtrent die versameling van Sultantepe: "... to our regret, Sultantepe did not and could not bring us information that could not be had from the major collections. Rather, the collection is a representative sampling of Mesopotamian literature, and the novelties it offers are due to the fortunate but accidental circumstance of their preservation" (Al-Rawi & George 1990:149). Al-Rawi en George (1990:149) is daarom van mening dat, by gebrek aan noemenswaardige *nuwe* tekste, hierdie versameling indikatief is van die feit dat die grootste deel van die Babiloniese literêre nalatenskap reeds bekend is. Hulle voel dus dat die belang en waarde van die versameling grootliks geleë is in die moontlikheid dat dit bekende, maar beskadigde tekste kan help aanvul tot 'n meer volledige rekonstruksie en verstaan van die teksgeheel (Al-Rawi & George 1990:149).

Die waarde van die versameling lê dus vir Al-Rawi en George (1990) hoofsaaklik in die tekens van standaardisasie in die Babiloniese tekskorpus, terwyl die potensiaal vir die rekonstruksie van organisatoriese praktyke, nie uitgewys word nie. Dit is ironies, gegewe artikels soos die van Van Driel (1986:5) wat daarvoor pleit dat reeds ontdekte



Neo-Babiloniese versamelings in hul oorspronklike ordening gerekonstrueer moet word: "Before the meaning of the documents in their context can be adequately assessed, the major preparatory task must be the restoration of the archives to which the ... documents originally belonged. This prerequisite is, of course, by no means confined to the Neo-Babylonian and Achaemenid period. Only when the archives have been reassembled may we venture into speculation about the wider implications of the reconstructed groups of texts or may we attempt to compare developments from period to period."

Ongelukkig is enige verdere inligting omtrent die tempelbiblioteek van Sippar moeilik bekombaar. Die Golfoorlog het Irak grootliks geïsoleer en daarom is dit op hierdie stadium onmoontlik om enige sekere gevolgtrekkings uit die bestaande inligting te maak. Die hoop kan slegs uitgespreek word dat hierdie ideale geleentheid vir die bestudering van moontlike organisatoriese praktyke nie verlore sal gaan nie. Die versameling bied die unieke geleentheid om die potensiële wisselwerking tussen kundiges van Ou Nabye Oosterse Studies en Inligtingkunde op die proef te stel in 'n moontlike rekonstruksie van bestaande literatuuwbewaring en biblioteekaktiwiteite. 'n Geleentheid wat hom nie gou weer, indien enigsins, sal voordoen nie. Dit impliseer egter dat noukeurige aantekeninge bestaan omtrent die argeologiese vindplek van elke objek en die verband tussen die objekte. Verder is dit van die grootste belang dat die versameling aanvanklik as geheel bestudeer word, ten einde dit vir geleerdes moontlik te maak om moontlike interrelasies tussen die entiteite tot hul volle konsekwensies na te speur.

Op hierdie stadium is die inligting tot ons beskikking te karig om enige gevolgtrekkings omtrent die versameling en die versameling se posisie binne die gemeenskap te maak. Tog kan genoem word dat Sippar se reputasie as intellektuele sentrum in die Ou Nabye Ooste reeds gereflekteer word in die verteenwoordigende aard van die tekste wat gevind is. Die feit dat meeste tekste kopië van 'n bestaande en reeds bekende Neo-Babiloniese literêre tekskorpus is, bevestig verder die veelmaligheidskarakter van die versameling. Enige verdere afleidings uit die inligting voorhande, sal suiwer gegrond wees op spekulasie.

#### **4.2 Probleemgevalle**

Ebla, Mari, die Kuyunjik-versamelings en Sippar verteenwoordig elk voorbeelde van inhoudelik substansiële Ou Nabye Oosterse versamelings waaruit unieke tekens van

literatuerbewing en biblioteekaktiwiteite lig werp op die sosiale ordening, politieke strukture en onderliggende aard van die gemeenskap. Dit verteenwoordig moontlike protovorme van gemeenskapsentra/dokumentasiesentra, argiewe, koninklike biblioteke, privaat biblioteekversamelings en tempelversamelings, soos dit in die Ou Nabye Ooste tot stand gekom het. Die tekstuele nalatenskap is relatief verteenwoordigend en afleidings kan met relatiewe sekerheid hieruit gemaak word, selfs waar gebrekkige inligting omtrent die *provenance* bestaan. Dit is egter nie altyd die geval nie. Enkele voorbeelde is gekies om die problematiek rondom die bespreking van die Ou Nabye Oosterse rekordversameling aan die orde te stel.

Daar is reeds in die vorige afdeling verwys na die belang van die rol van kolofone, die eerste reëls op 'n tablet en moontlike eponieme datums as hulpmiddels in die rekonstruksie van 'n interne ordeningsstelsel. Die rol wat die kolofon speel in die daarstelling van 'n unieke identiteit vir die *biblioteek van Assurbanipal*, word in detail bespreek deur Lieberman (1990) en daarom is besluit om die gebruik van seëls as hulp in die identifikasie van 'n versameling in hierdie studie aan te spreek. Die belangrikheid van seëls op die deure van bergplekke, aan mandjies en kleihouers, sowel as aan die dokumente self, is deur die bespreking van 'n tipiese inligtingsoektog in Mari aan die lig gebring. Seëls en kolofone dien as wyses waarop die beweging van die dokument deur die stelsel gevolg kan word. Dit verskaf meestal 'n titel, 'n adres, enkele formules en datums wat alles aanduidend is van die aard en waarde van die versameling. Maar wat sou gebeur indien slegs enkele van hierdie ordeningsmeganismes behoue gebly het en die *versameling* as gevolg van die aard van die skryfmateriaal of ander faktore tot niet gegaan het?

#### **4.2.1 Seëls en klei-afdrukke uit 'n post-eksiliese Judese argief**

Posner (1972:8) maak by geleentheid die stelling: "Where neither archival sites nor their contents are known, the archival historian, rather than giving an account of the archives that existed, must be satisfied with telling what archives should have existed." Tot 'n sekere mate is dit wat in hierdie voorbeeldgeval gebeur.

In die geval van die post-eksiliese Judese argief wat Avigad (1976) beskryf, het die inhoudelikheid van die argief totaal verlore gegaan en beskik ons slegs oor enkele aspekte van die instrumentasie wat deel gevorm het van die argivale berging en -ordeningsstelsel. Avigad (1976:32) het op grond van paleografiese evidensie tot die gevolgtrekking gekom dat hierdie argief dateer uit die laat sesde eeu v.C. en dus die

vroeë Persiese Tydperk. Verder dui die aanwesigheid van seëls en klei-afdrukke van seëls op die amptelike aard van die dokumentasie. Dit blyk dus 'n redelike voor die handliggende voorbeeld van 'n Ou Nabye Oosterse argief te wees, maar toon eienskappe uniek aan hierdie versameling wat waardevol is vir die rekonstruksie van die Tweede Tempel-gemeenskap in Juda na hul terugkeer uit Babilon.

Vroeg in Augustus 1974 is sewentig klei-afdrukke (Engels: *bullae*) en een seël (nr 14) na Avigad gebring ter bevestiging van hul egtheid. Hy het geen twyfel in hierdie verband gekoester nie en kort daarna is 'n verdere seël (nr 13) aan hom getoon. (Vondste word dikwels verdeeld aangebied, ten einde die prys daarvan te verhoog). Aangesien Avigad (1976:1) in staat was om 'n verband te bewerkstellig tussen seël nr 14 en die klei-afdruk nr 5, was dit spoedig moontlik om die homogene aard van die vonds te bevestig.

Daar het in die Ou Nabye Ooste die gebruik ontstaan, soos die geskrewe dokument in waarde jeens die orale vertelling gestyg het, dat deelnemers aan 'n wettige transaksie, sowel as die skrywers en getuies, gebruik sou maak van talle metodes om hul teenwoordigheid op die dokumente te kenne te gee. Seëls was 'n gewilde metode en is ook aangebring op kruike en ander objekte: "In the first case they served as seals, authenticating and securing documents which would contain the names of the parties and the witnesses in the text proper ... In the latter case, when applied to jars and the like, they seem to have acted as marks of ownership and identification" (Millard 1972:104). In Mesopotamië is silinderseëls ook gebruik. Dit was gemaak uit 'n verskeidenheid harde stene, aangesien die skryfmedium waarop dit afgedruk is, meestal klei was (Sax, Collon & Leese 1993:89). Die seëls was versier en beskryf met 'n negatief sodat, wanneer dit afgedruk is, die positiewe skrif leesbaar was. Die individuele naam het dikwels, maar nie noodwendig nie, op die seël verskyn. Dit was soms vergesel van of vervang deur enkele ideosinkratiese motiewe. Die seëls het ook 'n opening bevat wat dit moontlik gemaak het om dit om die hals te dra. Dit kon ook in sommige gevalle aan die eenaar se klere vasgesteek word. In enkele gevalle is die seël in 'n ring gemonteer en soms is selfs die soom van die eenaar se kleding gebruik as seëlafdruk op klei (Avigad 1979:116). Seëls versier in die vorm van skarabee-motiewe, het in Egipte dikwels dubbeld gefunksioneer as 'n amulet, wat om die eenaar se nek gedra kon word. As gevolg van die gebruik van papyrus, eerder as klei, was die gebruik in Egipte: "... to impress the seal on a bulla, a small piece of clay used to help seal the string which itself held together the rolled papyrus document" (Avigad 1979:116). 'n Gebruik wat ook in Israel aanklank gevind het. Die seëls was hier meestal

stempelvormig. In die geval van die klei-afdrukke van die Judese argief wat deur Avigad (1976:3) beskryf word, is daar selfs aan die agterkant tekens gevind van die afdruk wat die papiusvesels sou gelaat het. Gladde agterkante dui moontlik op die gebruik van perkament, eerder as papius. Soms is daar duidelike vingerafdrukke op die klei-afdrukke te bespeur (Shanks 1996a).

Klei-afdrukke bestaan dus uit klei wat platgedruk is met die seël van die amptenaar. Die geronde brokkie klei het dan die tou geseël wat die papius- of perkamentdokument toegevoeg het. (Kraeling (ed) (1953:345) toon 'n foto van onoopgemaakte papiusrolle uit Elefantine - uit min of meer dieselfde tydperk - wat nog so gebind gevind is met tou en die klei-afdrukke). Dit is baie raar dat die klei-afdrukke so duidelik en onbeskadig behoue bly soos in die geval van die Judese argief, aangesien klei maklik verbrokkel of van vorm verander met blootstelling aan nattigheid (Avigad 1976:30). In die geval van die Elefantine-papiusrolle, is almal nog gevind met hul kleiseël, of tekens daarvan, maar slegs in vyf gevalle was die seël op die klei-afdruk nog duidelik leesbaar (Kraeling (ed) 1953:123).

Die kombinasie van veral die *Yehud*-seël - amptelike seël van die provinsie Juda - met die ses klei-afdrukke van dieselfde tipe, dui op die amptelike aard van die post-eksiliese Judese argief<sup>8</sup>. Dit word verder onderstreep deur die klei-afdruk van die goewerneur, die seël van die goewerneur se *diensmeisie*, vier klei-afdrukke wat die naam van die provinsie en provinsiale amptenare dra en tien klei-afdrukke van die skrywer wat heel moontlik tien dokumente geskryf en gesertifiseer het met sy seël (Avigad 1976:30). Daar kan dus op grond hiervan tot die gevolgtrekking gekom word dat 'n *amptelike* argief ontdek is: "The quantity and quality of our bullae allow us to assume that they belonged to an official archive in which documents of an official nature had been kept" (Avigad 1976:30). Enkele struikelblokke in die rekonstruksie van die argief, bestaan egter. Eerstens is daar geen aanduiding van die oorspronklike lokaliteit van die vindplek nie, behalwe dat dit in die *omgewing van Jerusalem* gevind is, geberg in 'n kleipot. (Laasgenoemde is 'n welbekende Ou Nabye Oosterse bergingsmetode vir argivale- en biblioteekdokumentasie. Vergelyk byvoorbeeld die Dooie See Rolle<sup>9</sup> gevind in grot 1, die Murašu-argief van Nippur (Zadok 1986:285), asook Jer 32:14. Die kruik kan ook dien as nuttige dateringswyse vir 'n vonds, wat in hierdie geval nie moontlik was nie. Die kleipot is nooit vir Avigad aangebied nie).

Zettler (1987:198) stel juis twee voorwaardes aan die waarde van seëls en hul afdrukke vir die rekonstruksie van die administratiewe organisasie van instellings: "The value of those sealings lay in their secure archaeological context (the known character of the

building and the findspots of the sealings within the building) and in the fact that the seals impressed on them can be identified by their inscriptions as belonging to specific individuals." Tesame met die onsekerheid oor die vindplek van die Judese seëls, is die grootste struikelblok natuurlik dat geeneen van die dokumente wat deur die seëls verseël is, gevind is nie: "As for the fate of the actual documents which the bullae had sealed, they were most probably written on papyrus or leather, and all have long since perished under the climatic conditions of the Jerusalem region" (Avigad 1976:30). (In die geval van die opgrawings by Lagish, deur Aharoni, is sewentien seëlafdrukke ook in 'n kleipot gevind. Dit was hier duidelik dat dit van die oorspronklike dokumente verwyder is en apart in die kruik geplaas is vir veilige bewaring (Naveh 1968:72). Of dieselfde vir die argief onder bespreking gegeld het, is egter moeilik bepaalbaar vanweë die vaagheid van die gegewens). By gebrek aan enige inhoudelikheid, is ons egter steeds in staat om waardevolle afleidings omtrent die gemeenskap uit die vonds te maak, aangesien seëls deur die aard en wyse van aanwending groot lig werp op karakteristieke eienskappe uit die gemeenskap (Yamada 1994:62) en veral individue binne die gemeenskap, soos Zettler (1987:198) aantoon.

Dit is nie die doel van hierdie bespreking om noodwendig 'n herhaling te wees van die gevolgtrekkings wat deur Avigad (1976:30-36) gemaak is nie. Daarom word daar in die besonder gekonsentreer op aspekte wat tekenend is van die seëls en klei-afdrukke as voorbeelde van literatuerbewing en biblioteekaktiwiteite hier aanwesig.

Die argief se amptelike aard, gekoppel aan die gebruik van die amptelike seël vir die provinsie Juda (die Hebreeuse יהודה van Esra 2:1 en die Aramese מְדִינַתְּיָהוּדָא van Esra 5:8), werp lig op die amptelike status van hierdie provinsie met betrekking tot Samaria: "This name is in itself sufficient to indicate that Judah was a separate administrative unit, having its own autonomous internal rule" (Avigad 1976:4). Avigad (1976:30-36) maak verder talle gevolgtrekkings omtrent die goewerneurs en belastinge wat die tydperk van Nehemia se koms voorafgegaan het. Behalwe om te beklemtoon dat kleiseëls as argivale instrumentasie, op hul eie 'n groot bydrae tot die historiese rekonstruksie van die gemeenskap kan lewer, word daar nie verder op hierdie aspek ingegaan nie. Die artikel van Meyers (1985) kan in hierdie opsig geraadpleeg word vir verdere detail.

Die Judese argief se seëlafdrukke is nie van enige piktorale voorstelling voorsien nie, soos soms die geval was in die Ou Nabye Ooste nie. Die seëlafdruk was ovaalvormig, met meestal 'n inskripsie van twee reëls (Avigad 1976:3). Hierdie bevinding opper dadelik die vraag na die vlak van geletterdheid onder die argiefgebruikers, wat hierdeur

voorveronderstel word. Millard (1972:104) het die volgende afleidings uit ander vondste van Hebreeuse seëlafdrukke gemaak: "When a seal carried a pictorial design as well as the owner's name, little difficulty would arise in recognition. However, as many as one third of the Hebrew seals are engraved solely with the owner's names and patronyms, and any attempt to identify these seals obviously demanded reading ability." 'n Verdere aspek besonders tot seëls wat slegs inskripsie-draend is, is dat dit oor 'n beperkte leeftyd beskik het, aangesien dit uiters persoonlik en nie oordraagbaar was, soos die geval met piktorale seëls nie (Millard 1972:106). Dit maak dit verder moontlik om die afleiding te maak dat die amptenare wat hierdie seëls gebruik het, dit met betrekking tot hul amp aangewend het. Die seël was van geen waarde sodra die amptenaar buite die amp beweeg het nie, wat strook met die beperkte leeftyd van die seël.

Die keuse van hierdie *argief* in 'n bespreking van literatuerbewing en biblioteekaktiwiteite in die Ou Nabye Ooste, is veral geleë in een besondere aspek van hierdie versameling. Die presiese aard en bekende funksionering van seëls en kleiafdrukke in die Ou Nabye Ooste stel ons in staat om betreklike seker gevolgtrekkings uit die aanwending daarvan te maak. In hierdie geval behels dit die funksie van 'n individu binne die post-eksiliese gemeenskap. Hier word verwys na die seël van Shelomith, *diensmeisie* van die goewerneur: "This is not merely the seal of a woman conducting her own private affairs. The very formulation of the text on this seal gives it a semi-official character, and its discovery specifically in association with an official seal and official bullae can only strengthen this" (Avigad 1976:31). Shelomith se seël is die enigste private seëlafdruk wat in hierdie versameling gevind is. Avigad (1976:31) kom dus tot die gevolgtrekking dat sy in beheer van die argief was: "... or rather, she was responsible for the administrative centre of which the archive was part." Sy het ook 'n seël van die provinsie gehad vir die verseëling van amptelike dokumente.

In Shelomith se seëlafdruk bestaan die moontlikheid dus om 'n waardevolle verpersoonlikte beeld daar te stel van 'n moontlike vroulike Ou Nabye Oosterse *argivaris*. Die drie reëls van Shelomith se seël (nr 14) is as volg beskryf en vertaal deur Avigad (1976:11):

לשלמיה	Belonging to Shelomith
אמה אלנ-	maidservant of Elna-
תן פח ...	than <i>ph</i> ..

Avigad (1976:11) reconstrueer die volle teks om te lees: לשלמיה אמת אלנתן פחורא, oftewel: "Belonging to Shelomith, maidservant of Elnathan the Governor." (Die rekonstruksie van פחורא is gebaseer op die kleiseël nr 5, waar dit as sodanig verskyn. Volgens Stern en Meyers (Meyers 1985:34) word hierdie rekonstruksie nou algemeen aanvaar, in teenstelling met Cross se aanvanklike voorstel van פחרא, oftewel *pottebakker*).

Die naam, Shelomith, kom in 1 Kronieke 3:19 voor as die naam van die dogter van Serubbabel, die goewerneur van Juda. Sou dit dieselfde persoon wees aan wie hierdie seël behoort het, verklaar dit reeds grootliks haar skynbare verhoogde status binne die amptenary. Tentatief kan die administratiewe seëls gevind in Vlak IV van die tempel van Inanna in Nippur, dien as moontlike bewys dat administratiewe funksies in die Ou Nabye Ooste oorerflik was. Nie alleen is die amp van hoof-administrateur skynbaar oordraagbaar van vader na seun nie, maar talle van die Ur-Mer-me-familie het op grond van hul familieband, ampte in die administrasie bekleed. Onder andere <sup>d</sup>Inanna-ka, die suster van die hoof-administrateur, Lugal-engar-du<sub>10</sub>, en die vrou van Ka-kù-ga-ni (Zettler 1987:202). Dit is dus nie totaal onwaarskynlik dat die Jode, beïnvloed deur die voorafgaande tydperk in Babiloniese ballingskap en met beperkte geskoolde personeel tot hul beskikking, 'n minder rigiede houding jeens vroue in die administrasie van die jong provinsie sou handhaaf nie. Veral nie indien dit weens 'n familiale band met Serubbabel (afstammeling van Dawid), regverdigbaar was nie.

Op 'n sekerder voet, is dit die term אמת (vertaal met *maidservant*), wat dien as bepaler van Shelomith se verband tot die goewerneur. Dit word dus 'n sleutelbegrip in die bepaling van haar amp: "The definition of the term ... on the present seal is of considerable importance. The term is known on two Ammonite seals of the 7th century BCE: 'Aliah maidservant of Hananel', and '*nmwt* maidservant of *dblbs*', on neither of which the official capacity of the 'master' is noted. The term *amah* is found also in a Hebrew tomb-inscription in Jerusalem (700 BCE), relating that the owner of the tomb, a high ranking royal official (bearing the titel '*šr 'l hbyt*, 'major domo') was buried together with his *amah*" (Avigad 1976:11). Avigad (1976:12) kon geen parallele in ander Ou Nabye Oosterse inskripsies vind om verdere lig op die term *diensmeisie* te werp nie. אמת word ook nie in die Bybelkonteks meer bepalend gebruik as die Koehler en Baumgartner (eds) (1985:59) se vertalingsekwivalent van *handmaid* nie. Die term dui wel op 'n hoër status as אמת, wat vertaal word as: "*the lowest maidservant who pours water over her master's hands*", hoewel die onderskeid tussen die twee terme nie duidelik is nie (Koehler & Baumgartner (eds) 1985:1002). In Genesis 16:3 en 21:12, vind ons egter 'n aspek van die verhouding tussen die twee terme.

Hagar was die *diensmaagd* (הַפְּתִיזָה) van Sara, maar Hagar is die *diensmaagd byvrou* (אִמָּה) van Abraham: "She is often a secondary wife, bearing children to her master, that is, a concubine" (Avigad 1976:12). Die Elefantine-tekste, wat uit min of meer dieselfde tydperk as hierdie argief dateer, werp verder lig op die aangeleentheid. In Papyrus 2, neem Anania, seun van Assaria, die *diensmeisie* (אִמָּה) van Meshullam, seun van Zakkur, wat vir hom 'n dogter gebaar het, tot vrou (Kraeling (ed) 1953:142-143). Hierdie *diensmaagde* kon dus 'n redelike status binne die eienaar se huis handhaaf. (Vergelyk ook in hierdie verband die aanwending van die vrou met hierdie term in Eksodus 21:7-8). Meyers (1985:37) is van mening dat 'n geleentheidshuwelik tussen 'n vroulike afstammeling van Dawid en die goewerneur, wat namens die Persiese koning belasting moes insamel, onderhorigheid aan die owerhede in die hand sou werk: "Shelomith provides a visible sign of the continuity of the Davidic family in the eyes of the public" (Meyers 1985:37).

Terselfdertyd kan die term אִמָּה egter ook aangewend word as 'n term van onderdanigheid, wat nie noodwendig iets te doen het met die fisiese status van die vrou binne die huishouding nie: "Where royal officials bear the title 'ebed, 'servant', or any other such title, their wives bear the appellation *amah* as an honorific title" (Avigad 1976:13). (Vergelyk in hierdie verband byvoorbeeld 1 Samuel 1:11).

Die vraag is nou hoe die amp van Shelomith as *diensmeisie*, strook met die teenwoordigheid daarvan op haar seël: "In discussing ... two seals of Ammonite maidservants ... Albright regarded the term *amah* as a title parallel to 'ebed, found on the seals of high officials in royal service. That is, these *amah* seals belonged to female functionaries (or other distinguished women), in the service of royalty or nobles" (Avigad 1976:13). Die rekonstruksie kan dus gemaak word dat Shelomith as 'n amptenaar van die goewerneur gefunksioneer het. Dit word ondersteun deur die aanwesigheid van haar seël tussen ander amptelike seëls en klei-afdrukke. Die moontlikheid is egter nie uitgesluit dat sy alternatiewelik ook sy byvrou was nie. Hoewel daar bewyse bestaan vir geletterde vroulike amptenare in die Babiloniese literatuur en in Mari, soos na verwys in hoofstuk 2, is dit veel moeiliker omdat daar geen duidelike indikasie in die Bybelse literatuur is vir vroulike amptenare van so 'n hoë status nie. Dit wil dus lyk asof hierdie 'n uitsonderlike situasie was. Dit is veel makliker om bewyse te kry vir die bestaan van *privaat versamelings* wat 'n vrou as eienaar gehad het. Hier word byvoorbeeld verwys na die Oud-Babiloniese *versameling* van Iltani wat in Tell Al-Rimah gevind is. (Vergelyk in hierdie verband Page (1968), Dalley (1973) en Eidem (1989)). Die *versameling* van die Jodin Babata, sal in die laaste afdeling van hierdie hoofstuk verder aandag geniet.



#### 4.2.2 Qumran

Die stad Jerusalem en die tempel, is in 70 n.C. deur die Romeine vernietig. Hierdie jaar word as 'n soort skeidsmuur in die geskiedenis van rabbynse Judaïsme en die vroeë Christendom beskou: "It has been extremely difficult to go behind it. Out of the variety of Judaisms that vied for influence while the Temple still stood, after 70 there emerged the single normative Judaism we call rabbinic, the Judaism we know today. The only other form of 'Judaism' to survive the tragedy of 70 was Christianity, which, as transformed of course, came to dominate the Western world" (Shanks 1993b:xv). Die problematiese aard van die Qumran-versameling is dus geleë in die vraag na die rekonstruksie van die Palestynse gemeenskap in die intertestamentêre tydperk<sup>10</sup> en in hoe 'n mate hierdie versameling verteenwoordigend is van ten minste 'n gedeelte van hierdie gemeenskap.

Sedert die ontdekking van grot 1 in 1947 deur die bedoeïene seuntjie, Muhammad edh-Dhib, was die versameling gehul in omstredenheid. Dit was veral die inhoudelike sy van sekere dokumente, sowel as die religieuse strekking van die oorgrote meerderheid van die tekste en hul moontlike invloed op die Christendom en Jodedom, wat hiervoor verantwoordelik was. Hier word spesifiek verwys na byvoorbeeld 4QMMT<sup>11</sup> en 4Q246<sup>12</sup>. Die onthulling van hierdie tekste was relatief laat in die sage van die ontdekking van die Dooie See Rolle. 4Q246 is deur Eisenman & Wise (1992:68-71) gepubliseer. Hierteenoor is die 4QMMT-tekst in April 1984 deur John Strugnell en Elisha Qimron tydens die eerste *International Conference on Biblical Archaeology*, in Jerusalem onthul: "It is hard to describe the audience's shock. We now realized that for forty years, this text, holding the key to many mysteries of the Dead Sea Scrolls, had been hidden from us in the recesses of the Rockefeller Museum's scrollery. As Qimron continued his presentation, we took frantic notes on the passages he quoted, so that we could bring home at least a fragment of this scroll to study even before publication of the full text" (Schiffman 1995:xvii). Strugnell was verantwoordelik vir die opstel van 'n tydrooster vir die publikasie van ongepubliseerde materiaal, na sy oorname as hoofredakteur van die *Discoveries in the Judaean Desert*-projek in 1986. Qimron en Strugnell het onder hierdie voorwaardes onderneem om 4QMMT teen die einde van 1988 te publiseer. Hulle amptelike weergawe verskyn uiteindelik in 1994 (Qimron & Strugnell 1994:vii-viii).

Die krisis rondom die beskikbaarstelling van die tekste aan die breë akademiese publiek is aanvanklik aan die orde gestel deur Geza Vermes (1981:24) se opmerking in

1977, wat in hoofstuk 1 aangehaal is. Hershel Shanks, die redakteur van die *Biblical Archaeology Review*, het met die volle ondersteuning van die tydskrif se moederorganisasie, die *Biblical Archaeology Society*, sedert die middel tagtigerjare 'n veldtog teen die amptelike redaksionele komitee geloods. Eisenman & Wise (1992) se nie-amptelike publikasie van vyftig tot nog toe ongepubliseerde tekste, was 'n verdere bydrae tot die vrystelling van die dokumente. Ben Zion Wacholder en Martin Abegg van die Hebrew Union College in Cincinnati, het boonop daarin geslaag om 'n versameling ongepubliseerde manuskripte van grot 4 te rekonstrueer uit 'n konkordansie wat onder die amptelike redaksionele komitee gesirkuleer is en dit word op 4 September 1991 deur die *Biblical Archaeological Society* gepubliseer (Vermes 1994:105). Gebeure by die 1992 New York Kongres (Wise 1994 & Golb 1995:305-326) het die situasie verder op die spits gedryf.

Populêre en dikwels uiters kontroversiële bespiegelings was meestal ongesubstansieerd as gevolg van die gebrek aan tekstuele bewyslewering uit die ongepubliseerde tekste. Dit het egter die voordeel gehad dat die versameling onder die aandag van die algemene publiek gebring en gehou is. Hier word veral verwys na die werke van Thiering (1992) en Baigent & Leigh (1992). Baigent & Leigh (1991) het soveel populariteit geniet met hul teorie van 'n moontlike sameswering tussen die Vatikaan en die Rooms Katolieke Vader De Vaux, dat Betz & Riesner (1993) dit nodig geag het om 'n boek te wy aan die weerspreking daarvan.

Ten spyte - of miskien juis as gevolg van - die prominensie van hierdie versameling, is dit ook ongetwyfeld die Ou Nabye Oosterse versameling waaroor daar tot op hede nog die meeste onsekerheid bestaan. Die potensiaal vir religieuse plofbaarheid inherent tot die inhoud van individuele dokumente, het beteken dat geleerdes in die verlede eerder op tekste, as op die versamelingsgeheel, gekonsenteer het. Daarom is dit nie verbasend dat geleerdes dit na veertig jaar nog nie eens is oor wie verantwoordelik was vir hierdie versameling nie. Verskeie teorieë bestaan egter. Elke voorstel van 'n variante oorsprong het op sy beurt implikasies vir die aard van die versameling. Golb (1985, 1990 en 1995) is byvoorbeeld van mening dat die rolle 'n versameling, of versamelings (veral moontlik die tempelversameling), uit Jerusalem verteenwoordig wat voor die Romeinse inval van die stad in 70 n.C., in die grotte naby die Dooie See weggesteek is. Die Rolle het dus nie die homogene doelstellings van 'n groep voorgestel nie, maar moontlik uiteenlopende benaderings. Terselfdertyd sien Golb nie die nabygeleë nedersetting by Qumran as sou dit enige verband hê met die grotte nie. Dit was nie 'n religieuse klooster nie maar, volgens Golb, 'n Joodse fort en het nie noodwendig enige verband gehad met die rolle in die nabygeleë grotte nie.

Na John Strugnell en Elisha Qimron se bekendmaking van die inhoud van 4QMMT by 'n kongres in Jerusalem in 1984, het veral Schiffman (1993:35-49 & 1995) tot die gevolgtrekking gekom dat die Qumran-gemeenskap uit die Sadduseërs afkomstig was.

Sukenik het op onderskeidelik 28 November en 22 Desember 1947, die rolle wat later bekend sou staan as 1QJesaja<sup>b</sup>, 1QHodayot<sup>a</sup> en 1QMilhama vir die Hebreeuse Universiteit in Jerusalem aangekoop. Hy het gou besef dat die handskrifte nie die van Middeleeuse skrywers was, soos die van die Kaïro Geniza nie, maar veel ouer. Na hy in Februarie 1948 ook drie ander tekste ondersoek het, maak hy die gevolgtrekking: "I incline to hypothesize that this cache of manuscripts belonged originally to the sect of the Essenes, for, as is known from different literary sources, the place of settlement of this sectarian group was on the western side of the Dead Sea, in the vicinity of En Gedi" (Stegemann 1992:84). Hiermee gee hy geboorte aan die hipotese wat steeds deur die meeste geleerdes aangehang word. Die tradisionele siening is dat die versameling behoort het aan 'n geslote *sekte*, genaamd die Essene, wat hulle van die res van die Joodse samelewing afgesonder het. Verwysings na hierdie groepering word gevind in die werke van Plinius die Ouere, sowel as Flavius Josephus en Philo. (Vergelyk Dupont-Sommer (1973:21-38) se bespreking hiervan). Dit is veral Plinius wat melding maak van hierdie groepering as 'n geïsoleerde gemeenskap aan die westekant van die Dooie See, in die omgewing van En-Gedi. Die afleiding is dus gemaak dat die Essene hulself gevestig het in die nedersetting, genaamd Khirbet Qumran, wat in die omgewing van die grotte opgegrawe is (VanderKam 1994:71-91).

Hoewel die oorsprong van die rolle nie van ooglopende belang vir enige insigte omtrent moontlike literatuerbewing en biblioteekaktiwiteit is nie, het dit tog geblyk dat die implikasies van die teorieë van oorsprong direk hierop inwerk.

'n Hele aantal veralgemenings is van die begin af omtrent die versameling gemaak, wat aanleiding gegee het tot talle moontlike wanopvattinge. Daar is byvoorbeeld van meet af aan verwys na die Qumran *biblioteek* (vergelyk byvoorbeeld Rengstorff (1963:7-8) en die titel van F M Cross se werk (1958)). Met die toekenning van hierdie term aan die versameling, het die betrokkenes nie soseer enige moontlike aanduidings van 'n interne ordening geïmpliseer nie, maar het inhoudelik vir hulself ruimte geskep: "Such a library would contain books stored there, which need not have been written or compiled by the owners of this library themselves" (Stegemann 1992:87). Dit was dus 'n sagte opsie ten einde die verbandlegging tussen die inhoudelike eenhede te impliseer en die moontlike gebrek daaraan te verduidelik. Enige inhoudelike teenstrydighede kon

dus hierdeur verantwoord word, sonder dat die basiese teorie omtrent gemeenskapsoorsprong daardeur beïnvloed hoef te word. Hier moet beklemtoon word dat die bestaande navorsing nie noodwendig radikaal van die gevolgtrekkings omtrent die eienskappe en moontlike protoversamelingstipe verskil nie, maar dat daar ernstige probleme ondervind word met die benadering tot die bepaling van die versamelingstipe. Die benadering is slegs een van die aspekte wat Stegemann (1992:87) beskryf het as: "... not so much discussed, as more or less taken for granted." Die benaming *biblioteek* vir die Dooie See Rolle, in die tradisionele sin, het dus eerder vir die geleerdes verwys na die samebindende eenheid van die elf grotte se opbrengs, as soseer na die fisiese stand van sake terwyl die versameling(s) in gebruik was.

Die gevolg was dat min aandag geskenk is aan enige ander versamelingsmoontlikhede. Indien dit byvoorbeeld 'n geniza sou verteenwoordig, soos Del Medico (Golb 1995:273-274) voorgestel het, behoort daar geen interne ordeningsstelsel gevind te word nie. Indien rolle egter inderhaas en verteenwoordigend van verskeie biblioteke in die grotte geplaas is - soos net voor die inval van Jerusalem - soos Golb (1995) suggereer, dan is dit ook moontlik dat verskeie uiteenlopende ordeningsstelsels gevind sou kon word. Afhangend van die haas, kon dit natuurlik ook beteken het dat die laaste dokumente sonder enige bepaalde ordening in die grotte geplaas is. Sou egter net na die inhoud gekyk word, suggereer die oorheersende religieuse aard van die dokumentinhoud eerder ontwikkeling in die rigting van 'n versamelingstipe gelykstaande aan 'n rudimentêre proto-biblioteekvorm, as 'n argief. Die uiteenlopende aard van die dokumentinhoud sluit egter nie Golb se moontlikheid uit dat hier sprake is van meer as een biblioteek nie. Dit was immers F M Cross (1958:18) wat opgemerk het: "It may be observed in this connection that Cave III, like most of the 'minor caves', should not be thought of as a 'hiding place', much less a *genizáh* for Essene documents. Rather the minor caves are to be designated as repositories for members of the Essene community who lived in the cliffs<sup>13</sup>. Presumably the remnants from the minor caves constitute the remains of scrolls in private use, most of them no doubt copied at the Qumran center, and 'lent out from the main library', so to speak. The Copper Document, like other texts from this and other caves, was left behind lying openly on the ancient floor, presumably at the time of the Roman attack of A.D. 68. Cave IV, with its massive remains of nearly 400 MSS, and possibly Cave I, with some seventy documents, at least three of which were in a jar, are to be treated as exceptions. Cave I may have been a hiding place, sought out when the settlement appeared doomed; Cave IV almost certainly contained the remnants of the great collection originally housed in the community center only a stone throw distant from its opening."

Uiteindelik sal die onderskeid tussen 'n potensiële *protobiblioteek* en *geniza*, by gebrek aan 'n evidente ordeningsstelsel, geleë wees in die motivering van die *bewaringsaktiwiteit*: "Does the very act of hiding the writings imply that books had in the eyes of their owners an eternal existence beyond that of humans, or the Messianic (or natural) expectation that a day would come when the members of the community would return and need these texts?" (Shavit 1994:302)

Martínez en Van der Woude (1990:522) vorm 'n teenargument vir Golb se teorie in hul uiteensetting van die Groningen-hipotese. Die outeurs se basiese uitgangspunt bou voort op die uiteensetting van F M Cross (1958) en behels dat die vesting by Qumran, wel die oorsprong van die rolle in die grotte verklaar. Hierop bou hulle die volgende twee argumente:

- \* Die tekste wat in die grotte gevind is verteenwoordig nie 'n ongelyksoortige versameling elemente sonder enige *verband* nie; in teendeel, die tekste is almal deel van 'n geheel en vorm 'n eenheid wat beskryf kan word as 'n "religieuse biblioteek" (eie klem).
- \* Verder word aanvaar dat hierdie biblioteek behoort het aan en 'n weerspieëling is van die belange van die Qumran-groepering, wat beteken dat dit ook as 'n "sektariese biblioteek" geklassifiseer kan word.

Deur die gebruik van die woord *verband* (*connection*) impliseer Martínez en Van der Woude (1990:522) die moontlikheid van 'n biblioteek waar interne ordeningsstelsels hierdie sogenaamde *verband* lê. Ongelukkig fundeer die outeurs hul argument alleen op die religieuse verband in die inhoudelike. Nogtans is die argument van groot belang: "That all the MSS coming from the various caves are part of the same library is shown by the fact that the collections of all the caves, except cave 7, present the same pattern of biblical, apocryphal and sectarian works, that the *same* apocryphal or sectarian compositions are found in different caves, and that even some of the MSS coming from different caves have been copied by the same scribe" (Martínez & Van der Woude 1990:523). Hierdie uitgangspunt word ook gereflekteer in die samestelling van Martínez (1994) se vertaling van die Dooie See Rolle. Hiervolgens word die tekste gerepresenteer volgens die onderwerpsordening daaraan toegeken deur die outeur en nie volgens vindplek nie. (Die naam van die teks, byvoorbeeld 1QS, suggereer egter die plek van oorsprong).

Die biblioteek word volgens die Groningen-hipotese gerekonstrueer as sou dit aan 'n groep, eerder as 'n individu behoort, as gevolg van die groot aantal dokumente sowel as die hoeveelheid duplikate gevind. Die groepering wat hulle by Qumran gevestig het, was 'n splintergroep van die Essene. Weer word nie geïmpliseer dat die dokumente noodwendig almal hul oorsprong in die gemeenskap moes gehad het nie: "Our assumption implies also that all the works found in Qumran that cannot be classified as strictly sectarian must have been composed *before* the split that gave rise to the Qumran group" (Martínez & Van der Woude 1990:526).

Die Groningen-hipotese (Martínez & Van der Woude 1990:525) bied 'n inhoudelike klassifikasie van die Qumran biblioteek, wat as volg lui:

- \* *Sektariese werke*: Dit verteenwoordig die gedagterigting of *halakhah* van Qumran in sy mees ontwikkelde en tipiese vorm.
- \* *Werke uit die formatiewe periode*: Hierdie aspek verteenwoordig in 'n nog ongedifferensieerde vorm die oortuigings van die Essene (wat beskou word as hul bron). Dit toon reeds 'n karakteristieke *halakhah*.
- \* *Werke wat die Esseense denkrigting verteenwoordig*: Dit is in ooreenstemming met wat die klassieke werke ons leer omtrent die Essene en wat aan hulle toegeskryf kan word.
- \* *Werke van die apokaliptiese tradisie*: Hierdie tradisie het geboorte gegee aan die Essene en is beskou as 'n gemeenskaplike nalatenskap.

Dit is belangrik om te beklemtoon dat hierdie klassifikasie retrospektief en inhoudelik gebaseer is en nie noodwendig verteenwoordigend is van 'n aanvanklike ordening nie. Verder beteken die uitgangspunt dat die totale versameling 'n eenheid vorm en dat die grotte slegs gedien het as wegsteekplek - die biblioteek se primêre lokaliteit was aanvanklik die Qumran-vesting en in die besonder, die *skriptorium*<sup>14</sup>.

Hoewel Cross (1958:18) se bogenoemde verwysing indikatief van die werking van 'n moontlike biblioteek is, kon slegs drie gevalle gevind word waar akademici die fisiese biblioteek*aktiwiteit* probeer reconstrueer het. Pedley (1964) is 'n bibliotekaris wat ook deur De Vaux (1973b:32-33) aangehaal word in sy bespreking van die moontlike

funksies van die skriptorium. Sy beskryf die *biblioteek* in die nedersetting as geleë in die skriptorium en die kamer direk onder dit, waarop die skriptorium ingesak het. Op die grondvloer word drie kleiner kamers, aangrensend tot die groter kamer, by die biblioteekkompleks/dokumentasiesentrum betrek. Die eerste van hierdie kleiner kamers is ook die enigste met 'n buitedeur en 'n deur na die hoofkamer, sowel as 'n trap na die boonste verdieping: "The two other lower rooms can also only be reached by passing through this strategic hall, which has all the characteristics commonly required for the station of that library attendant who has to answer questions, account for circulation, assign duties and watch the comings and goings of visitors to the various parts of his domain ... It is easy to see in this complex the ancient library of Qumran, consisting of reading room, offices and bookstacks downstairs, and a workroom above" (Pedley 1964:14-15). Hierby sluit Stegemann (Shavit 1994:308) aan deur te veronderstel dat die rolle in die biblioteek-area van die nedersetting bewaar is in mandjies en potte. Die opmerking van Shavit (1994:308) is van toepassing vir beide Stegemann en Pedley: "... this theory has its logic, but he cannot present any solid evidence for its validity<sup>15</sup>."

Schiffman (1995:xxi, 54-55) is die derde outeur wat die moontlikheid van biblioteekaktiwiteite by Qumran aan die orde stel deur 'n ondersoek na fisiese tekens van biblioteekaktiwiteite. Hy maak terloops melding van die moontlikheid dat ten minste een van die elf grotte, grot 4, dalk nie alleen 'n wegsteekplek verteenwoordig het nie, maar fisies as biblioteek gedien het: "The collection can best be described as a library. A large percentage of the scrolls come from cave 4, an artificially hewn cave only a five-minute walk from the buildings that served as the center of sectarian activity" (Schiffman 1995:xxi). Sy bewyslas vir hierdie afleiding is geleë in gate in die mure - eweredig gespaseër - wat moontlik kon dui op die teenwoordigheid van houtrakke in 'n vorige era: "When the cave was abandoned, the shelves eventually rotted and collapsed, leaving the scrolls on the floor of the cave. This explains their damaged and fragmentary condition" (Schiffman 1995: xxi). Ongelukkig is die rolle stelselmatig deur óf die bedoeïene óf die argeoloë, ontdek en ontgin. Gepaardgaande met 'n beleid wat 'n vasgestelde bedrag per vierkante eenheid rol betaal het (\$2.80 per vierkante cm, aldus Cross (1958:27)), het dit beteken dat die bedoeïene teësinig hul vindplekke bekendgemaak het en moontlik selfs volledige rolle aanvanklik in stukke verdeel het. Die gevolg was dat min of geen inligting bestaan oor die wyse en toestand waarin die dokumente gevind is en in watter ordeningsvolgorde, indien enige.

Die ondersoek van die gemeenskap wat deur die Dooie See Rolle verteenwoordig word, is dus gebaseer op drie bene:

- \* Die eksterne tekstuele bewyslewing;
- \* Die Dooie See Rolle; en
- \* Argeologiese bewyse.

Die laasgenoemde is veral verdag in hierdie geval. Roland de Vaux, wat die argeologiese ekspedisie na die Qumran nedersetting gelei het vanaf 1951 tot 1956, het wel argeologiese data gepubliseer in die vorm van twee voorlopige verslae en die boek *Archaeology and the Dead Sea Scrolls* (1973b), maar in die woorde van Reich (1995:157): "... these were either too scant or too generalized." Reich (1995:157) gee hierdie ook aan as die rede waarom gevolgtrekkings gegrond op die argeologiese data so beperk is, ten spyte van die belang van die onderwerp. De Vaux is in 1971 oorlede, voor hy die finale argeologiese verslag kon voltooi. In 1986 het die *Ecole Biblique et Archéologique Française* in Jerusalem, die voltooiing van die verslag hervat (Donceel & Donceel-Voûte 1994:1-38). Die Belgiese egpaar, Donceel en Donceel-Voûte, was gemoeid met die voorbereiding van die potskerf-analises, terwyl Humbert, verbonde aan die *Ecole Biblique* in Jerusalem waaraan De Vaux ook verbonde was, verantwoordelik was vir die publikasie van die rekords en argitektoniese planne (Schiffman 1995:37). Donceel en Donceel-Voûte (1994) se artikel dui op talle teenstrydighede in die notering van die opgrawings by die nedersetting<sup>16</sup>. Verder het die bouvalle in die afgelope veertig jaar so agteruit gegaan dat hulle tot die gevolgtrekking kom dat: "... not much was left of the original walls and that little could be said about their masonry, plaster and chronology" (Donceel & Donceel-Voûte 1994:20-21). In sommige gevalle het strukture totaal verdwyn. Terracotta vate wat slegs gefotografeer, maar nooit aangeteken is nie, is nou weg: "All this must be counted a very serious setback for the architectural synthesis and the general understanding of the site ..." (Donceel & Donceel-Voûte 1994:21). Davies (1988:204) vertel verder van munte wat by Qumran opgegrawe is en wat totaal verdwyn het. Die argeologiese bewyslewing vir 'n verband tussen die nedersetting en die grotte, wat vir die hipoteses omtrent die gemeenskap van soveel belang is, is dus van uiters beperkte waarde.

Die Dooie See Rolle opsigself, is die grootste bewysplaas vir die bestaan van 'n versameling en ook indikatief van die gemeenskap waaruit dit tot stand gekom het. Uit die bogenoemde bespreking is dit duidelik dat twee opsies bestaan vir 'n bepaling van die moontlike lokaliteit waaruit die rolle ontstaan. Die versameling(s) het aanvanklik óf



tot stand gekom in 'n lokaliteit verwyder van die grotte en is om een of ander rede (waarskynlik verbandhoudend met die aanval van die Romeine) in die grotte geplaas, óf 'n grot/al die grotte, was die primêre lokaliteit van die versameling(s).

Die eersgenoemde uitgangspunt bied die moontlikheid van 'n *biblioteek* in die skriptorium van die nabygeleë nedersetting, vanwaar die rolle verskuif kon word na die grotte vir moontlike bewaring. Alternatiewelik is die oorsprong van die rolle die *biblioteek/biblioteke* van Jerusalem, vanwaar die rolle sedert ongeveer 60 n.C. verwyder is vir veilige bewaring in die geval van 'n verwagte Romeinse aanval op die stad. (In hierdie geval moet aanvaar word dat die nabygeleë nedersetting nie enige noodwendige verband met die grotte en die rolle het nie).

Indien aanvaar word dat die grotte die oorspronklike lokaliteit van die versameling(s) is, bestaan die moontlikheid dat die inwoners van die nedersetting die nabygeleë grotte ingerig het vir hul boekery. Alternatiewelik is dit moontlik dat hierdie grotte 'n geniza vir religieuse materiaal verteenwoordig. (Hierdie benadering is nie so vergesog gegewe die oënskynlike gebrek aan enige administratiewe dokumentasie nie).

Die gebrek aan administratiewe dokumentasie<sup>17</sup> beteken dat die moontlike protoversamelingstipes dalk beperk kan word tot die eienskappe van 'n biblioteek of geniza, met sekere voorbehoude. Shavit (1994:306) se opmerking word egter deur die hieropvolgende bespreking in gedagte gehou: "Nevertheless it is worth noting that in the sources there is no reference to the significance and practice of preserving books and how that should be done." Dit is egter tog geregverdig om uit die indirekte bewyse enkele opmerkings in hierdie verband omtrent die versameling te maak:

- \* *Katalogus*: Die grootste leemte in die daarstelling van 'n grondige bewysplaas vir die Dooie See Rolle as biblioteek, is die afwesigheid van 'n katalogus van enige aard. Die dokumente in grot 4 alleen, beloop ongeveer 15 000 fragmente, verteenwoordigend van ongeveer 550 verskillende manuskripte (Martínez 1994:xlii). 'n Vereenvoudigde lys of katalogus van die rekords in so 'n uitgebreide versameling kan tog sekerlik verwag word. Hierdie is ook nie 'n vreemde gebruik vir die Ou Nabye Ooste nie. Voorbeelde van katalogi is gevind in onder andere Nippur en Ur (Michalowski 1984:89). Parpola (1983a) se bespreking van die struktuur, terminologie en aard van diesulke rekords wat in die paleisbiblioteke van Assurbanipal gevind is, is reeds in 'n vorige afdeling

van hierdie hoofstuk behandel. So 'n katalogus sal nie alleen dien as indikasie van die aantal rolle nie, maar in Parpola (1983a) se voorbeeldgeval toon dit ook die aard van die skryfmateriaal, die tema en die aantal tablette gemoeid met die tema. Die belangrikste van alles is dat dit in sommige gevalle 'n aanduiding bied van die oorsprong van die tablet, met ander woorde, wie was die oorspronklike eienaar van die geskrif. Die dokument wat die naaste herinner aan so 'n katalogus-cum-inventaris onder die Dooie See Rolle, is die sogenaamde Kopperrol (3Q15): "Possibly the most mystifying of all the documents found in the caves of the Qumran region ..." (Martinez 1994:460). Die rol is op 14 Maart 1952 in grot 3 gevind as twee stukke koper wat in twee gebreek het en soos 'n boekrol opgerol is en later dwarsdeur ge-oksideer het. Dit is uiteindelik drie jaar na die ontdekking deur individue van die Manchester College of Technology oopgesny (Allegro 1956:181-184). Die Kopperrol bevat 'n lys van skatte met 'n "*katalogus*" van die wegsteekplekke daarvan (Martinez 1994:460). Máár daar is geen verwysing na 'n vindplaas van 'n versameling rolle as deel van hierdie skat nie.

'n Sodanige katalogus-cum-inventaris sou natuurlikerwys ook deel uitgemaak het van enige administratiewe dokumentasie en terselfdertyd 'n interne ordening suggereer. Indien aanvaar word dat die versameling in die grotte 'n geniza vir religieuse dokumente was, is dit nie onwaarskynlik dat, al sou die rolle oorspronklik deel uitgemaak het van 'n biblioteek in 'n ander lokaliteit, die katalogus nie saam met die rolle in die geniza geplaas sou word nie. 'n Geniza impliseer tog nie toekomstige herwinning van inligting nie en die katalogus word oorbodig.

- \* *Veelmaligheidskarakter*: Die bestaan van verskeie duplikate van werke dui op die veelmaligheidskarakter van die versameling. Hierdie eienskap is in hoofstuk 3 uitgewys as tipies van 'n biblioteek. Veelmaligheid word nie alleen gemanifesteer in die vind van duplikate in een grot nie, maar duplikate van dieselfde dokument is ook in verskillende grotte gevind. Boonop is die geval van die sogenaamde Damaskus Dokument indikatief van veelmaligheid tussen verskillende versamelings. Voorbeelde van die dokument is ook in die Kaïro Geniza

gevind. 'n Geniza sal egter dieselfde veelmaligheid kan vertoon indien meer as een persoon of instansie se dokumentêre besit in die grotte geplaas is.

- \* *Homogeniteit:* Daar word verskil van die Groningen-hipotese wat die uitgangspunt handhaaf dat die Dooie See Rolle 'n eenheid in die vorm van een biblioteek verteenwoordig. Die blote feit dat Martínez en Van der Woude (1990:525) in staat is om 'n inhoudelike vierdeling te maak, weerspreek hierdie argumentasie. Die heterogene aard van die inhoud weerspreek egter nie die bestaan van die biblioteek as versamelingstipe nie, maar laat wel die moontlikheid dat hier sprake is van meer as een versameling, hetsy apart in afsonderlike grotte gehuisves, of tesame in meer as een grot. (Afsonderlike berging in afsonderlike grotte is problematies aangesien dieselfde sektariese dokumentasie in meer as een grot gevind is. Die implikasie sal dus wees dat meer as een groepering dieselfde sektariese beskouinge gehandhaaf het).

Die oomblik as daar egter afgewyk word van die veronderstelling dat die versameling in die elf grotte 'n onderlinge eenheid vorm, moet die moontlikheid ook in ag geneem word dat verskillende versamelings deur die verskillende bewoners van 'n grot daar gelaat is. Daar is genoeg speling in die datering van die versameling(s) om vir hierdie moontlikheid voorsiening te maak. Die onwaarskynlikheid dat vlugtelinge hul belangrike dokumente op die vlug sou saamneem, word weêrlê deur Babata se versameling, wat in die volgende afdeling bespreek word. Hoewel onwaarskynlik, is dit nie onmoontlik dat die grotte deur opeenvolgende groeperinge religieuse fanatici bewoon is nie, wat sou verklaar waarom daar 'n moontlike "*skyn*" eenheid bestaan in die oorwegend religieuse aard van die dokumentasie. Martínez en Van der Woude (1990:525) se verdeling in vier groepe kan dus vier opeenvolgende besettingsgemeenskappe tipeer. Hierdie hipotese maak egter voorsiening vir té veel veronderstellings en is daarom nie aanvaarbaar nie. Die moontlikheid dat enkele dokumente deur uiteenlopende besetters aan die versameling toegevoeg is, moet egter nie uitgesluit word nie.

\* *Selektiewe versamelbou*: Die Dooie See Rolle-versameling(s) word gekenmerk deur die afwesigheid van administratiewe materiaal en die suiwer religieuse aard van die dokumentasie, soos reeds genoem. Dit toon selfs gebrek aan enige ware historiese dokumentasie (Shavit 1994:300), wat normaalweg deel vorm van 'n Ou Nabye Oosterse versameling. Sodanige selektiewe versamelbou impliseer soveel te meer die aanwesigheid van 'n interne ordeningsstelsel, wat waarskynlik verlore gegaan het as gevolg van oorhaastige verskuiwing van die versameling, of dan die insak van rakke in die grotte self en selfs moontlik as gevolg van die ongeordende vindmetodes van die bedoeïene. (Indien die gemeenskap genoeg tyd gehad het om die versameling te verskuif, sou hulle dit waarskynlik sodanig bewaar het dat toekomstige herwinning wel moontlik sou wees). Die bestaan van selektiewe versamelbou as moontlike biblioteekaktiwiteit by Qumran, word verder versterk deur die diskrepansies wat bestaan in die veelmalige aanwesigheid van sekere dokumente.

Golb (1985:74) bespreek verder die diskrepansie tussen die inhoud van die Dooie See-versameling(s) en ander vondste in die Judeese Woestyn, soos die by Wadi Muraba'at en Nahal Hever. Hy verwys onder andere na Babata se argief wanneer hy die stelling maak: "In caves of the Nahal Hever they discovered still more autograph documents of the Bar Kokhba period as well as other manuscripts - both legal documents and literary texts - of the late first and early second centuries A.D." (Golb 1985:74). Die omvang verskil egter tot so 'n mate dat hierdie vergelyking - en gevolglike gebrek aan argivale materiaal by Qumran - ernstige probleme kan gee, tensy dit vanuit ander oorde gesubstansieër kan word. Golb voer die argument dat die afwesigheid van administratiewe materiaal by Qumran toegeskryf moet word aan die feit dat Jerusalem se argiewe in 66 n.C. verbrand is. Slegs die inhoud van Jerusalem se moontlike *biblioteke* sou dus voor die aanval van die Romeine weggesteek kon word. Hierdie argument impliseer egter 'n versamelingstipe wat so gesofistikeerd omvorm het dat alle spore van 'n tweeledige potensiaal in die protovorm, verdwyn het. Nie eens die moderne *biblioteek*, bestaan so suiwer uit alleen *biblioteekmateriaal* nie.

In hoofstuk 3 omskryf Veenhof (1986b:7) die Ou Nabye Oosterse argief as 'n: "... 'fonds d'archives', that is 'the total of records accumulated during the time a particular task was performed by an institution or person'." Die Dooie See Rolle toon definitiewe seleksie van materiaal van 'n religieuse aard met die doel van bewaring. Die afwesigheid van enige administratiewe materiaal is egter ook tot nadeel van 'n moontlike geniza-vorm. Die geniza vertoon gewoonlik 'n meer representatiewe versamelingsverskeidenheid van die daaglikse aktiwiteite van 'n gemeenskap. Pedley (1964:11-14) maak die voorstel dat administratiewe aangeleenthede op papiirus gedoen is en dat hierdie skryfmateriaal nie so goed bewaar gebly het as die perkamentrolle nie, gegewe die gure omstandighede in die woestyn. Babata se kontrakte was op papiirus en dit kan dus dien as bevestiging van Pedley se argument, maar Babata se *argivale* nalatenskap het aan die ander kant ook goed behoue gebly, onder dieselfde omstandighede en vir bykans dieselfde tydperk. Haar *argief* was egter in baie opsigte beter beskerm teen die elemente. (Vergelyk die volgende afdeling vir 'n volledige bespreking van hierdie aangeleentheid.)

Gekoppel aan Pedley se voorstel van 'n tipe "natuurlike" seleksie, kan die omstandighede wat by grot 3 gegeld het, genoem word. Hierdie grot se dak het reeds lank tevore inmekaar gestort. Allegro (1956:92) skryf die beperkte aantal rolle wat in hierdie grot gevind is aan hierdie omstandigheid toe. Die moontlikheid kan nie buite rekening gelaat word dat hierdie grot dalk 'n substansiële versameling - insluitend administratiewe dokumente - gehuisves het nie, gegewe die groot aantal kleipotte en -deksels wat hier gevind is nie. Die moontlikheid word verder versterk deur die moontlike "administratiewe" aard van die Koperrol wat ook hier gevind is. Die enigste ander dokument wat moontlik dui op 'n administratiewe aard, is 4QMMT, die brief waarin die basiese beginsels van die gemeenskap uiteengesit word.

- \* *Grot 4 as biblioteek:* Eerstens is dit belangrik om te beklemtoon dat grot 4 nie die enigste kunsmatige grot was nie. Cross (1958:19) verwys daarna dat grotte 4 tot 10 almal op een of ander stadium in die geskiedenis deur die mens uitgeknap of vergroot is. Schiffman (1995) maak nie daarvan melding of daar ook gate in die mure van ander grotte gekry is as moontlike aanduiding van houtrakke nie. In hierdie opsig

moet beklemtoon word dat houtrakke nie die enigste vorm van fisiese ordening in 'n Ou Nabye Oosterse biblioteek verteenwoordig nie. Soos reeds in die geval van Ebla en Mari gesien is. Kleipotte is in grot 1 gekry met aanduidings dat die rolle sorgvuldig daarin verpak is. Dit is ook belangrik om hier weer te verwys na die omstandighede waarin grot 3 gevind is. Allegro (1956:92) vertel: "The roof had fallen in long ago, with the result that very few leather fragments were found, though the remains of forty jars and twenty-six lids testified to the possibility of there having once been a large library stored there." Grot 4 is egter vir Schiffman se argument 'n beter opsie as moontlike *biblioteek*, as gevolg van die nabyheid en relatiewe toeganklikheid van hierdie grot met betrekking tot die nedersetting by Qumran. Hierdie voorwaarde word minder belangrik indien die gemeenskap van oorsprong nie met die nedersetting geïdentifiseer word nie.

Die aard van die afsondering van die gemeenskap van die buitewêreld, mag egter verklaar waarom daar 'n totale afwesigheid van administratiewe dokumentasie is. Dit is moontlik dat die lede die ekonomiese realiteite totaal afgesweer het in 'n orde van gemeenskaplike besit, soos moontlik geïllustreer deur die Gemeenskapsrol, 1QS. 'n Kommune sou die noodigheid van ekonomiese en geregtelike geskrifte verwerp weens die praktyke van gemeenskaplike besit.

In hierdie verband word daar ook kennis geneem van die werk van Duhalme (1993) ten opsigte van ooreenkomste in sosiologiese gedrag tussen die sogenaamde *New Religions, cults of New Religious Movements* en die Qumran-gemeenskap. Die ooreenkoms tussen die groepe word verkry uit die definisie dat die eersgenoemde nie noodwendig verwys na *nuwe* religieuse bewegings nie, maar dat dit gesien word as nuut of marginaal, met betrekking tot die dominante kultuur van die omgewing: "... either because they are 'imported products', modified or not, or because they depart significantly from earlier expressions of the current religions" (Duhalme 1993:266). Duhalme se ondersoek word gegrond op die sogenaamde *relative deprivation theory* van Glock. Hiervolgens word ontbering geïnterpreteer as enige vorm van minderbevoorrting wat deur die individu of groep ervaar word. Hulle voel minderbevoorreg met betrekking tot individue of groepe of ten opsigte van 'n geïnternaliseerde stel standarde. Ontbering, oftewel *deprivation*, word verstaan as sou dit in vyf moontlike vorme manifesteer (Duhalme 1993:266-267):

- \* *Ekonomiese ontbering* is geleë in die oneweredige verspreiding van inkomste binne 'n gemeenskap en in die beperkte toegang wat sommige individue ervaar met betrekking tot die noodsaaklikhede en luukses van die lewe.
- \* *Sosiale ontbering* ontstaan uit die oneweredige verspreiding van diesulke sosiale toegifte soos prestige, mag, status en die gepaardgaande geleenthede vir sosiale deelname.
- \* *Organismiese ontbering* behels die wyses waarop persone minderbevoorreg is, relatief tot andere, met betrekking tot fisiese en mentale gebreke, slegte gesondheid en ander soortgelyke stigmas en inhibisies.
- \* *Etiese ontbering* verwys na konflikte in waardes tussen die ideale van die gemeenskap en die van sekere individue of groepe.
- \* *Psigiese ontbering* verwys nie na konflikte in waardes nie, maar na die afwesigheid of verwarring van 'n waarde-sisteem. Dit vind plaas wanneer individue hulself bevind in 'n situasie sonder enige betekenisvolle waarde-sisteem waardeur hulle hul lewens kan interpreteer en organiseer.

Volgens Glock (Duhalmé 1993:267) is die opkoms van enige georganiseerde sosiale beweging afhanklik van 'n gevoel van ontbering in een of ander vorm. Duhalmé (1993:269-271) gaan voort om hierdie sosiologiese benadering teen enkele hipoteses van gemeenskappe by Qumran te toets. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die groepering eienskappe toon van sosiale, etiese en psigiese ontbering. Hoewel hierdie benadering sekerlik moontlikhede toon vir beter insigte omtrent die Qumran-gemeenskap, is Duhalmé te afhanklik van bestaande hipoteses van oorsprong, soos hyself erken (1993:270). Daarom word daar net van hierdie benadering kennis geneem as 'n moontlike toekomstige instrument in die verfyning na die ondersoek van die gemeenskap of gemeenskappe wat geboorte gegee het aan die Dooie See Rolle. Die ontrafeling van die moontlikhede van die versameling opsigself, moet egter gesien word as die primêre doelstelling.

Ontbering bied sekerlik die antwoord op talle van die sosiologiese vraagstukke wat aan die Qumran-gemeenskap gekoppel kan word. Die enigste probleem is die aanwesigheid

van teenstrydige sektariese geskrifte in 'n gemeenskap van ontbering. Hoe sou hierdie dokumentasie die gemeenskap geïnfiltreer het en wat is die implikasies daarvan?

Tot tyd en wyl alternatiewe lig op die onderwerp gewerp kan word, skyn dit dus asof Qumran problematies gaan bly en die tradisionele siening van 'n Esseense oorsprong die mees aanvaarbare is. Uit die bogenoemde bespreking is dit egter moontlik om enkele benaderde gevolgtrekkings te maak. Eerstens wil dit voorkom of dit hoogs waarskynlik is dat die rolle wel 'n *protobiblioteek* of *-biblioteke* verteenwoordig. Hierdie gevolgtrekking word egter met groot omsigtigheid gemaak, gegewe Shavit (1994) se oortuigende bewyslas vir die gebrek aan skriftelike gronde vir die bestaan van die biblioteek-fenomeen in die Joodse gemeenskap van die Tweede Tempel-periode. Shavit (1994) se argumente berus egter op die bestaan van 'n suiwer biblioteekvorm, terwyl hierdie studie ruimte laat vir die bestaan van 'n protoversameling wat eienskappe van beide argief en biblioteek kan openbaar. Die gemeenskap se siening (*user view*) van die versameling, toon veel eerder die verskil aan en daarom is dit belangrik om die "Qumran-gemeenskap" te kan identifiseer. Duhalme (1993) se metode kan in hierdie verband aangewend word, gegewe die bestaan van sektariese materiaal en die ligging van die vindplek, wat afsondering en ontbering impliseer. Indien die Essene egter beskou word as die stigters van die gemeenskap, moet daar in die lig van Stegemann (1992) se artikel, versigtig te werk gegaan word met 'n hipotese van sosiale ontbering. Stegemann (1992) wys uit dat 'n getal van 4 000 Essene beswaarlik beskou kan word as 'n marginale groepering. Getallegewys moes dit een van die hoofstrome van die Judaïsme verteenwoordig het. Daarom moet die moontlikheid nie uitgesluit word dat hier sprake is van 'n subgroepering uit die Essene, soos die Groningen-hipotese suggereer nie. Hulle het hul waarskynlik in die nedersetting gevestig en daarvandaan die grotte aangewend as addisionele leef- en bewaringsruimtes. Die dokumente in die elf grotte word op hierdie stadium inhoudelik met mekaar verbind. Sou 'n katalogus of enige ander vorm van interne ordening egter gerekonstrueer kon word, sou dit beteken dat die vraagstuk van die enkelvoudigheid van die versameling finaal opgelos kan word.

#### **4.2.3 Die Ou Nabye Oosterse "familie-argief"**

Die inventarislys van Assiriese *rekords* wat as deel van die Kuyunjik-versamelings opgegrawe is, dien ook as grondige bewys vir die bestaan van *bona fide* privaat versamelings in die Ou Nabye Ooste. Die versameling en strukturering van dokumente vir latere herwinning en aanwending was nie beperk tot die burokrasie nie, maar soos geletterdheid onder die algemene bevolking toegeneem het, het ook die privaat



versameling in die gemeenskap gedy (Gelb 1967:2, 7). Hierdie materiaal was nie alleen funksioneel van aard nie, maar het duidelik meer as slegs die eienaar se spesialiteitsrigting gereflekteer (Parpola 1983a:10): "This is an important point in that it suggests that excavations in the residential quarters of large first millennium cities are likely to produce many tablet finds ..."

Hierdie bespreking word ingelei deur 'n weergawe van so 'n *privaat argief* wat behoort het aan 'n vrou met die naam Babata. Die sogenaamde Tweede Opstand teen die Romeine, onder die leiding van Bar-Kochba, het plaasgevind aan die begin van die dertigerjare van die eerste eeu n.C. Yadin (1971:18) is van mening dat hierdie opstand in baie opsigte die Eerste Opstand van 66-70 v.C. in wreedheid en ongenaakbaarheid oortref het. Die opstand het om en by drie jaar voortgeduur. Aanvanklik het die Jode sukses behaal, Jerusalem ingeneem en die Joodse staat herstel. Hierop het Hadrianus die beste van sy legioene na Palestina gestuur: "Alas, this Second Revolt lacked a Josephus Flavius - the brilliant Jewish historian who described so vividly the events of the First Revolt - and thus, despite its tremendous importance, very little was known of it" (Yadin 1971:18). Dit sou alles verander met die ontdekking van 'n aantal briewe, enkele artefakte, die gebeendere van mans, vrouens en kinders en die argief van Babata.

Die bedoeïene van die Ta'amire-stam het in die laat veertigerjare van hierdie eeu bekendheid verwerf vir hul ontdekking van die Dooie See Rolle. (Vergelyk in hierdie verband Shanks (1993b) se weergawe van die ontdekking). As gevolg van die finansiële implikasies van hierdie vonds, het die bedoeïene op 'n groot skaal begin om objekte van argeologiese waarde in die barre Judese woestyn te soek. Op hierdie wyse is ontdekkings van rolle in Wadi Murabba'at aan die lig gebring - agtien kilometer suid van grot 1 by Qumran. In November 1951 het Kando, die handelaar wat bekendheid verwerf het in sy transaksies met betrekking tot die eerste Dooie See Rolle, aan De Vaux enkele "Dooie See Rolle" aangebied: "The material seemed different to de Vaux, and when he pressed Kando, the dealer admitted that it came from elsewhere, though not far away from those caves" (Yadin 1971:28). Een van hierdie dokumente het begin met die woorde: "From Shimeon ben Kosiba to Yeshua ben Galgoula and the people of the fort, *Shalom*" (Yadin 1971:28-29). Die datering was dus nou duidelik as die sogenaamde Tweede Opstand (132-135 n.C.). Hierna het 'n wedywing tussen die outoriteite en die bedoeïene begin om enige ander dokumente in die omgewing en die grotte op te spoor.

Yigael Yadin het in 1960 Ekspedisie D na die sogenaamde *Cave of Letters* aan die noordekant van Nahal Hever, in die omgewing van die Dooie See, gelei. Hierdie was een van die grotte wat ooglopend reeds deur die bedoeïene geplunder is. Ter wille van volledigheid, is Ekspedisie D aangesê om die grot weer te ondersoek. Die grot is duidelik gebruik as een van die laaste skuilplekke van die Joodse rebelle teen die Romeine - wat uiteindelik 'n kamp op die krans bo die grot tot stand gebring het. Die grot is feitlik onbereikbaar en die hoofingang, sowel as die oostelike ingang, was besaai met klippe wat 'n natuurlike versperring gevorm het. Op die vloer van die grot is voedseloorblyfsels en pylpunte gevind - 'n aanduiding dat die ingange ook gedien het as wagposte en uitkykpunte. Binne die grot het argeoloë deur die verloop van die 1960-ekspedisie talle aanduiders van die lotgevalle van die inwoners gevind. Die Bar Kochba-briewe is hier ontdek. In 'n nou gangetjie wat uit een van die kamers van die grot lei, het hulle die grusame ontdekking van 'n mandjie vol beendere gemaak: "At the time we could only guess what later became clearer: the inhabitants of the cave died of starvation and thirst, but later on, perhaps much later on, their bones were collected, most probably by their relatives or friends, and re-interred in the niche" (Yadin 1971:65). Nadere ondersoek het aan die lig gebring dat dit die oorblyfsels van drie mans, agt vrouens en ses kinders was. Beendere is ook op ander plekke in die grot opgegrawe. Duidelik het die vlugteling nie alleen uit vegters bestaan nie, maar hul hele familie was aanwesig in die grot.

In Maart 1961 besluit Yadin om 'n tweede ekspedisie na die *Cave of Letters* te lei. In die derde kamer vind hulle papyrusfragmente van Nabateense kontrakte, sowel as 'n klein gedeelte uit die boek Numeri (Numeri 20:7-8), by die ingang: "The wording and spelling are identical with those of the Masoretic text, as usual in the biblical texts from the time of Bar Kokhba. We may assume - as in the case of the fragment of Psalms found in the first season - that larger pieces of this scroll are now in Jordan" (Yadin 1962:229). Yadin (1962:228-229) het gespekuleer dat hierdie fragmente deur die bedoeïene in die ingang laat val is toe hulle die grot van moontlike waardevolle dokumente en artefakte ontruim het en dat dit as moontlike bewys kon dien dat 'n menigte van die dokumente in die hande van geleerdes in Jordanië, waarvan die oorsprong as "onbekend" aangegee word, uit hierdie grot afkomstig is.

In dieselfde kamer vind die ekspedisie 'n nou opening in die grotmuur met 'n mandjie en waterhouers van diervel, wat op mekaar gestapel is. Die mandjie het 'n houtdoos bevat, 'n soort juwelekissie. Verder was daar ook vier hout bakke, 'n yster sekel, 'n paar vroue-sandale, drie yster messe en twee sleutelringe in die mandjie: "Under the basket about three water-skins of animal hide were found, all very badly torn and eaten

away by worms and moths. Their 'open' (back) sides had been tied with ropes. The contents of the water-skins consisted principally of remnants of cloth and rope. In one of them, a large collection of balls of flax thread and a well packed parcel were found. The outer wrapping of the parcel consisted of a sack, carefully fastened with a twisted rope; inside there was a leather case with many papyri packed tightly together" (Yadin 1962:231). Binne-in die pakkie was die *argief* van Babata, dogter van Simeon.

Babata het haar *argief* van privaatdokumentasie gehou in 'n leersak, toegedraai in sak en vasgebind met tou. Ongeag al haar noukeurige voorsorgmaatreëls, is enkele van die dokumente erg beskadig deur motte en wurms. Die inhoud het bestaan uit vyf-en-dertig dokumente wat dateer vanaf 93/94 n.C. tot 132 n.C.: ses Nabateense dokumente, drie in Aramees, sewentien in Grieks en nege in Grieks met aantekeninge en handtekeninge in Aramees en Nabateens (Yadin 1962:235). Die inhoud van die argief het bestaan uit dokumente met betrekking tot die eiendom en geregtelike sake van Babata en haar familie.

Babata was die dogter van Simeon, seun van Menahem, en Miriam, die dogter van Yehoseph, die seun van Menashe. Hulle het in Mahoza, 'n dorpie aan die suidpunt van die Dooie See, in die Nabateense gebied gewoon. Na die dood van haar eerste man, Yeshua, seun van Yehoseph, het Babata 'n tweede huwelik aangegaan met 'n lid van die Khthusion-familie. Hierdie familie vorm die moontlike verband tussen Babata en die opstandelinge. Haar tweede man, Yehuda Khthusion, seun van Eleasar, en sy familie, was afkomstig van En-Gedi. Hulle het later in Mahoza gaan woon. Yehuda is net na die huwelik oorlede en het 'n groot stuk eiendom aan Babata nagelaat, wat 'n dispuut met sy familie veroorsaak het en die oorsprong was van enkele van die geskrifte in Babata se besit. Yehuda was egter voor sy huwelik met Babata getroud met Miriam, die dogter van Be'ayan en skynbaar die suster van Yehonathan, die bevelhebber van En-Gedi. Shelamzion was 'n dogter uit hierdie eerste huwelik (Yadin 1971:233).

Die inhoudelikheid is egter nie so belangrik vir die bespreking van literatuuurbewaring en biblioteekaktiwiteite, as 'n ander aspek wat hierdie groepering onderskei van 'n onwillekeurige versameling nie. Let egter wél op die werk van Broshi (1992), Isaac (1992) en Yadin (1971:222-253), as aanduiding van die waarde van die inhoud vir 'n representatiewe rekonstruksie van die plattelandse gemeenskap in die provinsies Arabia en Judea gedurende hierdie tydperk.

Babata, of een van die voortvlugtiges, het die sak met dokumente in 'n gleuf weggesteek en netjies met klippe toegepak. Dit was so onopsigtelik dat dit eers met die tweede ekspedisie en heel toevallig, ontdek is. Yadin (1962:235) verduidelik dat die dokumente baie netjies en georden in die leersak geplaas is: "... properly rolled and folded and tied up in separate batches, according to their subject matter, with a special band and strings or with a strip of cloth. Some of them, though dealing with a common topic, were found without a string, but placed beside each other in such a way as to suggest that they too had originally been tied together and their retaining strip of cloth or string had subsequently been eaten away." Babata het haar *argief* as volg georden:

- \* *Groep A:* vyf aktes met betrekking tot toesig oor haar seun by haar eerste man,
- \* *Groep B:* twee eiendomsakte in verband met die eiendom van Shelamzion, die dogter van Babata se tweede man
- \* *Groep C:* vyf eise wat deur lede van die familie teen Babata ingestel is in verband met die eiendom wat sy verkry het na die dood van haar tweede man; en
- \* *Groep D:* ses eiendomsakte.

Benewens hierdie inhoudelike groepering, is enkele dokumente apart toegebind. Dit was duidelik van besondere belang vir die vrouens in die familie en het hulle in staat gestel om hierdie dokumente in hul persoonlike besit te hou. Nommer 6 is byvoorbeeld 'n kontrak waarin Babata se vader sy eiendom aan sy vrou skenk. Hierteenoor behels nommer 7 Babata se tweede huwelikskontrak (*ketubah*) (Yadin1962:236).

Op die oog af lyk die situasie binne hierdie versameling voor die hand liggend. Behalwe miskien vir die feit dat dit moontlik 'n *privaat argief* verteenwoordig en dat 'n vrou die eienaar van die argief was. Bewaring in die grot het geskied in die vorm van die leer watersakke en sak waarin die groeperings toegevou en met tou toegebind is. Ooglopend is 'n inhoudelike ordeningsstelsel gehandhaaf - 'n aspek wat 'n geletterde persoon in beheer van die versameling voorveronderstel. Yadin (1971:222) beskryf haar: "Babata's habit - typical of many even in our days - of never discarding any slip of paper in her possession, and her meticulous and orderly nature, are responsible for the fact that all her documents ... were found neatly packed and 'filed' by subject-matter."

Die enigste probleem is dat ons weet Babata was ongeletterd, aldus dokument nommer 16 (Isaac 1992:72 en Yadin, Greenfield & Yardeni 1994:77). Dit skyn dus weer asof, soos in die geval van die tydgenote van Babata, Macdonald (1991) se bedoeïene van hoofstuk 2, geletterdheid nie 'n noodsaaklike voorvereiste is vir die skep van 'n versameling en die daarstelling van 'n interne ordeningsstelsel nie. Hierdie gevolgtrekking bevestig hoofstuk 3 se gevolgtrekkings omtrent die bestaan van sogenaamde *oral repositories* as die voorgangers van die uiteindelijke proto-versameling.

Die grotte in die Judeese Woestyn is bekend as tydelike verblyf en wegkruipplek van die vroegste tye af. Tydens De Vaux en Harding se ondersoek van enkele grotte in 1952, het dit aan die lig gekom dat die grotte sporadies in gebruik was sedert die Kalkolitiese Tydperk (die oorgangstydperk tussen die Steen- en die Bronstydperk, aan die einde van die vierde millennium v.C.), deur die Middel-Bronstydperk (in die middel van die tweede millennium v.C.) en in die Ystertydperk (die agste en sewende eeue v.C.) - die tyd van die konings van Juda (Yadin 1971:30). Dawid, as voortvlugtige voor Saul, skuil byvoorbeeld by geleentheid met sy manne in so 'n grot by die "skuilplekke by En-Gedi" (1 Sam 24:1-9): "It became quite clear that these remote caves ... served as places of refuge throughout the ages for people who were forced by circumstances to flee the rulers of the land" (Yadin 1971:30).

Die versameling van Babata was duidelik vir haar van besondere belang. Dit is al hoe verklaar kan word dat sy dit spesifiek sou saamneem op haar vlug voor die Romeine. Hoewel die argivale dokumentasie nie in 'n spesifieke gebou gehuisves is nie, is dit duidelik as 'n eenheid bewaar in die sekondêre bewaarplek, hoewel verwyder van die oorspronklike bewaarplek toe Babata gevlug het. Die ontoeganklikheid van die bewaarplek is nie 'n aanduiding dat die dokumente in die grot weggegooi is nie. (Yadin (1971:32-46) vertel hoe moeilik dit was vir die ekspedisie-lede om die onherbergsame grotte op nou lysies en langs afgronde te bereik. Verder kon slegs een persoon met groot moeite die dokumente uit die gleuf, waar dit weggesteek was, verwyder.) Die moontlikheid van 'n rommelhoop word deur die definitiewe interne ordening uitgeskakel. Ontoeganklikheid is dus eerder 'n bewys dat hierdie nie die aanvanklike bewaarplek van die dokumente verteenwoordig nie, maar dat die versameling na die grot gebring en daar weggesteek is. Hoewel interne ordening steeds behou is, skyn dit asof die versameling weens ontoeganklikheid grootliks van sy herwinningspotensiaal ontnem is. Soos in die geval van die Middeleeuse geniza, is die dokumente egter vir die eienares te waardevol om te vernietig. Die resultaat is weer 'n mengvorm, maar as gevolg van veranderde behoeftes representeer die versameling verskillend. Hier is wel

steeds 'n interne ordening aanwesig. Die eienares se behoefte om hierdie dokumente te bewaar weeg egter swaarder as haar behoefte aan toeganklikheid tot die dokumente. Dit word egter in 'n interne ordeningsstelsel behou, wat aan dit 'n historiese potensiaal gee wat afwesig is by die geniza. Hierdie handeling dien dus op klein skaal as moontlike voorbeeld van wat die lot was van die dokumente in die grotte naby die nedersetting Qumran.

Die *argief* van Babata bring die probleem van die onderskeid tussen "privaat" en "amptelike" versamelings aan die orde. Dit beïnvloed ook die vraagstuk rondom die substansiële aard van vondste. Hoeveel dokumente moet gevind word voordat daar sprake is van 'n *argief* of *biblioteek*?

Schellenberg (1956:16) se definisie van 'n *argief* bepaal dat die dokumente wat vir *permanente bewaring geselekteer* word van 'n *privaat* of *openbare* oorsprong kan wees. Hierdie omskrywing is doelbewus gekies omdat dit minder rigied is as die definisie van Muller, Feith en Fruin (1968:13) wat lui: "An archival collection is the whole of the written documents, drawings and printed matter, officially received or produced by an administrative body or one of its officials, in so far as these documents were intended to remain *in the custody of that body or of that official*" (eie klem). Schellenberg se omskrywing maak daarvoor voorsiening dat privaat korrespondensie en dokumente ook tot die *argief* toegelaat kan word. Muller, Feith en Fruin is self van mening dat hul rigiede beperking tot amptelike dokumentasie moeilik toepasbaar is: "Particularly in small and outlying localities it often happens that the documents received were drawn up in anything but official form, and even all sorts of domestic details are often found in them" (1968:15). Mari se sogenaamde *kombuisargiewe* is 'n uitstekende voorbeeld van die funksionaliteit van Ou Nabye Oosterse versamelings wat daartoe sou lei dat hierdie *amptelike* voorwaarde ontbreek.

Een aspek van Muller, Feith en Fruin se definisie makeer egter by Schellenberg, maar is van groot belang vir die tipering van 'n Ou Nabye Oosterse versameling. Die frase: "... in the custody of that body or of that official", maak voorsiening vir die skepping van 'n argivale versameling deur die administratiewe liggaam of die amptenare van so 'n liggaam binne 'n privaat instelling. Hieronder sal die talle tempelversamelings wat in die Ou Nabye Ooste gevind is, kan resorteer. (Vergelyk byvoorbeeld die argiewe van die Sin Tempel in Khafajah, wat deur Harris (1955a, 1955b & 1955c) in groot detail bespreek word. Die Nabu Tempels en die tempels van die Ur III-tydperk beskik ook oor talle voorbeelde van diesulke versamelings). Selfs individue mag die skeppers en versamelaars van 'n *argief* wees. Handelaars is veral geneig om argivale dokumentasie

daar te stel in hul daaglikse besigheidstransaksies. 'n Uitstekende voorbeeld hiervan is die *besigheidsargief* van Šamaš-šar-usur wat Mallowan (1966:187-189) in 'n privaat huis in Nimrud opgegrawe het. Die dokumente dateer uit die regeringstydperk van Assurbanipal. Šamaš-šar-usur het geld aan persone en instansies geleen. Talle dokumente bestaan wat die transaksies vir die uitleen van silwer of graan aan oesters reflekteer. In ruil het hy grond, huise en die persoonlike dienste van individue as sekuriteit geneem. Ormsby (1972) bied ook 'n goeie voorbeeld van 'n soortgelyke privaat besigheidsargief uit die Oud-Babiloniese tydperk, wat die dokumente van drie geslagte handelaars bevat.

Die bespreking van Muller, Feith en Fruin (1968:20) maak dit duidelik dat die sogenaamde *familie-argiewe* nie ingesluit kan word by selfs 'n minder rigiede definisie van 'n *argief* nie: "These, in fact, are generally a conglomeration of papers and documents which the various members of a family or the various occupants of a house or feudal castle, either as private individuals or in various capacities, sometimes even as collectors of curiosities, have received and preserved ... The rules for ordinary archival collections, therefore, cannot be applied to family archives." Hiermee word Babata se privaat versameling van die term *argief* uitgesluit en so ook talle versamelings wat deur argeoloë as sulks hanteer is vanweë die rareiteit en waarde van enige versameling dokumente met 'n relatiewe inhoudelike verband (in hierdie geval die eienaar of familie).

Die uitsluiting van privaat versamelings word doelbewus nie gekoppel aan die aantal dokumente wat gevind is nie. 'n *Argief* kan selfs in uiterste gevalle uit 'n enkele dokument bestaan: "... the archival collection is a 'whole' as soon as it ceases to be a 'part', i.e., as soon as other parts of the collection are not known to exist elsewhere ... If however, only a single paper of an archival collection is preserved, that one paper constitutes the collection; it is in itself a whole and must therefore be described by itself" (Muller, Feith & Fruin 1968:14). Daarom is Kwasman (1986:238-239) geregtig - met sekere voorbehoude - om 150 moontlike juridiese *argiewe* te identifiseer wat net uit een oorgeblewe teks bestaan.

Soos Babata se *familie-argief*, word talle van die Ou Nabye Oosterse *administratiewe* versamelings wat deur Pedersén (1985 & 1986), Postgate (1986:177-178) en Harris (1955a:36) bespreek word dus deur hierdie omskrywing uitgesluit. Die kardinale identifiseerder van 'n *argief* is dus nie geleë in die administratiewe aard van die dokumentasie nie, maar in die aard van die *versameling*. Getal speel geen rol nie. Hierdie gevolgtrekking minimaliseer egter nie die waarde van Babata se versameling

nie. Inteendeel, die feit dat hier sprake is van 'n interne ordening by 'n redelik substansiële *familie-argief*, waarvan die eenaar vroulik en boonop ongeletterd is, is uitsonderlik en daarom van groot waarde.

Die laasgenoemde laat egter die moontlikheid om tot die gevolgtrekking te kom dat die toekenning van die terme *argief* en *biblioteek* op 'n relatief beperkte skaal moet plaasvind. Daar is wel voorbeelde van gesofistikeerde ontwikkeling in die daarstelling van literatuerbewing en biblioteekaktiwiteite, maar dit is nie noodwendig afhanklik van die totstandkoming van 'n suiwer *argief* of *biblioteek* nie. Daarom word die terme *versameling* of *protoversameling* as oorkoepelende terminologie verkies vir enige groepering skriftelike dokumentasie, tot tyd en wyl tekens van eksklusiewe kenmerke aangetoon kan word.

#### **Notas:**

1. Ongeveer 16 000 inventarisnommers bestaan vir tablette en fragmente van tablette, soos toegeken tydens die opgrawings. Met ander woorde elke afsonderlike brokstuk sou 'n nommer kry, asof dit 'n ongeskonde tablet is (Matthiae 1986:58). Dit moenie verwar word met die berekende hoeveelheid tablette wat in die versameling was nie. Hierdie getal beloop volgens Michalowski (1985:296) ongeveer 4 000. Archi (1986:79) bereken dat L.2769 na die samevoeging van fragmente en brokstukke, ongeveer 2 100 tablette in bewaring gehad het.
2. Michalowski (1985) redeneer dat die vyf *konings (en)* wie se regeringstydperke volgens Pettinato in die argiefversameling verteenwoordig word, nie noodwendig almal regeerders van Ebla was nie: "This title would then mean no more than 'the one in charge' and could refer to a variety of officials who are otherwise not further defined" (Michalowski 1985:297). Op grond hiervan bereken hy dat die argief se argivale nalatenskap op sy maksimum oor 'n tydperk van dertig jaar strek. Ouer dokumente is in opsommings geïnkorporeer en bewaar: "This reconstruction not only accounts better for the extant data but is also more plausible in view of comparable materials from other Near Eastern *official* archives, which usually present a short period of activity immediately preceding whatever circumstances brought about the conditions which led to their preservation" (Michalowski 1985:296). 'n Verwysing na die voorkoms van die



sogenaamde *working archive* as die meer algemene manifestasie in die Ou Nabye Ooste.

3. In 1928 is honderde tekste deur Chiera in Mosul (naby Kuyunjik) van 'n plaaslike handelaar gekoop. Volgens Cogan en Tadmor (1988:84) is daar min twyfel dat hierdie tekste afkomstig is van Nineve en waarskynlik skelm uitgesmokkel is tydens die opgrawings van Thompson. Hierdie tablette het in die besit van die Oriental Institute van die Universiteit van Chicago gekom, waar dit deur Piepkorn gepubliseer is onder die nommers A 7919-8010. Piepkorn se tweede volume wat nommers A 8011-8163 bevat, is nooit gepubliseer nie, maar word in Cogan en Tadmor (1988) se artikel gekatalogiseer. Piepkorn het ook vir sy persoonlike besit vyftien fragmente in Mosul aangekoop in 1933. Dit is na sy dood aan die Oriental Institute geskenk en genummer A 11858-70. Die nommers A 11848-57, behoort verder ook tot die groepering "Assurbanipal tekste" (Cogan & Tadmor 1988:85).
4. Lambert en Finkel is tans besig om die nog ongepubliseerde materiaal uit die Kuyunjik-versameling te katalogiseer (Kwasman & Parpola 1991:xxxvi).
5. Gadd (Mallowan 1966:156) noem die moontlikheid dat die versameling van Nimrud die basis was vanwaar Assurbanipal sy beroemde biblioteek uitgebrei het. Nabu-zuqup-kena was die koninklike astroloog van Sargon en Sanherib in Nimrud. Op grond hiervan word gespekuleer dat die *hoofbibliotekaris*, Ishtar-shum-eresh, sy seun was: "... himself head of chancery under the last of the two great Sargonids." Die *Assyrian library records* wat deur Parpola (1983a) bespreek word, maak egter voorsiening vir 'n aansienlike aanwinst in 647 of 648 v.C., wat beteken dat die Nimrud-versameling wél die basis kon gewees het, maar nie 'n substansiële persentasie van die totale korpus kon verteenwoordig het nie.
6. Hout skryfborde is gebruik deur direk daarop te grafeer. Alternatiewelik is dit met was bedek, waarin die stylus afdrucke kon maak. Hierdie skryfmetode was van 'n tydelike aard en het beteken dat die bord telkemale gebruik kon word deur bloot die waslagie weer

eweredig te versprei oor die bordoppervlakte. Bewyse vir hierdie houttablette of skryfborde is aanvanklik by die Hettiete gevind en word kursories beskryf in hoofstuk 2. Die eerste ander voorbeelde van hout- en ivoor skryfborde in ander dele van die Nabye Ooste, het aan die lig gekom met die ontdekking van 'n put in die Noordwestelike Paleis van Nimrud (Mallowan 1966:148-162). Mallowan (1966:152-153) beskryf in detail die borde, bestaande uit 'n ingesinkte gedeelte, omring met 'n rand. Tekens van die was is in die middel gevind en in sommige gevalle was dit moontlik om nog vaagweg letters uit te maak. Die houtborde was effens groter as die ivoorborde: 45 x 28 x 1.7 cm (Mallowan 1966:153). Ongeveer vyf borde is saamgevoeg om 'n soort *boek* te vorm. Mallowan beskryf ook die samestelling van so 'n *boek* in groot detail (1966:157-158). Verdere beskrywings van hierdie tipe skryfmateriaal kan onder andere gevind word in die artikels van Howard (1955) en Wiseman (1955).

7. Parpola (1983a:2) verduidelik die terminologie vir die formaat as volg: "As is well known, *tuppu* is the generic term for 'clay tablet', *egirtu* normally means 'letter', *lé'u* has been convincingly shown to be the generic term for '(wax-covered) writing board', and *daltu* literally means 'door'. In the Records, however, each of these terms has a different, more specific technical meaning. The first two are both used to refer to clay tablets, the difference in meaning being that the former denotes full-size tablets divided into two or more columns and the latter smaller one-column tablets. Correspondingly, *lé'u* refers to sets of writing boards consisting of two or more 'leaves' and therefore should be rendered in these texts 'diptych', 'triptych', or 'polyptych' (depending on the case), whereas *daltu* serves as a designation of single writing boards not forming part of a multi-board 'book'. This technical meaning of *daltu* is not known from any other texts but is a natural assumption in view of the doorlike appearance of Assyrian writing boards."
8. Josephus vertel in sy *Joodse Oorloë* (Boek VI, hoofstuk 6) van die argiewe/הכתבים גנזי בית wat deur die Romeinse soldate in Jerusalem verbrand is tydens die inname van die stad (Shavit 1994:304).
9. Die term "Dooie See Rolle" kan breedweg verwys na die dokumente gevind by alle lokaliteite langs die Dooie See, soos byvoorbeeld Wadi

Murabba'at, Nahal Hever, Khirbet Mird en Masada. Soms word dokumente wat by Wadi Daliyeh, noord van Jerigo gevind is, asook Wadi Seiyal en Nahal Mishmar ook hierby ingesluit. In hierdie bespreking word Shanks (1993b:xvi) en Martínez (1994:xxxii-xxxv) nagevolg en die term is beperk tot die tekste gevind in elf grotte in die Wadi Qumran, aan die noordwestekant van die Dooie See. Die term "Qumran" word in hierdie navorsing as 'n wisselterm vir die Dooie See Rolle gebruik en verwys nie na die nedersetting naby die grotte nie, tensy so aangedui.

10. Die dokumente waaruit die versameling bestaan, is geskryf tussen 250 v.C. en 68 n.C., aldus Shanks (1993b:xix).
11. 4QMMT: 4 beteken dit is in grot 4 gevind, Q verwys na Qumran en die letters MMT is 'n afkorting vir die Hebreeus *Miqsat Ma'aseh ha-Torah*, vertaal as: "sekere werke van die Torah" (VanderKam 1993:51). Ses onvolledige manuskripte van die teks is in grot 4 ontdek en daaruit kon 'n teks van ongeveer 130 reëls gerekonstrueer word (ongeveer twee derdes van die oorspronklike) (Qimron & Strugnell 1994:1). Die ongemagtigde publikasie van hierdie teks deur onder andere die *Biblical archaeological review*, het aanleiding gegee tot 'n baie belangrike hofsak ten opsigte van outeursreg tussen Elisha Qimron, professor in Hebreeus aan Ben Gurion Universiteit in Israel en die redakteur van die *Biblical Archaeology Review*, Hershel Shanks. Dit was een van die aanleidende faktore tot die uiteindelijke vrystelling van alle Dooie See Rolle (Vermes 1994:107-108).
12. 4Q246: Die woordgebruik in hierdie teks herinner sterk aan Lukas 1:32 en 35 en daarom word daar ook soms na die teks verwys as die *Son of God*-teks (Shanks 1993a:203-204). 'n Bespreking van die teks word ook gedoen deur Fitzmyer (1994:163-178).
13. Eshel en Broshi is tesame met 20 vrywilligers sedert Januarie 1996 besig om ses addisionele grotte op te graawe in die omgewing van die nedersetting: "At least two of the caves show clear signs of having been lived in at the turn of the era, as evidenced by coins and assemblage of domestic pottery - bowls, cups, cooking pots and storage jars ... In addition, Eshel and Broshi found lines of stones that they believe, based

on the patterns formed by the stones, mark the location of tents outside caves. Eshel speculates that in winter, when occasional rains caused roof collapse in some of the caves, the Qumranites would move out of the caves and into tents for safety reasons" (Shanks 1996b:10). Die laaste datums op die munte word gedateer as 67 n.C., slegs 'n jaar voor die verwoesting van die Qumran-nedersetting. Al die grotte wat Eshel en Broshi ondersoek het, is gevind in dieselfde terras waarin grot 4 gevind is.

14. 'n Skriptorium is 'n fasiliteit vir die duplisering van manuskripte en word normaalweg ingerig vir die veelmalige produksie van 'n teks (Schiffman 1995:47). Die term *skriptorium* is toegeken aan 'n kamer (wat ingesak het op kamer 30) in die suidwestelike kwadrant van die hoofgebou vandie nedersetting by Qumran. Dit bestaan uit 'n lang, sentrale kamer van 13 x 4 meter. Binne die kamer is die oorblyfsels van 'n tafel van ongeveer 5 m in lengte, 40 cm breed en ongeveer 50 cm hoog gevind, sowel as twee korter tafels en 'n lae bank van dieselfde lengte. Verder is daar ook twee inkpotte gevind, wat nog oorblyfsels van die droë ink bevat het (Cross 1958:49, De Vaux 1973b:29-33 en Reich 1995:158). De Vaux (1973b:32-33) het egter nie uitsluitel oor waar die boekrolle gehou is as kamer 30 die skriptorium was nie.
15. Die problematiek rondom die verbinding tussen die Qumran-nedersetting en die nabygeleë grotte, was nog altyd geleë in die afwesigheid van enige skriftelike nalatenskap in die geboue-kompleks. Dit was in skerp kontras met die oorfloed van dokumentasie in die grotte. Onlangs het die *Biblical Archaeology Review* (Scroll hunters at Qumran discover inscribed sherds 1996:14) egter berig omtrent die ontdekking van vier potskerwe naby die oostelike muur van die nedersetting. Hierin bestaan dus moontlik die eerste konkrete bewyse vir 'n verbinding tussen die nedersetting en die dokumente in die grotte.
16. Hulle kom egter later tot die gevolgtrekking dat die skriptorium en die hele nedersetting verteenwoordigend van 'n Romeinse villa was. Ietwat vergesog gegewe die beperkte bewyslas, aldus Reich (1995:158-160).
17. Twee van die potskerwe wat onlangs deur die Strange-span by die Qumran-nedersetting ontdek is, kan gelas word om 'n soort *inkopielys*

van sestien reëls te vorm. Hierdie is een van die eerste tekens van 'n nie-religieuse dokument uit hierdie lokaliteit (Scroll hunters at Qumran discover inscribed shreds 1996:14). Dit is egter nog te vroeg om enige konkrete afleidings uit hierdie ontdekking te maak. 'n Voorlopige verslag omtrent die ontdekking sou egter in November 1996 deur Esther Eshel in New Orleans gelewer gewees het.

## Hoofstuk 5

### Samevatting

Die bespreking van enkele voorbeelde van literatuuurbewaring en biblioteekaktiwiteite in hoofstuk 4, was uiteraard nie verteenwoordigend van die totale versamelingspektrum in die Ou Nabye Ooste nie. Dit was ook nie die bedoeling nie. Veel eerder wil hierdie navorsing die probleemareas binne die bespreking van Ou Nabye Oosterse versamelings aanspreek en aanduidend wees van potensiele ondersoeke wat dalk van waarde mag wees.

Daar is terselfdertyd gepoog om deur 'n interdisiplinêre benadering tot die onderwerp groter lig te werp op areas wat anderssinds verlore mag raak in meer gespesialiseerde navorsing. Groot klem moet veral gelê word op die aanwending van betekenisdraende en afgegrensde terminologie. Aangesien *biblioteek* en *argief* 'n spesifiek omgrensde betekenis dra, verkies hierdie studie om die meer neutrale begrippe *versameling* of *protoversameling* toe te dig aan 'n dokumentgeheel, tensy spesifieke spesialiteitskenmerke geïdentifiseer kan word. Parpola (1986:234) stel dit as volg: "... the borderline between the two [archives and libraries] is fluid and ... what is an 'archival' text at one point of time may easily become a 'library' one at another." Hierdie tipering reflekteer nie negatief op die aard van versamelbou in die Ou Nabye Ooste nie, maar poog om 'n meer neutrale benadering tot die bestudering van die versamelingsgeheel in die hand te werk. Dit is reeds uitgewys dat die funksies van literatuuurbewaring en biblioteekaktiwiteite nie noodwendig afhanklik is van 'n volwaardige manifestering van die versameling in die een of ander tipering nie.

In die keuse van voorbeeldversamelings is gepoog om die diversifikasie van die voorkoms van die rekordversameling in die Ou Nabye Ooste te illustreer. Vanweë die durende aard van die kleitablet as skryfmateriaal, was dit egter verkieslik om kleitabletversamelings te gebruik ter illustrasie van meer substansiële versamelings, aangesien daar 'n groter moontlikheid is dat hierdie versamelings meer verteenwoordigend vir die nageslag behoue gebly het. In hierdie opsig het die skryfmateriaal van Mesopotamië homself dus by uitstek bewys in die vervolmaking van die bewaringsfunctie. Die biblioteek van Alexandrië was volgens oorlewering veel groter as enige van die bestaande oorblyfsels van kleitabletversamelings tot ons beskikking. Tzestez, 'n Bisantynse geleerde uit die twaalfde eeu n.C., het die biblioteek

beskryf: "The public library had 42 800 books; the private library of the court and palace had 40 000 unsorted books, and 90 000 single, sorted books, as Callimachus states, who was a young man of the court and catalogued the books after they were edited. His contemporary Eratosthenes was entrusted by the king with the important post of librarian" (Shubert 1993:144). Selfs gegewe die moontlikheid van oordrywing, moes hierdie biblioteek 'n imposante gesig gewees het. Nóg die biblioteek, nóg Callimachus se *Pinakes* ('n moontlike katalogus vir die biblioteek), het egter die verwoesting van die biblioteek oorleef. 'n Soort *natuurlike seleksie* het dus plaasgevind in die bewaring van die Ou Nabye Oosterse versameling. Ten einde die leeftyd van die oorgeblewe versamelings te verleng, sal dit nodig wees om met groter omsigtigheid te werk te gaan in die hantering van die versameling. In hierdie opsig is daar in hoofstuk 3 gepleit vir die handhawing van 'n beleid vir die bewaring van 'n versameling as geheel en die bewusmaking en die aankweek van 'n respek vir die bestaan van 'n moontlike interne ordeningsstelsel in die beskrywing van vindplekke en die uiteindelijke bewaring van die versameling in 'n museum, in aansluiting tot die sogenaamde *argivale benadering*.

### 5.1 Die potensiaal van 'n interdisiplinêre benadering

In een van die talle stoorkamers van die British Museum se *Department of Western Asiatic Antiquities*, staan houtkaste gevul met ongedokumenteerde kleitablette van talle argeologiese ekspedisies in die Ou Nabye Ooste. Ten einde die toenemende agterstand uit te wis, het die departement begin met 'n program waardeur opgeleide vrywilligers die kleitablette met spykerskrif aanvanklik in breë onderafdelings sorteer. Die tablette word dan netjies in kartonhouers geplaas en ge-etiket, met etikette soos *skoolteks* of *regstek*s. Die kurators is dan in staat om ná hierdie preliminêre proses, verder te verfyn. Sou 'n besoeker egter een spesifieke laai ooptrek, vind hy/sy daar 'n houër oënskynlik gevul met stof. Dit verteenwoordig kleitablette wat so broos was dat dit by hantering gedisintegreer het. Die etiket van die noukeurige en oorywerige vrywilliger by hierdie houër? "*Desperate.*"

Die bogenoemde mag miskien 'n mate van oorywerigheid illustreer, maar wanneer selfs stofdeeltjies geklassifiseer word, bewys dit die onteenseglike waarde geheg aan die bepaling van 'n interne ordening. Sou 'n sodanige stelsel bestaan, sal dit die moderne berging en herwinning van die versameling onteenseglik vergemaklik. Die eerste stap in hierdie rigting sal egter wees om die waarde van die versamelingsgeheel te erken. Die aksioom van die geheel wat groter is as die dele, is ook hier geldig. Finansies, tesame met die gebruik van die uitruil van artefakte tussen instansies dwarsoor die

wêreld, plaas egter meestal beperkings op die volg van hierdie benadering. Dit is dus nie ongehoord om een antieke dokumentversameling oor verskeie kontinente verspreid te sien nie. 'n Duidelike illustrasie van Ou Nabye Oosterse Studies se klem op die inhoud van individuele dokumente, eerder as die betekenis van die oorkoepelende geheel.

In die praktyk skyn dit uiters idealisties te wees om ter wille van die bestudering van organiserings- en herwinningspraktyke aan te dring op die berging van 'n versameling in een lokaliteit. Die waarde en potensiaal hiervan is egter reeds in die voorafgaande bespreking voldoende uitgewys. Ten einde hierdie idealistiese benadering in die praktyk te laat oortuig, sal daarom 'n toegewyde poging tot 'n interdisciplinêre benadering tussen Ou Nabye Oosterse Studies en Inligtingkunde verg. Inligtingkunde bied die teoretiese agtergrond: grondige definisies van biblioteke en argiewe en hul werksaamhede, sowel as reeds ontwikkelde organiserings- en bewaringspraktyke. Hieraan voeg Ou Nabye Oosterse Studies die kennis van taal en kultuur toe. Hierdie is nie 'n nuwe of rewolusionêre konsep nie. Kesting (1978:5) berig in detail omtrent die senior bibliotekaris wat Sukenik by die Hebreeuse Universiteit in Jerusalem genader het ten tyde van die ontdekking van die eerste Dooie See Rolle. Dit is ook bekend dat Dr Teicher, wat verantwoordelik was vir die katalogisering van Hebreeuse manuskripte in die Cambridge universiteitsbiblioteek, die waarde van die Dooie See Rolle wat aan hom getoon is deur John Trever, totaal onderskat het. Dit minimaliseer egter nie die nodigheid vir die beweging na 'n meer interdisciplinêre benadering nie. Intendeel, die optrede van die bibliotekaris van die Huntingdon biblioteek het getoon dat Inligtingkunde 'n waardevolle bydrae kan lewer, nie alleen tot die bewaring nie, maar ook die etiek rondom die beginsel van die vrye beskikbaarstelling van inligting. Dr William Moffett, die direkteur van die biblioteek, se besluit om toegang tot die fotografiese afdrukke van die Rolle op 22 September 1991 oop te stel vir enige gekwalifiseerde navorser, was resulterend in die volgende: "All hell broke loose. The spokesmen of the editorial team and their sponsors once again spoke of theft and uttered menacing noises, but no doubt realizing that they had no legal leg to stand on, quickly climbed down ... The change was swift and complete. Previously under lock and key because of signed agreements with the archaeological authorities, the scroll photographs were suddenly made accessible to all at the Huntingdon, at the Ancient Biblical Manuscript Center in Claremont, California, at Hebrew Union College, Cincinnati (where Wacholder and Abegg were previously forbidden to see them, and had to use the concordance and the computer instead) and closer to home for me [Vermes], at the Oxford Centre for Postgraduate Hebrew Studies (where I was kept away from the filing cabinet hiding the unpublished texts ..." (Vermes 1994:106).



Enkele insidente in die Dooie See Rolle-sage is ideaal vir die illustrasie van die nodigheid vir 'n interdisziplinêre omgang met antieke versamelings<sup>1</sup>. Elisha Qimron, professor in Hebreeuse taalkunde aan die Ben Gurion Universiteit in Israel, het naamlik 'n hofsaak aanhangig gemaak teen Shanks, aangesien hy 'n reproduksie van Qimron se tot op daardie stadium ongepubliseerde rekonstruksie van 4QMMT weergegee het in die voorwoord van 'n faksimile-uitgawe van die tekste wat in November 1991 deur die Biblical Archaeology Society uitgegee is. Die hof in Israel het uiteindelik beslis dat die outeursreg van die rekonstruksie aan Qimron behoort: "... Professor Qimron's grievance was not without foundation, for his decipherment and re-assembly of the fragments were printed without mention of his name. But most experts ... are convinced that satisfactory redress should have been sought, and could have been obtained, without involving a lawsuit" (Vermes 1994:108). Daar word egter voorsien dat, met die toenemende gebruik van die Internet, dit al hoe moeiliker sal word om die beginsels van vrye toegang tot inligting te versoen met die nakom van 'n basiese intellektuele eiendomsreg. Die daarstelling van 'n akademiese etiek vir die omgang met enige toekomstige en bestaande versamelings, kan dus nie oorgenoeg beklemtoon word nie.

## **5.2 Die versameling en die gemeenskap**

Die ondersoek van organiserings- en herwinningspraktyke in Ou Nabye Oosterse versamelings bied 'n nuwe blik op die gemeenskap van oorsprong. Biblioteke en argiewe is sosiale instellings en word gevorm deur hul gemeenskappe, juis daarom is dit behoefte georiënteerd. Daarom is gepoog om nie die bestaan van literatuerbewing en biblioteekaktiwiteite uit gemeenskapsverband te plaas of oor te beklemtoon nie. Michalowski (1985:301) se waarskuwing dat: "Traditional scholarship, ... fascinated by the event rather than by structure has tended to invent and overestimate certain historical moments ...", kan nie genoeg beklemtoon word nie. Die bespreking en rekonstruksie van literatuerbewing en biblioteekaktiwiteite is verder dikwels beperk deur die ongespesifiseerdheid van die argeologiese gegewens wat omtrent tientalle versamelings bestaan. Daar is nogtans deurgaans gepoog om gevolgtrekkings te maak en die onsekerheid omtrent ander potensiële moontlikhede uit te wys teen die agtergrond van die opgrawingsgeskiedenis en die daaropvolgende hantering van die versameling.

Dit is juis die hantering van die versameling wat in hierdie slothoofstuk verdere aandag geniet. Daarom sal die toepasbaarheid en relevansie van hierdie studie eers blyk indien

'n ontdekking van begin tot einde uitgevoer kan word teen die agtergrond van hoofstuk 2 en met in agneming van die kriteria en kritiek wat blyk uit hoofstukke 3 en 4. Die studie opsigself is dus eerder 'n beroep op 'n verandering in benadering tot Ou Nabye Oosterse versamelings, met rigtingaanduiders vir die hantering van enige toekomstige ontdekkings.

Die bespreking van die Ou Nabye Oosterse versameling is geplaas binne die agtergrond van 'n gemeenskap in oorgang tussen 'n orale- en geletterde samelewing. In hierdie oorgangperiode word gevind dat die gemeenskap 'n vloeibare mengsel van orale en geletterde versamelingsvorme duld. Die versameling in fisiese vorm kom tot stand ten tyde van die ontstaan van 'n geletterde skrywersklas binne die gemeenskap. Dit wil egter voorkom asof die versameling se ontstaan nie direk afhanklik van 'n sekere vlak van geletterdheid is nie. Dit skep egter die ideale teelaarde vir die oorgang van die versameling van die tradisie van 'n gemeenskap in die orale geheuebank van die Ou Nabye Oosterse wysgeer, na 'n fisiese dokumentversameling.

Die versameling het sy oorsprong in 'n vloeibare protovorm wat homself na willekeur skik na gelang van veranderings in die sosiale omgewing. Die gevolg is dat 'n geïdentifiseerde versamelingstipe in staat is om van vorm te verander. In hierdie toestand van vloeibaarheid gedy die protovorm binne die reeds geskepte strukture van 'n bestaande paleis- of tempelburokrasie. Privaat versamelings kom egter ook voor binne die gemeenskap. In die formele strukture manifesteer die protovorm hom dikwels as deel van 'n gemeenskapsentrum of dokumentasiesentrum waarin die paleis of tempel se finansiële, administratiewe en opvoedkundige werksaamhede gesentraliseer word.

Teen hierdie agtergrond is die Ou Nabye Oosterse versameling verdeel in twee tiperings: versamelings met 'n interne ordeningsstelsel en versamelings daarsonder. Onder die eersgenoemde resorteer die antieke prevorme van die argief en biblioteek. Die uitgangspunt word gehandhaaf dat die onderskeid tussen *argief* en *biblioteek* geleë is in die verskil in uitgangspunt tot die versameling. Beide argiewe en biblioteke vertoon dieselfde bewaringskenmerke en organisatoriese gebruike, maar dit word verskillend aangewend as gevolg van verskille in perspektief. 'n Suiwer inhoudelike verdeling tussen die twee versamelingstipes is dus nie moontlik nie. Die Ou Nabye Oosterse argief voldoen aan al die voorvereistes daaraan gestel deur die definisies van Schellenberg (1956) en Muller, Feith & Fruin (1968), naamlik die seleksie van dokumente van 'n privaat of openbare oorsprong, vir permanente bewaring met navorsing en naslaan as doel. Die definisie word egter gekwalifiseer deur Veenhof

(1986b:7) om voorsiening te maak vir 'n *fonds d'archives*, 'n versameling wat bly groei en voortbestaan tot die staking van argivale aktiwiteit, wat gewoonlik gebeur het as gevolg van een of ander ramspoedige gebeurtenis. Die Ou Nabye Oosterse biblioteek is die fisiese vergestaltung van die *oral repository*. Dit mag verskil van die argief ten opsigte van verskaffingsgebied, die oorspronklike doestellings, in die veelmaligheidskarakter van sy versameling en in die handelswaarde wat aan die biblioteekmateriaal toegedig kan word.

Hierteenoor vertoon die geniza, waarvan die Kaïro Geniza dien as voorbeeld, geen interne organiseringspraktyke nie. Dit reflekteer die Ou Nabye Oosterse gebruik om dokumente wat as gevolg van die teenwoordigheid van die Goddelike naam nie vernietig kan word nie, te bewaar. Hier is egter geen sprake van herwinning nie en daarom word geen interne ordeningsstelsel gevind of verwag nie. Die geniza bied egter 'n ideale en realistiese beeld van die sosiale interaksie van die gemeenskap waarbinne dit gevind word. 'n Ander vorm van ongeordende "versameling" wat in die Ou Nabye Ooste aangetref word, is die ontdekking van 'n akkumulasie van kleitablette wat, nadat dit uitgedien geraak het, aangewend is as opvullingsmateriaal in bouprojekte. Hierdie tablette beskik egter ook nie oor enige interne organisering wat herwinning moontlik maak nie. Bewaring was verder nie meer 'n motief by die aanwending van hierdie tablette nie. Daarom word hierdie "versamelings" van die bespreking uitgesluit.

Dit bring ons by die bespreking in hoofstuk 4 van enkele spesifieke versamelings. Kamer L.2769 van Ebla, vertoon in 2500 v.C. reeds die aanwesigheid van gespesialiseerde organiserings- en herwinningspraktyke, gekoppel aan 'n permanente bewaringsfunksie. Die versameling word gevind binne die groter raamwerk van 'n dokumentasiesentrum met geriewe vir tydelike bewaring, sowel as die skepping en raadpleging van dokumentasie. Dit skyn ook asof daar 'n skool verbonde was aan die sentrum en interaksie met ander geleerdes van ander gebiede blyk uit die inhoud van die tekste.

In Mari vind ons ongeveer 700 jaar later onder feitlik identiese omstandighede, 'n totaal verskillende manifestasie van die protoversameling. Beide stede is welgestelde handelstede, geleë langs 'n netwerk van handelsroetes. Mari se versameling toon nogtans feitlik geen enkele van die gespesialiseerde eienskappe wat by Ebla aanwesig is nie. Aangesien bewyse van kommunikasie tussen Ebla en Mari bestaan het, is dit verbasend dat die een nie die ander se versamelingspraktyke beïnvloed het nie. Dit is dus duidelik dat faktore binne die individuele gemeenskap van veel groter belang is vir die aard van die versameling. Hier is geen sprake van 'n sogenaamde *evolusionêre*

*ontwikkeling* nie. Mari se versameling in 1800 v.C., word voorafgegaan deur 'n tydperk van politieke onstabieleit. Die stad is verder geleë aan die rand van die woestyn en ten einde sy magsbasis te versterk, is Zimri-Lim verplig om ooreenkomste met nomadiese stamhoofde aan te gaan. Die gevolg is 'n gemeenskap waar die nomadiese en verstedelike in 'n onversoerbare parallellisme saambestaan. Daarom vertoon Mari se versameling geen sentralisasie van lokus nie. Die herwinningspraktyke is nog gegrond op 'n onderliggende mondelinge tradisie en is daarom in baie opsigte ongespesialiseerd, omslagtig en oneffektief.

Die Kuyunjik-versamelings vertoon weer die aard van 'n tipiese koninklike versameling. Ongelukkig kan daar slegs beperkte afleidings gemaak word, aangesien die oorspronklike *provenance* versteur is. Parpola (1983a) bespreek egter die bestaan van 'n inventarislys waardeur dit moontlik is om Assurbanipal se universele versamelbou-praktyke te rekonstrueer. Die lys is ook 'n indikasie van die bestaan van uitgebreide privaat versamelings in Babilonië teen die sesde eeu v.C. Hierdie versameling het beperkte toeganklikheid, maar word gekenmerk deur pro-aktiewe en reaktiewe herwinningsmetodes, wat afgelei kan word uit die korrespondensie tussen die Assiriese konings en hul geleerdes.

Veenhof (mondelinge kommunikasie) se kritiek teen die uiteensetting van die navorsing voorhande, was die idealistiese voorveronderstelling dat enige rigtinggegewende en substansiële versameling nog opgegrawe sal word. Die vraag moet dus gevra word in hoe 'n mate die inisiëring van 'n interdisiplinêre benadering tot die bestudering van Ou Nabye Oosterse versamelings lewensvatbaar is? Wat is die moontlikheid dat 'n noemenswaardige versameling onbeskadig gevind sal word in die nabye toekoms?

Die ontdekking van 'n Neo-Babiloniese tempelbiblioteek in die opgrawingseisoen, 1985-1986, in Sippar, dien as teenargument vir Veenhof se kritiek. Die *Biblical Archaeology Review* (Intact temple library found at Sippar 1989:50) som die belang van hierdie ontdekking waarskynlik die beste op: "It is not the number of tablets found at Sippar that is remarkable. Larger collections of cuneiform texts have been discovered at Ebla, at Emar and at Tell Leilan, all in Syria. Nor is the date of the library, probably the sixth century B.C., the source of the great excitement generated by the discovery. At Sippar, the library's organization was preserved; this is not true of other great Mesopotamian libraries ... The Sippar excavations promise to show how a neo-Babylonian (1000-500 B.C.) library was organized and what texts it contained." Ongelukkig het die Golfoorlog en die gevolglike isolasie van Irak veroorsaak dat min

verdere inligting omtrent die aard en toestand van die biblioteek beskikbaar word. Die hoop kan alleen uitgespreek word dat die biblioteek op so 'n wyse aangeteken en bewaar sal word dat dit potensieel moontlik sal wees om 'n rekonstruksie van die interne ordening en potensieële herwinning van inligting te maak.

### 5.3 Gevolgtrekking

Dit is dus ten slotte moontlik om enkele gevolgtrekkings omtrent die waarde en nut van 'n studie van literatuurbewaring en biblioteekaktiwiteite in die Ou Nabye Ooste te maak. In die onsekere tydperk van oorgang tussen die mondelinge en skriftelike tradisies, skyn dit asof die *bewaringsmotief* veel groter klem dra as toeganklikheid en veral die gebruik van 'n Ou Nabye Oosterse versameling. Hierdie gevolgtrekking skyn op die oog af teenstrydig te wees maar, gegewe die ambivalente aard van die gemeenskap in transisie en die teruggryp na 'n meer konserwatiewe standaardisasie van die reeds bestaande mondelinge tradisie in fisiese vorm, skyn dit die aangewese reaksie van die gemeenskap te wees. Binne die moderne inligtinggemeenskap het die gedagte van die universele versameling en die bewaring van die totale menslike intellektuele nalatenskap plek gemaak vir 'n benadering van beheer oor 'n toenemend akkumulerende proliferering van efemere inligting. In hierdie opsig het die klem dus geskuif van 'n oorheersende bewaringsmotief, na die kwaliteitsbeheer van groter wordende versamelingseenhede. Hierdie veranderde benadering marginaliseer egter nie die waarde van die eerste voorbeelde van versameling nie. Dit beteken wel dat daar met groot omsigtigheid omgegaan moet word met terminologie soos *argief* en *biblioteek*, wat deur die teenswoordige benadering tot versamelbou gekleur is.

Die doel en funksie van die antieke *argivaris* of *bibliotekaris* verskil ook vanweë die bestaan van die versameling binne 'n ander gemeenskapsverband. Hoewel daar groot waardering gekoester moet word vir die pogings wat aangewend is om hierdie persoonlikhede op die voorgrond te bring, bestaan die geneigdheid onder bibliotekarisse soos Pedley om te soek vir ooreenkomste met moderne praktyke. Dit is egter gevind dat dit van veel groter waarde is vir die ondersoek van die versameling om die funksionaliteit van die professionele skrywer binne die antieke versamelingsgeheel te ondersoek. In hierdie opsig is aangetoon dat dit kon wissel van die rudimentêre uitwys van die lokaliteit van dokumente in die versameling, tot 'n gevorderde interpretasie van die inligtingversoek, met substansiëring daarvan deur die skrywer. Geletterdheid was nie noodwendig 'n voorvereiste nie, maar met 'n meer ontwikkelde interne ordening- en herwinningsstelsel, word die behoefte daarvoor groter. Die duplikasie van bestaande manuskripte moet in hierdie opsig gekoppel word

aan 'n vanselfsprekende deel van die antieke *bibliotekaris* of *argivaris* se meer gevorderde taakomskrywing, in die woorde van Prediker12:12: "... aan die maak van baie boeke is daar geen einde nie ..."

Die trek van parallele tussen Ou Nabye Oosterse en moderne literatuerbewing en biblioteekaktiwiteite, is dus van beperkte nut. Die waarde van 'n interdisiplinêre benadering moet veel eerder gesoek word in 'n wedersydse strewende na die beheer oor en bewaring van antieke versamelings. Die skepping van 'n bewustheid van die waarde van 'n interne ordeningsstelsel vir die beskrywing van die gemeenskap toon groot waarde vir die daarstelling van 'n nuwe benadering tot die vakgebied. In hierdie opsig het die vestiging van 'n aangepaste etiek noodsaaklik geword as gevolg van aanpassings in die akademiese omgang met inligting. Die Qimron-hofsaak het aangetoon dat Ou Nabye Oosterse studies nie onaangeneem kan bly voortbestaan nie. Daarom word voorsien dat die insette wat deur inligtingkundiges op hierdie gebied gemaak kan word, ook van groot waarde sal wees.

#### **Notas:**

1. Dit moet beklemtoon word dat, hoewel die Dooie See Rolle hier ter illustrasie gebruik word, dit nie die enigste geval is waar toegang tot dokumente geweier is nie. Shanks (1990:55) bespreek byvoorbeeld die soortgelyke problematiek rondom die beskikbaarstelling van die Nag Hammadi-tekste.

## Bibliografie

- Abusch, T, Huehnergard, J & Steinkeller, P (eds) 1990. *Lingering over words: studies in Ancient Near Eastern literature in honor of William L Moran*. (Harvard Semitic Studies, 37). Georgia: Scholars.
- Allegro, J M 1956. *The Dead Sea Scrolls*. Harmondsworth: Penguin.
- Al-Rawi, F N H 1990. Tablets from the Sippar library: I. The "Weidner chronicle": a supposititious royal letter concerning a vision. *Iraq*, LII:1-13.
- Al-Rawi, F N H & George, A R 1990. Tablets from the Sippar library: II. Tablet II of the Babylonian creation epic. *Iraq*, LII:149-157.
- Al-Rawi, F N H & George, A R 1994. Tablets from the Sippar library: III. two royal counterfeits. *Iraq*, LVI:135-148.
- Anderson, G W et al (eds) 1975. *Supplements to Vetus Testamentum, congress volume XXVIII, Edinburgh 1974*. Leiden: Brill.
- Archi, A 1986. The archives of Ebla. Veenhof (ed) 1986a:72-86.
- Arksey, L 1977. The library of Assurbanipal, king of the world. *Wilson library bulletin*, 51:832-840.
- Artzi, P 1986. Observations on the «library» of the Amarna archives. Veenhof (ed) 1986a:210-212.
- Avigad, N 1976. *Bullae and seals from a post-exilic Judean archive*. English translation by R Grafman. (Qedem: monographs of the Institute of Archaeology: the Hebrew University of Jerusalem, 4). Jerusalem: Hebrew University.
- Avigad, N 1979. Jerahmeel & Baruch: king's son & scribe. *Biblical archaeologist*, 42(2):114-118.

- Baigent, M & Leigh, R 1991. *The Dead Sea Scrolls Deception*. New York: Corgi.
- Barrera, J T & Montaner, L V (eds) 1992. *The Madrid Qumran Congress: proceedings of the international congress on the Dead Sea Scrolls: Madrid 18-21 March, 1991: volume 1*. (Studies on the texts of the desert of Judah, XI:1). Leiden: Brill.
- Beckman, G 1983. Mesopotamians and Mesopotamian learning at Hattuša. *Journal of cuneiform studies*, 35(1-2):97-114.
- Bernal, M 1987a. *Black Athena: the Afroasiatic roots of Classical civilization. Volume 1: the fabrication of ancient Greece*. New Brunswick: Rutgers University.
- Bernal, M 1987b. On the transmission of the alphabet to the Aegean before 1400 B.C. *Bulletin of the American Schools of Oriental Research*, 267:1-20.
- Betz, O & Riesner, R 1993. *Jesus, Qumran and the Vatican: clarifications*. London: SCM.
- Biblia Hebraica Stuttgartensia* 1977. Ed by K Elliger & W Rudolph. Rev ed. Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft.
- Biggs, R 1980. The Ebla tablets: an interim perspective. *Biblical archaeologist*, 43(2):76-87.
- Black, J A & Tait, W J 1995. Archives and libraries in the Ancient Near East. Sasson et al (eds) 1995:2197-2209.
- Boon, J A 1994. Comparative study in information organization with specific reference to information retrieval systems, hypermedia systems and expert systems. *South African journal of library and information science*, 62(3):105-112.



- Botha, W M 1991. Van oratuur tot informatuur: 'n besinning oor die vervangingsdwaling. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir biblioteek- en inligtingkunde*, 59(3):195-203.
- Bottéro, J 1992. *Mesopotamia: writing, reasoning, and the gods*. Translated by Z Bahrani & M van de Mieroop. Chicago: University of Chicago.
- Boyarin, D 1978. On the history of the Babylonian Jewish Aramaic reading traditions: the reflexes of \*a and \*á. *Journal of Near Eastern studies*, 37(2):141-160.
- Bright, J 1981. *A history of Israel*. 3rd ed. Philadelphia: Westminster.
- Broshi, M 1992. Agriculture and economy in Roman Palestine: seven notes on the Babatha archive. *Israel exploration journal*, 42(3-4):230-240.
- Brown, S C 1986. Media and secondary state formation. *Journal of cuneiform studies*, 38(1):107-119.
- Bunch, A 1987. Community information. *Mousaion*, 5(1):2-15.
- Cameron, G G 1958. Persepolis treasury tablets old and new. *Journal of Near Eastern studies*, XVII(3):161-176.
- Cameron, G G 1965. New tablets from the Persepolis treasury. *Journal of Near Eastern studies*, 24:167-192.
- Cameron, G G 1973. The Persian satrapies and related matters. *Journal of Near Eastern studies*, 32(1/2):47-56.
- Clark, R L (ed) 1976. *Archive-library relations*. New York: R R Bowker.
- Cogan, M & Tadmor, H 1988. Ashurbanipal texts in the collection of the Oriental Institute, University of Chicago. *Journal of cuneiform studies*, 40(1):84-96.
- Cook, J M 1983. *The Persian Empire*. London: J M Dent & Sons.

- Couture, P G 1984. BA portrait: Sir Henry Creswicke Rawlinson: pioneer cuneiformist. *Biblical archaeologist*, 47(3):143-146.
- Cross, F M 1958. *The ancient library of Qumrân and modern Biblical studies: the Haskell lectures*. London: Gerald Duckworth.
- Dalley, S 1973. Old Babylonian greetings formulae and the Iltani archive from Rimah. *Journal of cuneiform studies*, 25:79-88.
- Davies, P R 1988. How not to do archaeology: the story of Qumran. *Biblical archaeologist*, 51(4):203-207.
- Dead Sea Scrolls protected from Scud Missiles. 1991. *Biblical archaeology review*, XVII(2):56.
- Dearman, J A 1989. Notes & essays: on record-keeping and the preservation of documents in ancient Israel (1000-587 B C E). *Libraries & culture*, 24:344-356.
- De Vaux, R 1973a. *Ancient Israel: its life and institutions*. Translated by J McHugh. London: Darton, Longman & Todd.
- De Vaux, R 1973b. *Archaeology and the Dead Sea Scrolls: the Schweich lectures of the British Academy, 1959*. London: Oxford University.
- De Vleeschauwer, H J & Wright, H C 1973. Origins of the Mousaion of Alexandria. Rawski (ed) 1973:87-113.
- Diakonoff, I M 1975. Ancient writing and ancient written language: pitfalls and peculiarities in the study of Sumerian. *Sumerological studies in honor of Thorkild Jacobsen on his seventieth birthday: June 7, 1974*. 1975:99-121.
- Dick, A L 1995. Organisation and retrieval studies: wider contexts and recent debates. *Mousaion*, 13(1/2):184-197.

- Diringer, D 1968. *The alphabet: a key to the history of mankind, volume 1*. 3rd ed. London: Hutchinson.
- Donceel, R & Donceel-Voûte, P 1994. The archaeology of Khirbet Qumran. Wise et al (ed) 1994:1-38.
- Duhalme, J 1993. Relative deprivation in new religious movements and the Qumran community. *Revue de Qumran*, 62:265-276.
- Dupont-Sommer, A 1973. *The Essene writings from Qumran*. Translated by G Vermes. Gloucester, Mass: Peter Smith.
- Durance, C J & Taylor, H A 1992. Wisdom, knowledge, information and data: transformation and convergence in archives and libraries in the Western world. *Alexandria*, 4(1):37-61.
- Eidem, J 1989. Some remarks on the Iltani archive from Tell-al-Rimah. *Iraq*, 51:67-78.
- Eisenman, R & Wise, M 1992. *The Dead Sea Scrolls Uncovered*. Shaftesbury: Element.
- Excavations in Iraq, 1985-86. 1987. *Iraq*, XLIX:231-251.
- Finnegan, R 1974. How oral is oral literature? *Bulletin of the School of Oriental and African Studies*, XXXVII(1):52-64.
- Fitzmyer, J A 1994. The Aramaic "Son of God" Text from Qumran cave 4. Wise et al (eds) 1994:163-178.
- Fox, M V 1985. *The Song of Songs and the ancient Egyptian love songs*. Madison: University of Wisconsin.
- Gammie, J G & Perdue, L G (eds) 1990. *The sage in Israel and the Ancient Near East*. Winona Lake: Eisenbrauns.
- Gandz, S 1939. The dawn of literature: prolegomena to a history of unwritten literature. *Osiris*, VII:261-522.

- Garr, W R 1987. A population estimate of Ancient Ugarit. *Bulletin of the American Schools of Oriental Research*, 266:31-44.
- Gates, J K 1968. *Introduction to librarianship*. 2nd ed. New York: McGraw-Hill.
- Gelb, I J 1963. *A study of writing*. 2nd revised ed. Chicago: University of Chicago.
- Gelb, I J 1967. Approaches to the study of ancient society. *Journal of the American Oriental Society*, 87:1-8.
- Genizah 1971. *Encyclopaedia Judaica*. Jerusalem: Keter, 7:404-407.
- Goitein, S D 1967. *A Mediterranean society: the Jewish communities in the Arab world as portrayed in the documents of the Cairo Geniza, volume I: economic foundations*. Berkeley: University of California.
- Golb, N 1979. Book Review: "A Mediterranean society: the Jewish communities in the Arab world as portrayed in the documents of the Cairo Geniza". 3 vols. By S D Goitein, 1967-78. *Journal of Near Eastern studies*, 38(4):287-292.
- Golb, N 1985. Who hid the Dead Sea Scrolls? *Biblical archaeologist*, 48(2):68-82.
- Golb, N 1990. Khirbet Qumran and the manuscripts of the Judaean wilderness: observations on the logic of their investigation. *Journal of Near Eastern studies*, 49(2):103-114.
- Golb, N 1995. *Who wrote the Dead Sea Scrolls? The search for the secret of Qumran*. London: Michael O'Mara.
- Goody, J 1977. *The domestication of the savage mind*. (Themes in Social Sciences). Cambridge: Cambridge University.

- Goody, J 1987. *The interface between the written and the oral*. (Studies in literacy, family, culture and the state). Cambridge: Cambridge University.
- Gorny, R L 1989. Environment, archaeology, and history in Hittite Anatolia. *Biblical archaeologist*, 52(2-3):78-96.
- Greenfield, J C 1986. Aspects of archives in the Achaemenid period. Veenhof (ed) 1986a:289-295.
- Hallock, R T 1973. The Persepolis fortification archive. *Orientalia*, 47:320-323.
- Harris, M H 1995. *History of libraries in the Western world*. 4th ed. Metuchen: Scarecrow.
- Harris, R 1955a. The archive of the Sin Temple in Khafajah (Tutub). *Journal of cuneiform studies*, 9(2):31-58.
- Harris, R 1955b. The archive of the Sin Temple in Khafajah (Tutub) continued. *Journal of cuneiform studies*, 9(3):59-88.
- Harris, R 1955c. The archive of the Sin Temple in Khafajah (Tutub) conclusion. *Journal of cuneiform studies*, 9(4):91-120.
- Harris, R H 1990. The female "sage" in Mesopotamian literature (with an appendix on Egypt). Gammie & Perdue (eds) 1990:3-17.
- Harris, W V 1989. *Ancient literacy*. Cambridge, Mass: Harvard University.
- Havelock, E A 1976. *Origins of Western literacy: four lectures delivered at the Ontario Institute for Studies in Education, Toronto, March 25, 26, 27, 28, 1974*. (Monograph series, 14). Toronto: Ontario Institute for Studies in Education.
- Havelock, E A 1982. *The literate revolution in Greece and its cultural consequences*. Princeton: Princeton University.

- Havelock, E A 1986. *The muse learns to write: reflections on orality and literacy from antiquity to the present*. New Haven: Yale University.
- Howard, M 1955. Technical description of the ivory writing-boards from Nimrud. *Iraq*, XVII:1-7.
- Hunger, H 1968 *Babylonische und Assyrische Kolophone*. (Alter Orient und Altes Testament Veröffentlichungen zur Kultur und Geschichte des Alten Orients und des Alten Testaments). Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.
- Huntingdon library releases Scroll photographs 1991. *Biblical archaeology review*, XVII(6):63.
- Intact temple library found at Sippar. 1989. *Biblical archaeology review*, 15(4):50-51.
- Isaac, B 1992. The Babatha archive: a review article: N Lewis (ed): "The documents from the Bar Kokhba period in the Cave of Letters, Greek Papyri; Y Yadin and J C Greenfield (eds): "Aramaic and Nabatean signatures and subscriptions, Jerusalem, 1989. *Israel exploration journal*, 42(1-2):62-75.
- Jackson, S 1980. Near East, Ancient. *ALA world encyclopedia of library and information services*. Chicago: American Library Association:403-405.
- Jamieson-Drake, D W 1991. *Scribes and schools in monarchic Judah: a socio-archeological approach*. (Journal for the study of the Old Testament supplement series, 109. The social world of Biblical antiquity series, 9). Sheffield: Almond.
- Jastrow, M 1950. *A dictionary of the Targumim, the Talmud Babli and Yerushalmi, and the Midrashic literature, volume 1: א-ז*. New York: Pardes.
- Jean, G 1992. *Writing: the story of alphabets and scripts*. Translated by J Oates. London: Thames & Hudson.

- Johnson, E D 1970. *History of libraries in the Western world*. 2nd ed. Metuchen: Scarecrow.
- Josephus, Flavius 1981. *The complete works of Josephus*. Translated by W Whiston. Grand Rapids: Kregel.
- Kesting, J G 1978. *Qumran and the quest of modern librarianship: inaugural lecture, 17 May 1978*. (New Series, 52). Cape Town: University of Cape Town.
- Kilian, J 1984. Ebla: an empire inscribed in clay. *Theologia evangelica*, 17(2):26-32.
- Koehler, L & Baumgartner, W (eds) 1985. *Lexicon in Veteris Testamenti Libros*. Leiden: Brill.
- Kraeling, E G (ed) 1953. *The Brooklyn Museum Aramaic papyri: new documents of the fifth century B.C. from the Jewish colony at Elephantine*. Reprinted 1969. New Haven: Yale University.
- Kramer, S N 1964. « Vox populi » and the Sumerian literary documents. *Revue D'Assyriologie*, LVIII:149-156.
- Kramer, S N 1990. The sage in Sumerian literature: a composite portrait. Gammie & Perdue (eds) 1990:31-44.
- Kwasman, T 1986. Neo-Assyrian legal archives in the Kouyunjik collection. Veenhof (ed) 1986a:237-240.
- Kwasman, T & Parpola, S 1991. *Legal transactions of the royal court of Nineveh, part I: Tiglath-Pileser III through Esarhaddon*. (State archives of Assyria, VI). Helsinki: Helsinki University.
- Lambert, W G 1989. Notes on a work of the most ancient Semitic literature. *Journal of cuneiform studies*, 41(1):1-33.

- Landsberger, B 1955. Remarks on the archive of the soldier Ubarum. *American Schools of Oriental Research*, 9(4):121-131.
- Landsberger, B 1974. *Three essays on the Sumerians*. Introduction and translation by M DeJ. Ellis. (Monographs on the Ancient Near East, 1). Los Angeles: Undena.
- Layard, A H 1970. *Nineveh and its remains*. Ed by H W F Saggs. (Travellers and explorers). London: Routledge & Kegan Paul.
- Lemaire, A 1990. The sage in school and temple. Gammie & Perdue (eds) 1990:165-181.
- Library 1986. *New Encyclopædia Britannica*. Chicago: Encyclopædia Britannica, 7: 333.
- Lieberman, S J 1990. Canonical and official cuneiform texts: towards an understanding of Assurbanipal's personal tablet collection. Abusch, Huehnergard & Steinkeller (eds) 1990:305-336.
- Luckenbill, D D 1989. *Ancient records of Assyria and Babylonia, volume II: historical records of Assyria from Sargon to the end*. London: Histories & mysteries of man.
- Macdonald, M C A 1991. Epigraphic gleanings from the archive of the Palestine Exploration Fund. *Palestine exploration quarterly*, 109-116.
- Malamat, A 1971a. Mari. *Biblical archaeologist*, XXXIV(1):2-22.
- Malamat, A 1971b. Syro-Palestinian destinations in a Mari tin inventory. *Israel exploration journal*, 21(1):31-38.
- Malamat, A 1983. "Silver, gold, and precious stones from Hazor" in a new Mari document. *Biblical archaeologist*, 46(3):169-174.
- Malamat, A 1986. "Doorbells" at Mari: a textual-archaeological correlation. Veenhof (ed) 1986a:160-167.



- Malamat, A 1989. *Mari and the early Israelite experience: the Schweich lectures of the British Academy, 1984*. Oxford: Oxford University.
- Mallowan, M E L 1966. *Nimrud and its remains, volume 1*. London: Collins.
- Margueron, J 1986. Quelques remarques concernant les archives retrouvées dans le palais de Mari. Veenhof (ed) 1986a:141-152.
- Martínez, F G 1994. *The Dead Sea Scrolls translated: the Qumran texts in English*. Translated by W G E Watson. Leiden: Brill.
- Martínez, F G & Barrera J T 1993. *The people of the Dead Sea Scrolls: their writings, beliefs and practices*. Translated by W G E Watson. Leiden: Brill.
- Martínez, F G & Van der Woude, A S 1990. A "Groningen" hypothesis of Qumran origins and early history. *Revue de Qumran*, 14:521-541.
- Matthiae, P 1976. Ebla in the late early Syrian period: the royal palace and the state archives. *Biblical archaeologist*, 39(3):94-113.
- Matthiae, P 1978. Preliminary remarks on the royal palace of Ebla. *Syro-Mesopotamian studies*, 2(2). (Monographic journals of the Near East). Malibu: Undena.
- Matthiae, P 1980. *Ebla*. Translated by C Holme. London: Hodder & Stoughton.
- Matthiae, P 1986. The archives of the royal palace G of Ebla. Veenhof (ed) 1986a:53-71.
- Mazar, B & Yadin, Y (eds) 1985. *Eretz-Israel archaeological, historical & geographical studies: Nahman Avigad volume, 18*. Jerusalem: Israel Exploration Society.
- McArthur, T 1986. *Worlds of reference: lexicography, learning and language from the clay tablet to the computer*. Oxford: Oxford University.

- McMahon, G 1989. The history of the Hittites. *Biblical archaeologist*, 52(2-3):62-77.
- Meijer, J G 1991. Periodizing western library history: a proposal. *South African journal of library and information science*, 59(2):60-76.
- Meyers, E M 1985. The Shelomith seal and the Judean restoration: some additional considerations. Mazor & Yadin (eds) 1985:33-38.
- Michalowski, P 1984. Observations on a Sumerian literary catalogue from Ur. *Journal of cuneiform studies*, 36(1):89-92.
- Michalowski, P 1985. Third millenium contacts: observations on the relationships between Mari and Ebla. *Journal of the American Oriental Society*, 105(2):293-302.
- Millard, A R 1972. The practice of writing in ancient Israel. *Biblical archaeologist*, 35(4):98-110.
- Miller, J M & Hayes, J H 1986. *A history of ancient Israel and Judah*. London: SCM.
- Muller, S, Feith, J A & Fruin, R 1968. *Manual for the arrangement and description of archives: drawn up by direction of the Netherlands Association of Archivists*. 2nd ed. Translated by A H Leavitt. New York: H W Wilson.
- Müller, W M 1912. Review article: Richardson, Ernest Cushing. Some old Egyptian Libraries. *Library journal*, XXXVII: 217.
- Nasionale diploma in argiefwetenskap handboek*. 1984. Pretoria: Staatsargiefdiens.
- Naveh, J 1968. Notes and observations: a palaeographic note on the distribution of the Hebrew script. *Harvard theological review*, 61:68-74.

- Naveh, J 1982. *Early history of the alphabet: an introduction to West Semitic epigraphy and palaeography*. Jerusalem: Magnes.
- Naveh, J 1985. Writing and scripts in seventh-century B.C.E. Philistia: the new evidence from Tell Jemmeh. *Israel exploration journal*, 35(1):8-21.
- Naveh, J 1986. A medical document or a writing exercise? The so-called 4Q Therapeia. *Israel exploration journal*, 36(1-2):52-55.
- Nemet-Nejat, K R 1995. Systems for learning mathematics in Mesopotamian scribal schools. *Journal of Near Eastern studies*, 54(4):241-260.
- North, R 1957. Status of the Warka excavation. *Orientalia*, XXVI:185-256.
- Ong, W J 1982. *Orality and literacy: the technologizing of the word*. Reprinted 1990. (New Accents). London: Routledge.
- Oppenheim, A L 1959. An operational device in Mesopotamian bureaucracy. *Journal of Near Eastern studies*, 18:121-128.
- Oppenheim, A L 1964. *Ancient Mesopotamia: portrait of a dead civilization*. Chicago: University of Chicago.
- Oppenheim, A L et al (eds) 1971. *The Assyrian dictionary of the Oriental Institute of the University of Chicago, (CAD), volume 8: K*. Chicago: Oriental Institute.
- Oren, E D 1973. The overland route between Egypt and Canaan in the Early Bronze Age (preliminary report). *Israel exploration journal*, 23(4):198-205.
- Ormsby, D L 1972. An Old Babylonian business archive of historical interest. *Journal of cuneiform studies*, 24:89-99.
- Page, S 1968. The tablets from Tell Al-Rimah 1967: a preliminary report. *Iraq*, 30:87-97.

- Pardee, D 1984. Literary sources for the history of Palestine and Syria: the Mari archives. *Biblical archaeologist*, 47(2):88-99.
- Parpola, S 1970. *Letters from Assyrian scholars to the kings Esarhaddon and Assurbanipal, part I: texts*. (Alter Orient und Altes Testament: veröffentlichungen zur Kultur und Geschichte des Alten Orients und des Alten Testaments). Kevelaer: Butzon & Bercker.
- Parpola, S 1983a. Assyrian library records. *Journal of Near Eastern studies*, 42(1):1-29.
- Parpola, S 1983b. *Letters from Assyrian scholars to the kings Esarhaddon and Assurbanipal: part II: commentary and appendices*. (Alter Orient und Altes Testament: veröffentlichungen zur Kultur und Geschichte des Alten Orients und des Alten Testaments, 5/2). Kevelaer: Butzon & Bercker.
- Parpola, S 1986. The royal archives of Nineveh. Veenhof (ed) 1986a:223-236.
- Pedersén, O 1985. *Archives and libraries in the city of Assur: a survey of the material from the German excavations, part I*. (Acta Universitatis Upsaliensis: Studia Semitica Upsaliensia, 6). Almqvist & Wiksell: Uppsala.
- Pedersén, O 1986. *Archives and libraries in the city of Assur: a survey of the material from the German excavations, part II*. (Acta Universitatis Upsaliensis: Studia Semitica Upsaliensia, 8). Almqvist & Wiksell: Uppsala.
- Pedley, K G 1964. *The library at Qumran: a librarian looks at the Dead Sea Scrolls*. (Peacock Biblio Series, 1). Berkeley: Peacock.
- Pettinato, G 1976. The royal archives of Tell Mardikh-Ebla. *Biblical archaeologist*, 39:44-52.
- Pettinato, G 1981. *The archives of Ebla: an empire inscribed in clay*. New York: Doubleday.

- Posner, E 1972. *Archives in the ancient world*. Cambridge: Harvard University.
- Postgate, J N 1986. Administrative archives from the city of Assur in the Middle Assyrian period. Veenhof (ed) 1986a:168-183.
- Qimron, E & Strugnell, J 1994. *Qumran cave 4, V: Miqsat ma'aseh ha-torah*. (Discoveries in the Judaean Desert, X). Oxford: Clarendon.
- Rawski, C H (ed) 1973. *Toward a theory of librarianship: papers in honor of Jesse Hawk Shera*. Metuchen: Scarecrow.
- Reade, J 1986. Archaeology and the Kuyunjik archives. Veenhof (ed) 1986a:213-222.
- Reich, R 1995. A note on the function of Room 30 (the 'scriptorium') at Khirbet Qumran. *Journal of Jewish studies*, XLVI(1-2):157-160.
- Rengstorf, K H 1963. Hirbet Qumran and the problem of the library of the Dead Sea caves. Leiden: Brill.
- Richard, S 1987. Archaeological sources for the history of Palestine: the Early Bronze Age: the rise and collapse of urbanism. *Biblical archaeologist*, 50(1):22-43.
- Richardson, E C 1911. *Some old Egyptian librarians*. Reissued 1964. Berkeley: Peacock.
- Richardson, E C 1912. The facts about old Egyptian librarians - a reply. *Library journal*, XXXVII:316-319.
- Richardson, E C 1914a. *Biblical libraries*. Princeton: Princeton University.
- Richardson, E C 1914b. *The beginnings of libraries*. Reprint 1963. London: Archon.

- Rochberg-Halton, F 1984. Canonicity in cuneiform texts. *Journal of cuneiform studies*, 36(2):127-144.
- Russel, J R 1990. The sage in ancient Iranian literature. Gammie & Perdue (eds) 1990:81-92.
- Sadan, J 1986. Genizah and genizah-like practices in Islamic and Jewish traditions. *Bibliotheca Orientalis*, XLIII(1/2):36-58.
- Sasson, J M. 1968. Instances of mobility among Mari artisans. *Bulletin of the American Schools of Oriental Research*, 190:46-54.
- Sasson, J M 1972. Some comments on archive keeping at Mari. *Iraq*, 34:55-67.
- Sasson, J M et al (eds) 1995. *Civilizations of the Ancient Near East, volume IV*. New York: Charles Scribner's Sons.
- Sax, M, Collon, D & Leese M N 1993. The availability of raw materials for Near Eastern cylinder seals during the Akkadian, post Akkadian and Ur III periods. *Iraq*, LV:77-90.
- Schellenberg, T R 1956. *Modern archives*. Melbourne.
- Schellenberg, T R 1965. *The management of archives*. New York: Columbia University.
- Schiffman, L H 1993. The Sadducean origins of the Dead Sea Scroll sect. Shanks (ed) 1993c:35-49.
- Schiffman, L H 1995. *Reclaiming the Dead Sea Scrolls: their true meaning for Judaism and Christianity*. New York: Doubleday.
- Schmandt-Besserat, D (ed) 1979a. *Early technologies: invited lectures on the Middle East at the University of Texas at Austin: volume 3*. Malibu: Undena.

- Schmandt-Besserat, D 1979b. On the origins of writing. Schmandt-Besserat (ed) 1979a:41-45.
- Schmandt-Besserat, D 1981. From tokens to tablets: a re-evaluation of the so-called "numerical tablets". *Visible language*, XV(4):321-344.
- Scroll hunters at Qumran discover inscribed sherds 1996. *Biblical archaeology review*, 22(3):14.
- Shanks, H 1990. How to break a scholarly monopoly: the case of the Gospel of Thomas. *Biblical archaeology review*, XVI(6):55.
- Shanks, H. 1993a. An unpublished Dead Sea Scroll text parallels Luke's infancy narrative. Shanks (ed) 1993c:203-204.
- Shanks, H 1993b. Of caves and scholars: an overview. Shanks (ed) 1993c:xv-xxxviii.
- Shanks, H (ed) 1993c. *Understanding the Dead Sea Scrolls: a reader from the 'Biblical archaeology review'*. New York: Random House.
- Shanks, H 1996a. Fingerprint of Jeremiah's scribe. *Biblical archaeology review*, 22(2):36-38.
- Shanks, H 1996b. So far no cigar. *Biblical archaeology review*, 22(2):10-11.
- Shavit, Y 1994. The "Qumran library" in the light of the attitude towards books and libraries in the Second Temple period. Wise et al (eds) 1994:299-318.
- Shubert, S B 1993. The oriental origins of the Alexandrian library. *Libri*, 43(2):142-172.
- Sjöberg, Å W 1972. In praise of the scribal art. *Journal of cuneiform studies*, 24:126-131.

- Sjöberg, Å W 1975. The Old Babylonian eduba. *Sumerological studies in honor of Thorkild Jacobsen on his seventieth birthday: June 7, 1974*. 1975:159-179.
- Smith, C C 1977. The birth of bureaucracy. *Biblical archaeologist*, 40(1):24-28.
- Snyman, E H 1988. Beroemde biblioteke in die antieke tyd. *Codicillus*, 29(2):44-48.
- Sperry, J A 1957. Egyptian libraries: a survey of the evidence. *Libri*, 7(2-3):145-155.
- Starr, I 1990. *Queries to the sungod: divination and politics in Sargonid Assyria*. (State archives of Assyria, IV). Helsinki: Helsinki University.
- Stegemann, H 1992. The Qumran Essenes - local members of the main Jewish Union in late Second Temple times. Barrera & Montaner (eds) 1992:83-166.
- Stieglitz, R R 1984. Long-distance seafaring in the Ancient Near East. *Biblical archaeologist*, 47(3):134-142.
- Stolper, M W 1989. The governor of Babylon and Across-the-River in 486 B.C. *Journal of Near Eastern studies*, 48(4):283-305.
- Sumerological studies in honor of Thorkild Jacobsen on his seventieth birthday: June 7, 1974*. 1975. (Assyriological Studies, 20). Chicago: University of Chicago.
- Sweet, R F G 1990. The sage in Akkadian literature: a philological study. Gammie & Perdue (eds) 1990:45-65.
- Te Velde, H 1986. Scribes and literacy in ancient Egypt. Vanstiphout et al (eds) 1986:253-264.
- Theron, J C 1992. Die oorgang van 'n orale na 'n geletterde samelewing. *Mousaion*, 10(1):52-66.



- Thiering, B 1992. *Jesus the man: a new interpretation from the Dead Sea Scrolls*. London: Doubleday.
- Tov, E 1992. *Textual criticism of the Hebrew Bible*. Minneapolis: Fortress.
- Ünal, A 1989. The power of narrative in Hittite literature. *Biblical archaeologist*, 52(213):130-145.
- Urman, D 1993. The House of Assembly and the House of Study: are they one and the same? *Journal of Jewish studies*, XLIV(2):236-257.
- VanderKam, J C 1993. The people of the Dead Sea Scrolls: Essenes or Sadducees? Shanks (ed) 1993c:50-62.
- VanderKam, J C 1994. *The Dead Sea Scrolls today*. Grand Rapids: William B Eerdmans.
- Van Driel, G 1986. Neo-Babylonian texts from the Louvre. *Bibliotheca orientalis*, XLIII(1/2):5-20.
- Vanstiphout, H L J 1986. *Scripta signa vocis: studies about scripts, scriptures, scribes and languages in the Near East, presented to J H Hospers by his pupils, colleagues and friends*. Groningen: Egbert Forsten.
- Veenhof, K R (ed) 1986a. *Cuneiform archives and libraries: papers read at the 30e Rencontre Assyriologique Internationale in Leiden, 4-8 July 1983*. Istanbul: Nederlands Historisch-Archaeologisch Instituut.
- Veenhof, K R 1986b. Cuneiform archives: an introduction. Veenhof (ed) 1986a:1-36.
- Vermes, G 1981. *The Dead Sea Scrolls: Qumran in perspective*. Revised ed. Philadelphia: Fortress.
- Vermes, G 1994. Qumran corner: the present state of Dead Sea Scrolls research. *Journal of Jewish studies*, XLV(1):101-110.

- Viganó, L 1984. Literary sources for the history of Palestine and Syria: the Ebla tablets. *Biblical archaeologist*, 47(1):6-16.
- Vogelsang, Fr 1913. Altägyptische Bibliothekare? *Zentralblatt für Bibliothekwesen*, XXX: 17-22.
- Vogelsang, W J 1992. *The rise and organisation of the Achaemenid Empire: the eastern Iranian evidence*. (Studies in the history of the Ancient Near East, III). Leiden: Brill.
- Von Soden, W 1994. *The Ancient Orient: an introduction to the study of the Ancient Near East*. Translated by D G Schley. Grand Rapids: William B Eerdmans.
- Weitemeyer, M 1956. Archive and library technique in Ancient Mesopotamia. *Libri*, 6(3):217-238.
- Wellisch, H H 1981. Ebla: the world's oldest library. *Journal of library history*, 16(3):488-500.
- Williams, R J 1972. Scribal training in ancient Egypt. *Journal of the American Oriental Society*, 92:214-221.
- Williams, R J 1975. "A people come out of Egypt": an Egyptologist looks at the Old Testament. Anderson et al (eds) 1975:231-252.
- Williams, R J 1981. The sages of ancient Egypt in the light of recent scholarship. *Journal of the American Oriental Society*, 101:1-19.
- Williams, R J 1990. The sage in Egyptian literature. Gammie & Perdue (eds) 1990:19-30.
- Windfuhr, G L 1970. The cuneiform signs of Ugarit. *Journal of Near Eastern studies*, 29(1):48-51.

- Wise, M O et al (eds) 1994. *Methods of investigation of the Dead Sea Scrolls and the Khirbet Qumran site: present realities and future prospects: conference held in New York City on December 14-17, 1992.* (Annals of the New York Academy of Sciences, 722). New York: New York Academy of Sciences.
- Wiseman, D J 1955. Assyrian writing-boards. *Iraq*, XVII:3-13.
- Wright, H C 1977. *The oral antecedents of Greek librarianship.* Utah: Brigham Young University.
- Wright, H C 1980. Assurbanipal. *ALA world encyclopedia of library and information services.* Chicago: American Library Association: 58-59.
- Wright, M 1988. Literary sources for the history of Palestine and Syria: contacts between Egypt and Syro-Palestine during the Old Kingdom. *Biblical archaeologist*, 51(3):143-162.
- Yadin, Y 1962. Expedition D - the Cave of Letters. *Israel exploration journal*, 12(3-4):227-257.
- Yadin, Y 1971. *Bar-Kokhba: the rediscovery of the legendary hero of the second Jewish Revolt against Rome.* New York: Random House.
- Yadin, Y, Greenfield, J C & Yardeni, A 1994. Babatha's Ketubba. *Israel exploration journal*, 44(1-2):75-101.
- Yamada, M 1994. The dynastic seal and Ninurta's seal: preliminary remarks on sealing by the local authorities of Emar. *Iraq*, LVI:59-62.
- Zaccagnini, C 1983. Patterns of mobility among Ancient Near Eastern craftsmen. *Journal of Near Eastern studies*, 42(4):245-264.
- Zadok, R 1986. Archives from Nippur in the first millenium B.C. Veenhof (ed) 1986a:278-288.

Zettler, R L 1987. Sealings as artifacts of institutional administration in ancient Mesopotamia. *Journal of cuneiform studies*, 39(2):197-240.

## Summary

Ancient Near Eastern libraries and archives are social institutions, therefore needs-oriented. The description of Ancient Near Eastern literature preservation and library activities is dependent on the community in transition from an oral to a literate culture. Within this frame of reference the emergence of writing as a parallel medium of communication to speech, creates a beneficial environment for the gradual emergence of textual collections as a physical substitute for the so-called *oral repository*. No integral commonality in the origins and development of individual Ancient Near Eastern collections has been isolated thus far. The 30th *Rencontre Assyriologique Internationale* concentrated on specific collections rather than on striving for a comparative study. Information Scientists and Ancient Near Eastern scholars experience difficulties in typifying ancient collections as either libraries and/or archives. The viability of the present research lies in the establishment of the cultural-historical setting for the ancient archive or library. Hereby illustrating the textual organisational activities of the community. This does not include a chronological study of the collections, as there seems to be no indication of an evolutionary development of organisational practices. The founder- and user community dictated the nature and progress of the collection. Three collection types are identified as possible manifestations of the proto-collection, archives, libraries and genizahs. The genizah is distinguished, as no internal organisation and retrieval practices can be perceived. Cognisance is taken of the problems involved in discussing the distinctive features of each, as the proto-collection is still in transition and therefore may change its features. The collections found at Ebla, Mari, Kuyunjik and Sippar are used to illustrate literature preservation and library activities. Three additional "collections", seals and bullae from a post-exilic Judaic archive, Qumran and Babatha's "family-archive", are used to indicate specific problems in the description of collections. A study of this nature points to the necessity of interdisciplinary co-operation between Ancient Near Eastern Studies and Information Science in the handling of any future discoveries, as well as the implementation of the "archival method" in the organisation and retrieval of ancient collections in modern-day museums.

## Opsomming

Ou Nabye Oosterse biblioteke en argiewe is gemeenskapsinstellings en daarom behoefte georiënteerd. Die beskrywing van literatuerbewing en biblioteekaktiwiteit is afhanklik van die gemeenskap in oorgang tussen 'n mondelinge en skriftelike kultuur. Binne hierdie verwysingsraamwerk ontstaan skrif as 'n parallelle medium van kommunikasie, gelykstaande aan spraak. Dit skep gunstige omgewingsfaktore vir die geleidelike ontstaan van versamelings dokumente as 'n fisiese substituuat vir die orale "biblioteek". Geen integrale gemeenskaplikheid in die ontstaan en ontwikkeling van individuele Ou Nabye Oosterse versamelings kon tot nog toe bepaal word nie. Die 30ste *Rencontre Assyriologique Internationale* het gekonsentreer op spesifieke versamelings, eerder as op die daarstelling van 'n vergelykende studie. Inligtingkundiges en Ou Nabye Oosterse geleerdes het steeds probleme met die tipering van die antieke versamelings as argief of biblioteek. Die lewensvatbaarheid van hierdie navorsing is geleë in die daarstelling van 'n kultuur-historiese basis vir die antieke argief en biblioteek. Hierdeur word die tekstuele organisering van die gemeenskap geïllustreer. Dit sluit nie 'n chronologiese studie van die voorbeeldversamelings in nie, aangesien daar geen rede is om 'n evolusionêre ontwikkeling van praktyke te verwag nie. Die gebruikersgemeenskap is verantwoordelik vir die aard en ontwikkeling van die versameling. Drie versamelingstipes word geïdentifiseer as vergestaltungs van die protoversameling, argiewe, biblioteke en geniza's. Die geniza word onderskei, aangesien daar geen tekens van organiserings- en herwinningspraktyke is nie. Kennis word geneem van die problematiese aard van enige bespreking van die spesifieke eienskappe van elk, aangesien die protovorm steeds in 'n oorgangstydperk is en daarom van aard en funksies kan verander. Die versamelings van Ebla, Mari, Kuyunjik en Sippar word gebruik om literatuerbewing en biblioteekaktiwiteit te illustreer. Drie addisionele "versamelings", die seëls van 'n post-eksiliese Judese argief, Qumran en Babata se "familie-argief", word gebruik om enkele probleme in die beskrywing van versamelings aan te toon. Die navorsing dui op die nodigheid van interdisiplinêre samewerking tussen Ou Nabye Oosterse Studies en Inligtingkunde met die oog op die hantering van toekomstige ontdekkings. Dit geld ook vir die implimentering van die "argivale benadering" in die organisering en herwinning van antieke versamelings in hedendaagse museums.

